ELLEN G. WHITE ESTATE

# Uittreksels Uit Die Getuienisskrifte



ELLEN G. WHITE

# Uittreksels Uit Die Getuienisskrifte

Ellen G. White

Copyright © 2021
Ellen G. White Estate, Inc.

# Information about this Book

## Overview

This eBook is provided by the Ellen G. White Estate. It is included in the larger free Online Books collection on the Ellen G. White Estate Web site.

## About the Author

Ellen G. White (1827-1915) is considered the most widely translated American author, her works having been published in more than 160 languages. She wrote more than 100,000 pages on a wide variety of spiritual and practical topics. Guided by the Holy Spirit, she exalted Jesus and pointed to the Scriptures as the basis of one's faith.

## Further Links

A Brief Biography of Ellen G. White
About the Ellen G. White Estate

## End User License Agreement

The viewing, printing or downloading of this book grants you only a limited, nonexclusive and nontransferable license for use solely by you for your own personal use. This license does not permit republication, distribution, assignment, sublicense, sale, preparation of derivative works, or other use. Any unauthorized use of this book terminates the license granted hereby. (See EGW Writings End User License Agreement.)

## Further Information

For more information about the author, publishers, or how you can support this service, please contact the Ellen G. White Estate at

mail@whiteestate.org. We are thankful for your interest and feedback and wish you God's blessing as you read.

# Voorwoord

Mev. E. G. White (gebore Harmon) is op 26 November 1827, te Gorham in die Staat van Maine, Verenigde State van Amerika, gebore, uit godvresende ouers. ‘n Ernstige ongeluk op die ouderdom van nege jaar het byna haar lewe gekos. Dit was gedurende hierdie tyd van beproewing dat sy haar hart aan die Here gegee het. Etlike jare later het sy, met haar ouers, onder die prediking van William Miller, tot die oortuiging gekom dat die wederkoms van Christus baie naby was, en met ‘n grondige selfondersoek, dog sonder die dweepsugtige buitensporighede waaraan sommige van die adventgelowiges hulleself skuldig gemaak het, het hulle die koms van die Here afgewag.

Dit was ‘n groot toets vir hulle toe die tyd verbygegaan en niks gebeur het nie, maar die familie Harmon, saam met ander, het in geloof vas gestaan en ernstig gebid om verdere lig. Nie lank ná die teleurstelling nie, het Ellen Harmon gedurende ‘n biduur, ‘n gesig gesien van die tweede koms van Christus en die verheerliking van die heiliges. Dit het die groep aanwesiges baie bemoedig en hulle het dit beskou as ‘n antwoord op hul gebede.

In ‘n tweede gesig, ‘n paar dae daarna, het sy die indruk gekry dat God aan haar ‘n spesiale werk wou toevertrou om onder Sy volk te verrig. Sy was swak, terughoudend, en slegs sewentien jaar oud, en sy het gehuiwer om die verantwoordelikheid te aanvaar, dog ná ‘n heftige sielestryd het sy gehoor gegee aan die goddelike roepstem, en haarself aan haar lewenstaak toegewy.

[viii] Haar boodskap aan die Adventgelowiges in daardie dae was: “Die beweging wat verby is was van God. Behou julle geloof. Die Here het nog ‘n werk vir Sy volk. Ondersoek die Bybel. Soek in die Woord, en julle sal lig vind.” En so ook gedurende haar vrugbare bediening in die jare wat gevolg het, het sy die kerk aangespoor tot ‘n onafgebroke ondersoek van die Heilige Skrif.

Mej. Harmon het van plek tot plek in New England gereis, die verstrooide gelowiges besoek, hulle geloof versterk, en alle soorte fanatisme en dwaalleer teengewerk.

In die jaar 1846 het sy met Leraar James White in die huwelik getree, en teen die einde van daardie jaar het hulle in aanraking gekom met Joseph Bates wat hulle gewys het op die feit dat die sewende dag die ware Sabbat van die Here is. Eers het hulle nie die belangrikheid hiervan besef nie, en hulle sou die waarheid verwerp het, maar in ‘n gesig is aan Mev. White getoon dat die waarheid aangaande die Sabbat ‘n deel uitmaak van ‘n groot boodskap wat na die hele wêreld moet gaan voordat Christus kon kom; die boodskap sou ‘n volk uit die wêreld roep wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.

Eindelik was die plig van Gods volk duidelik, en Leraar en Mev. White, saam met ander wat die lig aangeneem het, het die boodskap begin verkondig deur woord en geskrif. Baiemaal het hulle te kampe gehad met groot armoede. Die gesondheid van albei was swak, en die teenstand was sterk. Maar steeds het hulle voorwaarts gegaan in belang van die waarheid.

As gevolg van leiding aan Mev. White gegee het die boodskap in 1848 in druk begin verskyn, in die vorm van traktaatjies, en ‘n maandblad genoem Present Truth — later vervang deur *The Second Advent Review and Sabbath Herald.* Daardeur is die waarheid wyer bekend gemaak en groepe Adventiste wat Sabbathou het ook in ander state tot stand gekom.

Die lig en leiding aan Mev. White gegee het van tyd tot tyd in pamflette verskyn en is onder die gemeentes versprei. In 1851 het haar eerste boek, “Experiences and Views,” verskyn, en in 1858 is [ix]
die eerste deel van “Spiritual Gifts” uitgegee.

In die begin het die boodskappe aan indiwidue en aan sekere gemeentes nie in druk verskyn nie, want dit was beskou dat as ‘n boodskap afgelewer is dat die doel dan bereik is, dog met die uitbreiding van die werk het dit geskyn dat die boodskappe, hoewel gerig aan indiwidue, van groot waarde mag wees vir ander. Só het die “Getuienisskrifte vir die Kerk” ontstaan.

Al vroeg reeds het Mev. White nadruk gelê op die noodsaaklikheid van organisasie om die werk te stabiliseer. Sy het die broeders beveel om die Woord te ondersoek en die kerk op evangeliese

grondslag te bevestig. Die Wêreldkonferensie van Sewende-dag Adventiste is as gevolg hiervan in die lewe geroep.

Omtrent dieselfde tyd is Mev. White beweeg om aan die kerk te skrywe in verband met gesondheid en die verhouding daarvan tot die Christelike lewe. Die gelowiges moes inrigtings vir die verpleging van siekes oprig, en ook leesstof uitgee wat onderrig op die gebied van gesondheid bevat. Die goddelike oorsprong van hierdie raad blyk uit die groot werk wat sedertdien gedoen is deur hierdie "regter arm" van die boodskap.

Die gebalanseerde, praktiese opvoedingstelsel van Sewende-dag Adventiste, soos dit vandag is, het ook ontstaan as gevolg van die leiding wat deur haar gegee is.

In die jaar 1881, is Leraar James White op sestig jarige leeftyd te Battle Creek oorlede. Mev. White het toe na die kus verhuis waar sy veel tyd bestee het aan die skrywe van die getuienisse wat aan haar toevertrou was.

Teen 1885 het die adventbeweging in 'n aantal Europese lande wortel geskied, en alhoewel sy alreeds oor die sestig jaar was, het sy op versoek van die Wêreldkonferensie die gelowiges daar gaan besoek en hulle vir twee jaar aangemoedig en die werk versterk. Later het sy nege jaar in belang van die kerk in Australië gearbei.

In 1900, op die leeftyd van drie-en-sewentig jaar, is sy na die
[x] Verenigde State terug, maar sy kon haarself nie uit die diens van die Meester onttrek nie en sy het die laaste vyftien jaar van haar lewe deurgebring met skrywe.

Na 'n bedrywige lewe van preek en skrywe in baie lande, is sy op 16 Julie 1915 in haar woning op St. Helena, Kalifornië, sag in die Here ontslape, en is langs haar eggenoot op Battle Creek, Michigan, ter ruste gelê.

In sy lyksrede het Leraar A. G. Daniells, president van die Wêreldkonferensie, gesê:

"Ons het miskien nie die wysheid om met sekerheid te sê presies watter deel van Mev. White se lewenswerk van die grootste waarde vir die wêreld was nie, maar dit blyk dat die massa Bybelse lektuur wat sy agtergelaat het van die grootste diens vir die mensheid sal wees."

Omdat die geskrifte van Mev. White so 'n magtige faktor in die verlede was in die opbouing van die kerk en die ontwikkeling

van ‘n Christelike karakter, gee ons hierdie versameling uit wat van groot waarde vir hierdie dae blyk. Dit is welliswaar maar net brokkies uit die baie boekdele wat sy agtergelaat het en wat ons by die lesers aanbeveel. Ons versoek in alle erns dat die raad hierin bevat, biddend ondersoek, en met die gehele hart aangeneem sal word, met die vertroue dat die lewens van Gods volk sodoende gereinig, veredel, en versterk sal word om staande te kan bly in die laaste ure van die genadetyd van hierdie wêreld.

DIE UITGEWERS.

[xi]

# INHOUDSOPGAWE

# Inhoudsopgawe

Information about this Book . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . i
Voorwoord . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . iv
INHOUDSOPGAWE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . viii
HOOFSTUK EEN—DIE OPDRAG . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 15
Soek Sondaars op . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 15
Die Verkondiging van die Boodskap van Huis tot Huis . . . . 16
’n Onveranderlike Belofte . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 17
’n Werk wat Almal kan Doen . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 18
HOOFSTUK TWEE—DIE BELOOFDE KRAG . . . . . . . . . . . 20
Aangevuur Deur Liefde . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 20
Die Belofte Behoort aan Ons . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 21
Die Laat Reent sal Oorvloediger Wees . . . . . . . . . . . . . . . . 22
Smeek om die Heilige Gees . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 22
HOOFSTUK DRIE—ONS GROOT BEHOEFTE . . . . . . . . . . 25
Die Ervaring van Henog . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 25
Die Ervaring van Johannes die Doper . . . . . . . . . . . . . . . . . 27
Die Beloftes van God . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 30
HOOFSTUK VIER—HUISGODSDIENS . . . . . . . . . . . . . . . . . 31
HOOFSTUK VYF—DIE VIERING VAN DIE SABBAT . . . . 34
Hervorming wat Betref Sabbatviering . . . . . . . . . . . . . . . . 36
Dink aan die Sabbat . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 37
Vrydag die Spesiale Voorbereidingsdag . . . . . . . . . . . . . . . 38
Die Sabbat in die Huis . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 40
Onderwerpe vir Sabbatsgesprekke . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 41
Reise op die Sabbat . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 43
Sabbatbyeenkomste . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 44
Doel van die Sabbatdiens . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 45
Die Poort van die Hemel . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 46
Gods Goedheid die Oorsaak van Blydskap . . . . . . . . . . . . . 47
Ons Lofliedere Word Aangevul Deur die Hemelse Koor . . . 49
Dink Terug aan die Openbarings van Gods Genade . . . . . . . 50
HOOFSTUK SES—GEDRAG IN GODS HUIS . . . . . . . . . . . . . 51
Bly in ‘n Gebedstemming . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 52
Luister na die Stem van God . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 53

Aankweking van Eerbied by die Kinders . . . . . . . . . . . . . . . . 54
Die Invloed van die Verkeerde Voorbeeld . . . . . . . . . . . . . . . . 56
Welvoeglike Kleredrag . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 58
HOOFSTUK SEWE—DAELIKSE ONDERSOEK VAN DIE BYBEL . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 60
Hoe Belangrik ‘n Ondersoek van die Verlossingsplan is . . . . 61
Die Woord Moet in die Lewe Opgeneem Word . . . . . . . . . . . 62
Kyk na Bo . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 64
HOOFSTUK AGT—CHRISTUS IN DIE HELE BYBEL . . . . . 67
HOOFSTUK NEGE—GETROUHEID IN GESONDHEIDSHERVORMING . . . . . . . . . . . . . . . . . . 69
Persoonlike Verantwoordelikheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 69
Krag Deur Gehoorsaamheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 70
Vleis . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 71
Tot Verheerliking van God . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 74
Onderrig in Gesondheidsbeginsels . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 75
Uiterstes in die Diëet . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 76
HOOFSTUK TIEN—GASVRYHEID . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 78
Sonder Verleentheid en Sonder Vertoon . . . . . . . . . . . . . . . . 79
Almal Moet in die Verantwoordelikheid Deel . . . . . . . . . . . . 80
Ons Moet die Meel en die Olie Deel . . . . . . . . . . . . . . . . . . 82
Opregte Christelike Gasvryheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 83
HOOFSTUK ELF—DIE BELANGRIKHEID VAN DIE KOLPORTEERWERK . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 85
Die Waarde van Eerlikheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 85
Beset met Reine Beginsels . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 86
Vermy Bose Maats . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 87
Werwing van Intekenaars op Tydskrifte . . . . . . . . . . . . . . . . 88
Spaarsaamheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 89
Laakbare Metodes . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 90
Die Ware Sendinggees . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 92
Moed, Geloof, en Liefde Nodig . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 93
Verantwoordelikheid vir Siele . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 94
HOOFSTUK TWAALF—’N BEROEP OP LEKE . . . . . . . . . . 96
’n Hervormingsbeweging . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 97
Werk Terwyl die Genadetyd nog Voortduur . . . . . . . . . . . . . . 97
Die Belangrikheid van Persoonlike Diens . . . . . . . . . . . . . . . 97
’n Spesiale Werk vir Vrouens . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 99

Opgeroep tot Aktiewe Diens . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 99
Koester 'n Gees van Selfverloëning . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 100
Voorwaardes van Aanneemlike Diens . . . . . . . . . . . . . . . . . . 102
Die Verantwoordelikheid van Diegene wat die Waarheid ken 103
HOOFSTUK DERTIEN—DIE LEKE MOET UITGAAN . . 105
Maniere van Werk . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 106
Pinksterseëninge Beloof . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 107
HOOFSTUK VEERTIEN—BUURTSENDINGWERK . . . . . 108
Die Samewerking van Hemelse Wesens . . . . . . . . . . . . . . . . 108
Ons Voorbeeld . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 109
Die Gevolg van Toegewyde Werk . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 110
Verskillende Soorte Diens Die . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 111
Die Verspreiding van Ons Leesstof . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 111
Werk van Huis tot Huis . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 112
Werk vir Vrouens . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 113
Die Huis 'n Sendingveld . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 114
Daar is Werk vir Almal . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 114
Die Gevolge as U nie Werk nie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 115
'n Oproep tot Onvermoeide Inspanning . . . . . . . . . . . . . . . . 116
Sendinggesinne . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 116
Ontwikkeling Deur Diens . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 118
HOOFSTUK VYFTIEN—VROUE AS
EVANGELIEDIENARESSE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 119
Die Verkwikkende Invloed van Eenvoudige Woorde . . . . . 120
Persoonlike Diens . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 120
Ontvang om Mee te Deel . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 121
Persoonlike Evangelisasie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 122
Wat Onontbeerlik is vir Suksesvolle Werk . . . . . . . . . . . . . . 122
HOOFSTUK SESTIEN—DIE GEES VAN
ONAFHANKLIKHEID . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 124
Deeglike Organisasie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 124
Eenheid in Verskeidenheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 125
Die Mensehande en die Wiele . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 126
Die Wêreldkonferensie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 127
HOOFSTUK SEWENTIEN—DIE VERDELING VAN
VERANTWOORDELIKHEID . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 129
Manne Wat Gekies is om Verantwoordelikheid te Dra . . . . 130
'n Waarskuwing . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 131

“Waak dan” . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 134
HOOFSTUK AGTIEN—GETROUE RENTMEESTERSKAP 135
Die Onderhoud van die Evangelie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 136
Die Gebruik van die Tiendes . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 137
’n Heilige Plig . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 138
Die Skeidingslyn Moet Duidelik Getrek Word . . . . . . . . . . 140
HOOFSTUK NEGENTIEN—WELDADIGHEID . . . . . . . . . 142
Die Heerlikheid van die Evangelie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 142
Die Seen van Rentmeesterskap . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 143
Vergader Rondom die Kruis . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 144
HOOFSTUK TWINTIG—HULP VIR DIE SENDINGVELDE 146
Gods Volk op die Proef Gestel . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 146
Ons Verantwoordelikheid tot God . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 148
Ontvangs en Mededeling . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 149
Bevorder die Werk in Behoeftige Velde . . . . . . . . . . . . . . . . 150
Spandabelheid en Liefde vir Vertoon . . . . . . . . . . . . . . . . . . 151
Die Versameling van Middele nie ‘n Sonde nie . . . . . . . . . . 153
HOOFSTUK EEN-EN-TWINTIG—GODS SORG VIR SY WERK . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 155
Jesaja se Gesig van die Toorn van God . . . . . . . . . . . . . . . . 155
Esegiël se Gesig van die Toorn . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 156
Johannes se Gesig van Jesus . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 157
Vertrou op God en Gaan Voorwaarts . . . . . . . . . . . . . . . . . . 158
HOOFSTUK TWEE-EN-TWINTIG—ONSKRIFTUURLIKE HUWELIKE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 161
HOOFSTUK DRIE-EN-TWINTIG—DIE VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE HUWELIKSLEWE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 166
HOOFSTUK VIER-EN-TWINTIG—WERK IN BELANG VAN MATIGHEID . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 172
HOOFSTUK VYF-EN-TWINTIG—DIE GEVAAR VAN SKADELIKE LEESSTOF . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 174
HOOFSTUK SES-EN-TWINTIG—ONEERLIKHEID IN DIE KERK . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 177
HOOFSTUK SEWEN-EN-TWINTIG—ALGEHELE TOEWYDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 183

HOOFSTUK AGT-EN-TWINTIG—JALOESIE EN VITTERY VEROORDEEL . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 187
HOOFSTUK NEGEN-EN-TWINTIG—BEHANDELING VAN DIEGENE WAT 'N FOUT BEGAAN HET . . . . . . 191
HOOFSTUK DERTIG—"DIE SKYN VAN DIE KWAAD" . 194
HOOFSTUK EEN-EN-DERTIG—DIE GEREG . . . . . . . . . . 205
HOOFSTUK TWEE-EN-DERTIG—DIE GEMEENTE VAN LAODICEA . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 209
HOOFSTUK DRIE-EN-DERTIG—JOSUA EN DIE ENGEL 216
HOOFSTUK VIER-EN-DERTIG—DIE SEËL VAN GOD . . 225
HOOFSTUK VYF-EN-DERTIG—EENHEID ONDER DIE VERSKILLENDE VOLKE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 234
HOOFSTUK SES-EN-DERTIG—EENHEID MET CHRISTUS IN GOD . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 238
HOOFSTUK SEWEN-EN-DERTIG—DIE GETUIENISSE VIR DIE KERK— HULLE AARD EN INVLOED . . . . 243
Persoonlike Getuienisse . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 245
Redes Waarom Getuienisse aan Persone in Druk Verskyn . 247
HOOFSTUK AGT-EN-DERTIG—DIE DOEL VAN DIE GETUIENISSKRIFTE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 249
HOOFSTUK NEGEN-EN-DERTIG—GETUIENISSKRIFTE NIE BEDOEL OM DIE PLEK VAN DIE BYBEL IN TE NEEM NIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 252
Om Waarhede wat Reeds Gegee is te Verduidelik . . . . . . . . 254
Vertrou Alleen op God . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 255
HOOFSTUK VEERTIG—DIE VERKEERDE GEBRUIK VAN DIE GETUIENISSKRIFTE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 257
HOOFSTUK EEN-EN-VEERTIG—DIE GETUIENISSE MOET VOLGENS HULLE VRUGTE BEOORDEEL WORD . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 260
HOOFSTUK TWEE-EN-VEERTIG—DIE BETWYFELING VAN DIE GETUIENISSKRIFTE . . . 262
HOOFSTUK DRIE-EN-VEERTIG—DIE PLIG OM DIE SONDE TE BESTRAF . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 266
HOOFSTUK VIER-EN-VEERTIG—DIE VERWERPING VAN TEREGWYSING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 269

HOOFSTUK VYF-EN-VEERTIG—DIE VERWAARLOSING VAN DIE GETUIENISSE . . . . . . 271
HOOFSTUK SES-EN-VEERTIG—HOE OM BERISPING OP TE NEEM . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 273
HOOFSTUK SEWEN-EN-VEERTIG—ONS HOUDING TEENOOR DIE BURGERLIKE OWERHEID . . . . . . . . . 275
Verkondig die Waarheid in die Gees van Christus . . . . . . . . . 277
Liefde Onder Broeders . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 278
Verkondig die Waarheid met Sagmoedigheid . . . . . . . . . . . . 280
HOOFSTUK AGT-EN-VEERTIG—GODS WOORD DIE HOOGSTE GESAG . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 282
HOOFSTUK NEGEN-EN-VEERTIG—VOORBEREIDING VIR DIE FINALE KRISIS . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 284
HOOFSTUK VYFTIG—DIE LOON VAN GETROUE WERK 290
Huis-toe . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 292

# HOOFSTUK EEN—DIE OPDRAG

(Deel VIII, bls. 14-18.)

DIT is die doel van God dat Sy volk 'n afgesonderde, reine en heilige volk sal wees, wat lig sal versprei tot almal rondom hulle. Dit is Sy voorneme dat hulle, deur voorbeeldig die waarheid uit te leef, tot lof sal wees op die aarde. Hiertoe is die genade van Christus genoeg. Maar laat Gods volk onthou dat Hy hulle alleen tot lof kan maak as hulle die beginsels van die evangelie glo en uitlewe. Alleen as hulle hulle godgegewe vermoëns aan Sy diens bestee, sal hulle die volheid en krag van die belofte smaak, waarop die kerk geroepe is om te vertrou. As diegene wat voorgee om in Christus te glo as hul Saligmaker, nie 'n hoër peil as die wêreldse bereik nie, sal die kerk nie die heerlike oes kan lewer wat God verwag nie. "Te lig bevonde" sal die uitspraak wees.

Die opdrag wat Christus aan Sy dissipels gegee het net voor Sy hemelvaart, is die groot sending-charterbrief van Sy koninkryk. Deur dit aan Sy dissipels te gee, het die Heiland hulle Sy gesante gemaak, en geloofsbriewe aan hulle uitgereik. As hulle later sou aangespreek en gevra word wie hulle, ongeletterde vissers, die reg gegee het om op te tree as leermeesters en heelmeesters, kon hulle antwoord: "Hy wat deur die Jode gekruisig is en wat uit die dode opgestaan het, het ons aangestel as bedienaars van Sy woord, en gesê, ‚Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde.' "

Aan Sy dissipels, as Sy dienaars en boumeesters, wat die fondament van Sy kerk moes lê, het Christus hierdie opdrag gegee. Aan hulle, sowel as aan diegene wat hulle sou opvolg het Hy die taak opgedra om Sy evangelie oor te lewer van geslag tot geslag, en van eeu tot eeu.

### Soek Sondaars op [14]

Die dissipels moes nie wag vir die volk om na hulle toe te kom nie; hulle moes na die volk gaan en sondaars opsoek soos 'n herder

soek na verlore skape. Christus het die hele wêreld as arbeidsveld vir hulle aangewys. Hulle opdrag was: "Gaan die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom." (Mark. 16: 15.) Hulle moes van die Saligmaker preek — van Sy lewe van onselfsugtige diens, Sy skanddood, en Sy weergalose, onveranderlike liefde. Sy naam moes hulle wagwoord wees — die band wat hulle sou verenig. In Sy naam moes hulle die vestings van die sonde inneem. Geloof in Sy naam moes hulle kenmerk as Christene.

Verder het Christus aan Sy dissipels gesê: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuie wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde." "Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte." Hand. 1:8; Luk. 24: 49.

Gehoorsaam aan die woord van hulle Meester, het die dissipels in Jerusalem bymekaar gekom om te wag op die vervulling van Gods belofte. Hier het hulle tien dae deurgebring — dae van grondige selfondersoek. Hulle het alle geskilpunte uit die weg geruim, en die bande van Christelike broederskap nouer getrek.

Na verloop van tien dae het die Here Sy belofte vervul deur 'n wonderbaarlike uitstorting van Sy Gees. "En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek." "En daar is op dié dag omtrent drie duisend siele toegebring." Hand. 2: 2-4, 41.

"Maar hulle het uitgegaan en orals gespreek, en die Here het saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg
[15] het." Mark. 16: 20. Ondanks die felle teenstand wat die dissipels moes verduur is die evangelie van die koninkryk, in 'n kort tydjie, na al die bewoonde dele van die aarde geneem.

## Die Verkondiging van die Boodskap van Huis tot Huis

Die opdrag aan die dissipels is ook vir ons. 'n Gekruisigde en verrese Heiland moet vandag, net soos toe, verhoog word voor

diegene wat sonder God en sonder hoop is in die wêreld. Die Here vra om herders, onderwysers, en evangeliste. Die reddingsboodskap moet deur Sy diensknegte van huis tot huis verkondig word. Die boodskap van vergifnis deur Christus moet geneem word na alle nasies en stamme en tale en volke.

Die prediking van die boodskap moet nie kragteloos en lewenloos wees nie, maar die voordrag moet duidelik, beslis, en opwekkend wees. Honderde wag op die waarskuwing om te vlug vir hulle lewe. Wat die wêreld nodig het, is bewyse in die lewe van die krag van die Christelike godsdiens. Nie slegs op ‘n paar plekke nie, maar oor die hele wêreld is die heilsboodskappers nodig. Uit alle lande word die roepstem gehoor: “Kom oor en help ons.” Rykes en armes, hooggeplaastes en nederiges, roep om lig. Manne en vroue dors na die waarheid soos dit in Jesus is. Wanneer hulle die evangelie hoor, gepreek met krag van omhoog, sal hulle weet dat die tafel vir hulle gedek is, en hulle sal gehoor gee aan die uitnodiging, “Kom, want alles is gereed.” Luk. 14:17.

Die woorde, “Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom” (Mark. 16: 15), is gerig aan elkeen van die navolgers van Christus. Almal wat verkies is tot die lewe in Christus, is verkies om te arbei vir die redding van hulle medemens. Dieselfde verlange wat Jesus gevoel het om die verloregaandes te red, moet by hulle ook wees. Almal kan nie dieselfde posisie beklee nie, maar vir almal is daar ‘n plek en ‘n werk. Almal op wie die seëninge van God uitgestort is, moet gehoor gee deur werklike diens te verrig; elke gawe moet bestee word ter bevordering van Sy koninkryk.

## ’n Onveranderlike Belofte [16]

Christus het ten voile voorsiening gemaak vir die voortsetting van die taak aan Sy dissipels toevertrou, en Hy het die verantwoordelikheid vir die sukses daarvan op Homself geneem. Solank as hulle Sy woord gehoorsaam en met Hom saamwerk, kan hulle nie ‘n mislukking wees nie. Gaan tot die hele mensdom is Sy bevel. Gaan na al die uithoekies van die bewoonde aarde, dog weet dat Ek daar sal teenwoordig wees. Doen julle werk in geloof en vertroue, want die tyd sal nooit aanbreek dat Ek julle sal verlaat nie.

Ook aan ons is die belofte van Christus se blywende teenwoordigheid gegee. Die verloop van tyd het geen verandering gebring in Sy afskeidsbelofte nie. Hy is met ons vandag net so seker as wat Hy met Sy dissipels was, en Hy sal met ons wees "tot aan die voleinding van die wêreld."

"Gaan verkondig die evangelie aan die ganse mensdom," sê die Heiland aan ons, "sodat hulle ook kinders van God kan word. Ek is met julle in hierdie werk, en sal julle leer, lei, vertroos, versterk, en sukses gee in julle diens van selfverloëning en opoffering. Ek sal harte aanraak, van sonde oortuig, hulle bekeer van duisternis tot lig, en van ongehoorsaamheid tot geregtigheid. In My lig sal hulle lig sien. Sataniese werktuie sal julle teenstaan, maar vertrou op My. Ek sal julle nooit in die steek laat nie."

Dink julle nie dat Christus diegene wat heeltemal vir Hom lewe, waardeer nie? Dink julle nie dat Hy diegene, wat soos die geliefde Johannes, hulle om Sy ontwil in swaar en moeilike plekke bevind, besoek nie? Hy soek Sy getroues op, en hou gemeenskap met hulle, bemoedig en versterk hulle. En engele van God — kragtige helde, word deur God gestuur om Sy menslike werktuie, wat die waarheid verkondig aan diegene wat dit nie ken nie, te bedien.

### 'n Werk wat Almal kan Doen

God het die taak aan die evangeliedienaar opgelê om diegene
[17] wat van die smal paadjie afgedwaal het, terug te lei na Christus. Hy moet versigtig en ernstig wees in sy pogings. Aan die einde van elke jaar behoort hy te kan terugkyk en die siele sien wat gered is as gevolg van sy arbeid. Sommige moet hy "Met vrees red deur hulle uit die vuur te ruk; en ook die kleed . . . haat wat deur sonde bevlek is." En hy moet "vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is." Judas 23; Titus 1: 9. Die opdrag wat Paulus aan Timotheus gegee het, geld ook vir die predikante van vandag: "Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus . . . verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering." 2 Tim. 4: 1, 2.

Die verantwoordelikheid om te soek om sondaars te red, rus nie uitsluitlik op diegene wat die Woord verkondig nie. God het hierdie taak aan almal gegee. Ons harte behoort so vol te wees van die liefde

van Christus dat ons deur ons dankseggings ander harte sal warm maak. Dit is ‘n diens wat almal kan verrig, en die Here neem dit aan as aan Homself gedaan. Hy maak dit doeltreffend, en gee aan die getroue werker die genade wat die mens met God versoen.

Mag die Here Sy volk help om te besef dat daar ernstige werk is om te doen. Mag die Here hulle help om te onthou dat hulle tuis, in die kerk, en in die wêreld die werke van Christus moet doen. Hulle word nie alleen gelaat in die werk nie; die engele is hulle helpers. En Christus is ook hulle Helper. Laat hulle dan getrou en onvermoeid arbei, want op die regte tyd sal hulle maai as hulle nie verslap nie.

* * * * *

Die Christen-pelgrim gee nie toe aan sy begeerte om te rus nie. Hy gaan steeds voorwaarts en sê, “Die nag het ver gevorder en dit is amper dag.” Hy neem die volgende leuse: “Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag dit na. . . . Ek reken nie dat ek self dit gegryp het nie. Maar een ding — ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te kry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.” Filip. 3: 12-14.

[18] # HOOFSTUK TWEE—DIE BELOOFDE KRAG

(Deel VIII, bls. 19-23.)

GOD vra ons nie om die werk wat voorlê in ons eie krag te doen nie. Hy het voorsiening gemaak vir goddelike bystand in elke geval van nood waarteen die menslike vernuf nie opgewasse is nie. Hy gee die Heilige Gees om ons in elke moeilikheid te help, ons hoop en versekering te versterk, ons verstand te verlig, en ons harte te reinig.

Net voor Sy kruisiging het die Heiland aan Sy dissipels gesê: "Ek sal julle nie as wese agterlaat nie." "En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid." "Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, Hy sal julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek, en die toekomstige dinge aan julle verkondig." "Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat ek vir julle gesê het." Joh. 14: 18, 16; 16: 13; 14: 26.

Christus het voorsiening gemaak sodat Sy kerk 'n verheerlikte liggaam kan wees, verlig met die hemelse lig en beklee met die heerlikheid van Immanuel. Dit is Sy doel dat elke Christen van 'n geestelike atmosfeer van lig en vrede sal omring wees. Die nuttigheid van die een wat self verloën en plaas gee aan die werkinge van die Heilige Gees in sy hart, en 'n lewe voer wat volkome aan God toegewy is, is onbeperk.

### Aangevuur Deur Liefde

Wat was die gevolge van die uitstorting van die Gees op Pinksterdag? Die blye tyding van 'n verrese Heiland is tot aan die uiterste van die bewoonde wêreld geneem. Die harte van die dissipels was oorlaai met 'n welwillendheid, so vol, so diep, en so verreikend, dat dit hulle voortgedryf het oor die hele aarde, en hulle het as volg
[19] getuig: "Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus." Gal. 6: 14. Waar hulle die

waarheid soos in Jesus verkondig het, het harte onder die krag van die boodskap tot bekering gekom.

Uit alle oorde het bekeerlinge tot die kerk toegestroom. Afvalliges het weer tot bekering gekom. Sondaars het saam met Christene na die kosbare pêrel gesoek. Diegene wat die bitterste teenstanders van die evangelie was, het nou die kampvegters daarvan geword. Die profesie dat die swakkes onder hulle "Soos David" sal wees, en die huis van David "Soos die engele van die Here," het in vervulling getree. Elke Christen het in sy broeder 'n gelykenis van goddelike liefde en weldadigheid gesien. Almal het dieselfde belange gehad. Die een doel het alles verdring. Die enigste ambisie van die gelowiges was om 'n karakter soos dié van Christus te openbaar, en te werk vir die uitbreiding van Sy koninkryk.

## Die Belofte Behoort aan Ons

Die belofte van die Gees is aan ons vandag net so gewis as aan die dissipels vanouds; God sal vandag manne en vroue toerus met krag uit die hoogte, net soos Hy diegene toegerus het wat die woord op Pinksterdag gehoor het. Nou, in hierdie uur is Sy Gees en Sy genade tot beskikking van almal wat dit nodig het en Hom op Sy woord neem.

Merk op, eers nadat die dissipels eensgesind was, toe hulle nie meer met mekaar gewedywer het om die hoogste plaas nie, is die Gees uitgestort. Hulle was eendragtig; alle verskille was uit die weg geruim, en na die uitstorting van die Gees het hulle almal eeners getuig. Let op die woorde: "En die menigte wat gelowig geword het, was een van hart en siel." Die Gees van Hom wat gesterwe het sodat sondaars mag lewe, het die hele gemeente van gelowiges besiel.

Die dissipels het nie om 'n seen vir hulleself gevra nie. Die las vir siele het op hulle gerus. Die evangelie moes na die eindes van die aarde gaan, en hulle het die 2 toerusting met krag wat Christus [20]
gelowe het, toegeëien. foe is die Heilige Gees uitgestort, en duisende het in een dag tot bekering gekom.

## Die Laat Reent sal Oorvloediger Wees

So kan dit nou ook wees. Laat Christene alle tweedrag uit die weg ruim en hulleself aan God toewy vir die redding van verlore-gaandes. Laat hulle in geloof vra om die beloofde seën, en dit sal kom. Die uitstorting van die Gees in die dae van die apostels was die "vroeë reent," en die gevolge was heerlik. Maar die laat reent sal oorvloediger wees. Wat is die belofte aan diegene wat in die laaste dae lewe? "Keer terug na die vesting, o hoopvolle gevangene! Ook kondig Ek vandag aan dat Ek julle dubbeld sal vergoed." "Bid die Here om reën in die tyd van die laat reëns; die Here maak die weerligte, en Hy sal aan hulle 'n stortreën gee, aan iedereen plante op die veld." Sag. 9: 12; 10: 1.

Christus het verklaar dat die goddelike invloed van die Gees met Sy navolgers sou wees tot aan die einde. Maar die belofte word nie gewaardeer soos dit behoort nie; en daarom word dit ook nie vervul soos dit kan wees nie. Die belofte van die Gees is 'n saak wat min oor gedink word; en daarom is die gevolg ook maar net wat kan verwag word — geestelike verdorring, geestelike duisternis, geestelike agteruitgang en dood. Sake van mindere belang neem die aandag in beslag, en die goddelike krag wat nodig is vir die opwassing en vooruitgang van die kerk, en wat alle ander seëninge sal meebring, word gemis, alhoewel dit sonder mate aangebied is.

Dit is die gemis van die Gees wat die evangeliebediening so kragteloos maak. Geleerdheid, talente, welsprekendheid, en elke natuurlike of aangeleerde vermoë mag daar wees, maar sonder die teenwoordigheid van die Gees van God sal geen hart aangeraak en geen sondaar tot Christus gewin word nie. Dog aan die anderkant, as hulle in verbinding is met Christus, as hulle die gawes van die Gees besit, sal die armste en die ongeletterdste onder Sy dissipels
[21] krag hê wat harte sal beweeg. God maak hulle kanale waarlangs die magtigste invloede van die heelal kan vloei.

## Smeek om die Heilige Gees

Waarom is ons nie hongerig en dorstig vir die gawe van die Gees nie, aangesien dit die middel is waardeur ons die krag kan ontvang? Waarom praat ons nie daarvan nie, bid ons nie daarvoor nie, en preek

ons nie daaroor nie? Die Here is gewilliger om die Heilige Gees te gee as wat ouers is om goeie gawes aan hulle kinders te gee. Elke werker behoort God te smeek vir die doop met die Gees. Groepe behoort byeen te kom om te vra om spesiale hulp, om hemelse wysheid, sodat hulle mag weet hoe om verstandige planne te maak en uit te voer Veral moet daar gebid word dat God Sy sendelinge mag doop met die Heilige Gees.

As die Heilige Gees met die werkers van God is, sal aan hulle verkondiging van die waarheid ‘n krag gegee word wat alle wêreldse eer en heerlikheid nie kan gee nie. Die Gees gee die krag wat strydende worstelende siele sal opbeur in elke geval van nood, en ook te midde van die onvriendelikheid van bloedverwante, die haat van die wêreld, en ‘n besef van hulle eie onvolmaaktheid en tekortkomings.

Ywer vir God het die dissipels daartoe beweeg om met grote krag van die waarheid te getuig. Behoort hierdie ywer ook nie ons harte aan te vuur met ‘n vaste voorneme om die boodskap van die reddende liefde van ‘n gekruisigde Heiland te verkondig nie? Behoort die Gees vat God nie vandag te kom in antwoord op ernstige, aan houdende gebed, en die harte van mense te vul met krag vir diens nie? Waarom dan is die kerk so swak en leweloos?

Dit is die voorreg van elke Christen, nie alleen om daarna uit te sien nie, maar ook om die koms van Christus te verhaas. As almal wat Sy naam bely vrugte tot vérheerliking van Hom sou voortbring, hoe spoedig sou die hele wêreld nie met die evangeliesaad besaai word nie. Gou sal die laaste gesaaide ryp word en Christus kom om [22]
die kostelike graan in te samel.

My broeders en susters, smeek om die Heilige Gees. God sal elke belofte gestand doen wat Hy gegee het. Sê met u Bybel in u hand: “Ek het gemaak soos U gesê het. Ek beroep my op U belofte, ‚Bid en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop en vir julle sal oopgemaak word.’ ” Christus verklaar: “Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit ontvang, en julle sal dit verkry.” “En wat julle ook al in My Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.” Matt. 7: 7; Mark. 11: 24; Joh. 14: 13.

Die reentboog rondom die troon is ‘n versekering dat God getrou is; dat daar by Hom geen verandering of skaduwee van omkering is nie. Ons het teen Hom gesondig en verdien nie Sy guns nie; en

tog lê Hy die wonderlikste pleidooi in ons mond: “Verwerp ons nie om U Naam ontwil; onteer die troon van U heerlikheid nie; hou tog in gedagtenis, verbreek U verbond met ons nie.” Jer. 14: 21. Hy het Homself verpand om ons geroep te verhoor as ons tot Hom kom en ons onwaardigheid en sonde bely. Die eer van Sy troon staan op die spel om Sy woord aan ons gestand te doen.

* * * * *

Christus stuur Sy boodskappers na elke deel van Sy gebied om Sy wil aan Sy diensknegte bekend te maak. Hy wandel onder Sy gemeentes. Hy verlang om Sy navolgers te heilig, op te hef, en te veredel. Die invloed van diegene wat in Hom glo, sal ‘n reuk van lewe tot lewe in die wêreld wees. Christus hou die sterre in Sy regterhand, en dit is Sy doel dat Sy lig deur hulle aan die wêreld sal skyn. So verlang Hy om Sy volk voor te berei vir edeler diens in die kerk daarbo. Hy het aan ons ‘n groot werk gegee om te doen. Laat ons dit getrou doen. Laat ons in ons lewens toon wat goddelike genade vir die mensheid kan doen.

# HOOFSTUK DRIE—ONS GROOT BEHOEFTE [23]

(Deel VIII, bls. 329-335.)

ONS grootste behoefte is aan 'n kennis van God wat 'n verandering van die karakter kan bewerk. As ons aan Sy doel vir ons wil beantwoord, moet daar in ons lewe 'n openbaring van God wees wat sal ooreenstem met die leer van Sy woord.

Die ervaring van Henog en Johannes die Doper is voorbeelde van wat ons s'n behoort te wees. Ons behoort die lewe van hierdie twee manne meer te ondersoek as wat ons doen; die een is opgeneem sonder om die dood te smaak, en die andereen moes vóór die eerste koms van Christus die weg van die Here berei en Sy paaie reguit maak.

## Die Ervaring van Henog

Van Henog word gesê dat hy vyf-en-sestig jaar geleef het toe hy die vader van 'n seun geword het; daarna het hy driehonderd jaar met God gewandel. Gedurende daardie eerste jare, het Henog God gevrees en liefgehad, en Sy gebooie onderhou. Maar ná die geboorte van Sy seun, het hy 'n ryker ondervinding opgedoen; hy het tot 'n inniger gemeenskap met God gekom. Toe hy die kind se liefde vir sy vader en sy kinderlike vertroue in sy beskerming sien, en toe hy die diepe en tere verlange van sy eie hart tot sy eersgeborene gevoel het, het hy 'n kosbare les geleer van die wonderlike liefde van God vir die mens in die gawe van Sy Seun, en ook van die vertroue wat die kinders van God in hulle hemelse Vader mag stel. Die eindelose, onpeilbare liefde van God in Christus het die onderwerp van sy oorpeinsing geword, dag en nag. Met al die ywer van Sy siel het hy getrag om die liefde van God aan die mense onder wie hy gewoon het, te openbaar.

Dit was nie slegs in tye van ekstase of wanneer hy 'n gesig gehad [24]
het dat Henog met God gewandel het nie, maar in al die pligte van sy daelikse lewe het hy met God gewandel. Hy het nie 'n kluisenaar

geword, heeltemal afgesonder van die wêreld nie, want hy het ‘n werk gehad om te doen vir God. In sy huislike lewe, in sy omgang met mense, as eggenoot en vader, as vriend en burger, was hy ‘n standvastige, onwankelbare dienskneg van God.

Met verloop van die eeue het sy geloof sterker, en sy liefde vuriger geword. Vir hom was die gebed soos die asem van sy siel. Hy het in ‘n hemelse atmosfeer gelewe.

Namate die toekoms vir hom ontsluier was, het Henog ‘n prediker van geregtigheid geword en die boodskap van God gebring aan almal wat die woorde van waarskuwing wou hoor. In die land waar Kain getrag het om van die aangesig van God weg te vlug, het die profeet van God die wonderlike tonele wat aan hom in gesigte geopenbaar is, bekendgemaak. “Kyk,” het hy gesê, “Die Here het gekom met Sy heilige tienduisendtalle, om gerig te hou oor almal en al die goddelose onder hulle te straf oor al hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het.” Judas 14, 15.

Die krag van God wat meegewerk het met Sy dienskneg is gevoel deur diegene wat gehoor gegee het. Sommige het aggeslaan op die waarskuwing, en hulle sondes versaak; maar die meerderheid het die plegtige boodskap bespot. Die diensknegte van God moet ‘n dergelike boodskap aan die wêreld bring in die laaste dae, en dit sal ook met ongeloof en bespotting begroet word.

Namate die jare verbygegaan het, het die skuld van die mens groter en groter geword, en die wolke van die goddelike oordeel het digter en digter saamgepak. Dog Henog, die geloofsgetuie, het voortgegaan om te waarsku, te pleit, te leer, en te strewe om die vloedgolf van skuld en die grimmigheid van God te keer.

Die mense van daardie geslag het gelag vir die dwaasheid van die een wat nie gesoek het om goud en silwer en rykdom in hierdie
[25] lewe te versamel nie. Maar die hart van Henog was op ewige skatte. Hy het die Godstad gesien. Hy het die Erekoning in Sion gesien. Hoe groter die ongeregtigheid, hoe vuriger was sy verlange na die woonplaas van God. Terwyl hy nog op aarde was, het hy deur geloof in die ryk van lig gewoon.

“Salig is die wat rein is van hart want hulle sal God sien.” Matt. 5: 8. Vir driehonderd jaar lank het Henog gesoek na reinheid van hart, sodat hy in ooreenstemming met die hemel kon wees. Vir drie eeue lank het hy met God gewandel. Dag na dag het hy verlang om die

band nouer te maak; inniger en steeds inniger het die gemeenskap geword, totdat God hom opgeneem het. Hy het op die drumpel van die ewigheid gestaan, met net een tree tussen hom en die land van die geseëndes; en nou het die poorte oopgeswaai en die wandeling met God, so lank hier op die aarde volgehou, is voortgesit, en hy is deur die poorte van die heilige stad — die eerste een onder die mense om daar in te gaan.

"Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie. . . . Want vóór sy wegneming het hy die getuienis ontvang dat hy God behaag het." Heb. 11:5.

God roep ons tot sulke gemeenskap. Soos die heiligheid van Henog was, moet ook die karakter wees van diegene wat deur die Here sal verlos word by Sy tweede koms.

## Die Ervaring van Johannes die Doper

Johannes die Doper is tydens sy woestynlewe deur God onderrig. Hy het die openbarings van God in die natuur bestudeer. Onder leiding van die goddelike Gees het hy die boekrolle van die profete ondersoek. Dag en nag was Christus die voorwerp van sy studie en oorpeinsing, totdat verstand, hart en siel vol was van die heerlike beeld.

Hy het die Koning aanskou in Sy heerlikheid en self uit die oog verloor. Hy het die majesteit van Sy heiligheid aanskou, en besef dat hy self onbekwaam en onwaardig was. Dit was Gods boodskap wat hy moes verkondig. Dit was in die krag en in die geregtigheid van God waarin hy moes staan. Hy was gereed om uit te gaan as [26]
'n boodskapper van die hemel, nie afgeskrik deur die menslike nie, want hy het die Goddelike aanskou. Hy kon sonder vrees staan in die teenwoordigheid van aardse vorste, omdat hy bewend neergebuig het voor die Koning van die konings.

Johannes het nie sy boodskap met noukeurig uitgewerkte argumente of mooi teorieë verkondig nie. Maar sy stem, aangrypend en ernstig, dog vol hoop, is in die woestyn gehoor: "Bekeer julle want die koninkryk van die hemel is naby gekom." Matt. 3:2. Met 'n nuwe, vreemde krag het dit die mense beweeg. Die hele volk was opgewonde. Ongeletterde arbeiders en vissers uit die omtrek; Romeinse soldate uit die kaserne van Herodus; kapteins met aan-

gegorde swaarde, gereed om enig iets wat na ‘n rebellie lyk, te onderdruk; geldgierige tollenaars uit hulle kantore; en priesters van die Sanhedrin, met hulle gebedsrieme omwonde — almal het in betowering geluister, en almal, selfs die Fariseër en Saduseër, ook die ongevoelige spotters het uit die woestyn teruggekeer sonder die spotlag en diep in hulle hart oortuig van sonde. Herodus in sy paleis het die boodskap ge-hoor, en die trotse, deur die sonde verharde vors, het in bewing die oproep tot bekering aangehoor.

In hierdie dae, net vóór die wederkoms van Christus op die wolke van die hemel, moet daar net so’n werk soos die van Johannes gedoen word. God vra om manne wat ‘n volk sal voorberei om te kan staan in die groot dag van die Here. Die boodskap wat die bediening van Christus voorafgegaan het, het gelui, “Bekeer julle; tollenaars en sondaars; bekeer julle, Fariseërs en Saduseers; ‚bekeer julle want die koninkryk van die hemel is naby gekom.’ ” Matt. 3:2. As ‘n volk wat glo in die spoedige wederkoms van Christus, het ons ‘n boodskap om te verkondig—“Maak jou klaar om jou God te ontmoet.” Amos 4: 12. Ons boodskap moet net so reguit wees as dié van Johannes. Hy het konings bestraf om hulle ongeregtigheid. Nieteenstaande die feit dat sy lewe in gevaar was, het hy nie geaarsel om Gods Woord te
[27] verkondig nie. En ons werk in hierdie dae moet net so getrou gedoen word.

Ten einde ‘n boodskap te verkondig soos dié van Johannes, moet ons ‘n geestelike ondervinding opdoen soos syne. Dieselfde werk moet in ons gedoen word. Ons moet God aanskou, en by die aanskouing self uit die oog verloor.

Johannes het van nature dieselfde foute en swakhede gehad waaraan die mensheid onderworpe is; maar die aanraking met goddelike liefde het hom verander. Toe die dissipels van Johannes, ná Christus sy bediening begin het, na hom toe gekom het met die klagte dat almal nou die nuwe Meester navolg, het Johannes bewys gelewer hoe duidelik hy sy verhouding tot die Messias begryp het, en hoe graag hy die Een verwelkom het vir wie hy die weg voorberei het.

“’n Mens kan niks aanneem,” het hy gesê, “as dit hom nie uit die hemel gegee is nie. Julle is self my getuie dat ek gesê het: Ek is nie die Christus nie; maar dat ek voor Hom uit gestuur is. Die een wat die bruid het, is die bruidegom; maar die vriend van die bruidegom wat na hom staan en luister, verbly hom baie oor die stem van die

bruidegom. So is dan hierdie blydskap van my volkome. Hy moet meer word, maar ek minder." Joh. 3: 27-30.

Waar hy in geloof op die Saligmaker gesien het, het Johannes die toppunt van selfverloëning bereik. Hy was nie daarop uit om mense na homself toe te trek nie, maar om hulle gedagtes hoër en hoër te verhef totdat hulle dit op die Lam van God sou vestig. Hy self was maar slegs 'n stem, 'n roepstem in die woestyn. Nou het hy met blydskap op die agtergrond getree, sodat die oë van almal op die Lig van die lewe gerig kon word.

Diegene wat getrou is aan hulle roeping as boodskappers van God sal nie soek na eer vir hulleself nie. Liefde vir self sal verswelg word deur liefde tot Christus. Hulle sal besef dat hulle, soos Johannes die Doper, aan die wêreld moet sê: "Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" Joh. 1: 29. Hulle sal Jesus [28]
verhoog en met Hom sal die mensdom opgehef word. "Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is Sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes." Jes. 57: 15.

Die siel van die profeet, ontledig van self, was met 'n Goddelike lig vervul. Met woorde byna soos die woorde van Christus Self, het hy getuig van die heerlikheid van die Saligmaker: "Hy wat van bo kom," het hy gesê, "is bo almal; hy wat uit die aarde is, is uit die aarde en praat uit die aarde. Hy wat uit die hemel kom, is bo almal. . . . Want Hy wat God gestuur het, spreek die woorde van God; want God gee Hom die Gees nie met mate nie." Joh. 3: 31-34.

In hierdie heerlikheid van Christus, moet al Sy navolgers deel. Die Heiland het gesê dat Hy nie Sy eie wil soek nie, "Maar die wil van die Vader wat My gestuur het." Joh. 5: 30.

"Want," het Johannes gesê, "God gee Hom die Gees nie met mate nie." So sal dit ook wees met die navolgers van Christus. Ons kan van die hemelse lig ontvang alleen namate ons gewillig is om van self ontledig te word. Ons kan die karakter van God sien en Christus deur geloof aanneem, alleen namate ons toestem om elke gedagte te onderwerp tot gehoorsaamheid aan Christus. Aan almal wat dit doen, word die Heilige Gees sonder mate gegee. In Christus "Woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en julle het die volheid in Hom." Kol. 2: 9, 10.

## Die Beloftes van God

Die volgende beloftes van God is gegee aan almal wat gewillig is om self te verootmoedig:

"Ek sal al My majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van die Here uitroep." Exod. 33: 19.

"Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge, wat jy nie weet nie." Jer. 33: 3.

# HOOFSTUK VIER—HUISGODSDIENS [29]

(Deel VII, bls. 42-44.)

As daar ooit 'n tyd was dat elke huis 'n huis van gebed moet wees, dan is dit nou. Daar heers ontrouheid en ongeloof. Daar is baie ongeregtigheid. Daar is verdorwenheid in die siel, en in die lewe breek daar rebellie uit teen God. Die sedelike kragte is aan die sonde verslaaf en onder die dwingelandy van die Satan. Die siel is hulpeloos teen sy versoekings; en tensy 'n magtige arm uitgestrek word om te red, sal die mens gaan waar die aartsrebel hom heenlei.

En tog, in hierdie tyd van ontsettende gevaar, is daar sommige wat voorgee om Christene te wees, maar wat nie huisgodsdiens hou nie. Hulle eer God nie in die huis nie; hulle leer hulle kinders ook nie om Hom lief te hê en te vrees nie. Sommige het so ver van Hom afgedwaal dat hulle veroordeeld voel as hulle tot Hom nader. Hulle kan nie "met vrymoedigheid na die troon van genade gaan," "en heilige hande op hef sonder toorn of twis" nie. Heb. 4: 16; 1 Tim. 2: 8. Hulle het geen lewende verbinding met God nie. Hulle het 'n gedaante van godsaligheid, maar nie die krag daarvan nie.

Die idee dat gebed nie nodig is nie, is een van Satan se suksesvolle planne om siele na die verderf te voer. Gebed is gemeenskap met God, die Bron van wysheid, van krag, vrede en geluk. Jesus het tot die Vader gebid "met sterke geroep en trane." Paulus vermaan gelowiges om te "Bid sonder ophou," en alles deur gebed en smeking met danksegging bekend te maak by God. "Bid vir mekaar," sê Jakobus. "Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag." Heb. 5: 7; 1 Thes. 5: 17; Filip. 4: 6; Jak. 5: 16.

Deur opregte, vurige gebede, behoort ouers 'n muur te maak rondom hulle kinders. Hulle behoort in volle geloof te bid dat God [30] by hulle sal bly, en dat heilige engele hulle en hulle kinders sal beskerm teen Satan se wrede mag.

In elke huisgesin behoort daar 'n vasgestelde tyd te wees vir moreen aandgodsdiens. Hoe passend is dit nie vir ouers om hulle

kinders rondom hulle te vergader, voor die ontbyt, en die hemelse Vader te dank vir Sy beskerming gedurende die nag, en om Hom te vra om Sy hulp en leiding en beskerming gedurende die dag nie! Hoe passend ook, as die aand daar is, vir ouers en kinders om nogeens voor God te verskyn om Hom te dank vir die seëninge van die dag wat verby is nie!

Die vader, en in sy afwesigheid, die moeder, behoort die godsdiens waar te neem deur ‘n gedeelte uit die Skrif voor te lees wat interessant en maklik verstaanbaar is. Die diens behoort kort te wees. As daar ‘n lang hoofstuk gelees en ‘n lang gebed gedoen word, maak dit die diens vervelend, en as dit oor is, word daar ‘n sug van verligting gehoor. God word nie geëer as die godsdiens so droog, vervelend, vermoeiend is dat die kinders daarvoor vrees nie.

Vaders en moeders, maak die huisgodsdiens so interessant moontlik. Daar is geen rede waarom dit nie die aangenaamste en genotvolste uur van die dag kan wees nie. ‘n Bietjie aandag gewy aan voorbereiding sal u in staat stel om dit interessant en leersaam te maak. Laat daar van tyd tot tyd afwisseling wees. Vrae mag gestel word oor die skrifgedeelte wat gelees is, en ‘n paar ernstige en tydige opmerkings kan gemaak word, ‘n Loflied kan ook gesing word. Die gebed behoort kort en saaklik te wees. Laat die een wat in die gebed voorgaan, in eenvoudige, ernstige woorde God prys vir Sy goedheid en Hom vra om Sy hulp. Waar omstandighede dit toelaat, moet die kinders ook deelneem in die voorlesing en gebed.

Die ewigheid alleen sal die nut openbaar wat aan sulke godsdiens verbonde is.

Die lewe van Abraham, die vriend van God, was ‘n gebedslewe.
[31] Waar hy ook sy tent opgeslaan het, het hy ’n altaar opgerig, waarop die moreen aandoffer geoffer is. Wanneer hy na ‘n ander plek verhuis het, het die altaar blystaan. En as die rondtrekkende Kanaaniet by daardie altaar kom, het hy geweet wie daar gewoon het. Na hy sy tent opgeslaan het, het hy ook die altaar herstel en die lewende God aanbid.

So ook moet die huise van Christene ligte wees in die wêreld. Daaruit moet die moreen aandgebed opstyg soos soete wierook. En soos die moredou sal Gods goedertierenheid en seëninge op die smekelinge neerdaal.

Vaders en moeders, vergader u kinders elke more en elke aand om u, en hef u hart in ootmoed op tot God om hulp. U dierbares is blootgestel aan versoeking. Die jongmense is elke dag omring deur ergernisse. Diegene wat geduldige, liefdevolle, en opgeruimde lewens wil lei, moet bid. Alleen as ons gedurig hulp van God ontvang kan ons die oorwinning oor self behaal.

Wy uself en u kinders elke more aan God toe vir daardie dag. Moenie maande en jare vooruit reken nie; die toekoms behoort nie aan u nie. Slegs een korte dag word aan u geskenk. Werk gedurende die ure daarvan vir die Meester asof dit u laaste dag op aarde is. Lê al u planne voor God om uitgevoer of opgegee te word, soos Sy voorsienigheid mag aanwys. Neem Sy planne aan in stede van u eie, al sou dit ook beteken dat u 'n geliefde onderneming moet laat vaar. Sodoende sal die lewe meer en meer gevorm word volgens die goddelike patroon; en "Die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus." Filip. 4: 7.

* * * * *

Voordat die huis verlaat word vir die dag se werk, behoort die hele gesin bymekaar te kom, en die vader, of in sy afwesigheid die moeder, behoort ernstig tot God te bid om hulle gedurende die dag te bewaar. Kom in ootmoed, met 'n tere hart en met 'n besef van die versoekings en die gevare waaraan u en u kinders blootgestel is; bind hulle in geloof op die altaar, en smeek vir hulle die beskerming van God af.—Deel I, bls. 397, 398.

[32] # HOOFSTUK VYF—DIE VIERING VAN DIE SABBAT

(Deel VI, bls. 349-368.)

DAAR is groot seëninge verbonde aan die viering van die Sabbat, en God wil dat die Sabbat 'n dag van vreugde vir ons sal wees. Daar was blydskap toe die Sabbat ingestel is. God het met voldoening neergekyk op Sy handewerk. Hy het alles wat Hy gemaak het "Baie goed" genoem. Gen. 1: 31. Hemel en aarde het gejuig. "Toe die moresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het." Job 38: 7. Alhoewel die sonde die wêreld binnegedring het om Sy volmaakte werk te bederf, gee God nogtans aan ons die Sabbat as 'n bewys dat die Almagtige God, oneindig in goedheid en genade, alle dinge geskape het. Ons hemelse Vader verlang om deur die viering van die Sabbat die kennis van God onder die mense te bewaar. Hy verlang dat die Sabbat ons harte tot Hom, as die ware en lewende God, sal trek, en dat ons deur Hom te ken, lewe en vrede mag hê.

Toe God Sy volk Israel uit Egipte verlos het en aan hulle Sy wet gegee het, het Hy hulle geleer dat hulle deur Sabbatviering van die afgodedienaars onderskei sal wees. Dit is Sabbatviering wat die verskil aangetoon het tussen diegene wat die heerskappy van God erken het, en diegene wat geweier het om Hom aan te neem as hulle Skepper en Koning. "Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken," het die Here gesê. "En die kinders van Israel moet die Sabbat onderhou, deur die Sabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond." Exod. 31: 17, 16.

Net soos die Sabbat gegee is as 'n teken wat Israel onderskei het toe hulle uit Egipte gekom het om die aardse Kanaan binne te gaan, is dit vandag ook die teken wat Gods volk onderskei waar hulle uit die wêreld uitkom om die hemelse rus in te gaan. Die Sabbat is
[33] 'n teken van die verhouding tussen God en Sy volk—'n teken dat hulle Sy wet in ere hou. Dit is die teken wat Gods lojale onderdane onderskei van die oortreders van Sy wet.

Uit die wolkkolom het Christus aangaande die Sabbat verklaar, “Julle moet sekerlik My Sabbatte onderhou, want dit is ‘n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die Here is wat julle heilig.” Exod. 31: 13. Die Sabbat wat aan die wêreld gegee is as teken dat God die Skepper is, is ook die teken dat Hy die Heiligmaker is. Die krag waardeur alle dinge geskape is, is ook die krag wat die siel weer herskep in Sy ewebeeld. Die Sabbat is die teken van heiligmaking aan diegene wat dit onderhou. Ware heiligmaking beteken eenheid met God, gelykheid aan Sy karakter. Dit word verkry deur gehoorsaamheid aan daardie beginsels wat ‘n afskrif is van Sy karakter. En die Sabbat is ook die teken van gehoorsaamheid. Hy wat van harte die vierde gebod gehoorsaam, sal ook die hele wet gehoorsaam. Hy word geheilig deur gehoorsaamheid.

Aan ons, sowel as aan Israel, is die Sabbat gegee as ‘n “Ewige verbond.” Aan diegene wat die Sabbat eerbiedig is dit gegee as ‘n teken dat God hulle erken as Sy uitverkore volk. Dit is ‘n pand dat Hy Sy verbond met hulle sal nakom. Elke siel wat die teken van Gods regering aanneem, plaas homself onder die ewige goddelike verbond. Hy verbind homself met die goue ketting van gehoorsaamheid, elke skakel waarvan ‘n belofte is.

Die vierde gebod is die enigste een van die tien wat die seël van die Groot Wetgewer en Skepper van hemel en aarde bevat. Diegene wat hierdie gebod gehoorsaam, neem Sy naam aan, en al die seëninge wat daaraan verbode is, is hulle s’n. “En die Here het met Moses gespreek en gesê: Spreek met Aaron en sy seuns en sê: So moet julle die dinkers van Israel seen deur vir hulle te sê: Die Here sal jou seën en jou behoed; Die Here sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; Die Here sal Sy aangesig oor jou verhef en vir jou vrede gee. So moet hulle dan My Naam op die kinders van Israel lê; [34]
en Ek sal hulle seen.” Num. 6: 22-27.

Deur Moses is ook die belofte gegee: “Die Here sal jou vir Hom as heilige volk bevestig soos Hy vir jou gesweer het, as jy die gebooie van die Here jou God hou en in Sy weë wandel. En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van die Here oor jou uitgeroep is. ... En die Here sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net bo-op en nie onder wees nie as jy luister na die gebooie van die Here jou God wat ek jou vandag beveel om te hou en te doen.” Deut. 28: 9-13.

Die Psalmis, onder invloed van die Heilige Gees, sê: "Kom, laat ons jubel tot eer van die Here, laat ons juig vir die rots van ons heil! . .. Want die Here is 'n grote God, ja 'n groot Koning bo al die gode. In wie se hand die diepste plekke van die aarde is, en die toppe van die berge is syne. Aan wie die see behoort wat Homself gemaak het, en die droë land wat Sy hande geformeer het. Kom, laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die Here wat ons gemaak het. Want Hy is onse God." "Hy het ons gemaak, en ons is Syne, Sy volk en die skape van Sy weiding." Ps. 95: 1-7; 100: 3.

Hierdie beloftes wat aan Israel gegee is geld ook vir Gods volk vandag. Dit is die boodskappe wat die Sabbat tot ons bring.

## Hervorming wat Betref Sabbatviering

Die Sabbat is die goue band wat God en Sy volk verenig. Maar die Sabbatgebod is verbreek. God se heilige dag is verontheilig. Die Sabbat is uit sy plek gestoot deur die mens van die sonde, en 'n gewone werksdag is in die plek daarvan verhef. Daar is 'n breuk in die wet gemaak, en hierdie breuk moet herstel word. Die ware Sabbat moet weer tot sy regmatige plek verhef word as Gods rusdag. In die agt-en-vyftigste hoofstuk van Jesaja word die werk wat Gods volk moet doen, beskryf. Hulle moet die wet grootmaak en dit vereer; die ou puinhope moet herbou word, en die fondamente van vorige geslagte weer opgerig word.

[35] Aan diegene wat hierdie werk doen, sê God: "En jy sal genoem word: Bouer van gebreekte mure, hersteller van paaie, om bewoonbaar te maak. As jy jou voet terughou van die Sabbat — om nie jou besigheid op my heilige dag te doen nie, en as jy die Sabbat 'n verlusting noem en die heilige dag van die Here eerwaardig; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou besigheid soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die Here, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die Here het dit gespreek." Verse 12-14.

Die Sabbatkwessie sal die geskilpunt wees in die laaste botsing waarin die hele wêreld sal betrokke wees. Mense het die beginsels van Satan vereer bokant die prinsipes van die hemel. Hulle het die vals sabbat, wat Satan verhef het as die teken van sy gesag,

aangeneem. Dog God het Sy seël gesit op Sy koninklike gebod. Elkeen van hierdie sabbatsintellings dra die naam van sy maker, ‘n onuitwisbare merk wat die gesag van elke een aantoon. Dis ons werk om die wêreld hiervan te verwittig. Ons moet hulle daarop wys dat dit die allergewigtigste gevolge sal hê of hulle die merkteken van God koninkryk dra, of die merkteken van die rebel-koninkryk, want deur die merkteken wat hulle dra, toon hulle wie se onderdane hulle is. God het ons geroep om die vaandel van Sy Sabbat, wat onder die voete vertrap word, te verhoog. Hoe belangrik is dit dan nie dat ons voorbeeld ten opsigte van Sabbatviering die regte sal wees.

By die stigting van nuwe kerke behoort predikante die lede sorgvuldig te onderrig in verband met behoorlike Sabbatviering. Ons moet oppas dat ons, wat voorgee om Gods heilige rusdag te vier, nie so laks word soos die Sondagvierders nie. Die skeidingslyn moet duidelik betrek wees tussen diegene wat die merkteken van Gods koninkryk dra, en diegene wat die merkteken van die koninkryk van die opstandelinge dra.

Daar is ver meer eerbied aan die Sabbat verskuldig as wat deur baie sogenaamde Sabbatvierders daaraan betoon word. Die Here [36]
word baie onteer deur diegene wat die Sabbat nie hou volgens die gebod in die letter en in die gees nie. Hy roep om ‘n hervorming wat betref Sabbatviering.

## Dink aan die Sabbat

Reeds aan die begin van die vierde gebod sê die Here, “Dink aan die Sabbatdag.” Hy het geweet dat die mens, in die gedrang van die baie sorge en moeilikhede, geneig sou wees om homself te verskoon van die voile nakoming van die eise van die wet, en dat hy die heiligheid daarvan uit die oog sou verloor. Daarom het Hy gesê, “Dink aan die Sabbatdag, dat jy die heilig.” Exod. 20: 8.

Gedurende die hele week moet ons aan die Sabbat dink, en klaar maak om dit te vier volgens die gebod. Ons moenie die Sabbat as ‘n blote wettiese verpligting beskou nie. Ons behoort die geestelike verband daarvan met al die besighede van die lewe te besef. Almal wat die Sabbat beskou as ‘n teken tussen hulle en God, en toon dat Hy die God is wat hulle heilig, sal die beginsels waarop Sy regering rus reg verteenwoordig. In hulle daelikse lewe sal hulle die wette

van Sy koninkryk uitleef. Hulle sal daeliks bid dat die heiligmaking van die Sabbat op hulle mag rus. Hulle sal daeliks die gemeenskap van Christus geniet, en die volmaaktheid van Sy karakter tentoonstel. Elke dag sal hulle hulle lig voor ander laat skyn deur hulle goeie werke.

In alles in verband met Gods werk moet die oorwinning eers in die huislike lewe behaal word. Hier moet die voorbereiding vir die Sabbat begin. Gedurende die week moet die ouers onthou dat die huis 'n skool is waarin die kinders voorberei word vir die hemel. Laat hulle regte woorde spreek. Daar moet geen woorde gespreek word wat die kinders nie moet hoor nie. Pas op vir ongeduld. Ouers, u moet gedurende die week lewe asof u in die teenwoordigheid van die heilige God is wat die kinders aan u toevertrou het om vir Hom op te lei. Lei die klein gemeentetjie in u huis vir Hom op, sodat almal op die Sabbatdag voorberei kan wees om in die huis van die
[37] Here te gaan aanbid. Stel u kinders elke more en elke aand voor die aangesig van die Here as Sy deur-bloed-gekoopte erfdeel. Leer hulle dat dit hulle hoogste voorreg en plig is om die Here lief te hê en te dien.

Ouers moet daarop gesteld wees om die godsdiens vir hulle kinders leersaam te maak. Gedeeltes uit die Skrif moet meer dikwels op hulle lippe wees, veral daardie gedeeltes wat die hart voorberei vir geestelike diens. Die kostelike woorde, "Wees net maar stil tot God, my siel, want van Hom is my verwagting" (Ps. 62: 6), behoort dikwels opgesê te word.

As ons op hierdie wyse aan die Sabbat dink, sal die stoflike nie die geestelike verdring nie. Geen diens wat op die ses werksdae val, sal dan oorgelaat word vir die Sabbatdag nie. Gedurende die week sal ons liggaamskragte nie so uitgeput word dat ons op die dag waarop die Here gerus en Hom verkwik het, te afgemat sal wees om deel te neem aan Sy diens nie.

## Vrydag die Spesiale Voorbereidingsdag

Hoewel ons gedurende die hele week moet voorberei vir die Sabbat, is Vrydag veral die voorbereidingsdag. By monde van Moses het die Here aan die kinders van Israel gesê: "More is die rusdag, 'n heilige Sabbat van die Here. Wat julle wil bak, bak dit; en wat

julle wil kook, kook dit; en bêre vir julle alles wat oor is, om dit te bewaar tot die more toe." "Die volk het rondgeloop en dit versamel en in handmeulens gemaal of in vysels gestamp, en hulle het dit in potte gekook en daarvan roosterkoeke gemaak." Exod. 16: 23; Num. 11:8. Daar was werk om te doen in verband met die voorbereiding van die brood wat uit die hemel aan die kinders van Israel gestuur is. Die Here het hulle beveel dat hierdie werk op Vrydag, die voorbereidingsdag, gedoen moes word. Dit was 'n toets vir hulle. Die Here wou sien of hulle die Sabbat sou vier of nie.

Hierdie bevel van die lippe van Jehova geld ook vir ons vandag. Die Bybel is 'n volmaakte gids, en as die bladsye daarvan in gebed, deur gewillige harte ondersoek word, hoef niemand in verband met [38]
hierdie vraagstuk verkeerd te handel nie.

Daar is baie wat onderrig nodig het in verband met die kleredrag by die eredienste op die Sabbat. Hulle moet nie voor die aangesig van die Here verskyn in die alledaagse klere wat hulle gedurende die week dra nie. Almal behoort 'n spesiale Sabbatspak te hê om te dra wanneer hulle na Gods huis gaan vir die dienste. Hoewel ons nie die wêreldse modes moet naäap nie, moet ons nogtans nie onverskillig wees ten opsigte van onse uiterlike voorkomste nie. Ons moet netjies aangetrek wees, dog nie uitgedos nie. Die kinders van God moet van buite en binne rein wees.

Die voorbereiding vir die Sabbat moet op Vrydag klaar wees. Sien toe dat die klere alles in orde is en dat al die kokery klaar is. Die baddens moet geneem en die skoene skoongemaak word vóór die Sabbat aanbreek. Dit kan gedoen word. As u daarvan 'n reël maak, sal dit maklik gaan. Die Sabbat moenie bestee word aan die heelmaak van klere, koskook, genotsug, of enige ander wêreldlike werk nie. Voordat die son ondergaan moet alle sekulêre werk gestaak word, en alle wêreldse leesstof weggebêre word. Ouers, u moet u werk en die doel daarvan aan u kinders verduidelik, en hulle toelaat om u behulpsaam te wees in u voorbereiding om die Sabbat te vier volgens die gebod.

Ons moet baie gesteld wees op die begin en die einde van die Sabbat. Onthou dat elke oomblik heilige tyd is. Waar moontlik moet werkgewers hulle werknemers van Vrydag twaalfuur vry gee. Gee hulle tyd om klaar te maak, sodat hulle die Sabbat van die Here met

'n stille gemoed kan verwelkom. As u so handel sal u geen verlies lei nie, selfs ook nie in tydelike dinge nie.

Daar is nog iets wat aandag behoort te geniet op die voorbereidingsdag. Op hierdie dag behoort alle geskille tussen broeders, of dit nou onenigheid in die gesin of die kerk is, uit die weg geruim te word. Laat alle toorn, woede en boosheid uit die hart verban word. "Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word." Jak. 5: 16. Doen dit in alle nederigheid.

[39] Vóór die Sabbat begin, behoort die gedagtes sowel as die liggaam van wêreldse besigheid afgetrek te word. God het Sy Sabbat aan die einde van die ses werksdae gestel, sodat die mens tyd kan neem om te peins oor die vordering wat hy gedurende die week gemaak het ter voorbereiding vir die heilige koninkryk waar geen oortreder sal toegelaat word nie. Ons behoort elke Sabbat ons siele te ondersoek om te sien of die afgelope week aan ons geestelike wins of verlies besorg het.

U ewige saligheid hang daarvan af of u die Sabbat aan die Here heilig of nie. God sê, "Want die wat My eer, sal Ek eer." 1 Sam. 2: 30.

## Die Sabbat in die Huis

Laat die lede van die gesin, voor die son ondergaan, saamkom om Gods Woord te lees, te sing en te bid. In hierdie opsig is daar hervorming nodig, want baie het agtelosig geword. Ons behoort aan God belydenis te doen. On behoort van nuuts af te begin en spesiale voorsorg te maak sodat elke lid van die gesin berei kan wees om die dag wat God geseën en geheilig het te eerbiedig.

Moenie die kosbare ure van die Sabbat in die bed deurbring nie. Op Sabbatmorens behoort die lede van die gesin vroeg op te staan. As hulle laat opstaan, is daar altyd 'n gejaag en verwarring om klaar te maak vir ontbyt en die Sabbatskool. Almal is gewoonlik haastig en ongeduldig met die gevolg dat daar onheilige gevoelens in die huis ontstaan. Die Sabbat, op hierdie manier ontheilig, word dan 'n las, en in plaas dat daar in liefde uitgesien word na sy koms, word dit veeleer gevrees.

Ons moet nie vir die Sabbat 'n groter eetmaal, met 'n groter verskeidenheid van kos klaarmaak as vir ander dae nie. In plaas

daarvan behoort die kos eenvoudig te wees, en minder moet geëet word, sodat die verstand helder en lewendig kan wees om geestelike dinge te besef. Om te ooreet benewel die brein. Die kostelikste woorde mag gehoor en nie gewaardeer word nie, omdat die verstand benewel is deur ‘n verkeerde diëet. Deur hulle op die Sabbat te ooreet, is daar vele wat God meer onteer as wat hulle dink.

Hoewel kokery op die Sabbat vermy moet word, is dit nie nodig [40] om koue kos te eet nie. As die weer koud is, kan die kos wat die vorige dag berei is, opgewarm word. Maak die maaltye, hoewel eenvoudig, smaaklik en aantreklik. Maak iets wat as ‘n lekkerny beskou sal word, iets wat die gesin nie elke dag kry nie.

Laat die kinders deelneem aan die huisgodsdiens. Laat almal hulle Bybels bring, en elkeen een of twee tekste lees. Sing daarna ‘n welbekende lied en sluit met gebed. In hierdie opsig het Christus ons ‘n modelgebed gegee. Die “Onse Vader” is nie bedoel om as blote vorm opgesê te word nie, maar dis ‘n voorbeeld van wat ons gebede behoort te wees — eenvoudig, ernstig, en veelomvattend. Maak u behoeftes aan die Here bekend deur ‘n eenvoudige gebed, en betuig u dank vir Sy seëninge. Op hierdie manier nooi u Jesus om ‘n welkome gas in u hart en huis te wees. By die huisgodsdiens is lang gebede in verband met dinge wat nie van onmiddellike belang is nie, onvanpas. Hulle maak die uur van gebed vervelend waar dit as ‘n voorreg en seën moet beskou word. Maak die tydjie van gebed belangwekkend en vreugdevol.

Die Sabbatskool en die nadiens neem nie die hele Sabbat in beslag nie. Die deel wat oorbly vir die gesin kan die beste en heiligste gemaak word van al die Sabbatsure. Die grootste gedeelte van hierdie tyd behoort die ouers met hulle kinders deur te bring. In baie gesinne word die jonger kinders aan hulleself oorgelaat, om hulleself te vermaak so goed as hulle kan. As kinders alleen gelaat word, word hulle gou woelig, en begin hulle te speel, of vang die een of ander kattekwaad aan. Op hierdie wyse deurgebring, het die Sabbat vir hulle geen heilige betekenis nie.

## Onderwerpe vir Sabbatsgesprekke

As die weer mooi is, kan ouers hulle kinders uitneem in die lande en onder die bome. Daar te midde van die natuurskoon kan u

hulle vertel van die doel van die Sabbatsinstelling. Beskryf die groot skeppingswerk van God vir hulle. Vertel hulle dat die aarde, toe dit
[41] van Gods hand gekom het, heilig en pragtig was. Elke blom, elke bossie, elke boom, het beantwoord aan die doel van die Skepper. Alles wat die oog aanskou het, was heerlik, en het die hart vervul met gedagtes van die liefde van God. Daar was geen enkele wanklank nie. Wys hulle daarop dat dit die sonde is wat Gods volmaakte skepping bederf het; dat dorings en distels, droefheid en pyn en die dood, alles die gevolg is van ongehoorsaamheid aan God. Wys hulle daarop hoedat die aarde, alhoewel deur die vloek van die sonde geskend, nog die goedheid van God openbaar. Die groen velde, hoë bome, die heerlike sonskyn, die wolke, die dou, die plegtige stilte van die nag, die heerlikheid van die sterrehemel, en die maan in sy skoonheid, alles getuig van die Skepper. Daar val geen druppel reent nie en geen ligstraal skyn op ons ondankbare aarde nie, of hulle getuig van die verdraagsaamheid en die liefde van God.

Vertel hulle van die weg van saligheid; hoedat God die wêreld so liefgehad het "dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." Joh. 3:16. Vertel die lieflike verhaal van Bethlehem. Stel Jesus aan u kinders voor, as 'n kind wat gehoorsaam was aan Sy ouers, as 'n vlytige jong man wat gehelp het om die familie te onderhou. Op hierdie manier kan u aan hulle verstand bring dat die Heiland die beproewings, benoudhede, versoekings, hoop en vreugde van die jongmense ken, en dat Hy hulle sal help en met hulle medelye sal hê. Lees saam met hulle van tyd tot tyd die interessante verhale van die Bybel. Stel vrae omtrent wat hulle in die Sabbatskool geleer het, en leer saam met hulle die les vir aanstaande week.

As die son ondergaan moet die heilige ure afgesluit word met 'n lied en gebed; waarin die Here uitgenooi word om met u te wees in die werksaamhede van die volgende week.

Sodoende kan ouers die Sabbat die beste dag van die week maak — soos dit ook behoort te wees. Hulle kan hulle kinders lei om dit
[42] as 'n verlusting te beskou, die dag van die dae, die heilige van die Here eerwaardig.

Ek beveel u, my broeders en susters, "Dink aan die Sabbatdag, dat jy dit heilig." As u verlang dat u kinders die Sabbat sal vier volgens die gebod, moet u hulle deur voorbeeld en gebod leer. Waarhede

wat diep in die hart ingeskryf word, kan nooit heeltemal uitgewis word nie. Dit mag bedolwe raak, maar kan nooit uitgedelg word nie. Die indrukke wat in die eerste lewensjare gemaak word, sal op latere leeftyd vrugte afwerp. Daar mag omstandighede ontstaan wat kinders van hulle ouers en die ouerhuis skei, maar so lank as hulle leef sal die onderrig wat in hulle kinderen jongelingsjare gegee is, vir hulle ‘n seen wees.

### Reise op die Sabbat

As ons die seën wat beloof is aan diegene wat gehoorsaam is, verlang, moet ons die Sabbat met groter noulettendheid vier. Ek is bevrees dat ons baie keer op hierdie dag reis, waar ons dit kon vermy het. Ooreenkomstig die lig wat die Here gegee het ten opsigte van die viering van die Sabbat, behoort ons versigtiger te wees wat betref booten motorreise op hierdie dag. In verband hiermee behoort ons die regte voorbeeld te stel aan ons kinders en jongmense. Ten einde die kerke wat ons hulp nodig het te bereik om aan hulle die boodskap te bring wat God verlang dat hulle sal hoor, mag dit vir ons nodig wees om op die Sabbat te reis; dog ons moet sover moontlik trag om ons reiskaartjies uit te neem en die nodige reëlings op ‘n ander dag te tref. As ons ‘n reis begin moet ons alles in ons vermoë doen om nie ons bestemming op die Sabbat te bereik nie.

Wanneer ons verplig is om op die Sabbat te reis, moet ons trag om die geselskap te vermy van diegene wat oor wêreldse dinge gesels. Ons moet ons gedagtes op die Here vestig, en met Hom gemeenskap oefen. Wanneer die geleentheid hom aanbied, moet ons met ander oor die waarheid praat. Ons moet gedurig bereid wees om lyding te lenig, en diegene wat in nood verkeer, te help. In sulke gevalle verlang God dat ons die wysheid en kennis wat Hy aan ons gegee het, sal gebruik. Maar ons moenie besigheidsake bespreek [43]
nie, of gewone wêreldse gesprekke voer nie. Ten alle tye en op alle plekke, verlang God dat ons ons getrouheid aan Hom sal toon deur ons eerbiediging van die Sabbat.

## Sabbatbyeenkomste

Christus het gesê, "Waar twee of drie vergader in My Naam, daar is Ek onder hulle." Matt. 18: 20. Waar gelowiges is, al is dit maar twee of drie, moet hulle op die Sabbat bymekaar kom en vir hulle die belofte van die Here toeëien.

Die klein groepies wat saamkom om die Here te dien op Sy heilige dag, het die reg om aanspraak te maak op die seen van Jehova. Hulle behoort te glo dat die Here Jesus 'n geëerde gas onder hulle is. Elke ware gelowige wat die Sabbat hou moet die belofte van God toeëien, "Sodat die mense kan weet dat Ek die Here is wat julle heilig." Exod. 31: 13.

Die preekdiens by ons Sabbatbyeenkomste moet oor die algemeen kort wees. Daar moet geleentheid verskaf word aan diegene wat die Here liefhet om uiting te gee aan hulle dankbaarheid en liefde.

Waar 'n kerk sonder 'n predikant is, moet iemand aangestel word as leier. Dog dit is nie nodig vir hom om 'n preek te lewer nie of 'n groot gedeelte van die tyd in beslag te neem nie. 'n Kort, interessante Bybelstudie sal dikwels van groter waarde wees as 'n preek. En dit kan dan opgevolg word deur 'n biduur en getuienisdiens.

Diegene wat as leiers optree in die kerk moet hulle liggaamlike en verstandelike kragte gedurende die week nie uitput sodat hulle op die Sabbat nie in staat is om die verkwikkende invloed van die Evangelie van Christus in die diens te laat geld nie. Doen minder gewone alledaagse werk, maar moenie die Here beroof deur aan Horn, op die Sabbat, diens te bring wat Hy nie kan aanneem nie. U moet nie wees soos mense wat geen geestelike lewe het nie. Die mense het u hulp op die Sabbat nodig. Verskaf aan hulle voedsel
[44] uit die Woord. Bring u beste gawe aan die Here op Sy Heilige dag. Gee aan Hom die kostelike kragte van die siel in toegewyde diens. Laat niemand na die diens kom om te slaap nie. Daar behoort geen slapery te wees in Gods huis nie. U raak nie aan die slaap as u in u eie werk besig is nie, omdat u daarin belangstel. Sal ons toelaat dat die werk waarvan ons ewige heil afhang op 'n laer peil staan as die gewone sake van die lewe.

As ons gedurende die diens slaap, mis ons die seën wat die Here vir ons bedoel het. Die Sabbat moet nie 'n dag van ledigheid wees

nie. Tuis, sowel as in die kerk, moet daar 'n diensvaardige gees geopenbaar word. Hy wat ons ses dae gegee het vir ons eie werk het die sewende dag geheilig en dit afgesonder vir Homself. Op hierdie dag sal Hy almal wat hulleself toewy aan Sy diens, op 'n spesiale wyse seën.

Die ganse hemel vier die Sabbat, maar nie op 'n ledige, lustelose wyse nie. Op hierdie dag moet die hele siel wakker wees; want is dit nie die dag waarop ons God en Christus onse Heiland ontmoet nie? Ons mag Hom deur geloof aanskou. Hy verlang om elke siel te seen en te verkwik.

## Doel van die Sabbatdiens

Elkeen behoort te voel dat hy 'n deel daarin het om die Sabbatdienste interessant te maak. Ons moenie slegs uit blote vorm bymekaarkom nie, maar om gedagtes te wissel, om van ons daelikse ondervindings mee te deel, om ons dank te betuig, om ons opregte begeerte vir goddelike verligting uit te spreek, sodat ons God kan ken, en Jesus Christus wat Hy gestuur het. As ons met mekaar van Christus praat sal ons ons siele versterk vir die stryd en beproewings van die lewe. Moenie dink dat julle Christene kan wees en julleself nogtans in julle eie dop kan terugtrek nie. Elke een van ons maak 'n deel uit van die mensdom as geheel, en ons ervarings oefen 'n wedersydse invloed uit.

Ons ontvang op verre na nie die seen wat ons behoort te ontvang op ons byeenkomste nie. Ons waarnemingsvermoë het skerpmaak nodig. Gemeenskapsoefening met mekaar behoort ons bly te maak. [45]
Met so'n hoop as wat ons het, behoort ons harte te gloei van die liefde van God.

Op elke godsdienstige byeenkoms waar ons teenwoordig is, behoort ons diep onder die indruk te verkeer dat God en Sy engele daar aanwesig is en saamwerk met alle opregte aanbidders. Wanneer u die plek van aanbidding binnegaan, vra die Here om alle boosheid uit u hart weg te neem. Bring na Sy huis niks wat Hy nie kan seën nie. Kniel neer voor God in Sy tempel en wy Sy eiendom aan Hom toe — wat Hy met die dierbare bloed van Christus gekoop het. Bid vir die spreker of leier van die vergadering. Bid dat daar grote seen

mag kom deur die een wat die Woord van die lewe sal bedien. Trag in alle erns om self ook ‘n seen te ontvang.

God sal almal seën wat hulleself op hierdie wyse voorberei vir Sy diens. Hulle sal besef wat dit beteken om die versekering van die Gees te hê omdat hulle Christus deur geloof ontvang het.

## Die Poort van die Hemel

Die plek van aanbidding mag maar baie eenvoudig wees, dog dit sal nietemin deur God erken word. Vir diegene wat God in die gees en in waarheid en in heilige gewaad aanbid, sal dit soos die poort van die hemel wees. Die groep aanbidders mag maar klein wees, maar in die oog van die Here is hulle baie kosbaar. Deur die koevoet van waarheid is hulle soos onafgewerkte klippe uit die steengroef van die wêreld gebreek en in die werkswinkel van God gebring om reg gekap te word. Maar selfs in die onafgewerkte staat is hulle dierbaar in Gods oë. Die byl, die hamer, en die beitel van beproewing is in die hande van Een wat bedrewe is; en hulle word gebruik, nie om te vernietig nie, maar om die volmaaktheid van elke siel te volbring. Soos kostelike stene wat uitgebeitel is na die boustyl van ‘n paleis, is dit die doel van God dat ons ‘n plek sal vul in die hemelse tempel.

Die beskikkings en gawes van God ten behoewe van ons is sonder perk. Die troon van genade is op sigselwe die hoogste aan-
[46] trekkingskrag, omdat die Een wat ons toelaat om Hom Vader te noem daarop sit. Maar God het die verlossingsplan nie as volledig beskou terwyl dit maar net Sy eie liefde geopenbaar het nie. Hy het dit so gereël dat Hy by Sy altaar ‘n Advokaat geplaas het, wat met ons natuur bekleed is. As ons Voorbidder, is dit Sy werk om ons aan God voor te stel as Sy seuns en dogters. Christus tree op ten behoewe van diegene wat Hom aangeneem het. Aan hulle gee Hy, kragtens Sy eie verdienste, mag om lede van die koninklike gesin te word, kinders van die hemelse Koning. En die Vader toon Sy oneindige liefe vir Christus, wat ons met Sy eie bloed losgekoop het, deur Christus se vriende te ontvang en te verwelkom as Sy eie vriende. Hy is voldaan met die versoening wat gemaak is. Hy is verheerlik deur die vleeswording, die lewe, dood, en middelaarskap van Sy Seun.

Net sodra as die kind van God die genadetroon nader, word hy ‘n kliënt van die groot Advokaat. By die eerste uiting van berou en smeking om vergifnis, neem Christus sy saak op en maak dit Sy eie en lê die versoek voor Sy Vader nes of dit Sy eie is.

Namate Christus in ons belang optree, maak die Vader die skatte van Sy genade vir ons oop, sodat ons dit kan geniet en dit ook aan ander kan meedeel. “Vra in My Naam,” sê Christus. “ ‚Ek sê nie dat Ek die Vader vir julle sal bid nie; want die Vader Homself het julle lief, omdat julle My liefgehad het.’ Maak gebruik van My naam. Dit sal verdienste aan u gebede gee en die Vader sal aan julle die rykdom van Sy genade skenk; daarom, ‚Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees.’ ” Joh. 16: 24.

## Gods Goedheid die Oorsaak van Blydskap

God verlang dat Sy gehoorsame kinders tot Hom sal kom, Sy seën sal toeëien, en voor Hom sal kom met lof en danksegging. God is die Bron van lewe en krag. Hy kan die woestyn in ‘n vrugbare land omskep vir die volk wat Sy gebooie bewaar; want dit strek tot heerlikheid van Sy naam. Hy het dinge vir Sy uitverkore volk [47] gedoen wat elke hart behoort aan te vuur tot danksegging, en dit grief Hom dat daar so min danksegging is. Hy verwag dat Sy volk op ‘n kragtiger wyse sal toon dat hulle stof tot dankbaarheid het, en ook sal wys dat hulle Sy goedheid besef.

Die dinge wat God vir Sy volk doen moet dikwels vertel word. Hoe dikwels het God nie in Sy handelinge met Israel vanouds mylpale langs die weg opgestel nie. In geval hulle die geskiedenis van die verlede miskien sou vergeet, het Hy aan Moses bevel gegee om die gebeurtenisse in die vorm van liedere op te stel, dat ouers dit aan hulle kinders kon leer. Hulle moes gedenktekens oprig sodat almal dit kon sien. Hulle moes spesiale moeite doen om die dinge te bewaar sodat hulle die geskiedenis kon vertel in geval die kinders in verband daarmee vrae stel. Op hierdie wyse is die wonderlike handelinge en die opvallende goedheid en genade van God in Sy sorg en uitredding van Sy volk, in die geheue bewaar.

Die vermaning word aan ons gerig, “Maar onthou die vorige dae waarin julle, toe julle verlig geword het, ‘n groot lydensworsteling deurstaan het.” Heb. 10: 32. God het vir Sy volk van hierdie geslag

opgetree as 'n wonderwerkende God. Die geskiedenis van die verlede in verband met die saak van God, behoort dikwels onder die aandag van die volk, jonk en oud, gebring te word. Ons behoort dikwels die seëninge van God te tel, en Hom te loof vir Sy wonders.

Hoewel ons vermaan word om nie ons onderlinge byeenkomste te versaak nie, moet hierdie byeenkomste nie net dien vir ons eie verkwikking nie. Ons moet met groter ywer besiel wees om die vertroosting wat ons ontvang het, mee te deel. Dis ons plig om baie ywerig te wees vir die heerlikheid van God en om nie deur 'n bedroefde gelaat of onverskillige woorde die indruk te gee dat die vereistes van God ons vryheid beperk nie. Selfs in hierdie wêreld van droefheid, teleurstelling en sonde, verwag die Here dat ons opgeruimd en sterk sal wees in Sy krag. Die hele persoon is bevoorreg om in elke opsig 'n besliste getuienis te lewer. Deur ons gelaatstrekke,
[48] ons humeur, ons woorde, en ons karakter, moet ons getuig dat dit goed is om God te dien. Op hierdie wyse verkondig ons dat, "Die wet van die Here . . . volmaak [is en die siel] verkwik." Ps. 19: 8.

Die opgeruimde kant van die godsdiens sal deur almal wat daeliks aan God toegewy is, geopenbaar word. Ons moet God nie onteer deur op 'n bedroefde wyse van ons beproewings te praat nie. Alle beproewings wat ons aanneem as leermeesters sal vreugde bring. Die hele Christelike lewe sal opheffend, verheffend, veredelend, en geurig wees as gevolg van goeie woorde en werke. Die vyand skep daar behae in as siele neerslagtig, terneergedruk, treurende en kermende is; hy wil juis hê dat ons sulke indrukke van die Christelike godsdiens moet verwek.

God wil nie hê dat ons treurig moet wees nie. Hy verlang dat elke siel sal seëvier deur die bewarende krag van die Verlosser. Die Psalmis sê: "Gee aan die Here, o seuns van God, gee aan die Here eer en sterkte! Gee aan die Here die eer van Sy Naam; aanbid die Here in heilige sieraad!" "Ek sal U verhoog, Here, want U het my gered en my vyande oor my nie laat bly wees nie. Here, my God, ek het U aangeroep om hulp, en U het my gesondgemaak. . . . Psalmsing die Here, o sy gunsgenote, en loof Sy heilige gedagtenis." Ps. 29: 1, 2; Ps. 30: 2-5.

### Ons Lofliedere Word Aangevul Deur die Hemelse Koor

Die kerk van God hier benede is een met die kerk van God daarbo. Gelowiges hier op aarde, en die wesens in die hemel wat nooit gesondig het nie, maak één kerk uit. Elke hemelse wese stel belang in die samekomste van die heiliges op die aarde om God te aanbid. In die binneste voorhof van die hemel luister hulle na die getuienisse vir Christus in die buitenste voorhof — die aarde, en die lof en danksegging van die aanbidders hier benede word opgeneem in die hemelse lied, en lof en blydskap weerklink deur die hemelse howe omdat Christus nie tevergeefs gesterf het vir die gevalle seuns van Adam nie. Terwyl die engele uit die bron self drink, drink die heiliges van die aarde van die heldere strome wat van die troon vloei, [49]
die strome wat die Godstad blymaak.

O, dat almal mag besef hoe naby die hemel aan die aarde is! Onbewus daarvan het die aardbewoners engele van die lig as metgeselle. 'n Engel beskerm elke siel wat leef, soekende om daardie siel tot Christus te lei. Solank as daar hoop is — selfs totdat mense die Heilige Gees tot hulle ewige verderf weerstaan, word hulle beskerm deur hemelse wesens. Laat ons dit almal onthou, dat daar by elke byeenkoms van die heiliges hier benede, engele van God is wat luister na die getuienisse, liedere, en gebede. Laat ons onthou dat ons lofliedere aangevul word deur die kore van engelskare daarbo.

Waar u dan van Sabbat tot Sabbat bymekaarkom, sing lofliedere aan Hom wat u uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig. Laat die aanbidding van die hart uitgaan tot Hom wat ons liefgehad het, en ons van ons sondes gewas het in Sy bloed. Laat die liefde van Christus die hoofonderwerp wees van die prediker. Laat dit uitkom in eenvoudige taal in elke loflied. Laat die Gees van God die woorde van u gebede in u mond lê. Waar die Woord van die lewe verkondig word, laat u hartlike beaming daarvan getuig dat u dit aanneem as 'n boodskap uit die hemel. Ek weet dat dit baie ouderwets sal klink, maar dit sal 'n dankoffer aan God wees vir die brood van die lewe wat aan 'n hongerige siel gegee is. Hierdie reaksie op die inspirasie van die Heilige Gees sal sterkte aan u eie siel bring en 'n aanmoediging vir ander wees. Dit sal ten minste getuig dat daar in Gods gebou lewende stene is wat hulle lig laat skyn.

## Dink Terug aan die Openbarings van Gods Genade

Terwyl ons, nie die donker hoofstukke in ons lewe nie, maar die openbaring van die groot genade en bestendige liefde van God bepeins, sal ons veel meer lof laat hoor as klaagliedere. Ons sal praat van die getrouheid van God, die ware, tere, ontfermende herder van Sy kudde, waarvan Hy verklaar dat niemand hulle uit Sy hand sal
[50] ruk nie. Die taal van die hart sal nie uit selfsugtige klaagliedere en verkniesing bestaan nie. Lofbetuigings, soos helder vloeiende strome, sal van die ware gelowiges van God kom. “Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae.” “U sal my lei deur U raad en my daarna in heerlikheid opneem. Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie.” Ps. 26:6; 73: 24, 25.

Waarom laat ons nie die geklank van ons geestelike liedere hoor op ons pelgrimsreis nie? Waarom keer ons nie terug tot die vorige eenvoud en ywer nie? Die rede waarom ons nie groter blydskap betoon nie, is omdat ons ons eerste liefde verloor het. Laat ons dan ywerig wees en ons bekeer, opdat ons kandelaar nie uit sy plek verwyder sal word nie. Die tempel van God in die hemel is geopen, en oor die drumpel daarvan skyn die heerlikheid vir elke gemeente wat God liefhet en Sy gebooie bewaar. Ons moet ondersoek, peins, en bid; dan sal ons geestelike insig ontvang om in die binneste voorhof van die hemelse tempel te sien. Ons sal die liedere en dankseggings van die hemelse koor rondom die troon hoor. Wanneer Sion ontwaak en sy lig laat skyn, sal sy lig baie deurdringend wees, en daar sal heerlike lofliedere en dankseggings gehoor word in die samekomste van die heiliges. Geklaag en murmurerings oor nietige teleurstellings en moeilikhede, sal ophou. Namate ons die goue oogsalf aansmeer, sal ons die gindse heerlikhede sien. Ons geloof sal die duistere skaduwee van Satan deurdring en ons sal sien hoedat ons Advokaat die wierook van Sy eie verdienste in onse belange offer. Wanneer ons dit sien soos die Here wil hê dat ons dit moet sien, sal ons ‘n besef kry van die grootheid en veelsydigheid van die liefde van God.

Die Here leer ons dat ons in Sy huis moet vergader om die hoedanighede van Sy volmaakte liefde aan te kweek. Dit sal die aardbewoners geskik maak vir die wonings wat Christus gaan berei het vir diegene wat Hom liefhet.

# HOOFSTUK SES—GEDRAG IN GODS HUIS [51]

(Deel V, bls. 491-500.)

VIR die nederige gelowige siel, is die huis van God op aarde die poort van die hemel. Die loflied, die gebed, en die woorde van Christus se verteenwoordigers, is werktuie wat God daargestel het om 'n volk te berei vir die kerk daarbo, vir daardie hoëre aanbidding waarin niks wat besoedel sal inkom nie.

Uit die heiligheid wat aan die aardse heiligdom verbonde was, mag Christene leer hoe hulle die plek waar die Here Sy volk ontmoet, behoort te beskou. Daar het 'n groot verandering ingetree in die gewoontes van die volk ten opsigte van hulle eredienste —', n verandering nie ten goede nie, maar ten kwade. Die kosbare, die heilige dinge wat ons met God verbind, verloor spoedig hulle plek in ons harte en gedagtes, en hulle word tot die peil van die gewone alledaagse dinge gebring. Die eerbied wat die volk van ouds gekoester het vir die heiligdom waar hulle God ontmoet en gedien het, het vandag grootliks verdwyn. En dit nieteenstaande die feit dat God Self die vorm van die erediens ingestel het en dit hoog verhef het bo alles wat van 'n tydelike aard is nie.

Die heiligdom van die gesin is die huis, en die binnekamer of die veld is die stilste plekkie vir persoonlike godsdiensoefening; maar die kerk is die heiligdom van die gemeente. Daar behoort reëls te wees wat die tyd, plek, en die wyse van aanbidding vasstel. Niks wat heilig is, niks wat die aanbidding van God betref, moet op 'n traakmyagtige, onverskillige wyse behandel word nie.

Om die mens in staat te stel om sy beste te lewer in verband met sy aanbidding van God, behoort sy omgewing van so 'n aard te wees dat hy in sy hart die heilige dinge apart kan hou van die alledaagse. Diegene wat n ruime blik en edele gedagtes en strewe het, is gewoonlik die wat omgaan met diegene wat hulle gedagtes oor [52]
goddelike dinge verhef. Gelukkig is diegene wat 'n heiligdom het, of dit nederig of verhewe is, of dit in die stad of in die ru berggrotte,

of in 'n nederige woning of in die woestyn is. As dit die beste plek is wat hulle vir die Meester kan vind, sal Hy die plek heilig met Sy teenwoordigheid, en dit sal aan die Here van die leërskare heilig wees.

## Bly in 'n Gebedstemming

As die aanbidders die vergaderplek binnegaan, moet hulle met welvoeglikheid stil hulle plekke inneem. As daar 'n verwarmer in die gebou is, is dit nie fatsoenlik om in 'n luilekker, sorglose houding daarom te gaan staan nie. Gewone praatjies, gefluister, en gelag, moet nie toegelaat word in die kerk, óf voor óf na die diens nie. Aanbidders moet gekenmerk wees deur 'n vurige, aktiewe vroomheid.

Indien sommige 'n paar minute moet wag voor die diens begin, laat hulle dan peinsend in 'n ware, toegewyde stemming verkeer, met die hart tot God opgehef in gebed dat die diens tot spesiale seën mag strek tot hulleself, en dat siele tot oortuiging en bekering gelei mag word. Hulle moenie vergeet nie dat daar hemelse boodskappers teenwoordig is in die huis van God nie. Deur ons rusteloosheid en deur nie oorpeinsing in stille gebed aan te moedig nie, mis ons baie van die heerlike gemeenskap met God. Ons moet ons geestelike toestand dikwels in oënskou neem en ons hart na die Son van Geregtigheid wend.

As die mense, wanneer hulle die huis van God binnegaan, ware eerbied vir die Here in hulle hart het, en onthou dat hulle in Sy teenwoordigheid is, sal daar in die stilte groot stigting wees. Die gefluister, gelag, en gepraat wat in ons gewone omgang sonder sonde mag geskied, behoort nie goedgekeur te word in die huis waar God gedien word nie. Die gemoed moet in 'n stemming gebring word waar dit Gods Woord kan hoor, sodat die Woord gewig kan hê en die nodige indruk op die hart kan maak.

[53] As die predikant binnekom, moet dit met 'n waardige, plegtige houding wees. Sodra hy die preekstoel bereik, moet hy neerkniel in stille gebed, en God ernstig om hulp vra. Watter indruk sal dit nie maak nie! Die gemeente sou met ontsag en eerbied besiel word. Hulle predikant soek gemeenskap met God; hy stel homself in Gods hande voordat hy durf voor die gemeente staan! 'n Plegtige stemming kom oor almal, en engele van God is daar. Al die gemeentelede

wat God vrees, moet ook met geboë hoof saam met die leraar bid dat God in die vergadering teenwoordig mag wees, en Sy waarheid deur menslike lippe verkondig, sal bekragtig.

By die aanvang van die diens met gebed, moet elke knie voor die Heilige God buig, en elke hart moet opgehef word in stille aanbidding. Die gebede van getroue aanbidders sal verhoor word, en die prediking van die Woord sal nie sonder uitwerking wees nie. Die lustelose houding van die aanbidders in die huis van God is een vername rede waarom die bediening nie tot groter seen strek nie. Die melodie van liedere uit vele monde wat die woorde duidelik uitspreek, is een van die werktuie van God tot die redding van siele. Die hele diens moet met vrees en ontsag voortgesit word, onder die indruk dat die Meester self daar teenwoordig is.

## Luister na die Stem van God

As die Woord verkondig word, moet u onthou, broeders, dat u luister na die stem van God deur Sy afgevaardigde dienskneg. Luister aandagtiglik. Moenie vir een oomblik slaap nie, want hierdeur mag u die woorde mis wat u die meeste nodig het — juis die woorde wat u van dwaling sal red as u hulle gehoorsaam. Satan en sy engele is besig om die sintuie te verstomp sodat die vermanings, waarskuwings, en teregwysings nie gehoor sal word nie; of as dit gehoor word sal dit geen uitwerking op die hart he en ‘n hervorming in die lewe teweegbring nie.

Somtyds mag ‘n klein kind die aandag van die hoorders so aftrek
dat die kosbare saad nie in goeie grond val en vrugte voortbring nie. [54]
Soms is daar jongmense wat so min eerbied vir die huis en diens van God het dat hulle gedurig sit en praat in die diens. As hulle kon sien hoedat die engele van God na hulle kyk, en oplet wat hulle doen, sou hulle hulleself vreeslik skaam en verfoei. God wil aandagtige hoorders hê. Dit is toe die mense geslaap het dat Satan die onkruid gesaai het.

By die uitspreking van die seen, behoort almal nog stil te wees, asof hulle bang is om die vrede van Christus te verloor. Laat almal uitgaan sonder gedrang of hardop te gesels, onder die indruk dat hulle in die teenwoordigheid van God is en dat Sy oog op hulle rus; hulle moet handel asof hulle in Sy sigbare teenwoordigheid is. Moenie

in die sygange vertoef om te gesels nie, sodoende versper u die weg sodat ander nie kan uitgaan nie. Daar moet in die onmiddellike omgewing van die kerk 'n heilige eerbied heers. Dit behoort nie te dien as die plek waar ons ons vriende ontmoet nie, of as geselsplek of die plek waar besigheid bespreek word nie. Hierdie dinge moet buitekant die kerk gedoen word. Die Here en die engele word onteer deur die onverskillige, luidrugtige geselsery en die rondtrappery wat op sommige plekke gehoor word.

## Aankweking van Eerbied by die Kinders

Ouers, verhef die Christelike godsdiens in die harte van u kinders; help hulle om Jesus by hulle te hê in al hulle ervarings; leer hulle om die grootste eerbied te koester vir die huis van God, en om te besef dat wanneer hulle Gods huis binnegaan, dit moet geskied met harte wat teer en gestig is deur gedagtes soos die volgende: "God is hier; dit is Sy huis. My gedagtes moet rein wees en my motiewe moet heilig wees. Ek moet nie hoogmoedig, nydig, of jaloers wees nie, kwaad dink nie, haatdraend wees nie, of bedrog in my hart koester nie; want ek begeef my in die teenwoordigheid van die heilige God. Dit is die plek waar God Sy volk ontmoet en seen. Die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon sien op my en deursoek my hart, en lees die diepste gedagtes en dade van my lewe."

[55] Broeders, sal u nie 'n bietjie aandag aan hierdie onderwerp skenk nie, en let op u eie gedrag in die huis van God nie, en uself afvra watter pogings u deur gebod in voorbeeld aanwend om eerbied by u kinders aan te kweek nie? U plaas groot verantwoordelikhede op die predikant en hou hom aanspreeklik vir die siele van u kinders, maar u besef nie u eie verantwoordelikheid as ouers en onderwysers om soos Abraham aan u huis ná u bevel te gee dat hulle die insettinge van die Here moet bewaar nie. U seuns en dogters is verdorwe deur u eie voorbeeld en laksheid; en nieteenstaande hierdie laksheid in hulle huislike opvoeding, verwag u dat die predikant u daelikse verkeerde voorbeeld moet teenwerk en 'n wonderwerk moet verrig om u kinders op te lei in die weg van deugsaamheid en vroomheid. Na die predikant alles wat hy kan vir die kerk gedoen het deur getroue, liefdevolle vermanings, geduldige dissipline, en vurige gebede om siele te red, tog nie daarin slaag nie, word hy dikwels deur vaders en

moeders geblameer omdat hulle kinders nie bekeer is nie, wanneer dit al die tyd die gevolg is van hulle eie nalatigheid. Die plig rus op die ouers; en sal hulle die werk aanvaar wat God aan hulle toevertrou het, en dit getrou uitvoer? Sal hulle voorwaarts en hemelwaarts beur op 'n nederige, geduldige, volhardende wyse, om self 'n hoër peil te bereik, en hulle kinders saam met hulle te voer?

Dit is geen wonder dat ons gemeentes swak is en nie daardie diepe, ernstige vroomheid besit wat hulle behoort te he nie. Ons teenswoordige gewoontes en gebruike wat God onteer en die heilige hemelse dinge verlaag tot die peil van die alledaagse, getuig teen ons. Ons besit 'n heilige, toetsende, heiligmakende waarheid; en as ons gewoontes en praktyke nie in ooreenstemming met die waarheid is nie, sondig ons teen die lig en is ons in daardie mate skuldig. Dit sal in die oordeel van God verdraagliker vir die heidene wees as vir ons.

Daar kan 'n baie groter werk gedoen word as wat ons nou doen om die lig van die waarheid te versprei. God verwag dat ons baie vrugte sal dra. Hy verwag groter ywer en getrouheid, meer liefdevolle [56]
en ernstige pogings deur indiwiduele lede van die kerk vir hulle bure en vir diegene wat sonder Christus is. Ouers moet hulle werk begin op 'n hoër basis. Almal wat die naam van Christus noem, moet die hele wapenrusting aandoen, en smeek, en waarsku en soek om siele van die sonde te red. Bring almal saam wat u kan om te kom luister na die waarheid in die huis van God. Ons moet veel meer doen as wat ons tans doen om siele uit die vuur te ruk.

Dis maar te waar dat eerbied vir Gods huis byna uitgesterf het. Heilige dinge en plekke word nie meer inaggeneem nie; die verhewe en heilige word nie meer op prys gestel nie. Is daar nie 'n oorsaak vir die gebrek aan ernstige vroomheid onder ons gesinne nie? Is dit nie omdat die vaandel van godsdiens in die stof gesleep word nie? God het volmaakte noukeurige reëls vir die eredienste aan Sy volk vanouds gegee. Het Sy karakter verander? Is Hy nie die grote en magtige God wat in die hoogste hemele regeer nie? Sal dit nie vir ons goed wees om die voorskrifte wat God Homself aan die Hebreeuse volk gegee het, dikwels te lees nie, sodat ons wat deur die lig van die heerlike waarheid bestraal word, die eerbied wat hulle vir die huis van God gehad het, mag nastreef nie? Ons het baie rede om 'n vurige, toegewyde gees te toon in ons aanbidding van God.

Ons het rede om nog meer bedagsaam en eerbiedig te wees in ons aan-bidding as die Jode was. Maar ‘n vyand was aan die werk om ons geloof in die heiligheid van die Christelike erediens te vernietig.

Die plek wat aan die diens van God toegewy is behoort nie ‘n plek te wees waar wêreldse besigheid afgehandel word nie. As kinders saamkom om God te aanbid in ‘n kamer wat gedurende die week as ‘n skoolof pakkamer dien, sal hulle meer as menslik wees as hulle nie, wanneer hulle trag om oor heilige dinge te dink, ook aan hulle studie en dinge wat gedurende die week gebeur het, dink nie.

Die opvoeding en vorming van die jeug behoort van so ‘n aard te
[57] wees dat dit heilige dinge sal verhef, en by hulle ware eerbied vir die huis van God sal inboesem. Baie wat bely dat hulle kinders van die hemelse Koning is, het nie ‘n regte besef van die heiligheid van die ewige dinge nie. Byna almal moet geleer word hoe hulle hulle moet gedra in die huis van God. Ouers moet nie alleen hulle kinders leer nie, maar ook gebied om die heiligdom op ‘n nugtere en eerbiedige wyse binne te tree.

## Die Invloed van die Verkeerde Voorbeeld

Die sedelike smaak van die aanbidders in die heiligdom van God moet verhef, verfynd, en geheilig word. Hierdie saak is jammerlik verwaarloos. Die belangrikheid daarvan is oor die hoof gesien, en as gevolg het wanordelikheid en oneerbiedigheid geheers, en God is daardeur onteer. As die leiers in die kerk, predikante en gemeente-lede, vaders en moeders, nie verhewe idees in hierdie verband het nie, wat kan dan van die onervare kinders verwag word? Maar te dikwels word hulle in groepies gesien, weg van die ouers, wat hulle onder toesig behoort te hou. Nieteenstaande dat hulle in die teen-woordigheid van God is, en dat Sy oog hulle sien, is hulle ligsinnig en ydel, hulle fluister en lag, en hulle is onverskillig, oneerbiedig, en onoplettend. Maar selde word hulle daarop gewys dat die predikant ‘n gesant van God is, dat die boodskap wat hy bring deur God gebruik word tot redding van siele, en dat dit aan almal wat binne die bereik daarvan is ‘n reuk van die lewe tot die lewe of van die dood tot die dood is. Die tere en ontvanglike gemoedere van die jeug

vorm hulle idees aangaande die werk van Gods diensknegte volgens die houding van hulle ouers in verband met die saak.

Baie hoofde van huise kritiseer die diens tuis deur hulle goedkeuring aan party dinge te heg en die res te veroordeel. Op hierdie wyse word die boodskap van God aan die mens gekritiseer en in twyfel getrek, en op 'n ligsinnige manier behandel. Die indrukke wat sodoende op die jongmense gemaak word deur hierdie onverskillige, oneerbiedige aanmerkings, sal alleen deur die boeke van die hemel openbaargemaak word. Die kinders sien en verstaan hierdie dinge [58] gouer as wat die ouers besef. Hulle ontvang verkeerde indrukke wat deur die tyd nooit heeltemal sal uitgewis word nie. Die ouers betreur die hardheid van hart by hulle kinders, en die moeite wat dit kos om hulle onder 'n besef te bring van die eise van God. Maar in die boeke van die hemel kan die ware oorsaak daarvan gelees word.

Die ouers was onbekeerd. Hulle was nie in ooreenstemming met die hemel of die werk van die hemel nie. Hulle lae dunk van die heiligheid van die bediening en van die heiligdom van God is ook by hulle kinders aangekweek. Dis 'n vraag of iemand wat vir jare onder hierdie verderflike huislike invloed was, ooit gevoelige eerbied en 'n hoë dunk sal hê vir die dienaars van God en die werktuie wat Hy aangestel het vir die redding van siele. U moet oor hierdie spreek met eerbied, met welvoeglike taal, met fyngevoeligheid, sodat u aan almal kan openbaar met wie u omgaan dat u die boodskap van Gods diensknegte beskou as 'n boodskap van God self.

Ouers, wees versigtig in verband met die voorbeeld en idees wat u aan u kinders gee. Hulle gemoedere is baie ontvanklik, en indrukke word maklik gemaak. As die spreker, in verband met sy diens in die heiligdom 'n gebrek openbaar, vrees dan om daaroor te praat. Praat alleen van die goeie werk wat hy verrig, oor die goeie gedagtes wat hy uitspreek, waarop u moet agslaan as komende van die werktuig van God.

Dit kan maklik verstaan word waarom die prediking van die Woord so min indruk maak op die kinders, en waarom hulle so min eerbied koester vir die huis van God. Hulle opvoeding in hierdie opsig was gebrekkig. Hulle ouers behoort daelikse gemeenskap met God te oefen. Hulle eie idees moet verfyn en veredel word; hulle lippe behoort aangeraak te word met 'n gloeiende kool van die altaar; dan sal hulle gewoontes, hulle gedrag tuis, 'n goeie indruk

maak op die gemoedere en karakters van hulle kinders. Die peil van die godsdiens sal daardeur baie verhoog word. Sulke ouers sal
[59] 'n groot werk vir God doen. Daar sal minder wêreldsgesindheid, minder wellus, en groter verfyndheid en getrouheid tuis wees. Die lewe sal gekenmerk wees deur 'n erns wat hulle sal verbaas. Niks in verband met die diens van God sal gemeen gemaak word nie.

## Welvoeglike Kleredrag

Daar word my baie keer pyn aangedoen as ek Gods huis binnegaan en die slordige klere sien van beide mans en vrouens. As die uiterlike kleding 'n aanduiding moet wees van die hart en karakter, dan kan daar sekerlik niks van die hemel in hulle wees nie. Hulle het geen besef van die ordelikheid, netheid, en fatsoenlike gedrag wat die Here verg van almal wat in Sy teenwoordigheid kom om Hom te aanbid nie. Watter indruk maak hierdie dinge nie op ongelowiges, en die kinders wat so fyn oplet en hulle eie gevolgtrekkings maak nie?

In die harte van baie word daar geen verskil gemaak tussen die huis van God en enige ander gewone plek nie. Sommige tree die plaas van aanbidding binne met hulle hoede op, en in vuil, bevlekte klere. Sulke persone besef nie dat hulle God en die heilige engele daar ontmoet nie. Daar behoort in al die kerke 'n radikale verandering in hierdie verband te kom. Predikante self moet hoër idees koester en gevoeliger wees in hierdie opsig. Dis 'n deel van die werk wat jammerlik verwaarloos is. Weens die oneerbiedige houding, kleredrag en gedrag, en die gemis aan die regte stemming vir aanbidding, het God dikwels Sy aangesig afgekeer van diegene wat bymekaargekom het vir godsdiensoefening.

Almal moet geleer word om netjies, skoon, en ordelik te wees wat hulle kleredrag betref, maar hulle moet nie toegee aan daardie uiterlike versiering wat gladnie pas in die heiligdom nie. Daar moet nie 'n klere tentoonstelling wees nie; want dit sal aanleiding gee tot oneerbiedigheid. Dikwels word die mense se aandag getrek deur die een of ander deftige kledingstuk, en op hierdie wyse dring daar gedagtes binne wat geen plaas behoort te hê in die harte van die
[60] aanbidders nie. Die Here moet die voorwerp van ons gedagtes in aanbidding wees; en enigiets wat die gedagte aftrek van hierdie

plegtige, hei-lige diens, is ‘n belediging vir Hom. ‘n Parade van strikke en linte, valle en vere, goue en silwer versiersels, is ‘n soort van afgodediens, en is heeltemal ongepas by die heilige diens van God, waar almal alleen Sy heerlikheid soek.

In alle opsigte moet ons gesteld wees op ons kleredrag, en die Bybelse reëls stip uitvoer. Mode is die godin wat die wêreld regeer, en dikwels dring sy selfs die kerk binne. Die kerk behoort die Woord van God as maatstaf te neem, en ouers moet verstandig oor hierdie onderwerp dink. As hulle merk dat hulle kinders geneig is om wêreldse modes na te volg, moet hulle soos Abraham vasberade, hulle kinders bevel gee om die weg van die Here te volg. Pleks om hulle met die wêreld te verbind, moet hulle met God verbind word. Laat niemand Gods heiligdom onteer deur spogerige klere nie. God en Sy engele is daar teenwoordig. Die Heilige van Israel spreek as volg deur Sy apostel: “Julle versiering moet nie die uiterlike wees nie — haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie; maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van ‘n sagmoedige en stille gees wat baie kosbaar is voor God.”

Waar ‘n kerk gestig is, dog nie op hierdie punte onderrig is nie, het die predikant sy plig versuim, en sal hy aan God moet rekenskap gee van die dinge wat hy nagelaat het. Tensy die regte begrippe van ware aanbidding en eerbied aan die verstand van die mense gebring word, sal daar ‘n toenemende neiging wees om die ewige en heilige dinge op gelyke voet te stel met die alledaagse, en diegene wat voorgee om die waarheid te hê, sal ‘n belediging vir God en ‘n skande vir die godsdiens wees. Hulle kan nooit, met hulle onontwikkelde idees, ‘n reine en heilige hemel op prys stel nie, en geskik wees om saam met die aanbidders in die hemelse howe te aanbid waar alles reinheid en volmaaktheid is, en waar elke wese volmaakte eerbied vir God en Sy heiligheid toon nie.

[61] # HOOFSTUK SEWE—DAELIKSE ONDERSOEK VAN DIE BYBEL

(Deel V, bls. 573-580.)

DIEGENE wat geroep is om die Woord te bedien, behoort gedurig te leer. Hulle moet gedurig trag om hulleself te verbeter sodat hulle voorbeelde vir die kudde van God kan wees en goed kan doen aan almal met wie hulle in aanraking kom. Diegene wat nie die belangrikheid besef van vooruitgang en ontwikkeling nie, sal nie in die genade en kennis van Christus toeneem nie.

Die hele hemel stel belang in die werk wat op hierdie aarde aangaan en wat manne en vroue moet voorberei vir die toekomstige ewige lewe. Dit is die doel van God dat menslike werktuie die groot eer sal hê om medewerkers van Jesus Christus te wees in die redding van siele. Die woord van God openbaar duidelik dat dit die voorreg van die werktuig in hierdie groot werk is om te besef dat daar een aan sy sy is wat gereed is om hom by te staan in elke opregte poging om die hoogste peil te bereik in die werk van die Meester. Dit sal die geval wees met almal wat hulle behoefte aan hulp besef. Hulle behoort die werk van God as heilig te beskou, en moet elke dag offers van dank en erkentenis bring, in ruil vir die krag van Sy genade wat hulle in staat stel om vordering te maak in die goddelike lewe.

Die werker moet nooit ‘n hoë dunk van homself hê nie, veral waar hy nadink oor die baie kanse wat hy laat verbygaan het omdat daar by hom ‘n gebrek aan ywer was, en omdat hy die werk nie reg waardeer het nie. Hy moet nie ontmoedig word nie, maar moet homself gedurig beywer om die tyd uit te koop.

Die manne wat deur God gekies is om Sy diensknegte te wees, moet hulleself voorberei vir die werk deur hulle harte deeglik te
[62] ondersoek en deur in noue aanraking te kom met die Verlosser van die wêreld. As hulle nie suksesvol is in die win van siele tot Christus nie, dan is dit omdat hulle eie siele nie reg is met God nie. Daar is heeltemal te veel moedswillige onkunde aan die kant van ‘n groot

aantal wat die Woord verkondig. Deur ‘n gebrek aan ‘n grondige besef van die Skrifte is hulle onbekwaam vir die werk. Hulle besef nie die belangrikheid van die waarheid vir hierdie dae nie, en daarom is die waarheid vir hulle nie ‘n lewende werklikheid nie. As hulle hulleself voor God sou verootmoedig; as hulle volgens die Skrifte sou wandel in alle nederigheid van gemoed, sou hulle ‘n beter begrip kry van die Voorbeeld wat hulle moet volg; dog hulle is nalatig om hulle oë op die Leidsman en Voleinder van hulle geloof te vestig.

Dit is nie nodig dat iemand aan die versoekings van Satan moet toegee en sodoende sy gewete verkrag en die Heilige Gees bedroef nie. Daar is alle voorsiening gemaak in die Woord van God waardeur almal goddelike hulp kan kry in die stryd om te oorwin. As hulle hulle oë op Jesus gevestig hou, sal hulle tot Sy beeld verander word. Almal wat Christus deur die geloof in hulle het, het ‘n krag wat hulle in hulle werk sal suksesvol maak. Hulle sal gedurig meer bevoeg word vir hulle werk, en die seen van God, wat gesien sal word in die vooruitgang van die werk, sal getuig dat hulle waarlik medewerkers met Christus is.

Maar al maak iemand ook hoeveel vordering in die geestelike lewe, sal hy nooit die plaas bereik waar hy nie die Skrifte naarstiglik behoort te ondersoek nie; want dit is daar waar ons die bewyse van ons geloof vind. Alle leerstellings, al neem ons hulle ook aan as die waarheid, moet getoets word aan die wet en aan die getuienis; as hulle hierdie toets nie kan deurstaan nie is daar geen lig in hulle nie.

### Hoe Belangrik ‘n Ondersoek van die Verlossingsplan is

Die heerlike verlossingsplan, soos geopenbaar in die boodskap vir hierdie laaste dae, behoort deur ons aandagtiglik ondersoek te word. Die tonele in verband met die hemelse heiligdom behoort so [63]
‘n indruk op die gemoedere en harte van almal te maak, dat hulle weer ‘n indruk op ander kan maak. Almal behoort ‘n beter besef te kry van die versoeningswerk wat nou in die hemelse heiligdom aan die gang is. As ons hierdie groot waarheid sien en verstaan, sal diegene wat dit ken, saam met Christus werk om ‘n volk voor te berei om in die groot dag van God te staan, en hulle pogings sal suksesvol wees.

Deur studie, nabetragting en gebed, sal Gods volk bo die aardse gedagtes en gevoelens verhef word, en sal in harmonie met Christus gebring word in Sy groot werk om die hemelse heiligdom van die sondes van die volk te reinig. Deur geloof sal hulle met Hom in die heiligdom ingaan, en die aanbidders hier op aarde sal hulle lewens daar noukeurig nagaan, en hulle karakters toets aan die groot maatstaf van geregtigheid. Hulle sal hulle eie gebreke sien; hulle sal ook besef dat hulle die hulp van die Gees van God nodig het as hulle bevoeg wil wees tot die groot en plegtige werk wat in hierdie dae op die skouers van Gods gesante geplaas word.

Christus het gesê: "As julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julle self nie. Hy wat My vlees eet en My bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal Hom opwek in die laaste dag. Want My vlees is waarlik spys, en My bloed is waarlik drank. Wie My vlees eet en My bloed drink, bly in My, en Ek in Hom. Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal Hy wat My eet, ook deur My lewe." Joh. 6: 53-57. Hoeveel is daar van diegene wat die Woord bedien, wat die vlees van Christus eet en Sy bloed drink? Hoeveel is daar wat hierdie verborgenheid kan verstaan? Die Heiland verklaar self die saak: "Dit is die Gees wat lewendig maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek vir julle sê is *gees en lewe"* Joh. 6: 63.

## Die Woord Moet in die Lewe Opgeneem Word

Die Woord moet in die lewe en karakter opgeneem word van [64] diegene wat dit glo. Die enigste lewende geloof is die geloof wat die waarheid inneem totdat dit 'n deel van die wese en die dryfkrag van die lewe word. Jesus word die Woord van God genoem. Hy het Sy Vader se wet aangeneem en die beginsels daarvan uitgeleef. Hy het die gees daarvan getoon en die voordeel daarvan in die hart gewys. Johannes sê, "En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het Sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos die van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid." Die navolgers van Christus moet dieselfde ondervinding deurmaak as Hy. Hulle moet die Woord van God inneem. Hulle moet in die gelykenis daarvan verander word deur die krag van Christus, en die goddelike eienskappe, weerkaats. Hulle

moet die vlees eet en die bloed drink van die Seun van God, of daar sal geen lewe in hulle wees nie. Die gees en werk van Christus moet die gees en werk word van Sy dissipels.

Dit is nie genoeg om die waarheid te verkondig nie; dit moet uitgeleef word. Christus moet in ons bly, en ons in Hom, ten einde die werk van God te werk. Elkeen moet 'n eie ondervinding he en persoonlike pogings aanwend om siele te bereik. God verwag van elkeen dat hy al sy kragte aan die werk sal bestee, en dat hy homself deur volharding sal leer om aanneenlike diens te verrig. Hy verwag van elkeen dat hy die genade van Christus in sy hart sal bring, sodat hy 'n helderskynende lig in die wêreld kan wees.

As Gods werkers al hulle kragte deeglik sou beoefen, kan hulle met verstand arbei, in alle wysheid, en God sal sekerlik hulle pogings om hulle medemens op te hef, te verfyn, en te red, bystaan. Al die werkers moet takt gebruik en hulle vermoëns onder die beheersende invloed van die Gees van God stel. Hulle moet dit hulle besigheid maak om Sy Woord te ondersoek en die stem van God uit Sy lewende Woord te hoor, wat hulle vermaan, onderrig en bemoedig; en Sy Gees sal hulle versterk, sodat hulle, as Sy werkers, op godsdienstige gebied kan vordering maak. Sodoende sal hulle stap vir stap gelei word tot groter hoogtes sodat hulle blydskap volkome kan wees. [65]

Terwyl hulle besig is met die werk wat God hulle gegee het, sal hulle geen tyd vind en geen lus hê om hulleself te verheerlik nie; ook sal hulle geen tyd vind om te kla of te murmureer nie, want hulle sal die dinge bedink wat bo is, en nie wat op die aarde is nie. Hart, siel en liggaam sal in die diens van die Meester gestel word. Hulle arbeid sal nie selfsugtig wees nie, maar hulle sal hulleself om Christus ontwil verloën. Hulle sal Sy kruis verhef, want hulle is Sy ware dissipels. Hulle sal daeliks teer op die dierbare waarhede van Gods Woord en sal sodoende krag ontvang vir diens en versterk word teen versoeking. Op hierdie wyse sal hulle tot sterk, goedontwikkelde manne en vroue in Christus opwas. Hulle sal dan ware seuns en dogters van die hemelse Koning wees.

Die waarheid wat hulle lief het en betrag, sal hulle verstand ontwikkel, hulle karakter verhef en hulle oordeelkundigheid versterk. Hulle sal nie nuwelinge wees in die groot werk om siele te win nie, want hulle arbei in die wysheid wat God hulle gee. Ook sal hulle nie dwergies in die godsdienstige lewe wees nie, maar hulle sal

opwas in Christus, hulle lewende Hoof, tot die voile gestalte van manne en vroue in Christus Jesus. Die stryd met die vyand van die waarheid sal dien om hulle hoop te versterk, en hulle sal heerlike oorwinnings hê, omdat hulle die hulp inroep van die magtige Helper wat nooit die een wat ootmoedig om hulp smeek, sal teleurstel nie. As hulle pogings suksesvol is, word al die heerlikheid aan God gegee. Hemelse wesens sal medelyde met hulle betoon en met hulle saamwerk. Hulle word inderwaarheid 'n skouspel gemaak vir die engele sowel as vir die mense. Daar word op hulle gelet omdat hulle rein van hart en lewe is en omdat hulle standvastig en bruikbaar in die saak van God is. Hulle is Gods edelmanne.

In die godsdienstige lewe van almal wat uiteindelik oorwin, sal daar tye van heftige beproewing en moeilikheid kom; dog hulle
[66] kennis van die Skrifte sal hulle help om die bemoedigende beloftes van God te onthou wat hulle hart sal vertroos en hulle geloof in die Magtige Een sal versterk. Hulle lees, "Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie;" "Sodat die beproefdheid van julle geloof wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus; vir wie julle liefhet al het julle Hom nie gesien nie; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met onuitspreeklike en heerlike blydskap."

Die beproewing van geloof is baie kosbaarder as goud. Almal behoort te leer dat dit deel uitmaak van die dissipline van die skool van Christus wat onontbeerlik is om hulle te reinig en te louter van die skuim van die aarde. Hulle moet die belediging en die aanvalle van vyande met volharding verduur, en al die struikelblokke oorkom wat Satan in hulle weg stel om hulle pad te versper. Hy sal trag om hulle daartoe te bring om gebed op te gee en hulle te beweeg om nie die Skrifte te ondersoek nie; en hy sal sy haatlike skaduwee oor hulle pad laat val om Christus en die aantreklike dinge van die Here vir hulle oë te verberg.

## Kyk na Bo

Niemand behoort in vrees en bewing en in gedurige twyfel voort te gaan, en hulle pad te besaai met murmurerings nie; maar almal moet opsien na God, Sy goedheid bespeur, en hulle verbly in Sy

liefde. Span al u kragte in om na bo te kyk, en nie af na u moeilikhede nie, dan sal u nooit beswyk op die weg nie. U sal Jesus gou agter die wolk sien Sy hand uitstreek om u te help; en al wat u behoort te doen, is om u hand aan Hom te gee in eenvoudige geloof en Hom toe te laat om u te lei. Namate u begin vertrou, sal u, deur geloof in Jesus, hoopvol word. Die lig wat uitstraal van die kruis sal aan u openbaar hoe God 'n siel beskou, en as u dit besef, sal u soek om die lig te weerkaats aan die wêreld. 'n Groot naam onder mense is soos letters in die sand geskrywe, maar 'n reine karakter sal vir ewig duur.

God gee aan u wysheid en 'n verstand waardeur u Sy beloftes [67]
kan verstaan; en Jesus is gereed om u te help om 'n sterk, eweredige karakter te vorm. Diegene wat so 'n karakter besit, hoef nooit ontmoedig te wees omdat hulle nie 'n sukses is wat betref wêreldse dinge nie. Hulle is "die lig van die wêreld." Satan kan nie die lig uitdoof of bedek wat van hulle straal nie.

God het 'n werk vir elkeen om te doen. Dit is nie Sy doel dat siele in die lewenstryd opgebeur moet word deur menslike lof en medelye nie; maar dis Sy doel dat hulle buitekant die kamp sal gaan, die smaadheid sal verduur, die goeie stryd van die geloof sal stry, en in elke moeilikheid in Sy krag sal staan.

Deur die kostelike gawe van Sy Seun het God al die skatte van die hemel vir ons blootgestel. Hy is ten voile bekwaam om ons op te hef, te veredel, en ons toe te rus deur die volmaaktheid van Sy karakter, vir bruikbaarheid in hierdie lewe en vir 'n heilige hemel. Hy het na hierdie wêreld gekom en geleef soos Hy verwag dat Sy navolgers sal leef. Sy lewe was 'n lewe van gedurige selfopoffering en selfverloëning. As ons selfsug, gemak en die bevrediging van ons gevoelens aanmoedig, en nie ons beste pogings aanwend om saam met God te werk in die wonderbaarlike werk van ons opheffing, veredeling en reiniging, sodat ons seuns en dogters van God kan word, voldoen ons nie aan Sy vereistes nie; ons ly 'n gedurige verlies in hierdie lewe, en sal eindelik die toekomstige ewige lewe ook mis.

God wil hê dat u moet werk, nie met 'n gevoel van minderwaardigheid of ontmoediging nie, maar met die volste vertroue en hoop en met blymoedigheid en vreugde as verteenwoordiger van Christus aan die wêreld. Die godsdiens van Jesus is blydskap, vrede, en vreugde. Namate ons die Skrifte ondersoek en die neerbuigende

liefde van die Vader besef in die gawe van Jesus aan die wêreld sodat almal wat in Hom glo die ewige lewe mag hê, moet al ons kragte ingespan word om lof, eer, en heerlikheid aan Hom toe te bring vir Sy onuitspreeklike liefde aan die mensekinders bewys.

# HOOFSTUK AGT—CHRISTUS IN DIE HELE BYBEL [68]

(Deel VI, bls. 392, 393.)

DIE mag van Christus, die gekruisigde Heiland, om die ewige lewe te gee, behoort aan alle mense verkondig te word. Ons behoort hulle daarop te wys dat die Ou Testament, in sy tipes en skaduwees, net so gewis die Evangelie bevat, as die Nuwe Testament in sy openbaarmakende krag. Die Nuwe Testament openbaar nie ‘n nuwe godsdiens nie; die Ou Testament bevat nie ‘n godsdiens wat deur die Nuwe vervang word nie. Die Nuwe Testament is slegs die ontwikkeling en openbaarmaking van die Ou Testament. Abel was ‘n gelowige in Christus, en is net so gewis deur Sy krag gered as Petrus of Paulus.

Henog was ‘n verteenwoordiger van Christus net so gewis as Johannes. Henog het met God gewandel; en hy was nie meer nie, want God het hom weggeneem. Aan hom is die boodskap van die tweede koms van Christus toevertrou. “En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met Sy heilige tienduisendtalle, om gerig te hou oor almal.” Judas 14, 15. Die boodskap wat deur Henog verkondig is, en sy hemelvaart, was ‘n oortuigende argument vir almal wat in sy tyd geleef het. Dit was ‘n argument wat Metusalag en Noag met krag kon gebruik om te bewys dat die regverdiges na die hemel geneem kon word.

Die God wat met Henog gewandel het, was onse Here en Heiland, Jesus Christus. Hy was destyds die lig van die wêreld net soos nou. Diegene wat destyds geleef het, was nie sonder leraars om hulle te onderrig op die lewenspad nie; want Noag en Henog was Christene. In Levitikus het ons die voorskrifte van die Evangelie. Net soos destyds, word daar nou ook stipte gehoorsaamheid geëis, [69] Hoe noodsaaklik is dit nie dat ons die belangrikheid van hierdie Woord sal besef!

Daar word gevra, Wat skeel die kerk? Die antwoord is, Ons laat toe dat ons harte van die Woord afgetrek word. As ons die Woord van God sou eet as voedsel vir die siel; as dit met respek en eerbied behandel sou word, sou dit onnodig wees om die menigte en herhaalde getuienisse te gee; die eenvoudige verklarings van die Skrif sou aangeneem en gehoorsaam gewees het.

* * * * *

Sy lewende voorskrifte is soos die blare van die boom van die lewe wat vir die genesing van die nasies is.

* * * * *

Die Woord van die lewende God is nie slegs geskryf nie, maar ook uitgespreek. Die Bybel is die stem van God wat met ons praat, net so gewis asof ons dit met ons ore hoor. As ons dit besef, met watter ontsag sal ons nie Gods Woord open nie, en met watter erns sal ons dit nie ondersoek nie! Ons sal die lees en oordenking van die Skrifte beskou as 'n onderhoud met die Ewige God.

* * * * *

Wanneer Satan met sy voorstellings 'n indruk op ons hart wil maak, mag ons, as ons 'n "so sê die Here" het, veilig by die Allerhoogste skuil.

* * * * *

Baie slaag nie daarin om hulle heilige Voorbeeld na te volg nie, omdat hulle so sleg vertroud is met die karakter van Christus. So baie is opgenome met ywerige planne, altyd besig, en daar is geen tyd of plek vir die dierbare Heiland as 'n intieme, liefdevolle metgesel nie. Hulle raadpleeg Hom nie aangaande elke gedagte of daad met die vraag: "Is dit die weg van die Here?" As hulle dit sou doen, sou hulle ook met God wandel soos Henog.

# HOOFSTUK NEGE—GETROUHEID IN GESONDHEIDSHERVORMING [70]

(Manuskrip gelees voor die Afgevaardigdes by die Wêreldkonferensie, te Washington, D. C., 31 Mei 1909.)

EK is gelas om aan al ons mense ‘n boodskap te bring in verband met die onderwerp van gesondheidshervorming; want baie het ontrou geword aan die beginsels wat hulle vroeër aanvaar het. Gods oogmerk met Sy kinders is dat hulle sal opwas tot die voile gestalte van manne en vroue in Christus. Om hierin te kan slaag, moet al die kragte van die liggaam, siel, en gees, reg gebruik word. Hulle kan nie bekostig om liggaamskragte of geestelike kragte te verkwis nie.

Die vraag hoe om gesondheid te bewaar is van die allergrootste belang. As ons die vraagstuk in die vrees van die Here bestudeer, sal ons vind dat ‘n eenvoudige diëet die beste is vir beide ons liggaamlike en geestelike ontwikkeling. Laat ons die vraagstuk geduldig bestudeer. Ons het kennis en oordeel nodig om reg te handel in hierdie saak. Die natuurwette moet nie teengewerk word nie maar gehoorsaam word.

Diegene wat onderrig ontvang het aangaande die onheile van vleis, tee, en koffie, asook ander ryk en ongesonde voedsels, en wat vas besluit het om ‘n verbond met God te maak deur opoffering, sal nie aanhou om voedsel te gebruik wat hulle weet wat ongesond is nie. God eis dat die aptyt gereinig en dat selfverloëning beoefen sal word ten opsigte van die dinge wat nadelig is. Dit is ‘n werk wat sal gedoen moet word aleer ons as ‘n volmaakte volk voor Hom sal kan staan.

### Persoonlike Verantwoordelikheid

Die oorblyfsel van Gods volk moet bekeerde mense wees. Die prediking van hierdie boodskap moet as gevolg hê die bekering en [71] heiligmaking van siele. Ons moet die krag van die Gees van God

in hierdie beweging voel. Dis ‘n wonderlike en bepaalde boodskap hierdie; dit beteken alles vir die een wat dit aanneem, en dit moet met ‘n luide stem verkondig word. Ons moet ‘n opregte en blywende vertroue hê dat die boodskap in belangrikheid sal toeneem tot die einde.

Daar is sommige gelowiges wat sekere dele van die Getuienisskrifte aanneem as ‘n boodskap van God, terwyl hulle die dele verwerp wat sekere geliefkoosde dinge in hulle lewens veroordeel. Sulke mense werk teen hulle eie welsyn, asook dié van die kerk. Dit is noodsaaklik dat ons in die lig wandel terwyl ons die lig het. Diegene wat voorgee om in die gesondheidsleer te glo en tog die beginsels daarvan teenwerk deur hulle daelikse lewe, beskadig hulle eie siele, en laat ‘n verkeerde indruk in die harte van beide gelowiges en ongelowiges.

## Krag Deur Gehoorsaamheid

’n Plegtige verantwoordelikheid rus op diegene wat die waarheid ken, dat hulle werke sal ooreenstem met hulle geloof; dat hulle lewens verfynd en geheilig sal wees en dat hulle toegerus sal wees vir die werk wat spoedig moet gedoen word in hierdie laaste dae. Hulle het geen tyd of krag om te verkwis deur toe te gee aan hulle aptyt nie. “Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sonde uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom.” Hierdie woorde behoort nou tot ons te kom met groter erns. Daar is baie van ons wat gebrek ly aan geestelikheid, en wat, as ons nie heeltemal tot bekering kom nie, sekerlik verlore sal gaan. Kan u bekostig om dit te riskeer?

Hoogmoed en gebrek aan geloof ontroof vele van die ryke seëninge van God. Daar is baie wat, as hulle hulle nie voor die Here verootmoedig nie, verbaas en teleurgestel sal wees wanneer hulle die geroep hoor, “Daar kom die bruidegom!” Hulle het slegs ‘n teoretiese kennis van die waarheid, dog het geen olie in hulle vate by hulle lampe nie. In hierdie tyd moet ons geloof in die derdeengel-
[72] boodskap nie slegs by blote instemming of teorie bly nie. Ons moet die olie van die genade van Christus hê, wat ons lampe sal voed en die lewenslig sal laat uitstraal en die weg sal aanwys vir diegene wat in die duisternis verkeer. As ons nie ‘n sieklike Christelike ervaring

wil hê nie, moet ons dadelik en met erns ons verlossing uitwerk met vrees en bewing. Daar is vele wat nie besliste bewys lewer dat hulle getrou is aan hulle doopsbeloftes nie. Hulle ywer is deur vormlikheid, wêreldse ambisie, hoogmoed, en eieliefde verkoel. Nou en dan word hulle gevoelens opgesweep, maar hulle val nie op die Rots, Christus Jesus nie. Hulle kom nie tot God met harte, gebroke deur berou en skuldbelydenis nie. Diegene wat ware bekering in hulle harte ondervind, sal die vrug van die Gees in hulle lewens openbaar. O, dat diegene wat so min geestelike lewe het, tot 'n besef mag kom dat die ewige lewe alleen gegee word aan dié wat die goddelike natuur deelagtig word, en wat die verderf ontvlug wat in hierdie wêreld is, deur die begeerlikheid!

Die krag van Christus alleen kan die hart en gemoed verander, wat almal moet ondergaan wat die nuwe lewe met Hom in die koninkryk van die hemel wil deelagtig wees. "As iemand nie weer gebore word nie," het die Heiland gesê, "kan hy die koninkryk van God nie sien nie." Joh. 3: 3. Die godsdiens wat van God kom, is die enigste godsdiens wat ons tot God kan voer. Ten einde Hom op die regte wyse te kan dien, moet ons deur die goddelike Gees gebore word. Dit sal ons tot waaksaamheid stem. Dit sal die hart reinig en die gemoed vernuwe, en ons 'n nuwe vermoë skenk om God te ken en lief te hê. Dit sal ons tot 'n gewillige gehoorsaamheid aan al Sy vereistes bring. Dit is ware aanbidding.

God eis van Sy volk gedurige vooruitgang. Ons moet besef dat toegee aan die aptyt die grootste hindernis is tot verstandelike ontwikkeling en die heiligmaking van die siel. Met al ons belydenis van gesondheidshervorming, eet baie van ons verkeerd. Die toegee aan aptyt is die grootste oorsaak van liggaamlike en geestelike kragteloosheid, en dis grotendeels die grondoorsaak van swakheid en [73]
ontydige dood. Laat die persoon wat trag om 'n reine gees te bekom, onthou dat daar in Christus krag is om die aptyt te bedwing.

## Vleis

As ons enige voordeel kon trek deur aan die lus vir vleis toe te gee, sou ek nie hierdie beroep op u maak nie; maar ek weet ons kan nie. Vleis is nadelig vir die liggaamlike welsyn, en ons moet leer om daarsonder klaar te kom. Diegene wat in staat is om 'n

vegetariese diëet te hê, maar verkies om aan hulle eie begeertes toe te gee, en eet en drink soos hulle wil, sal stadigaan onverskillig word ten opsigte van die onderrig wat God gegee het op ander punte van die teenwoordige waarheid; hulle sal hulle begrip van wat waarheid is, verloor, en hulle sal sekerlik maai wat hulle gesaai het.

Ek is gelas om te sê dat studente in ons skole, nie van vleis, of kos wat nadelig is, bedien mag word nie. Niks wat die lus vir prikkelende dinge gaande maak, moet op tafel gesit word nie. Ek doen 'n beroep op oumense, jongmense en diegene van middelbare leeftyd: Ontsê u aptyt die dinge wat u benadeel. Dien die Here deur opofferings te maak.

Laat die kinders 'n intelligente deel aan hierdie werk neem. Ons is almal lede van die gesin van die Here, en Hy wil hê dat Sy kinders, oud en jonk, 'n vaste besluit sal neem om hulle aptyt te verloën sodat hulle as gevolg daarvan geld kan opspaar vir die oprigting van vergadersale en die ondersteuning van sendelinge. Ek is gelas om aan ouers te sê: "Stel uself, siel en gees, aan die kant van die Here in hierdie saak. Ons behoort gedurig voor oë te hou dat ons gedurende hierdie genadetyd op die proef gestel word voor die Here van die heelal. Sal u nie die gebruike opgee wat u kwaaddoen nie? Dit kos niks om met die mond te bely nie; laat u dade van selfverloëning getuig dat u gehoorsaam sal wees aan die eise wat God aan Sy eie volk stel. Bring dan in die skatkis 'n deel van die geld wat u deur selfverloëning opgespaar het, en daar sal middele wees om die werk van God voort te sit."

[74] Daar is baie wat voel dat hulle nie sonder vleis kan klaarkom nie; maar as hulle hulleself aan die kant van die Here sal stel, vasberade om Sy leiding te volg, sal hulle krag en wysheid ontvang soos Daniel en sy vriende. Hulle sal vind dat die Here hulle met gesonde oordeel sal bedeel. Baie sal verbaas staan as hulle sien hoeveel werklik bespaar kan word vir die saak van die Here deur dade van selfverloëning. Die klein bedraggies wat deur opoffering bespaar word, sal meer bydra tot opbouing van die saak van God as die groter gifte wat nie selfverloëning geverg het nie.

Sewende-dag Adventiste het te doen met waarhede van die allergrootste belang. Meer as veertig jaar gelede het die Here ons spesiale lig gegee in verband met gesond-heidshervorming, maar hoe wandel ons in hierdie lig? Hoeveel het nie geweier om ooreenkomstig die

raad van God te wandel nie! As ‘n volk behoort ons vordering te maak volgens die lig wat ons ontvang het. Dis ons plig om die beginsels van gesondheidshervorming te verstaan en te respekteer. Op die gebied van matigheid behoort ons op die voorpunt te staan; en tog is daar onder ons goedtoegeligte gemeentelede, en selfs ook predikante wat maar min respek het vir die lig wat God ons in hierdie verband gegee het. Hulle eet soos hulle wil, en werk soos hulle wil.

Laat diegene wat leiers en leraars is in ons saak ‘n vaste Bybelse standpunt inneem in verband met gesond-heidshervorming, en die saak in onomwonde taal voorstel aan diegene wat glo dat ons in die laaste dae van hierdie wêreld woon. Daar moet ‘n skeidingslyn getrek word tussen diegene wat God dien en dié wat self dien.

Aan my is getoon dat die beginsels wat aan ons toevertrou is in die begin, nog net so belangrik is en vandag net so stip nagekom moet word as dit destyds was. Daar is sommige wat nog nooit aggeslaan het op die lig in verband met die diëetkwessie nie. Dis nou tyd om die lig onder die koringmaat uit te haal, en om dit met helder strale te laat skyn.

Die beginsels in verband met gesondheid is van groot betekenis [75]
vir ons as volk en indiwidue. Toe die boodskap in verband met gesondheidshervorming die eerste maal tot my gekom het, was ek swak en kragteloos, en onderhewig aan floutes. Ek het tot God gebid om hulp, en Hy het voor my die groot onderwerp van gesondheidshervorming ontsluier. Hy het my daarop gewys dat diegene wat Sy gebooie hou in ‘n heilige verhouding tot Hom moes staan, en deur matigheid in voedsel en drank moet hulle hulle verstand en liggaam in die beste toestand vir diens bewaar. Hierdie lig was my tot groot seën. Ek het my plek ingeneem as gesondheidshervormster, wetende dat die Here my sou krag gee. Ek geniet vandag beter gesondheid, nieteenstaande my ouderdom, as wat ek in my jong dae geniet het.

Daar word deur sommige beweer dat ek nie die beginsels van gesondheidshervorming, soos deur my voorgestaan, uitgeleef het nie; maar ek kan sê dat ek ‘n getroue gesondheidshervormster was. Die lede van my huisgesin weet dat dit die waarheid is.

## Tot Verheerliking van God

Ons lê nie vaste reels neer in verband met diëet nie; maar dit sê ons: dat in lande waar daar volop vrugte, graan en neute is, is vleis nie die regte voedsel vir Gods volk nie. Aan my is opgedra om te sê dat vleis 'n neiging het om die menslike natuur te verdierlik, en om manne en vroue te beroof van die liefde en medelye wat hulle teenoor elkander behoort te koester; en ook dat dit die laer hartstogte die oorhand gee oor die hoër kragte van die wese. As vleis-eet ooit gesond was, dan is dit vandag nie meer veilig nie. Kankers, gewasse en longaandoenings word grotendeels veroorsaak deur die gebruik van vleis.

Ons moet vleis-eet nie 'n toets vir lidmaatskap maak nie, maar ons behoort die invloed wat sogenaamde gelowiges uitoefen op ander nie uit die oog te verloor nie. Sal ons nie, as Gods boodskappers, die volk toeroep: "Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God." 1 Kor. 10: 31. Sal ons nie 'n besliste houding
[76] inneem teen die botsiering van 'n verdorwe aptyt nie? Sal diegene wat evangeliedienaars is en die plegtigste boodskap verkondig wat nog nooit aan sterwelinge toevertrou is die voorlopers wees terug na die vleispotte van Egipte? Sal dié wat deur die tiendes uit Gods skathuis onderhou word, toelaat dat die lewegewende stroom wat deur hulle are bruis, deur selfbevrediging vergiftig word? Sal hulle die lig en die waarskuwing, deur God gegee, minag?

Liggaamlike gesondheid moet as onontbeerlik beskou word vir die toename in genade en die verkryging van 'n goeie humeur. As die maag nie goed versorg is nie, sal die vorming van 'n opregte, sedelike karakter verhinder word. Die brein en die senuwees verkeer in simpatie met die maag. As ons verkeerd eet en drink, sal ons verkeerd dink en handel.

Almal word nou getoets en op die proef gestel. Ons is in Christus gedoop, en as ons ons deel doen deur onsself af te skei van alles wat ons kan verlaag en ons maak wat ons nie behoort te wees nie, sal daar aan ons krag geskenk word om in Christus, ons lewende Hoof, op te was, en ons sal die saligheid van God aanskou.

Slegs as ons volkome ingelig is aangaande die beginsels van gesondheidshervorming kan ons die onheile van 'n verkeerde diëet besef. Diegene wat, na hulle hulle foute ingesien het, die moed het

om hulle gewoontes te verander, sal uitvind dat die hervormingsproses, stryd en volharding vereis; maar wanneer die regte smaak eenmaal aangekweek is, sal hulle ontdek dat die voedsel wat hulle voorheen as skadeloos beskou het, stadig dog seker die fondament gelê het vir slegte spysvertering en ander kwale.

Vaders en moeders, waak in die gebed. Wees op u hoede vir onmatigheid in enige vorm. Leer u kinders die beginsels van ware gesondheidshervorming. Leer hulle watter dinge om te vermy ten einde hulle gesondheid te beveilig. Alreeds word die grimmigheid van God uitgestort op die kinders van ongehoorsaamheid. Watter misdade sondes en ongeregtighede word nie aan alle kante aan die [77]
lig gebring nie! As 'n volk moet ons die grootste sorg dra om ons kinders te beskerm teen ontaarde maats.

## Onderrig in Gesondheidsbeginsels

Groter pogings moet anagewend word om die volk te onderrig in die beginsels van gesondheidshervorming. Kookinrigtings moet opgerig word, en van huis tot huis moet onderrig gegee word in die kuns om gesonde voedsel voor te berei. Oud en jonk behoort te leer om eenvoudiger te kook. Waar die waarheid ookal verkondig word, moet die mense geleer word hoe om voedsel op 'n eenvoudige, dog smaaklike wyse, te berei. Hulle moet daarop gewys word dat voedsame geregte berei kan word sonder die gebruik van vleis.

Leer die mense dat dit beter is om te weet hoe om gesond te bly as om te weet hoe om kwale te genees. Ons dokters moet wyse leermeesters wees wat almal moet waarsku teen selfbevrediging, en wat daarop moet wys dat onthouding van dinge wat God verbied het, die enigste manier is om die verwoesting van verstand en liggaam te voorkom. Baie takt en oorleg moet aan die dag gelê word in die bereiding van voedsame kos wat die eertydse diëet moet vervang van diegene wat graag gesondheidshervormers wil word. Geloof in God, erns, en 'n gewilligheid om ander te help, is die vereistes. 'n Diëet waarin die nodige voedingsbestanddele ontbreek, bring die saak van gesondheidshervorming in onguns. Ons is sterflik, en moet onsself voorsien van voedsel wat die liggaam behoorlik sal voed.

## Uiterstes in die Diëet

Terwyl sommige mense hulle met nougesetheid onthou van nadelige voedsel, is hulle nalatig in die gebruik van voedingstowwe wat onontbeerlik is vir die instandhouding van die liggaam. Diegene wat geneig is om ge-sondheidshervorming te oordryf, loop gevaar om smaaklose geregte te berei wat nie bevredig nie. Voedsel moet op so 'n manier berei word dat dit smaaklik sowel as voedsaam is. Dit moet nie van die bestanddele beroof word wat die gestel nodig
[78] het nie. Ek gebruik 'n bietjie sout, en het dit altyd gedoen, omdat sout nie skadelik nie, maar onontbeerlik is vir die bloed. Groente moet smaaklik gemaak word deur 'n bietjie melk of room by te voeg, of iets dergeliks.

Ofskoon daar gewaarsku is teen die gevaar van siekte as gevolg van die gebruik van botter, asook die onheile van 'n te milde gebruik van eiers deur klein kinders, moet ons dit nogtans nie beskou as 'n verkragting van beginsel om eiers van goedversorgde en behoorlik-gevoerde hoenders te gebruik nie. Eiers bevat bestanddele wat sekere vergifte teenwerk.

Deur hulleself te onthou van melk, eiers en botter het sommige in gebreke gebly om die gestel van behoorlike voedsel te voorsien, en as gevolg het hulle swak, en onbekwaam vir hulle werk geword. Op hierdie wyse word gesondheidshervorming in onguns gebring. Die werk wat ons probeer opbou het op 'n gesonde basis, word verwar met vreemde dinge wat God nie van ons verlang nie, en die ywer van die kerk word verlam. Maar deur Sy tussenkoms sal God hierdie uiterste beskouings teëgaan. Die doel van die Evangelie is om die sondige geslag eensgesind te maak — om ryk en arm saam te bring aan die voete van Jesus.

Die tyd sal kom wanneer ons dinge soos melk, room en eiers, wat ons nou gebruik, miskien sal moet opgee; maar dis nie nodig om onsself moeilikheid op die nek te haal deur ontydige en uiterste beperkings nie. Wag tot omstandighede dit vereis, en die Here die weg aanwys.

Diegene wat suksesvol wil wees in die verkondiging van beginsels van gesondheidshervorming, moet Gods Woord neem as gids en raadsman. Alleen wanneer hulle dit doen, sal hulle vaste grond hê om op te staan. Laat ons nooit teen gesondheidshervorming getuig deur

na te laat om gesonde, smaaklike voedsel te gebruik in die plek van die skadelike voedsel wat ons opgegee het nie. Moet op geen manier ‘n smaak aankweek vir prikkelende dinge nie. Eet slegs eenvoudige, gesonde voedsel, en dank God gedurig vir gesondheidshervorming. Wees in alle dinge getrou en opreg, en u sal heerlike oorwinnings behaal.

[79] # HOOFSTUK TIEN—GASVRYHEID

(Deel VI, bls. 341-348.)

DIE Bybel lê groot nadruk op die beoefening van gasvryheid. Nie slegs lê dit gasvryheid as 'n plig op nie, maar dit skilder vir ons mooi prentjies in verband met die beoefening daarvan en van die seëninge wat dit meebring. Een van die uitstaande voorbeelde is die ondervinding van Abraham.

As ons Genesis lees, sien ons die ou aartsvader, een warm somersmiddag, onder die skaduwee van die eike van Mamre rus. Daar kom drie reisigers verby. Hulle vra nie om 'n guns of herberg nie; maar Abraham laat hulle nie voortgaan sonder om hulle iets aan te bied nie. Hy is 'n ouerige man, waardig en ryk; iemand wat gerespekteer en gewoond was om gesag te handhaaf; dog toe hy die vreemdelinge sien, "loop hy hulle vinnig tegemoet en buig hom na die aarde toe." Hy het die leier as volg aangespreek: "Here, as ek nou genade in u oë gevind het, gaan dan tog nie by u kneg verby nie." Gen. 18: 2, 3. Met sy eie hande het hy water gaan haal sodat hulle die stof van hulle voete kon afwas. Hy helf het hulle voedsel gekies; en terwyl hulle in die koelte van die bome gerus het, het Sara klaargemaak om hulle te vergas, en Abraham het eerbiedig by hulle gestaan terwyl hulle geëet het.

Hierdie vriendelikheid het hy aan hulle betoon slegs as reisende vreemdelinge wat miskien nooit weer daarlangs sou kom nie. Dog na die ete het die gaste hulleself bekendgemaak. Hy het nie slegs engele uit die hemel bedien nie, maar ook hulle heerlike Aanvoerder, sy Skepper, Verlosser, en Koning. Aan Abraham is die raadsbesluite van die hemel bekendgemaak, en hy word die "vriend van God" genoem.

[80] Hoewel Lot, Abraham se neef, in Sodom gaan woon het, was hy ook besiel met die aartsvader se gees van vriendelikheid en gasvryheid. Toe hy een aand twee vreemdelinge by die poorte van die stad sien, het hy, daar hy bewus was van die gevare waaraan hulle in

daardie stad sou blootgestel word, by hulle aangedring om na sy huis te kom. Die gevaar waaraan hy homself en sy huisgesin blootgestel het, het hy nie aan gedink nie. Dit was deel van sy lewenstaak om diegene wat in gevaar verkeer te beskerm en om dié wat sonder dak was, te versorg; en die vriendelike daad aan twee onbekende reisigers het daardie aand twee engele in sy huis gebring. Diegene wat hy wou beskerm, het hom beskerm. Daardie aand het hy hulle vir veiligheid na sy huis geneem; vroeg die anderdag more het hulle hom en sy gesin in veiligheid van die poorte van die stad weggelei.

God het hierdie hoflike dade van genoeg belang beskou om in Sy Woord op te neem, en meer as 'n duisend jaar later word hulle aangehaal deur 'n geïnspireerde apostel: "Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg." Heb. 13: 2.

Die voorreg wat Abraham en Lot tebeurtgeval het, word nie aan ons ontsê nie. Deur gasvryheid te betoon aan Gods kinders mag ons ook Sy engele in ons wonings ontvang. Selfs in ons dae gaan engele in menslike gedaante die wonings van mense binne, deur wie hulle onthaal word. En Christene wat in die lig van Gods aanskyn wandel, word altyd deur onsigbare engele vergesel; en hierdie heilige wesens laat 'n seën in ons wonings agter.

Een van die eienskappe wat 'n opsiener van die kerk moet hê, is volgens die Heilige Gees "gasvryheid." En aan die ganse kerk is die opdrag gegee, "Wees gasvry vir mekaar sonder om te murmureer. Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle daarmee mekaar dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God." 1 Pet. 4: 9, 10.

### Sonder Verleentheid en Sonder Vertoon [81]

Dis vreemd hoedat hierdie vermanings verontagsaam word. Selfs onder diegene wat voorgee dat hulle Christene is, word daar maar min opregte gasvryheid openbaar. Onder ons eie mense word die voorreg om gasvryheid te betoon nie in die regte lig beskou nie, n.l. as 'n voorreg en seen nie. Die gees van geselligheid en die gewilligheid om vir twee of drie aan tafel plek te maak sonder verleentheid of vertoon, word baie gemis. Sommige sê, "dis te veel moeite." Dit sal nie te veel moeite wees as u sou sê, "Ons het nie

spesiale voorbereiding gemaak nie, maar u is welkom tot wat ons het." So 'n verwelkoming word deur 'n onverwagte gas meer op prys gestel as die uitvoerigste voorbereiding. As daar tyd wat aan Christus behoort in beslag geneem word om vir besoekers voor te berei verloën ons Christus daardeur. Daardeur beroof ons God en ons verontreg ook ander. Deur op uitvoerige wyse te onthaal, beroof vele hulle gesinne van die nodige versorging, en hulle voorbeeld noop ander om dit ook te doen.

Onnodige kommer en werk word veroorsaak as daar 'n te groot vertoon gemaak word by die onthaal van besoekers. In die poging om 'n groot verskeidenheid van geregte op tafel te bring, ooreis die huisvrou haarself; en omdat daar so baie geregte is, ooreet die gaste hulle; en die resultaat is siekte, as gevolg van ooreïsing aan die een kant, en ooreet aan die ander kant. Sulke groot feeste is 'n beslommernis en 'n gevaar.

Maar die Here verlang dat ons sal omsien na ons broeders en susters. Die apostel Paulus gee ons 'n voorbeeld in hierdie verband. Aan die gemeente te Rome sê hy: "Ek beveel by julle aan ons suster, Febe, wat 'n dienares is van die gemeente in Kenchreë, dat julle haar ontvang in die Here, soos dit die heiliges betaam, en haar bystaan in elke saak waarin sy julle nodig mag hê. Want sy was vir baie 'n beskermster en ook vir my." Rom. 16: 1, 2. Febe het die apostel onthaal, en sy was op 'n voortreflike wyse iemand wat vreemdelinge
[82] onthaal het wat hulp nodig gehad het. Haar voorbeeld behoort deur die kerke van vandag nagevolg te word.

### Almal Moet in die Verantwoordelikheid Deel

Die eiebelang wat so dikwels geopenbaar word deur diegene wat net aan "ek en my gesin" dink, mishaag God. Elke gesin wat hierdie gees koester moet tot bekering gebring word deur die reine beginsels wat in die lewe van Christus geopenbaar is. Diegene wat net met hulleself opgenome is en wat nie wil help om besoekers te onthaal nie, mis baie seëninge.

Sommige van ons werkers beklee posisies waar dit vir hulle nodig is om besoekers te onthaal, 't sy hulle eie geloofsgenote of vreemdelinge. Daar is diegene wat meen dat die konferensie dit in ag moet neem en 'n toelae behoort te gee om sulke ekstra onkoste te

dek. Dog die Here het die werk om ander te onthaal aan almal gegee. Dis nie die plan van God dat net een of twee dit vir die konferensie of die kerk sal doen nie, of dat werkers betaling moet ontvang as hulle hulle broeders onthaal nie. Dit is iets wat uit selfsug ontstaan, en die engele van God neem kennis van sulke dinge.

Diegene wat rondreis van plek tot plek as evangeliste en sendelinge, behoort deur die lede van die kerk waar hulle werk, onthaal te word. Broeders en susters, ontvang sulke werkers, al is dit ook teen aansienlike persoonlike opoffering.

Christus hou boek van elke uitgawe in verband met gasvryheid vir Sy ontwil. Hy voorsien alles wat nodig is vir hierdie werk. Diegene wat om Christus wil hulle broeders onthaal en hulle bes doen om die besoek geseënd te maak sowel vir die gas as vir hulleself word in die hemel aangeteken as persone wat spesiale seëninge waardig is.

Christus het ons deur Sy eie lewe die les van gasvryheid geleer. Toe Hy by die meer omring was deur ‘n hongerige skare, het Hy hulle nie honger huis-toe gestuur nie. Hy het Sy dissipels beveel, “Gee julle vir hulle iets om te eet.” Matt. 14: 16. En deur ‘n skeppingsdaad het Hy genoeg voedsel voorsien om hulle te versadig. [83]
En hoe eenvoudig was die voedsel nie! Daar was geen lekkernye nie. Hy wat al die skatte van die hemel tot Sy beskikking gehad het, kon ‘n heerlike maaltyd aan hulle voorgesit het. Maar Hy het net die dinge verskaf wat in hulle behoeftes sou voorsien, die gewone daelikse voedsel van vissers.

As mense vandag eenvoudige gewoontes sou aankweek en in ooreenstemming met die natuurwette sou leef, sou daar oorvloedige voedsel wees vir al die behoeftes van die mensdom. Daar sal minder denkbeeldige behoeftes en meer geleentheid wees om volgens Gods weë te handel.

Christus het nie gesoek om mense tot Hom te trek deur hulle verlange na lekkernye te bevredig nie. Die eenvoudige voedel wat Hy voorsien het, is ‘n bewys nie slegs van Sy krag nie, maar ook van Sy liefde en van Sy tere sorg vir hulle wat betref die gewone behoeftes van die lewe. En terwyl Hy hulle met die garsbrode gevoed het, het Hy hulle ook van die Brood van die Lewe gegee. Hy is ons voorbeeld. Ons voedsel mag skamel en selfs eenvoudig wees; ons mag in armoede verkeer; ons mag niks meer hê as die dissipels met

hulle vyf brode en twee vissies nie, en nogtans, as ons in aanraking kom met die behoeftiges, beveel Christus ons, "Gee julle vir hulle iets om te eet." Ons moet gee van wat ons het; en namate ons gee, sal Christus toesien dat wat ons kortkom voorsien sal word.

### Ons Moet die Meel en die Olie Deel

In hierdie verband moet ons die verhaal van die weduwee van Sarepta lees. Na hierdie vrou, in 'n heidense land, het God Sy dienskneg gestuur vir onderhoud toe daar hongersnood in die land was. "Maar sy antwoord: So waar as die Here u God leef! ek het nie 'n broodkoek nie, net maar 'n handvol meel in die kruik en 'n bietjie olie in die kan; en hier maak ek nou 'n paar houtjies bymekaar; dan gaan ek en maak dit vir my en my seun klaar, dat ons dit kan eet en sterwe. En Elia sê vir haar: Wees nie bevrees nie, gaan heen, doen volgens jou woord; maar maak eers daarvan vir my 'n broodkoekie
[84] en bring dit uit vir my; daarna kan jy vir jou en jou seun iets klaarmaak. Want so sê die Here, die God van Israel: Die meel in die kruik sal nie opraak en die olie in die kan sal nie minder word nie tot op die dag dat die Here reën op die aarde sal gee. En sy het gegaan en gehandel volgens die woord van Elia." 1 Kon. 7: 12-15.

Die gasvryheid wat hierdie heidense vrou aan die profeet van God betoon het was wonderlik, en haar geloof en gasvryheid is op wonderbaarlike wyse beloon. "En sy het geëet — sy en hy en haar gesin dae lank: die meel in die kruik het nie opgeraak en die olie in die kan nie minder geword nie volgens die woord van die Here wat Hy deur Elia gespreek het."

"Ná hierdie dinge het die seun van die vrou, die eienares van die huis, siek geword; en sy siekte was baie ernstig, totdat daar geen asem meer in hom oorgebly het nie. Toe sê sy vir Elia: Wat het ek met u te doen, man van God! Het u na my gekom om my ongeregtigheid in gedagtenis te bring en my seun dood te maak? Maar hy antwoord haar: Gee jou seun vir my. En hy het hom van haar skoot afgeneem en hom opgedra na die bokamer waar hy self gewoon het en hom op sy bed neergelê. . . . Daarop het hy hom driemaal uitgestrek oor die kind en die Here aangeroep. . . . En die Here het Elia verhoor; en die siel van die kind het in hom teruggekom, sodat hy weer lewendig geword het. Daarop neem Elia die kind en bring hom af uit die

bokamer in die huis en gee hom aan sy moeder; en Elia sê: Kyk, jou seun lewe! En die vrou sê vir Elia: Nou weet ek dit dat u 'n man van God is en dat die woord van die Here in u mond waarheid is." 1 Kon. 17: 16-24.

God het nie verander nie. Hy is nog net so magtig as Hy in Elia se tyd was. En die volgende belofte van Christus is nog net so vas as toe dit die eerstemaal gegee is, "Wie 'n profeet ontvang omdat hy 'n profeet is, sal die loon van profeet ontvang." Matt. 10: 41.

Die volgende woorde van Christus geld vandag vir Sy getroue diensknegte net soos vir Sy eerste dissipels: "Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het." Vers 40. Elke vriendelike daad in Sy naam verrig sal erken en [85] beloon word. Hier sluit Christus selfs die swakste en geringste van die gesin van God in. "En elkeen wat een van hierdie kleintjies," d.w.s. diegene wat kinders in die geloof en kennis van Christus is, "net 'n beker kou water laat drink in die naam van 'n dissipel, voorwaar Ek sê vir julle, hy sal sy loon sekerlik nie verloor nie." Vers 42.

## Opregte Christelike Gasvryheid

Armoede behoort ons nie te belet om gasvry te wees nie. Ons moet gee wat ons het. Daar is diegene wat worstel om 'n bestaan te maak, en wat groot moeite het om uit te kom; dog hulle het Jesus lief in die persoon van Sy heiliges; hulle is bereid om gasvryheid te betoon aan gelowiges en ongelowiges, en hulle trag om hulle besoeke geseënd te maak. Aan tafel en by die huisaltaar heet hulle die gaste welkom. Die gebedsoefening maak 'n groot indruk op die gaste, en selfs een besoek mag die redding van 'n siel uit die dood beteken. Die Here neem kennis van hulke dienste, en sê, "Ek sal vergeld."

Broeders en susters, nooi diegene wat behoefte het aan gasvryheid en vriendelikheid, na u huis. Moenie 'n vertoon maak nie, maar waar u hulle behoefte sien, neem hulle in, en betoon aan hulle opregte Christelike gasvryheid. Daar is groot voorregte verbonde aan vriendelike omgang.

Waar ons aan ander van ons tydelike voedsel gee, moet ons ook aan hulle hoop, moed, en Christelike liefde meedeel; want "Die

mens sal nie van brood alleen lewe nie." Ons moet "troos wat in alle verdrukking is deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word." 2 Kor. 1:4. En dan het ons die versekering, "God het mag om alle genade oor julle oorvloedig te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk."

Ons bevind ons in 'n wêreld van sonde en versoeking; orals rondom ons gaan daar siele sonder Christus verlore, en God wil hê
[86] dat ons vir hulle op elke moontlike manier sal arbei. As u 'n lekker huis het, nooi dan jongmense uit wat geen huis het nie, wat hulp nodig het en wat verlang na medelye en vriendelikheid. As u verlang om hulle tot Christus te bring, moet u u liefde en respek vir hulle betoon as diegene wat deur Sy bloed gekoop is.

Deur die voorsienigheid van God kom ons in aanraking met diegene wat onervare is en wat behoefte het aan medelye en liefde. Hulle het hulp en bystand nodig, want hulle is swak. Die jongmanne het hulp nodig. In die krag van Hom wat Hom oor die hulpelose, die onkundiges, en die geringes ontferm, moet ons vir hulle toekomstige welsyn en die vorming van hulle Christelike karakters werk.

Diegene wat ons hulp die meeste nodig het, sal ons geduld met tye baie beproef. Christus sê, "Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie; want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemele altyd die aangesig sien van My Vader wat in die hemele is." Matt. 18: 10. En aan diegene wat vir hierdie siele arbei sê die Here, "Vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen." Matt. 25: 40.

Die hoofde van diegene wat hierdie werk doen, sal die kroon van selfopoffering dra, maar hulle sal hulle loon ontvang. In die hemel sal ons eendag die jongmense ontmoet wat ons gehelp het, diegene wat ons na ons huise genooi het, en wat ons van versoeking verlos het. Ons sal sien hoedat hulle gesigte die glans van die heerlikheid van God weerkaats. "En hulle sal Sy aangesig sien, en Sy Naam sal op hulle voorhoofde wees." Openb. 22: 4.

# HOOFSTUK ELF—DIE BELANGRIKHEID VAN DIE KOLPORTEERWERK [87]

(Deel V, bls. 396-407.)

BAIE doeltreffender werk as wat reeds gedoen is, kan op hierdie gebied gedoen word. Die kolporteur moenie tevrede wees as hy nie gedurig vordering maak nie. Hy moet deeglik voorbereiding maak. Hy moenie tevrede wees met ‘n afgesaagde deuntjie nie; maar hy moet die Here kans gee om met hom te werk en ‘n indruk op sy verstand te maak. Die liefde van Jesus in sy hart sal hom in staat stel om planne te maak waardeur hy indiwidue en huisgesinne sal kan bereik.

Kolporteurs het behoefte aan selfontwikkeling en deftige maniere — nie die aangematigde en gekunstelde maniere van die wêreld nie, maar die aangename maniere wat die natuur like gevolg is van ‘n vriendelike gemoed en ‘n begeerte om die voorbeeld van Christus na te volg. Hulle behoort bedagsaamheid en sorgsaamheid aan te kweek, asook naarstigheid en onderskeidingsvermoë, en hulle moet trag om God te verheerlik deur die hoogste trap van ontwikkeling te bereik. Jesus het ‘n oneindige opoffering gemaak om hulle in die regte verhouding tot God en hulle medemens te bring, en goddelike hulp, verbind met menslike pogings, sal hulle in staat stel om ‘n hoë peil te bereik. Die kolporteur behoort soos Josef, rein te wees, sagmoedig soos Moses, en matig soos Daniël; dan sal daar ‘n krag van hom uitgaan waar hy ook al gaan.

### Die Waarde van Eerlikheid

As die kolporteur ‘n verkeerde weg inslaan, as hy leuens vertel of met bedrog omgaan, verloor hy sy selfrespek. Hy mag nie bewus daarvan wees dat God hom sien en al sy besigheid ken nie, dat heilige engele sy beweegredes opweeg en na sy woorde luister nie, en dat sy loon volgens sy werke sal wees nie; dog al sou dit moontlik [88]

wees om sy wandade vir God en mens te verberg, het die feit dat hy self daarmee bekend is 'n verlagende invloed op sy hart en karakter. Een daad beslis nie die karakter nie, maar dit breek die mure af, sodat daar makliker toegegee word aan die volgende versoeking, totdat skelmstreke en oneerlikheid 'n gewoonte geword het en daar nie meer vertroue in hom gestel kan word nie.

Daar is te veel in huisgesinne en in die kerk wat teenstrydighede as kleinigheidjies beskou. Daar is jongmanne wat nie is soos hulle uiterlik voorkom nie. Hulle lyk eerlik en opreg, maar hulle is soos witgepleisterde graftes, mooi van buite, maar binnekant geheelenal verrot. Die hart is besoedel en bevlek met sonde; dit is wat teen hulle in die hemelse boeke aangeteken is. Daar het iets in hulle hart aangegaan wat hulle hard en gevoelloos gemaak het. Maar as hulle karakters, in die weegskaal van die heiligdom geweeg, in die vreeslike dag van God te lig bevind word, sal hulle tot 'n verskriklike ontnugtering kom. Waarheid, kostelike, onbevlekte waarheid, behoort deel van die karakter te wees.

## Beset met Reine Beginsels

Watter weg ons ook al mag inslaan, ons lewensweg is vol gevare. As die werkers in enige tak van die werk agtelosig en onoplettend is ten opsigte van hulle ewige belange, sal hulle groot skade ly. Die versoeker sal hulle bykom. Hy sal sy strikke vir hulle stel en hulle langs onbetroubare weë lei. Alleen diegene is veilig wie se harte beset is met reine beginsels. Soos Dawid sal hulle bid, "My gange het vasgehou aan u spore, my voetstappe het nie gewankel nie."

Daar moet 'n gedurige stryd gevoer word teen die selfsug en verdorwenheid van die menslike hart. Dikwels skyn dit asof die goddelose voorspoedig is; maar diegene wat God vergeet, al is dit slegs vir 'n uur of 'n oomblik, bewandel 'n gevaarlike pad. Hulle mag nie die gevare daarvan besef nie, maar sonder dat hulle daarvan
[89] bewus is, word hulle deur 'n gewoonte, soos met 'n yster band gebind en gevange gehou deur die bose daad waarmee hulle gespeel het. God verag hulle weg, en Sy seen rus nie op hulle nie.

Ek het gesien dat jongmanne hierdie werk opneem, sonder 'n verbintenis met die hemel. Hulle trotseer versoeking om te wys hoe manmoedig hulle is. Hulle lag oor die dwaashede van ander. Hulle

ken die regte pad! Hulle weet hoe om hulleself te gedra! Hoe maklik sal hulle nie die versoekings weerstaan nie! Hoe belaglik om te dink dat hulle sal beswyk! Maar hulle maak die Here nie hulle toevlug nie. Satan het ‘n listige strik vir hulle gestel, en hulle word die speelbal van gekke.

Ons groot teenstander het sy handlangers wat gedurig op die loer is vir siele wat hulle kan vernietig, net soos ‘n leeu op die loer is vir sy prooi. Vermy hulle jongman; want terwyl dit skyn of hulle jou vriende is, sal hulle ongemerk bose dinge invoer. Hulle vlei jou met hulle lippe, en sal aanbied om jou te lei; maar hulle voetstappe voer na die hel. As jy na hulle raad luister, mag dit die uitdraaipad in jou lewe wees. Om een van die wagte van jou gewete weg te neem, toe te gee aan een bose gewoonte, eenmaal jou plig na te laat, mag die begin van ‘n bedieglike weg wees wat jou sal voer tot die geledere van diegene wat die Satan dien, terwyl jy al die tyd voorgee om God en Sy saak lief te hê. Een oomblik se onbedagsaamheid, ‘n verkeerde stap, mag jou hele lewe in die verkeerde rigting stuur. En jy mag nooit weet wat jou ondergang bewerk het, totdat jy die vonnis hoor, “Gaan weg van My af, julle wat die ongeregtigheid werk.”

### Vermy Bose Maats

Sommige jongmans weet dat wat ek hier sê presies hulle eie lewens beskryf. Hulle weë is nie vir die Here bedek nie, al mag dit vir hulle beste vriende bedek wees, en selfs van hulle vader en moeder. Ek het maar min hoop dat sommige van hulle ooit hulle weg van skynheiligheid en bedrog sal verander nie. Ander wat foute begaan het, trag om hulleself te verbeter. Mag die liewe Here hulle help [90]
om hulle aangesigte te maak soos ‘n kiesteen teen alle valsheid, en teen die gevlei van diegene wat hulle wil verswak in hulle voorneme om reg te doen, of wat twyfelmoedigheid of ongeloof by hulle wil inboesem ten einde hulle geloof in die waarheid te laat wankel. Jong vriende, moenie selfs één uur deurbring in die geselskap van diegene wat julle ongeskik wil maak vir die rein en heilige werk van God nie. Moet niks voor vreemdelinge doen wat julle nie ook voor julle vader en moeder sou doen nie, of waarvoor julle julle voor Christus en die heilige engele sal hoef te skaam nie.

Sommige mag dink dat Sabbathouers nie behoefte het aan hierdie vermanings nie; maar diegene op wie dit van toepassing is weet wat ek bedoel. Ek sê aan julle: jongmanne, pas op; want julle kan niks doen wat die oë van die engele en van God nie kan sien nie. Julle kan geen bose daad doen sonder dat ander daardeur geraak word nie. Terwyl julle dade wys watter soort materiaal julle gebruik in die bou van julle karakter, oefen dit ook 'n magtige invloed uit op ander. Moet nooit uit die oog verloor dat julle aan God behoort nie, dat Hy julle duur gekoop het nie, en dat julle aan Hom rekenskap sal moet gee van al die talente wat Hy aan julle toevertrou het. Niemand behoort die werk van 'n kolporteur op te neem, wat deur sonde besoedel is, of wie se hart nie met God reg is nie; want sulke persone sal die waarheid sekerlik in oneer bring.

Diegene wat in die sendingveld arbei het God nodig om hulle te lei. Hulle moet versigtig wees om reg te begin, en dan moet hulle stil, dog vasberade, aanhou op die reguit pad. Hulle moet beslis wees; want Satan is gedetermineerd, en volhard in sy pogings om hulle tot 'n val te bring.

## Werwing van Intekenaars op Tydskrifte

Dit was 'n fout om intekenaars vir ons tydskrifte net vir 'n paar weke te werf, wanneer daar, met 'n bietjie inspanning, intekenaars vir baie langer tydperke gewerf kon gewees het. Een jaarlikse sub-
[91] skripsie is meer werd as baie vir 'n kort tydperk. As daar maar net vir 'n paar maande op 'n blad ingeteken word, hou die belangstelling gewoonlik op na verloop van die intekenperiode. Daar is maar min wat hulle intekening hernuwe, en dus word daar veel tyd bestee met baie swak resultate, waar ons anders met 'n weinig meer takt en volharding jaarlike intekenaars kon gewerf het.

Julle mik te laag, broeders; julle planne is te eng. Julle bestee nie aan julle werk die takt en volharding wat dit vereis nie. Daar is meer moeilikhede aan hierdie werk verbonde as aan ander takke van besigheid; dog die lesse wat geleer en die takt en dissipline wat opgedoen sal word, sal julle geskik maak vir ander soorte werk waar julle vir siele kan arbei. Diegene wat stadig is om te leer en wat die mense op 'n onverskillige en kortaf manier nader, sal, as hulle

die evangeliebediening opneem, dieselfde gebreke toon en dieselfde gemis aan takt aan die dag lê waar hulle met siele in aanraking kom.

Hoewel intekengeld vir kort tydperke aangeneem word, is daar sommige wat geen pogings maak om dit vir langer tydperke te kry nie. Kolporteurs moenie hulle terrein op 'n onverskillige en traakmyagtige manier bewerk nie. Hulle behoort te voel dat hulle werkers van God is, en die liefde vir siele behoort hulle te beweeg om alle pogings aan te wend om die waarheid aan manne en vroue te verkondig. Voorsienigheid en genade, middele en doeleindes staan in direkte verhouding tot mekaar. As Sy arbeiders hulle uiterste bes doen, dan doen God vir hulle wat hulle nie self kan doen nie; maar niemand hoef te dink dat hy sonder hulp en op eie houtjie sal slaag nie. Daar moet gewerk word met 'n vaste vertroue in God.

## Spaarsaamheid

Daar is behoefte aan spaarsaamheid in elke tak van die werk van die Here. Die natuurlike neiging van die jongmense van ons dae is om spaarsaamheid te versmaaai, en om dit te verwar met suinigheid en engheid. Maar spaarsaamheid is verenigbaar met die ruimste sienswyses en gevoelens; daar kan geen ware gulhartigheid wees sonder spaarsaamheid nie. Niemand behoort te dink dat dit benede [92]
hom is om spaarsaam te wees, en die stukkies en brokkies te versorg nie. Na Christus die wonderwerk verrig het, het Hy gesê, "Maak die stukke bymekaar wat oorgeskiet het, sodat niks verlore gaan nie."

Some word daar geld bestee aan hotelonkoste wat glad onnodig is. Die saak van die Here was so na aan die harte van die baanbrekers van hierdie boodskap dat hulle baie selde by 'n hotel geëet het, al het dit maar omtrent 'n sjieling per maaltyd gekos. Maar jong mans en vrouens oor die algemeen word nie geleer om spaarsaam te wees nie; gevolglik is daar orals verkwisting. In sommige gesinne word daar genoeg verkwis om nog 'n ander gesin te onderhou as daar spaarsaamheid sou beoefen word.

As ons jongmense, wanneer hulle op reis is, aantekeninge sou maak van al die geld wat hulle uitgee, sou hulle oë geopen word om al die lekplekke raak te sien. Terwyl dit nie van hulle geverg mag word om sonder warm etes klaar te kom, soos in die geval van die eerste rondreisende werkers, kan hulle tog leer om in hulle behoeftes

te voorsien op ‘n goedkoper manier as wat hulle nou doen. Daar is mense wat selfverloëning beoefen ten einde vir die saak van God te kan gee; laat die werkers dan ook selfverloëning beoefen deur hulle onkoste so laag moontlik te hou. Dit sal goed wees vir al ons werkers om die geskiedenis van die Waldense sendelinge te lees, en om hulle voorbeeld in selfopoffering en selfverloëning na te volg.

Ons het ‘n groot werk om vir die Meester te doen in die verkondiging van die woord van God aan diegene wat in duisternis en dwaling verkeer. Jong vriende, handel asof julle ‘n heilige roeping het. Julle behoort Bybelondersoekers te wees, altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is. Deur julle opregte Christelike waardigheid moet julle bewys lewer dat julle besef dat julle ‘n waarheid het wat van groot belang is vir diegene wat dit hoor. As hierdie waarheid in
[93] die siel is, sal dit ook in die gelaat en houding geopenbaar word, in ‘n kalme, edele selfbeheersing en vrede wat die Christen alleen kan hê.

## Laakbare Metodes

Diegene wat ware nederigheid besit en wie se verstand verruim is deur die waarhede van die evangelie, sal ‘n invloed uitoefen wat gevoel sal word. Hulle sal ‘n indruk maak op die gemoed en hart, en hulle sal deur ‘n menigte gerespekteer word, selfs deur diegene wat geen simpatie met hulle geloof het nie. Met die waarhede van die Bybel en met ons waardevolle leesstof, sal hulle sukses hê, want die Here sal die weg voor hulle oopmaak.

Maar om ons leesstof op die mense af te dwing deur middel van gifte of bonusse sal nie ‘n duursame invloed vir die goeie hê nie. As ons werkers sou uitgaan met vertroue in die waarhede van die Bybel, met liefde vir Christus en vir siele in hul harte, sal hulle meer uitrig in die werwing van permanente intekenaars as om op bonusse of lae pryse te steun. Om hierdie dinge te veel op die voorgrond te bring, gee die indruk dat die blaaie op sigself nie eintlik waarde besit nie. Die resultate sal bevredigender wees as die blad self sou aanbeveel word, en die geld wat aan bonusse bestee word kan gebruik word om vry eksemplare te verskaf. As bonusse aangebied word, is dit moontlik dat sommige die blad sal neem wat dit anders nie sou

geneem het nie, en ander sal weier om dit te neem omdat hulle dink dat dit ‘n spekulasie is. As die kolporteur die verdienstes van die blad self sou voorstel, met sy hart steunende op God vir sukses, en nie soseer op die bonusse nie, sou daar meer uitgerig word.

In ons dae word die nietige dingetjies aanbeveel en vergroot. Daar is aanvraag vir enigiets wat ‘n sensasie sal verwek en goed sal verkoop. Die land is oorstroom van waardelose publikasies wat geskryf is net om geld te maak, terwyl boeke wat waarlik goed is nie verkoop en nie gelees word nie. Diegene wat sulke leesstof verkoop net om meer geld te maak, mis ‘n kosbare geleentheid om goed te doen. Daar moet gestry word om die aandag van manne en vroue te [94] trek en om hulle belangstelling op te wek in die regtige goeie boeke wat die Bybel as fondament het; en dit sal nog ‘n groter taak wees om pliggetroue, godvresende werkers te vind wat sal uitgaan om met hierdie boeke te kolporteer met die doel om lig te versprei.

Die werker wat die saak van God op sy hart het, sal nie op die hoogste salaris aandring nie. Hy sal nie ‘n pleidooi lewer, soos party jongmense gedoen het nie, dat as hy nie van die beste kan aantrek, en by die beste hotels tuisgaan nie, hy nie ondersteuning sal kry nie. Wat die kolporteur nodig het, is nie ‘n onbesproke kleredrag of die bekwaamheid en behendigheid van ‘n nar of windmaker nie, maar daardie eerlikheid en opregtheid wat in sy gelaat sal weerkaats word. Vriendelikheid en sagmoedigheid laat hulle spore op die gelaat na, en die geoefende oog sien geen bedrog en bespeur geen verwaandheid nie.

’n Hele aantal het kolporteurs geword by wie die bonusse die enigste middel tot sukses is. Hulle besit geen ware bevoegdheid as werkers nie. Hulle het geen ondervinding in praktiese godsdiens nie; hulle het dieselfde foute, dieselfde smaak en botvier dieselfde luste wat hulle gekenmerk het voordat hulle Christene geword het. Van hulle kan gesê word dat God nie in hulle gedagtes is nie; Hy het geen verblyfplek in hulle harte nie. Daar is iets kleins, aards, ‘n laagheid in hulle karakter en gedrag wat teen hulle getuig dat hulle hulle eie harte en hulle eie pad volg. Hulle wil nie selfverloëning beoefen nie, maar is vasbeslote om die lewe te geniet. Die hemelse skat het geen aantrekkingskrag vir hulle nie; hulle hele smaak is aards, nie hemels nie. Vriende en bloedverwante kan sulke persone

nie verhef nie, want hulle het nie ‘n begeerte om die slegte te verag en die goeie te kies nie.

## Die Ware Sendinggees

Hoe minder ons sulke persone vertrou, en daar is baie van hulle, des te hoër sal die werk van die teenwoordige waarheid in die oë
[95] van die wêreld staan. Ons broeders moet met groot versigtigheid te werk gaan in die aanstelling van kolporteurs tensy hulle wil hê dat die waarheid verkeerd verstaan en verkeerd voorgestel moet word. Hulle behoort aan alle ware werkers goeie salarisse te betaal, dog die bedrag moenie vermeerder word om kolporteurs te koop nie, want so ‘n handelwyse sal hulle kwaaddoen. Dit maak hulle selfsugtig en spandabel. Trag om hulle te besiel met ‘n ware sendinggees, en lê nadruk op die vereistes wat nodig is vir sukses. Die liefde van Jesus in die hart sal die kolporteur daartoe bring om te besef dat dit ‘n voorreg is om te werk en lig te versprei. Hy sal studeer, planne maak, en bid oor sy werk.

Jong manne is nodig wat manne in verstand is, wat die verstandelike vermoëns waarmee God hulle bedeel het op prys sal stel en dit met die grootste sorg sal ontwikkel. Oefening sal hierdie vermoëns vermeerder, en as die ontwikkeling van die hart nie verwaarloos word nie, sal die karakter goed gebalanseerd wees. Die middels tot verbetering is binne die bereik van almal. Laat niemand dan die Meester teleurstel deur net blare te wys as Hy vrugte kom soek nie. Doelbewustheid, geheilig deur die genade van Christus, sal wonderwerke verrig. Jesus en heilige engele sal die pogings van intelligente, godvresende manne, wat alles in hulle vermoë doen om siele te red, met sukses bekroon.

Laat hulle met harte wat oorloop van liefde, stil en nederig trag om harte oor te haal om die waarheid te ondersoek, en laat hulle Bybelstudies hou waar moontlik. Deur dit te doen, saai hulle die saad van waarheid langs alle waters en verkondig hulle die deugde van Hom wat hulle uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig. Diegene wat hierdie werk doen met die regte bedoelings, doen ‘n baie belangrike werk. Hulle sal nie ‘n swakke, onbesliste karakter toon nie. Hulle verstand is besig om te ontwikkel, en hulle handelwyse

word verfynd. Hulle moet geen perke aan hulle ontwikkeling stel nie, maar moet elke dag beter toegerus wees om goeie werk te verrig.

Baie van die kolporteurs in die veld maak geen opofferings nie. [96] As 'n klas het hulle minder van die sendinggees as die werkers van enige ander denominasie. As die weg eers vir hulle berei is, as hulle die grootste salaris kan trek, dan is hulle gewillig om die veld binne te gaan. Baie lokmiddels word aan kolporteurs voorgehou om met populêre boeke te kolporteer; groot salarisse word hulle aangebied, en daar is vele wat weier om vir minder te werk om boeke te versprei wat oor die teenwoordige waarheid handel. Daarom is die salarisse verhoog om gelyk te staan met die wat deur ander uitgewers aangebied word; gevolglik is die onkoste om ons boeke aan die publiek voor te stel, hoog. Baie van die kolporteurs verdien hulle geld maklik en spandeer dit ook maklik.

## Moed, Geloof, en Liefde Nodig

Onder diegene wat voorgee om die teenwoordige waarheid te glo is daar nie 'n sendinggees volgens ons geloof nie. Die klank van ware goud word in die karakter gemis. Daar is meer aan die Christelike lewe verbonde as wat hulle reken. Dit bestaan nie net uit blote sagmoedigheid, lankmoedigheid, nederigheid, en vriendelikheid nie. Hierdie eienskappe is onontbeerlik, maar daar is ook behoefte aan moed, krag, energie, en volharding. Baie wat die kolporteerwerk opneem is swak, sonder ruggegraat, sonder geesdrif, en word maklik ontmoedig. Hulle het geen durf nie. Hulle het nie daardie positiewe karaktereienskappe wat mens krag gee om iets te verrig nie — die gees en energie wat entoesiasme laat opflikker nie. Die kolporteur doen 'n eerlike werk, en hy behoort nie te handel asof hy daarvoor skaam is nie. As hy wil hê dat sukses sy pogings moet bekroon, moet hy moedig en hoopvol wees.

Die positiewe deugde moet ontwikkel word sowel as die negatiewe. Die Christen, terwyl hy gedurig klaar is om die sagte antwoord te gee wat die grimmigheid afkeer, moet ook die moed van 'n held besit om die boosheid te weerstaan. Met die liefde wat alles verdra moet hy daardie sterk karakter hê wat sy invloed ten goede sal laat geld. Hy moet geloof aankweek in sy karakter. Hy moet vaste be- [97]
ginsels hê; hy moet 'n edele gees hê, sonder die minste beduidenis

van gemeenheid. Die kolporteur moet nie deur eiewaan opgeblaas wees nie. Waar hy met ander omgaan, moet hy homself nie op die voorgrond stel deur van homself groot te praat nie, want deur so ‘n handelwyse sal hy intelligente, verstandige mense stuit. Hy moet nie selfsugtig wees nie, en ook nie aanmatigend en baasspelerig nie.

Baie het tot die besluit gekom dat hulle geen tyd het om eers een van die tienduisend boeke te lees wat uitgegee is nie. En in baie gevalle waar die kolporteur sy besigheid bekend maak, gaan die deur van die hart dig toe; daarom is dit so uiters noodsaaklik dat hy met takt en ‘n nederige, biddende gees te werk moet gaan. Hy behoort goed bekend te wees met Gods Woord, en moet beskik oor woorde wat die kosbare waarheid verduidelik, en die groot waarde van die boeke wat hy aanbied, kan aantoon.

## Verantwoordelikheid vir Siele

Wel mag almal ‘n persoonlike verantwoordelikheid in verband met hierdie werk voel, en die beste manier bedink waarop hy belangstelling kan gaande maak; want die wyse waarop die waarheid voorgestel word mag die lot van ‘n siel beslis. As hy ‘n goeie indruk maak, mag sy invloed ‘n reuk van die lewe tot die lewe wees; en daardie een persoon, verlig aangaande die waarheid, mag weer ander verlig. Daarom is dit gevaarlik om agtelosig te wees waar ons met harte te doen het.

Die kolporteerwerk is Gods middel om vele te bereik op wie die waarheid anders geen indruk sou maak nie. Dis ‘n goeie werk en die doel daarvan is edel; daarom moet die gedrag van diegene wat dit doen ook waardig wees. Die kolporteur sal alle soorte mense aantref. Hy sal in aanraking kom met diegene wat onkundig en verlaag is en wat niks sal waardeer as dit hulle nie geld in die sak kan bring nie. Hulle sal beledigend wees, maar hy moet hom nie daaraan steur nie. Sy goeie geaardheid moet hom nooit begeef nie; hy moet ‘n opgeruimde, hoopvolle houding inneem in alle moeilikhede.
[98] Hy sal mense ontmoet waar die dood ingetree het, wat ontmoedig en hartseer is. Hy sal baie geleentheid hê om vriendelike woorde, woorde van aanmoediging, hoop, en geloof tot hulle te spreek. Hy mag ‘n fontein wees wat ander sal verkwik as hy wil; dog ten einde dit te kan doen, moet hy self put uit die Bron van lewende waarheid.

Die kolporteerwerk is belangriker as wat baie meen, en daar moet net soveel wysheid en sorg bestee word aan die afsondering van werkers op hierdie gebied, as vir die evangeliebediening. Jong manne kan opgelei word om baie beter werk as tevore te doen, en teen ‘n kleiner salaris as wat baie ontvang het. Verhoog die peil; en laat diegene wat gewillig is om hulleself op te offer en te verloën, en wat God en hulle medemens lief het, aansluit by die korps van werkers. Laat hulle kom. Hulle moenie ‘n maklike tyd verwag nie, maar hulle moet dapper en vol moed wees te midde van afjakke en ontberings. Laat diegene kom wat ‘n goeie verslag kan gee van ons publikasies omdat hulle dit self op prys stel.

Mag die Here elkeen help om die talente wat hy ontvang het tot die uiterste toe te ontwikkel. Diegene wat vir hierdie saak werk ondersoek nie hulle Bybels soos hulle moet nie. As hulle dit sou doen, sou die praktiese onderrig hulle lewens beïnvloed het. Wat u werk ook al mag wees, liewe broeders en susters, doen dit asof u dit vir die Meester doen, en doen u beste. Moenie die teenwoordige guide geleenthede laat verbygaan nie, en u lewe laat misluk terwyl u in ledigheid sit en droom van sukses en gemak in ‘n werk waarvoor God u nooit toegerus het nie. Doen die werk wat naaste aan u is. Doen dit al is dit ook te midde van gevare en ontberings in die sendingveld; maar moet asseblief nie kla oor die ontberings en selfopofferinge nie.

Kyk na die Waldense. Kyk watter planne hulle nie gemaak het sodat die lig van die evangelie harte in duisternis kon bereik nie. Ons moenie werk in die verwagting dat ons in hierdie lewe ons loon sal ontvang nie, maar ons moet ons oë vestig op die prys aan die einde van die wedloop.

[99] # HOOFSTUK TWAALF—’N BEROEP OP LEKE

(Deel IX, bls. 125-135.)

WANNEER daar deur ervare arbeiders in ‘n wyk waar ons eie mense woon ‘n spesiale poging gehou word, rus daar op die gelowiges in daardie veld ‘n baie plegtige verantwoordelikheid om alles in hulle vermoë te doen om die weg vir die Here oop te maak om te werk. Hulle moet hulle harte biddend ondersoek en die weg van die Koning regmaak deur elke sonde af te lê wat hulle kan verhinder om met God en hulle broeders saam te werk.

Dit is nie altyd ten voile verstaan nie. Satan het dikwels ‘n gees ingebring wat dit vir kerklede onmoontlik gemaak het om die geleenthede vir diens te sien. Gelowiges het dikwels die vyand toegelaat om deur hulle te werk juis op die tyd dat hulle volkome aan God toegewy moes gewees het vir die bevordering van Sy werk. Onbewus het hulle ver van die weg van geregtigheid afgedwaal. Deur ‘n vitterige gees, deur fout te vind, en deur ‘n fariseëse vroomheid en hoogmoed, het hulle die Gees van God bedroef en die werk van Gods boodskappers baie verhinder.

Daar was al baiemaal en op verskeie plekke op hierdie euwel gewys. Partykeer het diegene wat aan ‘n vitterige, veroordelende gees toegegee het, berou gehad en tot bekering gekom, en dan kon God hulle gebruik tot eer en verheerliking van Sy naam.

Ons lewe in ‘n spesiale tydperk van die geskiedenis. Daar moet ‘n groot werk in ‘n baie kort tydjie gedoen word, en elke Christen moet ‘n deel he in die ondersteuning van hierdie werk. God vra om manne wat hulle sal toewy aan die werk om siele te red. As ons eers die groot offergawe van Christus om ‘n verloregaande wêreld te red,
[100] ten voile besef, sal daar ‘n magtige worsteling gesien word om siele te red. O, dat al ons kerke die oneindige offergawe van Christus mag besef.

## ’n Hervormingsbeweging

In die naggesigte het ek ‘n groot hervormingsbeweging onder Gods volk gesien. Baie was besig om God te loof. Die siekes is gesondgemaak, en baie ander wonderwerke is verrig. Daar was ‘n gees van voorbidding selfs soos dié wat op die groot Pinksterdag gesien is. Daar is honderde en duisende gesien wat huise besoek en die Woord daar verkondig het. Harte is deur die Heilige Gees oortuig, en daar is ‘n gees van ware bekering geopenbaar. Orals het deure oopgegaan vir die verkondiging van die waarheid. Dit het geskyn asof die wêreld deur ‘n hemelse invloed verlig is. Die ware en ootmoedige volk van God het groot seëninge ontvang. Ek het lof en dankseggings gehoor, en dit het geblyk of daar ‘n hervorming aan die gang was soos dié van 1844.

Tog was daar sommige wat hulle nie wou bekeer nie. Hulle was onwillig om in Gods weë te wandel, en toe daar ‘n beroep gemaak is om vrywillige gifte ten einde die saak van God te bevorder, het sommige selfsugtig vasgeklem aan hulle aardse besittings. Hierdie geldgierige mense het eindelik afgeskei van die groep gelowiges.

## Werk Terwyl die Genadetyd nog Voortduur

Die oordele van God tref alreeds die aarde, en onder die invloed van die Heilige Gees moet ons die boodskap van waarskuwing wat aan ons toevertrou is, verkondig. Ons moet die boodskap, reël op reel, gebod op gebod, gou verkondig. Spoedig sal mense gewigtige besluite moet neem, en dis ons plig om toe te sien dat hulle geleentheid sal he om die waarheid te verstaan sodat hulle hulle plek aan die regte kant verstandig kan inneem. Die Here versoek Sy volk om te werk — om ernstig en verstandig te arbei — terwyl die genadetyd nog voortduur.

## Die Belangrikheid van Persoonlike Diens

Ons kerklede behoort meer werk te verrig deur van huis tot huis te gaan, Bybelstudies te gee en leesstof te versprei. ‘n Eweredige [101]
en volkome Christelike karakter kan gevorm word alleen wanneer die menslike werktuig dit as ‘n voorreg beskou om onbaatsugtige werk te verrig in die verkondiging van die waarheid, en deur die

saak van God te steun met middele. Ons moet langs alle waters saai, ons siele in die liefde van God bewaar, werk terwyl dit dag is, en die middele wat ons gee, gebruik om die plig wat eerste voorhande lê na te kom. Wat ons hande ook vind om te doen, moet ons getrou doen; watter diens ons ookal versoek word om te verrig moet ons opgeruimd uitvoer. Namate ons langs alle waters saai, sal ons besef "Wie volop saai, ook volop [sal] maai." 2 Kor. 9: 6.

Diegene wat voorgee om kinders van Christus te wees moet Sy voorbeeld navolg. Voorsien in die liggaamlike behoeftes van u medemense en hulle dankbaarheid sal die skeidingsmuur afbreek en u in staat stel om hulle harte te bereik. Dink ernstig na oor hierdie saak. As gemeentes, het u geleentheid gehad om te arbei as medewerkers van God. As u die Woord van God gehoorsaam het, as u die werk aanvaar het, sou u geseën en bemoedig gewees het, en sou u 'n ryke ervaring opgedoen het. As menslike werktuie van God sou u vurige voorstanders gewees het van die reddingsherstellingsen verlossingsplan. Hierdie plan sou ook progressief gewees het, voortgaande van genade tot genade en van krag tot krag.

Die Here het die werk wat in ons stede gedoen moet word aan my getoon. Die gelowiges in hierdie stede moet in hulle buurt vir God werk. Hulle moet stil en nederig werk, en orals waar hulle gaan die atmosfeer van die hemel saamdra. As hulle self uit die oog sou verloor en Christus gedurig sou verhef, sou die krag van hulle invloed gevoel word.

Dit is nie die doel van die Here dat die grootste gedeelte van die werk om die saad van waarheid te saai aan die predikante sal oorgelaat word nie. Mense wat nie tot die evangeliebediening geroep is, moet vir die Meester werk volgens hulle bekwaamheid. Namate
[102] 'n werker hom onvoorwaardelik oorgee aan die diens van die Here, sal hy 'n ondervinding opdoen wat hom in staat sal stel om met steeds groter sukses vir die Meester te werk. Die invloed wat hom tot Christus getrek het, sal hom help om ander tot Christus te trek. Dit mag nooit van hom geverg word om as openbare spreker op te tree nie, dog hy is nietemin 'n dienskneg van God en sy werk getuig dat hy uit God gebore is.

## 'n Spesiale Werk vir Vrouens

Vrouens sowel as mans kan 'n deel hê om die waarheid na plekke te neem waar die krag gevoel sal word. Hulle kan in hierdie krisis hulle plek in die werk inneem en die Here sal deur hulle werk. As hulle deurdring is met 'n besef van hulle plig en onder die invloed van die Gees van God werk, sal hulle die nodige selfvertroue hê wat in hierdie tyd nodig is. Die Heiland sal op hierdie selfopofferende vrouens die lig van Sy aanskyn laat skyn, en dit sal aan hulle 'n krag verleen wat dié van die mans sal oortref. In huisgesinne kan hulle 'n werk doen wat mans nie kan doen nie, 'n werk wat die innerlike lewe raak. Hulle kan baie naby aan diegene kom wat die mans nie kan bereik nie. Hulle werk is nodig. Versigtige en nederige vrouens kan die waarheid in die huise van die mense verduidelik. Die Woord van God op hierdie wyse verduidelik, sal soos suurdeeg werk, en deur die invloed daarvan sal hele gesinne tot bekering kom.

My broeders en susters, maak planne; neem elke geleentheid te baat om met bure en diegene met wie u omgaan, te praat, of om iets vir hulle voor te lees uit boeke wat die teenwoordige waarheid bevat. Toon dat u die redding van die siele vir wie Christus so 'n groot offer gegee het, van die allergrootste belang ag.

In u werk vir verloregaande siele het u die geselskap van engele. Duisende en duisende en tienduisendmaal tienduisend is wagtende om saam te werk met ons kerklede om die lig te bring wat God so mildelik gegee het, sodat daar 'n volk berei kan word vir die koms van Christus. "Kyk, nou is dit die tyd van die welbehae; kyk, nou is die dag van verlossing." Laat elke gesin die aangesig van die Here [103]
in alle erns in die gebed soek om hulp ten einde die werk van God te doen.

## Opgeroep tot Aktiewe Diens

Moenie die klein dingetjies verbygaan en na 'n groot werk uitsien nie. U mag 'n klein werkie met sukses kan doen, dog 'n hopelose mislukking maak in 'n poging om 'n groot werk te doen, en sodoende kan u lig ontmoedig word. Sit 'n hand by orals waar daar werk is om te doen. Of u ryk of arm is, groot of nederig, God roep u tot aktiewe diens vir Hom. Deur met al u mag te doen wat u hand vind om te

doen, sal u talent en bekwaamheid ontwikkel vir die werk. En dis deur u daelikse geleenthede te verwaarloos dat u geen vrugte sal dra nie en eindelik sal verdor. Dis daarom dat daar so baie bome in die tuin van die Here is wat geen vrugte dra nie.

In u huis, voor u buurman se vuurherd, by ‘n siekbed, kan u op ‘n stille wyse die Skrif voorlees, en ‘n woordjie vir Jesus en die waarheid spreek. Op hierdie wyse kan daar kosbare saad gesaai word wat na vele dae sal opkom en vrugte sal voortbring.

Daar is sendingwerk op baie plekke te doen wat nie eintlik veelbelowend is nie. Die sendinggees behoort van ons harte besit te neem, en ons te besiel om vir mense te werk aan wie ons nie gedink het nie, en op maniere en plekke waaraan ons nooit gedink het nie. Die Here het Sy plan vir die saai van die Evangeliesaad, en as ons volgens Sy wil saai, sal ons die saad van Sy Woord so vermenigvuldig dat duisende sal bereik word wat nog nooit die waarheid gehoor het nie.

Daar is orals openinge. Dring in by elke opening wat deur die voorsienigheid gemaak word. Ons oë behoort met hemelse oësalf gesalf te word om die geleenthede te kan sien. God vra nou om wakker sendelinge. Daar is weë wat aan ons voorgestel sal word. Ons moet hierdie openinge van die voorsienigheid sien en tebaatneem.

Aan die boodskappers van God is opgedra om dieselfde werk te
[104] doen wat Christus gedoen het toe Hy op hierdie aarde was. Hulle moet alle soorte werk aanpak waarin Hy gearbei het. Met erns en opregtheid moet hulle die mense vertel van die ondeurgrondelike rykdom en die onverganklike skatte van die hemel. Hulle moet met die Heilige Gees vervul wees. Hulle moet die Hemel se aanbiedings van vrede en vergifnis herhaal. Hulle moet na die poorte van die Godstad wys, en sê: “Salig is die wat Sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.” Openb. 22: 14.

## Koester ‘n Gees van Selfverloëning

Elke kerklid behoort ‘n gees van selfopoffering te koester. In elke gesin behoort daar selfverloëning aangekweek te word. Vaders en moeders, leer u kinders om te besuinig. Moedig hulle aan om hulle pennies op te spaar vir die sending. Christus is onse voorbeeld.

Terwille van ons het Hy arm geword, sodat ons deur Sy armoede ryk kon word. Hy het geleer dat almal in liefde en eensgesindheid bymekaar moes kom, om te werk soos Hy gewerk het, op te offer soos Hy opgeoffer het, en lief te hê soos die kinders van God.

My broeders en susters, u moet gewillig wees om self tot bekering te kom ten einde die selfverloëning van Christus te beoefen. Trek u eenvoudig dog netjies aan. Bestee so min geld moontlik aan uself. Hou in u huis ‘n bussie waarin u die geld kan doen wat u deur selfverloëning opspaar. Doen daeliks ‘n beter kennis op van die Woord van God en neem elke geleentheid tebaat om die kennis van u opgedoen aan ander mee te deel. Moenie moeg word om goed te doen nie, want God deel gedurig die seen van Sy Gawe aan die wêreld aan u mee. Werk saam met die Here Jesus, en Hy sal u die onskatbare lesse van Sy liefde leer. Die tyd is kort; op die gesette tyd, wanneer tyd nie meer sal wees nie, sal u u loon ontvang.

Aan diegene wat God opreg lief het en die middele het, is ek gelas om te sê: Nou is die tyd vir u om u middele te bestee aan die onderhoud van die werk van die Here. Nou is die tyd om die [105]
hande van die predikante op te hou in hulle selfopofferende pogings om verloregaande siele te red. As u in die hemelse howe die siele ontmoet wat u gehelp het om te red, sal dit nie vir u ‘n heerlike loon wees nie?

Laat niemand sy pennies terughou nie, en laat diegene wat baie het hulle verbly dat hulle in die hemel skatte kan vergader wat nooit sal opraak nie. Die geld wat ons aan die saak van die Here weier, sal vergaan; dit sal geen rente verdien in die bank van die hemel nie.

In die volgende woorde beskryf die apostel Paulus diegene wat God se deel terughou: “Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. Want die geldgierigheid is ‘n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor.” 1 Tim. 6: 9, 10.

Dit beteken veel om langs alle waters te saai. Dit beteken dat ons gedurig gifte en offerandes moet gee. God sal dit so beskik dat Sy getroue rentmeester van alles volop sal hê sodat hy vrugbaar kan wees tot alle goeie werk. “Soos geskrywe is: Hy het uitgestrooi, Hy het aan die armes gegee, Sy geregtigheid bly tot in ewigheid. En

mag Hy wat saad aan die saaier verskaf, ook brood verskaf om te eet, en julle saad vermeerder en die vrug van julle geregtigheid laat toeneem." 2 Kor. 9: 9, 10. Die saad wat met 'n voile, mildelike hand gesaai word, sal deur die Here versorg word. Hy wat saad aan die saaier gee, stel Sy werkers in staat om met die Gewer van die saad saam te werk.

Die Here versoek Sewende-dag Adventiste nou, orals, om hulleself aan Hom toe te wy en om hulle uiterste bes te doen, volgens hulle vermoëns, om Sy werk voort te help. Deur hulle vrygewigheid in gawes en offerandes, verlang Hy dat hulle hulle waardering van Sy seëninge en hulle dankbaarheid vir Sy genade sal toon.

My liewe broeders en susters, al die geld wat ons het, behoort
[106] aan die Here. Ek doen nou, in die naam van die Here, 'n beroep op u om saam te span om die werksaamhede wat ons volgens die raad van die Here aangepak het, op 'n suksesvolle wyse te voleindig. Laat ons nie die werk om gedenktekens vir die Here op baie plekke op te rig, moeilik en swaar maak deur die nodige middele terug te hou nie. Moenie diegene wat worstel om belangrike ondernemings, groot of klein, vir die Here uit te voer, ontmoedig omdat ons traag is om saam te staan ten einde die ondernemings 'n sukses te maak nie. Laat al ons mense opstaan en sien wat hulle kan doen. Laat hulle toon dat daar onder Sewende-dag Adventiste, eendrag en mag is.

## Voorwaardes van Aanneemlike Diens

As 'n volk, moet ons nader aan God kom. Ons het die lig van die hemel nodig om ons harte en verstand te bestraal; ons het die wysheid nodig wat God alleen kan gee as ons die boodskap met sukses na die stede wil neem. Laat ons gemeentes orals regstaan. Laat diegene wat hulleself by die doop oorgegee het om vir die diens en heerlikheid van God te leef, nie weer terugtrek nie. Daar is 'n wêreld wat gered moet word; laat hierdie gedagte ons aanspoor tot groter opofferings en groter pogings vir diegene wat afgedwaal het.

As u die beginsels van die Woord van God uitleef, sal u invloed vir enige kerk of organisasie van groot waarde wees. U moet tot hulp van die Here kom teen die magtige vyand. Alle ydel woorde, alle ligsinnigheid en oppervlakkigheid, is lokmiddels van die vyand om u van geestelike krag te ontroof. Span uself in om hierdie euwels in

die naam van die God van Israel te beveg. As u uself voor God sal verootmoedig, sal Hy u 'n boodskap gee vir diegene op die paaie en in die lanings, en vir dié in vreemde lande, wat u hulp nodig het. Maak reg u lampe en hou hulle aan die brand, sodat u, waar u ook mag wees, deur woorde en dade u lig kan laat skyn.

As ons onsself aan die Here sal gee vir diens, sal Hy ons leer wat om te doen. As ons in die regte verhouding tot Hom staan, sal Hy [107] saamwerk met ons. Moenie toelaat dat ons so deur self en eiebelang in beslag geneem word dat ons diegene sal vergeet wat besig is om die leer van Christelike ervaring bestyg, en wat ons hulp nodig het nie. Ons moet gereedstaan om die talente wat God ons gegee het in Sy werk te gebruik, bereid om geskikte woorde te spreek — woorde wat tot hulp en seen sal strek.

### Die Verantwoordelikheid van Diegene wat die Waarheid ken

My broeders en susters, neem ons die behoeftes van die groot stede in ag? Weet ons nie dat hulle gewaarsku moet word van die spoedige koms van Christus nie? Die werk wat ons moet doen is verbasend groot. Daar is 'n wêreld wat gered moet word; daar is siele vir wie ons moet arbei in die stede op plekke waar die boodskap van die koms van die Here in die begin verkondig is. Wie is gereed om hulleself toe te wy aan hierdie soort sendingwerk? Daar is honderde van ons mense wat in die veld behoort te wees, en wat min of niks doen vir die verbreiding van die boodskap nie. Diegene wat alle geleentheid gehad het om die waarheid te ken en wat on-derrig ontvang het, reël op reel en gebod op gebod, hier 'n bietjie en daar 'n bietjie, het 'n groot verantwoordelikheid ten opsigte van hierdie siele wat nog nooit die laaste evangelieboodskap gehoor het nie.

As die kerklede op hierdie geleë tyd in nederigheid tot God sal kom, alles wat verkeerd is uit hulle harte sal wegruim, en Hom by elke stap sal raadpleeg, sal Hy Homself aan hulle openbaar en hulle bemoedig. En namate die kerklede hulle deel getrou uitvoer, sal die Here Sy uitverkore diensknegte lei, en hulle in hulle belangrike werk versterk. Laat ons saamstaan en met vele gebede hulle hande omhoog hou, en heldere strale van die hemelse heiligdom laat neerdaal.

Die einde is naby, dit sluip stadig nader, onsigbaar, soos die stille koms van ‘n dief in die nag. Mag die Here gee dat ons nie langer sal slaap soos ander nie, maar dat ons sal waak en nugter wees.

# HOOFSTUK DERTIEN—DIE LEKE MOET UITGAAN [108]

(Deel VIII, bls. 244-246.)

DAAR rus 'n veel groter werk op die kerklede as wat hulle besef. Hulle besef nie die eise van God nie. Die tyd het aangebreek om alle middele aan te wend wat kan help om 'n volk voor te berei om in die groot dag van God te staan. Ons moet wakker wees en nie toelaat dat daar kosbare geleenthede verbygaan nie. Ons moet alles in ons vermoë doen om siele tot die liefde van God en die onderhouding van Sy gebooie te bring. Jesus eis dit van diegene wat die waarheid ken. Is Sy eis onredelik? Het ons nie die lewe van Christus as ons voorbeeld nie? Is ons nie aan die Heiland liefde, en ernstige, onselfsugtige arbeid verskuldig vir die redding van diegene vir wie Hy gesterf het nie?

Baie van die lede van ons groot kerke doen feitelik niks nie. Hulle kon goeie werk gedoen het as hulle, in plaas van almal op een plek saam te drom, na plekke sou gaan wat nog nie met die waarheid binnegedring is nie. Bome wat te dig opmekaar geplant is, vorder nooit nie. Hulle word deur die landman uitgeplant, sodat hulle kan ruimte hê om te groei, en nie verpot en sieklik grootword nie. Dieselfde reel kan met voordeel toegepas word op ons groot gemeentes. Baie van die lede is sterwende op geestelike gebied juis omdat hulle nie hierdie soort werk doen nie. Hulle word sieklik en ongeskik; maar as hulle uitgeplant is sal hulle ruimte hê om sterk en gesond op te was.

Dis nie die plan van God dat Sy volk in gemeenskappe sal saamwoon nie. Christus se dissipels is Sy verteenwoordigers op aarde, en dis die doel van God dat hulle uitmekaar sal woon op die platteland, en in die dorpe en stede, soos ligte in die duisternis van die wêreld. Hulle moet sendelinge wees vir God, en deur hulle geloof en werke [109]
moet hulle getuig van die spoedige koms van die Verlosser.

## Maniere van Werk

Ons leke kan ‘n werk verrig wat hulle, tot nog toe, skaars aan geraak het. Niemand behoort nuwe plekke in te trek net vir wêreldse voordeel nie; dog waar daar ‘n opening is om ‘n bestaan te maak, moet daar dan gesinne, wat goed in die waarheid bevestig is, intrek om as sendelinge te arbei. Hulle moet ‘n liefde vir siele hê, ‘n las voel om vir hulle te werk, en ‘n studie daarvan maak hoe om hulle in die waarheid te bring. Hulle kan ons leesstof versprei, dienste in hulle huise hou, met hulle bure kennismaak en hulle uitnooi om die dienste by te woon. Op hierdie wyse kan hulle hulle lig laat skyn deur goeie werke.

Laat die werkers alleen staan in God, wenende, biddende en werkende vir die saligheid van hulle medemense. Onthou dat u in ‘n wedloop hardloop om ‘n onverganklike kroon. Terwyl daar so baie is wat die lof van mense lief het meer as die guns van God, laat dit u lot wees om vir die mensheid te arbei. Beoefen geloof waar u u bure voor die troon van genade bring en God smeek om hulle harte aan te raak. Op hierdie wyse sal daar doeltreffende sendingwerk gedaan word. Sommige mag bereik word wat nie na ‘n predikant of kolporteur sal luister nie. Diegene wat op hierdie manier in nuwe plekke werk sal die beste metodes leer om die mense te nader, en sodoende die weg vir ander werkers berei.

Diegene wat aan hierdie werk deelneem sal ‘n heerlike ondervinding hê. Hulle sal bekommerd wees oor die siele van hulle bure. Hulle moet die hulp van Jesus hê. Hoe versigtig sal hulle nie wandel nie, sodat hulle gebede nie verhinder sal word nie, en dat geen sonde in hulle hart hulle van God sal verwyder nie. Terwyl hulle ander help, ontvang sulke werkers self geestelike krag en verstand, en in hierdie nederige skool mag hulle die bekwaamheid verwerf vir groter werksaamhede.

Christus sê, “Hierin is my Vader verheerlik, dat julle vrug dra.”
[110] Joh. 15: 8. God het ons verstand gegee en Hy het aan ons talente toevertrou sodat ons dit vir Hom mag gebruik. Aan elke man word sy werk gegee — nie slegs werk op die koringen mielielande nie, maar ernstige, volhardende werk vir die redding van siele. Elke steen in Gods tempel moet ‘n lewende steen wees, ‘n skitterende steen wat lig aan die wêreld weerkaats.

## Pinksterseëninge Beloof

Laat die leke alles doen wat hulle kan; en as hulle die talente gebruik wat hulle alreeds besit, sal God hulle meer genade en bevoegdheid gee. Baie van ons sendingondernemings gaan mank omdat daar so baie is wat weier om in te gaan by die deure wat vir hulle geopen word. Laat almal wat die waarheid glo, begin werk. Doen die werk wat eerste voorhande is; pak enige ding aan, hoe nederig ook, liewer as om soos die manne van Meros te wees, wat niks gedoen het nie.

Ons sal nie aan middele ontbreek as ons maar net voorwaarts wil gaan en op die Here vertrou nie. Die Here is gewillig om 'n groot werk te doen vir almal wat waarlik in Hom glo. As die leke sal wakker skrik en die werk sal aanpak wat hulle kan doen, oorlog sal voer op hulle eie koste — elkeen besig om te sien hoeveel hy kan uitrig om siele te win vir Jesus, sal daar baie gesien word wat die kant van Satan verlaat en hulle onder die banier van Christus skaar.

As ons mense sal handel volgens die lig wat in hierdie paar woorde gegee is, sal ons gewis die saligheid van God sien. Daar sal wonderbaarlike herlewings ontstaan. Sondaars sal tot bekering kom, en baie sal by die kerk aansluit. Wanneer ons ons harte in ooreenstemming met Christus en ons lewens in harmonie met Sy werk bring, sal die Gees wat op Pinksterdag uitgestort is ook op ons val.

[111] # HOOFSTUK VEERTIEN—BUURTSENDINGWERK

(Deel IX, bls. 30-42.)

GOD verwag persoonlike diens van elkeen aan wie Hy die kennis van die waarheid vir hierdie tyd toevertrou het. Nie elkeen kan as ‘n sendeling na die vreemde gaan nie, maar iedereen kan ‘n sendeling in sy eie huis en in sy eie buurt wees. Daar is baie maniere waarop kerklede die boodskap aan mense rondom hulle kan bring. Een van die suksesvolste maniere is om hulpvaardige, onselfsugtige Christelike lewens te lei. Diegene wat die stryd van die lewe stry en met groot moeilikhede te kampe het, kan soms deur klein vriendskappies, wat niks kos nie, verkwik en versterk word. Vriendelike woorde in eenvoudigheid gespreek, klein attensies in eenvoudigheid bewys, sal die wolke van versoeking en twyfel wat hulle oor die siel saampak, verdryf. Die opregte uiting van Christelike medelyde, in eenvoudigheid betoon, het mag om die deur van die hart wat behoefte het aan die sagte aanraking van die Gees van Christus, oop te maak.

Christus neem, o so graag, elke menslike werktuig aan wat aan Hom oorgegee is. Hy bring die menslike in verbinding met die goddelike, ten einde aan die wêreld die geheime van die vleesgeworde liefde te kan meedeel. Praat daarvan, bid daaroor, sing daarvan, vul die wêreld met die boodskap van Sy liefde, en dring deur tot streke wat nog nie bewerk is nie.

### Die Samewerking van Hemelse Wesens

Hemelinge staan gereed om saam te werk met menslike werktuie om aan die wêreld te openbaar wat menslike wesens kan word, en wat hulle, deur middel van hulle invloed, kan uitrig tot die redding van siele wat op die punt staan om verlore te gaan. Hy wat waarlik
[112] bekeerd is, sal so vervul wees met die liefde van God dat hy sal

verlang om aan ander die blydskap wat hyself ken, mee te deel. Die Here wil dat Sy kerk die sieraad van heiligheid aan die wêreld moet toon. Die kerk moet die krag van die Christelike godsdiens toon. Die hemel moet in die karakter van Christene weerkaats word.

Die danken loflied moet deur diegene wat in duisternis verkeer, gehoor word. Ons moet ons dank betuig vir die blye boodskap van die evangelie, vir die beloftes en versekerings daarvan, deur te trag om aan ander goed te doen. Die verrigting van hierdie werk sal strale van hemelse geregtigheid bring aan vermoeide, benoude en lydende siele. Dit is soos 'n fontein wat geopen is vir matte, dorstige reisigers. By elke werk van genade, en elke werk van liefde, is daar engele van God teenwoordig.

## Ons Voorbeeld

Die werk van Christus moet vir ons as voorbeeld dien. Hy het gedurig rondgegaan en goed gedoen. In die tempel en in die sinagoges, op die strate van die dorpe, op die markplaas en in die werkswinkel, by die see en op die berge, het Hy die evangelie gepreek en die siekes genees. Sy lewe was 'n lewe van onbaatsugtige diens, en dit behoort ons handboek te wees. Sy tere, ontfermende liefde bestraf ons selfsugtigheid en gevoelloosheid.

Waar Christus ook al gegaan het, het Hy seëninge op Sy pad verstrooi. Hoeveel van dié wat voorgee om in Hom te glo, het van die lesse van vriendelikheid, tere ontferming en onbaatsugtige liefde geleer? Hoor Hom waar Hy die swakkes, die vermoeides, en hulpeloses toespreek, "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." Matt. 11: 28. Sy geduld was nooit uitgeput, en Sy liefde het Hy nooit onderdruk nie.

Christus roep ons om geduldig en volhardend te arbei vir die duisende verloregaandes, in alle lande versprei soos skepe wat skipbreuk gely het op 'n verlate en woeste strand. Diegene wat deel het aan die heerlikheid van Christus moet ook deel hê aan Sy diens en hulle moet die swakkes, ellendiges en moedeloses help.

Laat diegene wat hierdie werk op hulle neem, die lewe van Chris- [113]
tus gedurig bestudeer. Laat hulle ernstig wees en alle bekwaamheid wat hulle het aan Sy diens bestee. Elke opregte, onselfsugtige poging sal heerlike gevolge hê. Die arbeiders sal die beste moontlike

opleiding van hulle groot Leraar ontvang. Maar hulle wat die lig wat hulle ontvang het nie aan ander meedeel nie, sal eendag besef dat hulle 'n vreeslike verlies gely het.

Mense het geen reg om te dink daar 'n end sal kom aan die pogings wat hulle moet aanwend om siele te red nie. Het Christus ooit moeg geword van Sy werk? Het Hy ooit teruggedeins vir opoffering en ontbering? Kerklede moet dieselfde aanhoudende en volhardende pogings aanwend as Christus. Hulle moet gedurig bereid wees om volgens die bevele van die Meester te handel. Waar daar ook werk is om te doen, moet ons dit aanpak en doen met ons oë steeds op Jesus gevestig. As ons kerklede hierdie gebod sou gehoorsaam, sou daar honderde siele vir Jesus gewin word. As elke kerklid 'n lewende sendeling was, sou die evangelie spoedig in alle lande, aan alle volke geslagte en tale verkondig word.

## Die Gevolg van Toegewyde Werk

Laat geheiligde talente aangewend word in die werk van die verkondiging van die waarheid vir hierdie dae. As die magte van die vyand nou oorwin, sal dit wees omdat die kerke nagelaat het om die werk te doen wat God aan hulle opgedra het. Vir jare is die werk ons voorgehou, maar vele was aan die slaap. As Sewendedag Adventiste nou sou wakker skrik en die werk wat aan hulle opgedra is, sou doen, sou die waarheid op heldere en duidelike wyse in die krag van die Gees in ons verwaarloosde stede verkondig word.

Wanneer daar toegewyde werk gedoen word, sal die werkdadigheid van die genade van Christus gesien word. Die wagters op Sions mure moet helderwakker wees, en hulle moet ander opwek. Gods kinders moet so ernstig en getrou wees in hulle werk vir Hom dat alle selfsug uit hulle lewens verban sal word. Sy werkers sal dan eensgesind wees en die arm van die Here, die krag waarvan
[114] in die lewe van Christus gesien is, sal geopenbaar word. Die vertroue sal herstel word en daar sal onder ons geledere in die kerk eensgesindheid heers.

### Verskillende Soorte Diens Die

Here roep Sy volk om verskillende soorte werk aan te pak. Diegene op die paaie en lanings van die lewe moet die Evangelieboodskap hoor. Kerklede behoort evangeliewerk te doen in die wonings van hulle bure wat nog nie die waarheid vir hierdie tyd gehoor het nie.

God vra om Christengesinne om na gemeenskappe te gaan wat in duisternis en dwaling verkeer om daar met verstand en volharding vir die Meester te arbei. Terwyl baie wag dat al die struikelblokke uit die weg geruim moet word, gaan siele sonder hoop en sonder God na die graf. Daar is baie — menigtes — wat om wêreldse voordeel en om die ontwil van wetenskaplike kennis na ongesonde streke gaan en daar groot ontberings uitstaan. Waar is diegene wat gewillig is om dieselfde te doen ten einde ander van die Verlosser te vertel? Waar is die manne en vroue wat gewillig is om na plekke te gaan wat behoefte het aan die Evangelie, sodat hulle diegene wat in duisternis verkeer op die Heiland kan wys?

### Die Verspreiding van Ons Leesstof

Baie van Gods volk moet met ons blaaie gaan na plekke waar die Derde-engelboodskap nog nie verkondig is nie. Ons moet ons boeke in verskillende tale uitgee. Nederige, getroue manne moet met hierdie boeke gaan kolporteer en die waarheid neem na diegene wat andersins nooit sou verlig word nie. Diegene wat hierdie soort werk opneem, moet bereid wees om mediese sendingwerk te doen. Die siekes en lydendes moet gehelp word. Baie vir wie hierdie genadewerk gedoen word, sal die woorde van lewe hoor en aanneem.

Die werk van sulke kolporteur-evangeliste wat met die Heilige Gees vervul is, kan heerlike vrugte afwerp. Die verkondiging van die waarheid van huis tot huis, in liefde en eenvoud, is heeltemal ooreenkomstig die opdrag van Christus aan Sy dissipels toe Hy hulle [115]
op hulle eerste sendingreis gestuur het. Deur middel van lofliedere en nederige en opregte gebede kan vele bereik word. Die Goddelike Werker sal teenwoordig wees om harte te oortuig. Sy belofte is: "Ek is met julle al die dae." Met die versekering van die teenwoordigheid van so 'n Helper, kan ons met geloof, hoop en moed werk.

Van stad tot stad en van land tot land moet die boeke geneem word wat die belofte van die spoedige koms van die Heiland bevat. Hierdie boeke moet in alle tale vertaal word, want die Evangelie moet aan die ganse wêreld verkondig word. Aan elke werker belowe Christus die goddelike hulp wat sy werk 'n sukses sal maak.

Diegene wat reeds lank met die waarheid bekend is, behoort vurig te bid om ywer om vir hulle bure te arbei. My broeders en susters, besoek diegene wat naby u woon, en trag deur medelyde en vriendelikheid om hulle harte aan te raak. Lê u daarop toe om op 'n manier te werk wat vooroordeel sal wegruim in plaas van dit te verwek. En onthou dat diegene wat die waarheid vir hierdie dae ken, maar hulle kragte aan hulle eie kerke bestee en weier om vir hulle onbekeerde bure te werk, verantwoording sal moet doen vir die werk wat hulle nagelaat het.

Leen van u kleiner boekies aan u bure, en as hulle dan belangstel, kan u van u groter boeke aan hulle gee. Wys "Christ's Object Lessons" aan hulle. Vertel hulle die geskiedenis van die boek en verneem of hulle nie graag 'n eksemplaar wil hê nie. As hulle reeds in besit van die boek is, vra dan of hulle nie 'n ander boek van dieselfde aard wil hê nie. Soek, indien moontlik, geleentheid om die waarheid aan hulle te verkondig. Saai die saad van die waarheid langs alle waters, want u weet nooit watter een sal geluk nie, hierdie of daardie nie.

### Werk van Huis tot Huis

Orals is daar nedersettings van welgestelde boere wat nog nooit die waarheid vir hierdie dae gehoor het nie. Sulke plekke moet bearbei word. Laat ons leke hierdie soort werk opneem. Deur boeke uit
[116] te leen of te verkoop, deur leesstof te versprei en deur Bybelstudies te gee, kan ons leke baie in hulle eie omgewing doen. Vervul met liefde vir siele kan hulle die boodskap met sulke krag verkondig dat baie tot bekering sal kom.

Twee Bybelwerkers het in 'n sekere huis gesit. Hulle het die Bybel voor hulle oop gehad en hulle het die Here Jesus voorgehou as die vergewende Verlosser. Daar is vurig tot God gebid, en harte het onder die invloed van die Gees van God gekom. Hulle gebede was kragtig. Namate hulle die Woord van God verduidelik het, het

ek ‘n sagte, heldere lig gesien wat die Skrifte verlig het, en ek het saggies gesê, “Gaan uit op die paaie en na die lanings en dwing hulle om in te kom, sodat My huis kan vol word.” Lukas 14: 23.

Die heerlike lig het van buurman tot buurman gegaan. Huisaltare wat lank reeds versaak is, is weer opgerig en baie het tot bekering gekom.

My broeders en susters, gee julleself aan die Here oor vir diens. Neem elke geleentheid vir diens tebaat. Besoek die siekes en lydendes en stel vriendelike belang in hulle. Doen, indien moontlik, iets om hulle lot te versag. Langs hierdie weg sal u hulle hart aanraak en ‘n woordjie vir Christus kan sê.

Die ewigheid alleen sal die vrugte van sulke diens toon. Daar sal geleentheid wees vir ander soorte werk vir diegene wat gewillig is om die werk te doen wat voorhande is. Dit is nie geleerde, welsprekende werkers wat tans nodig is nie, maar nederige, Christelike manne en vroue wat van Jesus van Nasaret geleer het hoe om nederig en ootmoedig te wees, en wat, steunende op Sy krag, sal uitgaan op die paaie en na die lanings met die uitnodiging: “Kom, want alles is gereed.” Lukas 14: 17.

Diegene wat goeie landbouers is, en diegene wat een-voudige huise kan bou, kan help. Hulle kan goeie werk doen en terselfdertyd in hulle karakters die hoë peil toon wat lede van hierdie genootskap kan bereik. Laat boere, finansiers, messelaars en ander ambagsmanne na verwaarloosde plekke gaan om die grond te bewerk, industrieë op te rig, wonings vir hulleself te bou, en ook om die waarheid aan [117]
hulle bure te verkondig.

## Werk vir Vrouens

Daar is ‘n groot arbeidseveld vir die vrouens sowel as vir die mans. Daar is werk vir goeie huishoudsters, naaisters en verpleegsters. Die arm mense kan geleer word hoe om te kook, hulle eie klere te maak, hoe om siekes te verpleeg, en hoe om behoorlik huis te hou. Selfs die kinders moet geleer word om liefdeswerkies te doen vir diegene wat minder bevoorreg is as hulleself.

## Die Huis 'n Sendingveld

Ouers moet nie die groot sendingveld in hulle eie huise vergeet nie. Elke moeder het 'n werk om te doen vir die kinders wat God aan haar toevertrou het. "Neem hierdie seun, hierdie dogter," sê God, "en lei hulle vir My op." Vorm hulle karakters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis sodat hulle kan skyn in die howe van die Here vir ewig." Waar die getroue moeder trag om haar kinders op te voed om boosheid te weerstaan, word sy bestraal met lig van die troon van God.

## Daar is Werk vir Almal

Daar is werk vir almal. Laat alles wat u doen help om die mensheid op te hef. Daar is soveel wat hulp nodig het. Die persoon wat lewe, nie om homself te bevredig nie, maar om tot seen te wees vir ander wat minder bevoorreg is, sal baie gelukkig wees. Laat diegene wat niks doen nie wakker word en die pligte van die lewe aanvaar. Neem die Woord van God en ondersoek dit. As u daders van die Woord is, sal die lewe vir u 'n werklikheid wees en u sal oorvloedig beloon word.

Die Here het 'n plek vir elkeen in Sy groot plan. Hy sal die nodige talente voorsien. Al het u slegs een talent, God het 'n plek daarvoor, en daardie een talent, getrou bestee, sal die werk doen wat God beoog. Die talent van die eenvoudiges is nodig in die werk van huis tot huis, en hierin sal dit ook meer uitrig as diegene met skitterende gawes.

[118] Daar is 'n duisend openinge vir werk. Ons betreur tans ons gebrek aan middele terwyl daar so 'n groot aanvraag om manne en middele is; maar as dit ons selfs nou eras was, sou ons ons middele met 'n honderdvoud kon vermeerder. Dit is selfsug en die botviering van self wat die weg versper.

Kerklede laat julle lig skyn. Verhef julle stemme teen onmatigheid, teen die vermake van hierdie wêreld, en ook in gebed en die verkondiging van die waarheid vir hierdie dae. Jou stem, jou invloed, jou tyd — al hierdie dinge is gawes van God en moet gebruik word om siele te win vir Christus.

Besoek u bure en toon belangstelling in die redding van hulle siele. Span al u geestelike kragte in. Verwittig diegene wat u besoek dat die einde van alle dinge naby is. Die Here Jesus sal hulle harte oopmaak en ‘n indruk op hulle maak.

Probeer om manne en vroue uit hulle geestelike slaap wekker te maak. Vertel hulle hoedat u Jesus gevind het en hoe gelukkig u is vandat u vir Hom begin werk het. Vertel hulle van die seëninge wat u ontvang aan die voete van Jesus namate u heerlike lesse uit Sy Woord leer. Vertel hulle van die vreugde en blydskap van die Christelike lewe. U kragtige, ernstige woorde sal hulle oortuig dat u die baie kosbare pêrel gevind het. Laat u blymoedige woorde wys dat u waarlik die hoër lewe gevind het. Dit is ware sendingwerk, en namate u dit doen, sal baie soos uit ‘n slaap wakker skrik.

Selfs waar hulle besig is met hulle daelikse werk kan Gods kinders ander tot Christus lei. En terwyl hulle met sulke werk besig is, sal hulle die heerlike versekering hê dat Christus by hulle is. Hulle hoef nie te dink dat hulle op hulle eie swak pogings moet staatmaak nie. Christus sal aan hulle die woorde gee om te spreek wat arme, sukkelende siele in hulle stryd teen die duisternis sal verkwik en bemoedig. Namate hulle sien hoedat die beloftes van die Verlosser vervul word, sal hulle eie geloof versterk word. Nie alleen is hulle ‘n seen vir ander nie, maar die werk wat hulle vir Christus doen, strek ook tot seen van hulle eie siele.

Daar is baie wat die werk waarvan ek spreek, kan en moet doen. [119]
My broeder en suster, wat doen u vir Christus? Trag u om ‘n seen tot ander te wees? Spreek u vriendelike woorde, woorde van medelyde en liefde? Maak u ernstige pogings om ander tot die Heiland te win?

### Die Gevolge as U nie Werk nie

Daar word maar betreklik min sendingwerk gedoen, en wat is die gevolg? Die waarhede wat Christus gegee het, word nie verkondig nie. Baie van Gods kinders was nie op die genade nie. Baie verkeer in ‘n onaangename geestestoestand — hulle is vol klaagliedere. Diegene wat niks doen om ander te help om die belangrikheid van die waarheid vir hierdie dae in te sien nie, moet desnoods met hulleself ontevrede voel. Satan maak gebruik van so ‘n toestand en hy beweeg hulle tot kritiek en vittery. As hulle maar getrag het om Gods wil te

ken en te doen, sou hulle besorgd gewees het oor verloregaande siele; hulle sou so onrustig gevoel het dat niks hulle sou kon terughou om die opdrag van die Here te gehoorsaam om die Evangelie aan die ganse mensdom te verkondig nie. (Markus 16: 15.)

## ’n Oproep tot Onvermoeide Inspanning

Die Here roep Sy volk om uit hulle slaap te ontwaak. Die einde van alle dinge is naby. As diegene wat die waarheid ken met God sou saamwerk, sou die vrugte van geregtigheid gesien word. Deur die openbaring van die liefde van God in sendingwerk, sal baie tot ‘n besef gebring word van die sondigheid van hulle lewens. Hulle sal besef dat hulle selfsug hulle in die verlede ongeskik gemaak het om met God saam te werk. Die openbaring van die liefde van God in onbaatsugtige werk vir ander sal die middel wees waardeur baie siele sal beweeg word om Gods Woord aan te neem net soos dit daar staan.

God is begerig om Sy volk te verkwik deur die gawe van die Heilige Gees om hulle opnuut in Sy liefde te doop. Daar is geen rede waarom daar ‘n gebrek aan die Gees in die kerk sal wees nie. Na die hemelvaart van Christus, is die Heilige Gees op die wagtende,
[120] biddende, gelowige dissipels in Sy volheid en krag wat alle harte bereik het, uitgestort. In die toekoms sal die aarde met die heerlikheid van God verlig word. Van diegene wat deur die waarheid geheilig is, sal daar ‘n heilige invloed uitgaan. Daar sal ‘n atmosfeer van genade om die ganse aarde wees. Die Heilige Gees sal in menslike harte werk en die dinge van God aan hulle openbaar.

## Sendinggesinne

As almal wat die lig van die waarheid het dit sou uitlewe, sou daar baie meer vir Christus gedoen kon word. Daar is hele gesinne wat sendelinge kan wees, wat persoonlike diens kan verrig vir die Meester met hulle hande en verstand deur nuwe metodes aan te bring vir die sukses van Sy werk. Daar is ernstige, verstandige manne en vroue met warm harte wat baie vir Christus kan doen as hulle hulle aan God sou oorgee en Sy aangesig met hulle hele hart sou soek.

My broeders en susters, neem ‘n aktiewe deel aan die werk om siele te win. Sulke werk sal u op verstandelike en geestelike gebied verkwik. Lig van Christus sal in u hart skyn. Die Heiland sal in u harte woon en in Sy lig sal u lig sien.

Wy uself heeltemal toe aan die werk van God. Hy is u sterkte en Hy sal aan u regterhand staan om u te help om Sy planne van genade uit te voer. Trag om almal rondom u te bereik deur persoonlike werk. Maak kennis met hulle. Prekery sal nie die werk doen wat moet gedoen word nie. Engele van God sal u vergesel na die wonings wat u besoek. U kan hierdie werk nie deur ander laat doen nie. Geld sal dit ook nie doen nie, en nog minder sal preke dit regkry. Deur die mense te besoek, met hulle te praat, saam met hulle te bid en met hulle medelyde te hê — dit sal hulle hart win. Dit is die verhewendste soort sendingwerk wat u kan doen. Om dit te kan doen, het u onwrikbare, volhardende geloof, groot geduld en ‘n groot liefde vir siele nodig.

Trag om in aanraking te kom met die mense in wie se omgewing
u woon. Verkondig die waarheid aan hulle met ‘n medelydende gees. [121]
Onthou dat die Here Jesus die Meesterwerker is. Hy benat die saad wat gesaai is. Dit is Hy wat die woorde in u mond sit wat harte sal aanraak. Glo en verwag dat God die toegewyde, onselfsugtige werker sal steun. Gehoorsaamheid, kinderlike geloof en vertroue in God — dit is die dinge wat vrede en vreugde bring. Werk sonder eiebelang, en met liefde en geduld, vir almal met wie u in aanraking kom. Moet nooit wys dat u ongeduldig is nie. Bewaak u lippe vir onvriendelike woorde. Laat die liefde van Christus in u harte woon en die wet van vriendelikheid u lippe beheers.

Dit is vir my ‘n raaisel waarom daar nie honderde in die werk besig is waar daar nou maar een is nie. Die hemel staan verbaas oor die onverskilligheid, koudheid en lusteloosheid van diegene wat voorgee om seuns en dogters van God te wees. Daar is ‘n lewende krag in die waarheid. Gaan voort in geloof en verkondig die waarheid asof u dit glo. Laat diegene vir wie u werk sien dat dit vir u inderwaarheid ‘n lewende werklikheid is.

## Ontwikkeling Deur Diens

Diegene wat hulle lewens bestee aan Christelike diens, weet wat ware geluk is. Hulle belange en gebede is nie slegs tot hulle eie selfsugtige kringetjie beperk nie. Terwyl hulle trag om ander te help, groei hulle self ook. Hulle raak bekend met die grootste planne en met die grootste ondernemings, en dis geen wonder dat hulle groei nie, want hulle is op die weg van goddelike lig en seen. Sulke persone ontvang wysheid van die hemel. Hulle word steeds meer en meer vereenselwig met Christus in al Sy planne. Daar is geen geleentheid vir luiheid of stilstand nie. Eiebelang en selfsug kannie bestaan waar daar gedurige bedrywigheid in verband met hoe en heilige werksaamhede is nie.

# HOOFSTUK VYFTIEN—VROUE AS EVANGELIEDIENARESSE [122]

(Deel VI, bls. 114-118.)

DIE werk wat begin is om ons susters onder 'n besef te bring van hulle persoonlike verantwoordelikheid tot God, is 'n goeie en nodige werk. Hierdie werk was vir 'n lang tyd verwaarloos. Die Here wil hê dat ons gedurig die waarde van die menslike siel sal voorhou aan diegene wat dit nie besef nie. En wanneer dit op 'n eenvoudige en duidelike manier voorgehou word, sal die huislike pligte, in stede dat hulle verwaarloos word, op 'n intelligenter wyse nagekom word.

As ons dit so kon reel dat daar georganiseerde groepe is wat behoorlik ingelig is in verband met die werk wat hulle moet doen as diensknegte van die Meester, sal ons kerke die lewenskrag hê waaraan hulle lank reeds behoefte het. Die waarde van siele vir wie Christus gesterf het, sal besef word. Oor die algemeen het ons susters maar 'n moeilike tyd met die vermeerdering van hulle gesinne en die beproewings wat ander nie besef nie. Ek hoop tog so dat daar vrouens kan opgelei word wat ons susters sal bemoedig om vir die Here te werk. Dit sal sonstrale in hulle eie lewens bring, wat ook weer ander lewens vel verlig. God sal almal seën wat aan hierdie heerlike werk deelneem.

Dit skyn of baie van die jongmense sowel as van die ouer susters skaam is om oor die godsdiens te gesels. Hulle besef nie die geleenthede wat hulle het nie. Hulle maak die vensters van hulle siele na die hemel-toe toe, en maak hulle vensters na die aarde-toe wyd oop. Maar as hulle eenmaal die waarde van die menslike siel besef, sal hulle die vensters na die aarde-toe toemaak — die hunkering na wêreldse vermake, ligsinnigheid en sonde — en hulle sal die vensters hemelwaarts oopmaak na geestelike dinge. Die Woord van God moet hulle versekering, hulle hoop en hulle vrede wees. Hulle [123]
sal dan kan sê: "Ek sal lig ontvang van die Son van Geregtigheid en dit ook op ander laat skyn."

Die suksesvolste werkers is diegene wat hulle werk opneem en God dien in die klein dingetjies. Elke mens moet met sy lewensdraad werk—'n patroon uitwerk wat sal help om die groot ontwerp van God te voltooi.

Die werk van Christus het grotendeels bestaan uit persoonlike onderhoude. Hy het groot waarde geheg aan onderhoude met enkele persone. Die onderrig wat daardie een siel ontvang het, is weer na duisende ander geneem.

## Die Verkwikkende Invloed van Eenvoudige Woorde

Ons moet die jongmense oplei om ander jongmense te help; en namate hulle hierdie werk doen, sal hulle ondervinding opdoen wat hulle sal bekwaam maak om in 'n wyer kring te werk. Duisende kan op 'n eenvoudige, nederige manier bereik word. Die slimste mense — diegene wat beskou word as die wêreld se begaafdste manne en vroue — word dikwels verkwik deur die eenvoudige woorde van iemand wat God liefhet en wat so natuurlik van daardie liefde kan praat as die wêreldling van wêreldse dinge. Dikwels het woorde wat ons vooraf gekies en geleer het, geen krag nie; maar die ware, opregte woorde van 'n seun of dogter van God, in natuurlike eenvoud gespreek, sal dikwels harte ontsluit wat lank reeds toe was.

Orals hoor ons die noodkrete van diegene wat in ellende verkeer. Die skaduwee van die sonde bedek ons, en ons moet bereid wees vir alle goeie woorde en werke. Ons weet dat ons die teenwoordigheid van Jesus by ons het. Die soete invloed van Sy Heilige Gees leer en lei ons om woorde te spreek wat ander sal aanmoedig en verlig. As ons dikwels met ons susters kon praat, en as ons, in stede van te sê, "Gaan," hulle daartoe kon bring om te maak en voel soos ons voel, sou hulle steeds meer en meer die waarde van 'n menslike siel besef. Ons leer sodat ons self leraars kan word. Elke kerklid moet onder die indruk hiervan gebring word.

[124] ## Persoonlike Diens

Ons glo van ganser harte in kerklike organisasie, maar die organisasie moenie aan ons voorskryf presies hoe ons moet werk nie; want nie alle harte kan met dieselfde metodes bereik word nie. Niks

moet toegelaat word om die dienskneg van God weg te hou van sy medemens nie. Die werker, as indiwidu, moet vir die sondaar as indiwidu werk. Elke persoon het sy eie lig om aan die brand te hou; en as hierdie vate gevul is met hemelse olie deur middel van die goue pype; en as die vate van self geledig is sodat hulle die heilige olie kan ontvang, sal daar nie tevergeefs lig op die pad van die sodaars skyn nie. Daar sal meer lig op die pad van die swerweling gewerp word deur een lamp wat op hierdie wyse gevul is, as deur 'n hele aantal fakkeldraers wat net vir vertoon daar is. Persoonlike toewyding en oorgawe aan God sal beter resultate lewer as die indrukwekkendste vertoon.

Leer ons susters dat hulle elke dag moet vra: "Here wat wil U hê dat ek vandag moet doen?" Elke toegewyde vat sal daeliks die heilige olie ontvang om weer in ander vate leeggemaak te word.

## Ontvang om Mee te Deel

As ons lewe in hierdie wêreld heeltemal aan Christus toegewy is, sal dit 'n lewe van daelikse oorgawe wees. Hy sal ons vrywillige dienste he, en elke siel sal vir Hom soos 'n juweel wees. As ons ons susters onder die indruk kan bring van die goed wat hulle kan doen deur Christus, sal daar 'n groot werk gedoen word. As ons die verstand en die hart kon wakker maak om saam te werk met die goddelike Werker, sal ons deur sulke werk groot oorwinnings behaal. Maar dan moet ons self op die agtergrond stel en Christus moet as die Werker gesien word.

Daar moet 'n afwisseling wees van ontvang en gee — 'n ontvangs en 'n mededeling. Dit sal ons verbind met God as medewerkers. Dit is die lewenswerk van die Christen. Hy wat sy lewe opoffer sal dit vind.

Ons kapasiteit vir die ontvangs van die heilige olie van die twee [125]
olyfbome sal vergroot word namate die ontvanger deur woord en daad die heilige olie meedeel om in die behoeftes van ander te voorsien. Om gedurig te ontvang en gedurig te gee, beteken werk — bevredigende werk.

Ons het daeliks nuwe voorrade nodig, en hoeveel siele kan ons nie help deur aan hulle die olie mee te deel nie! Die hemel wag op kanale waardeur die heilige olie kan vloei tot seen en vreugde van

ander. Daar bestaan geen vrees dat enigeen 'n mislukking van die werk sal maak solank hy maar een is met Christus nie. As Christus in ons is, sal ons gedurig goeie werk doen wat bestendig sal wees. Die goddelike volheid sal deur die toegewyde menslike werktuig vloei tot ander.

## Persoonlike Evangelisasie

Die Here het werk vir die vrouens sowel as vir die mans. Hulle sal goeie werk vir God kan doen as hulle eers in die skool van Christus die kosbare en allerbelangrikste les van nederigheid wil leer. Hulle moenie slegs die naam van Christus dra nie, maar moet ook Sy Gees hê. Hulle moet wandel soos Hy gewandel het, en hulle siele reinig van alles wat besoedel. Hulle sal dan in staat wees om ander te help deur die volheid van Jesus voor te stel.

Daar word in 'n groot behoefte voorsien deur die werk van vroue wat hulleself aan die Here oorgegee het en wat hulle hande uitsteek om behoeftige, sondige mense te help. Daar moet persoonlike evangeliewerk gedoen word. Die vrouens wat hierdie soort werk opneem, neem die Evangelie na diegene wat op die paaie en in die lanings is. Hulle lees die Woord van God voor en verduidelik dit vir huisgesinne; hulle bid saam met hulle, versorg die siekes en voorsien in hulle stoflike behoeftes. Hulle stel aan gesinne en indiwidue die reinigende invloed van die waarheid voor en die krag daarvan om die hart te verander. Hulle wys daarop dat die weg tot vrede en vreugde gevind word in die navolging van Jesus.

[126] 
## Wat Onontbeerlik is vir Suksesvolle Werk

Almal wat vir God werk moet van die eienskappe van Martha sowel as die van Maria in hulle karakters hê gewilligheid om te werk, asook 'n opregte liefde vir die waarheid. Self en selfsug moet op die agtergrond gestel word. God vra om ernstige vrouewerkers, wat verstandig, medelydend en teerhartig is en wat getrou is aan beginsels. Hy vra om volhardende vrouens wat nie aan self of hulle eie gemak sal dink nie, wat hulle oë op Christus sal vestig, woorde van waarheid sal spreek, wat saam sal bid met die persone wat hulle besoek en wat sal werk vir die bekering van siele.

O, watter verskoning het julle my susters, dat julle nie soveel tyd moontlik bestee aan ‘n ondersoek van die Skrifte om die heerlike waarhede in julle harte op te gaar sodat julle dit weer kan meedeel aan diegene wat nie belangstel in die waarheid nie? Sal ons susters in die bresse tree? Sal hulle vir die Meester werk?

* * * * *

’N SUSTER wat vir die saak van die waarheid werk kan harte bereik, veral onder die susters, wat die predikant nie kan bereik nie. Daar rus ‘n verantwoordelikheid op die vrou van die predikant wat sy nie lig van haar kan skuif nie. God sal rekenskap vra, met rente, van die talent wat Hy aan haar gegee het. Sy behoort ernstig en getrou saam te werk met haar eggenoot in die redding van siele. Sy moet nooit haar eie wense en begeertes voorrang gee of gebrek aan belangstelling toon waar dit die werk van haar man geld nie; en waar hulle op vreemde plekke werk, moet sy nooit toegee aan heimwee of ontevredenheid nie. Al hierdie natuurlike gevoelens moet oorwin word. Sy moet ‘n onwrikbare lewensdoel hê, al sou dit soms in botsing kom met haar eie gevoelens en begeertes. Al hierdie dinge moet gewillig opgeoffer word ten einde goed te doen en siele te red.—Deel I, bl. 452.

[127] # HOOFSTUK SESTIEN—DIE GEES VAN ONAFHANKLIKHEID

(Deel IX, bls. 257-261.)

DIEGENE wat van die begin af in die werk was, verdwyn stadigaan van die toneel. Nog net 'n paar van die ou baanbrekers is by ons. Baie van die swaar laste wat eertyds deur manne van ryp ondervinding gedra is, rus vandag op die skouers van jonger manne.

Daar is 'n sekere mate van gevaar verbonde aan die feit dat manne wat minder ervare is die verantwoordelikheid moet dra—'n gevaar waarteen ons moet waak. In die wêreld is daar 'n gedurige stryd om die hoë betrekkings. Daar is 'n neiging om op eie houtjie te wil werk —'n gees van disorganisasie wat feitelik met die lug ingeasem word. Sommige beskou alle pogings om orde te skep as gevaarlik — as 'n beperking van persoonlike vryheid, 'n soort van pousdom. Hierdie misleide siele beskou dit as 'n deug om vir hulleself te dink en onafhanklik op te tree — hulle spog met hulle vryheid. Hulle verklaar dat hulle hulle nie van ander sal laat geseg nie, en dat hulle aan niemand verantwoordelik is nie. Aan my is getoon dat Satan hom daarop toelê om mense te lei om te voel dat God behae skep in persone wat hulle eie weg kies, sonder die raad van hulle broeders.

Hierin skuil daar 'n groot gevaar vir ons werk later. Ons moet versigtig voortgaan, verstandig en in ooreenstemming met die oordeel van Godvresende raadsliede; want langs hierdie weg alleen is daar veiligheid en sterkte. As dit nie die geval is nie, kan God nie met ons en deur ons en vir ons werk nie.

### Deeglike Organisasie

O, hoe bly sal Satan nie wees nie as hy maar daarin kon slaag om onder ons mense in te kom en die werk in die war te stuur, veral
[128] op 'n tyd wanneer deeglike organisasie onontbeerlik en 'n magtige

afweermiddel is van alle valse bewegings en van alles wat nie in ooreenstemming is met Gods Woord nie! Ons behoort ons werk so te reël dat die orde en organisasie wat tot stand gekom het as gevolg van 'n verstandige beleid, onaangetas bly. Geen afbrekende element moet op hierdie tyd in die werk gedoog word nie. Sommige het gemeen dat die kinders van God, namate ons die einde nader, onafhanklik van enige godsdienstige organisasie moet optree. Maar ek is deur die Here opgedra om te sê dat daar in hierdie werk gladnie so iets moet wees as 'n onafhanklike optrede nie. Die sterre aan die hemeltrans word almal deur 'n wet beheers; die een beïnvloed die ander in die volvoering van die wil van God en hulle is almal gehoorsaam aan die wet wat hulle beweging beheers. Om Gods werk op gesonde voet en eendragtig te laat uitbrei, behoort Sy volk saam te staan.

Die stampe en stote waarmee sommige werk wat voorgee om Christene te wees, laat ons dink aan die fratse van sterk, dog ongeleerde perde. As die een vorentoe spring, beur die andereen agteruit; as die baas praat wil die een alles maak-en-breek terwyl die andereen botstil staan. As die mense nie almal wil saamtrek in die groot werk vir hierdie dae nie, sal daar verwarring ontstaan. Dit is nie 'n goeie teken wanneer mense nie met hulle broeders wil saamwerk nie,en verkies om onafhanklik op te tree. Die werkers moet sulke persone in hulle vertroue neem en hulle wys waar hulle verkeerd handel en afwyk van die regte beginsels. As mense in die juk van Christus trek, kan hulle nie anders as saamtrek nie; hulle sal saam met Christus trek.

Daar is sommige broeders wat met al die krag wat God aan hulle gegee het, werk, maar hulle het nog nie geleer dat hulle nie alleen moet werk nie. Pleks van hulleself te isoleer, behoort hulle saam met hulle ander broeders te werk. Tensy hulle dit doen, sal hulle hulle kragte op die verkeerde tyd en in die verkeerde rigting bestee. Hulle sal dikwels teenstrydig met die wil van God werk, met die gevolg dat al hulle inspanning waardeloos sal wees.

## Eenheid in Verskeidenheid [129]

Aan die anderkant moet die leiers van Gods volk oppas vir die gevaar om die metodes te veroordeel van sekere werkers wat deur

God gelei is om 'n spesiale werk te doen en wat ander onbekwaam is om te doen. Die broeders wat in verantwoordelike posisies is, moet nie haastig wees om ander te kritiseer wat nou nie juis in volkome ooreenstemming met hulle metodes werk nie. Hulle moenie dink dat hulle persoonlikheid alle planne moet deurstraal nie. Hulle moet ook vertroue hê in die metodes van ander; want as hulle geen vertroue het in 'n mede-broeder wat op toegewyde en nederige wyse 'n spesiale werk vir God doen nie, strem hulle die werk van God.

God kan en sal diegene gebruik wat nie juis deeglike opvoeding geniet het nie. Twyfel aan Gods krag om dit te doen, beteken ongeloof; dit is 'n beperking van die almag van die Een vir wie niks onmoontlik is nie.

O, mag daar minder wees van hierdie onnodige, ongewensde versigtigheid! Dit is oorsaak dat daar baie kragte in die kerk ongebruik bly; dit versper die weg sodat die Heilige Gees nie die mense kan gebruik nie; dit laat diegene wat graag vir Christus wil werk, ledig staan; en baie wat voortreflike werkers sou word as hulle maar net 'n kans sou kry, word ontmoedig en teruggehou om die werk op te neem.

## Die Mensehande en die Wiele

Vir die profeet was die wiel binne-in 'n wiel, en die lewende wesens by die wiele, vreemd en onverstaanbaar. Maar die hand van die Alwyse is tussen die wiele gesien, met die gevolg dat daar volkome orde en eenstemmigheid was. Elke wiel wat deur die hand van God gerig word, is in volkome ooreenstemming met die ander wiele. Aan my is getoon dat menslike werktuie soms geneig is om na te veel mag te gryp en die werk alles self te wil bestuur. Die Here God, die magtige Werker word te dikwels buiterekening gelaat; hulle vertrou Hom nie met alles in verband met die werk nie. Niemand
[130] moet ooit vir een oomblik dink dat hy bevoegd is om die sake van die Groot EK IS te bestuur nie. In Sy voorsienigheid het God dit so beskik dat die werk deur menslike werktuie gedoen moet word. Laat elke man dus op sy pos staan en besef dat God sy leermeester is.

## Die Wêreldkonferensie

Die Here het aan my getoon dat die oordeel van die een mens nie onderworpe moet wees aan die van 'n ander mens nie. Nooit moet die verstand van een man of 'n paar manne as voldoende beskou word om die werk te bestuur en voor te skryf hoe gehandel moet word nie. Maar op 'n Wêreldkonferensie, waar daar broeders uit alle dele van die wêreld saam vergader is, moet private oordeel vir dié van die konferensie swig; geen persoon moet hardnekkig aan sy eie sienswyses vasklem nie. 'n Werker moet dit nooit as 'n deug beskou om sy eie onafhanklike mening te handhaaf in weerwil van die mening van die konferensie as geheel nie.

Met tye, toe 'n klein groepie manne aan wie die bestuur van die werk in die naam van die Wêreldkonferensie toevertrou was, getrag het om onverstandige planne uit te voer en Gods werk te strem, het ek gesê dat ek nie langer die stem van die Wêreldkonferensie, soos verteenwoordig deur hierdie paar manne, as die stem van God aanneem nie. Maar dit wil nie sê dat die besluite van 'n Wêreldkonferensie, saamgestel uit manne wat behoorlik aangestel is — manne uit alle dele van die veld — nie gehoorsaam moet word nie. God het verordineer dat die besluite van die verteenwoordigers van Sy kerk uit alle dele van die aarde, wanneer hulle op die Wêreldkonferensie praat, gesag sal hê. Die gevaar wat daar wel bestaan, is dat sommige die besluite van een, of van 'n paar manne, met dieselfde gesag sal beklee as die besluite van die Wêreldkonferensie.

Wanneer hierdie mag wat God aan Sy kerk gegee het in een man geplaas word en hy met gesag beklee word oor ander, dan word die Bybelse reël sodoende verander. Satan sal dan so iemand op listige wyse beïnvloed en hom soms selfs oorweldig; want deur hom sal [131]
die vyand dan ook baie ander beïnvloed. Laat ons eerder die kerk met die hoogste gesag beklee, liewer as om dit aan een man, of 'n klein groepie te gee.

* * * * *

DIE Here het nie aan een van ons die bekwaamheid gegee om Sy werk alleen te behartig nie. Hy het dit so beskik dat verskillende manne van verskillende bevoegdheid, mekaar van raad moet bedien en mekaar moet help. Dit is op hierdie wyse dat die gebreke en

die gemis aan ondervinding in die een deur die ondervinding en bekwaamhede van ander aangevul word. Ons behoort almal sorgvuldig te lees wat daar gesê word in die briewe aan die Efesiërs en Korinthiërs aangaande ons verhouding tot mekaar as lede van die liggaam van Christus op aarde.

In ons werk moet ons die verhouding van een werker tot die ander in die werk van God nie uit die oog verloor nie. Ons moet nooit vergeet nie dat daar ander is behalwe ons wat werk het om te verrig in die saak van God. Qns moet nie ons ore sluit vir die raad van ander nie. In ons planne vir die bevordering van die werk, moet ons altyd bereid wees om die wenke van ander te oorweeg en saam met hulle te werk.

Laat ons vertroue hê in die oordeel van ander broeders. Ons moet altyd gewillig wees om te luister na die advies en waarskuwings van ons mede-broeders. In die werk van God moet elkeen van ons besef dat ons deel uitmaak van die groot geheel. Ons moet ons wysheid by God soek en ook leer wat dit beteken om ‘n wagtende, wakende gees te hê; en wanneer ons afgemat en neerslagtig voel, moet ons na die Heiland gaan.

Dit is ‘n fout om ons af te skei van diegene wat nie instem met ons planne nie. As ons dit doen, sal ons nooit die vertroue van ons broeders in ons oordeel win nie. Dit is ons plig om ons broeders te raadpleeg en te luister na hulle advies. Ons moet hulle om hulle sienswyses vra, en as hulle dit bekendmaak, moet ons dit nie verwerp asof hulle ons vyande is nie.— *“Testimonies to Ministers” bls. 499, 500.*

# HOOFSTUK SEWENTIEN—DIE VERDELING VAN VERANTWOORDELIKHEID [132]

(Deel IX, bls. 262-269.)

GOD wil hê dat Sy volk 'n verstandige volk moet wees. Hy het dit so beskik dat daar spesiaal gekose manne as afgevaardigdes na ons konferensies moet gaan. Sulke manne moet beproefde en betroubare manne wees. Die werk om afgevaardigdes na die konferensies te kies, is 'n belangrike werk. Hierdie afgevaardigdes moet die planne maak vir die bevordering van die werk, en derhalwe moet hulle verstandige manne wees — manne wat van oorsaak tot gevolg kan redeneer.

"En die volgende dag het Moses gesit om reg te spreek vir die volk; en die volk het voor Moses gestaan van die more tot die aand toe. En toe Moses se skoonvader sien alles wat hy vir die volk doen, sê hy: Wat is dit wat jy vir die volk doen? Waarom sit jy alleen, en die hele volk staan voor jou van die more tot die aand toe? En Moses antwoord sy skoonvader: Omdat die volk na my kom om God te raadpleeg. As hulle 'n saak het, kom hulle na my; en dan moet ek regspreek tussen hulle, en die insettinge van God en Sy wette bekend maak.

"Maar Moses se skoonvader sê vir hom: Die ding wat jy doen, is nie goed nie. Jy sal heeltemal uitgeput raak, jy sowel as hierdie volk wat by jou is. Want die saak is te swaar vir jou; jy kan dit nie alleen doen nie. Luister nou na my; ek sal jou raad gee, en God sal met jou wees: Wat jou betref, wees jy die verteenwoordiger van die volk van God en bring jy die sake voor God, en verklaar vir hulle die insettinge en die wette, en maak hulle die weg bekend waarop hulle moet gaan, en die werk wat hulle moet doen. Maar kies jy uit die hele volk bekwame manne wat God vrees, betroubare manne wat onregverdige wins haat. En stel dié aan oor hulle: owerstes oor duisend, owerstes oor honderd, owerstes oor vyftig en owerstes oor [133]
tien; en laat hulle vir die volk voortdurend regspreek; al die groot

sake moet hulle na jou bring, maar in al die klein sake moet hulle self regspreek. Maak dit so ligter vir jou, en laat hulle saam met jou dra.

"As jy dit doen, en God dit jou beveel, dan kan jy dit uithou, en sal ook al hierdie mense tevrede na hulle woonplek gaan.

"Moses het toe geluister na sy skoonvader en alles gedoen wat hy gesê het — Moses het bekwame manne uit die hele Israel gekies en hulle as hoofde oor die volk aangestel — owerstes oor duisend, owerstes oor honderd, owerstes oor vyftig en owerstes oor tien. En hulle het vir die volk voortdurend reggespreek: die moeilike sake het hulle na Moses gebring, maar in al die klein sake self reggespreek." Exod. 18: 13-26.

Ook in die eerste hoofstuk van Handelinge word daar onderrig gegee in verband met die kiesing van manne om kerklike verantwoordelikhede te dra. As gevolg van die afdwaling en dood van Judas het daar 'n vakature in die geledere van die apostels ontstaan, wat dit nodig gemaak het om iemand te kies om die vakature op te vul. In hierdie verband het Petrus gesê:

"Van die manne dan wat saam met ons omgegaan het al die tyd waarin die Here Jesus by ons inen uitgegaan het, van die doop van Johannes af tot op die dag dat Hy van ons opgeneem is — van hulle moet daar een saam met ons getuie word van Sy opstanding. En hulle het twee voorgestel: Josef wat genoem is Barsabas, met die bynaam van Justus, en Matthias. En hulle het gebid en gesê: U, Here, wat die harte van almal ken, wys uit hierdie twee die een aan wat U uitverkies het om die lot van hierdie bediening en apostelskap te verkry, waarvan Judas afgewyk het om heen te gaan na sy eie plek. Toe werp hulle die lot, en die lot het op Matthias geval; en hy is gekies om saam met die elf apostels te wees." Hand. 1: 21-26.

[134] **Manne Wat Gekies is om Verantwoordelikheid te Dra**

Uit hierdie skrifgedeeltes leer ons dat God spesiale manne vir spesiale poste het. God wil hê dat Sy volk vesigtig moet handel en verstandige keuses moet doen wanneer dit nodig is om vakatures te vul, veroorsaak deur manne wat ontrou geword het. As dit in die dae van Christus nodig was om versigtig te wees in die keuse van manne vir verantwoordelike posisies, betaam dit ons vandag ook om baie

versigtig te wees. In elke geval moet ons eers die saak voor die Here bring en Hom vra om vir ons te kies.

Die God van die hemel het manne met rype ondervinding gekies om die verantwoordelikhede van Sy werk te dra. Hierdie manne moet spesiale invloed hê. As ons aan almal die mag wil gee wat ons aan hierdie spesiale manne gee, is dit hoog tyd om halt! te roep. Diegene wat gekies is om verantwoordelikhede te dra, moenie te veel op self vertrou, haastig of selfsugtig wees nie. Nooit moet hulle deur hulle voorbeeld of invloed voorgaan in die kwaad nie. Die Here gee aan geen man of vrou die vryheid om idees aan die hand te doen wat Sy werk sal verlaag en wat sal afbreek doen aan die heiligheid daarvan nie. Gods werk moet steeds heiliger woord vir Sy volk. Op alle maniere moet ons die hoë peil van die waarheid handhaaf en verheerlik. Diegene wat as wagters oor die werk van God aangestel is in ons inrigtings moet altyd die wil en die weë van God op die voorgrond stel. Die gesondheid van die werk oor die algemeen hang af van die getrouheid van die manne wat aangestel is om die wil van God in die kerke uit te voer.

Manne met 'n rype ondervinding moet in bevel wees —'n ondervinding nie in die dinge wat self betref nie, maar in die dinge van God; manne wat 'n groot kennis het van die karakter van Christus. Hoe meer hulle van Christus weet, hoe getrouer sal hulle Hom in die wêreld kan verteenwoordig. Hulle behoort na Sy stem te luister en ag te slaan op Sy woorde.

## 'n Waarskuwing [135]

"Toe het Hy die stede waarin die meeste van Sy kragtige dade plaasgevind het, begin verwyt, omdat hulle hul nie bekeer het nie: Wee jou, Gorasin, wee jou, Betsaida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het. Maar Ek sê vir julle, dit sal vir Tirus en Sidon verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir julle.

"En jy, Kapemaum, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot die doderyk toe neergestoot word; want as in Sodom die kragtige dade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly staan het tot vandag toe. Maar Ek sê vir julle dat dit vir die land van Sodom verdraagliker sal wees in die oordeelsdag as vir jou.

"In daardie tyd het Jesus gespreek en gesê: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het. Ja, Vader, want so was dit U welbehae. Alles is aan My oorgegee deur My Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar.

"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart; en julle sal rus vind vir julle siele. Want My juk is sag en My las is lig." Matt. 11: 20-30.

Dit is altyd veilig om nederig, ootmoedig en teerhartig te wees, maar terselfdertyd moet ons so onwrikbaar as 'n rots staan wat die leer van Christus betref. Sy woord moet stip gehoorsaam word. Nie een van Sy woorde moet uit die oog verloor word nie. Die waarheid bly tot in ewigheid. Ons moenie ons vertroue in leuens of voorwendsels stel nie. Diegene wat dit doen sal eindelik vind dat hulle die ewige lewe as gevolg verbeur het. Ons moet nou reguit paaie maak vir ons voete sodat die kreupeles nie uitval nie. As die swakkes die veilige pad verlaat, wie se skuld is dit anders as diegene
[136] s'n wat hulle verlei het? Hulle het die raad van Hom wie se woorde die ewige lewe is, verontagsaam vir leuenagtige woorde wat hulle oorsprong het in die vader van die leuens.

Ek het 'n waarskuwing vir almal wat meen dat hulle veilig is om hulle opvoeding op Battle Creek te kry. Die Here het twee van ons grootste inrigtings op Battle Creek uitgedelg, en Hy het ons herhaaldelik gewaarsku soos Hy Kapernaum en Betsaida gewaarsku het. Dit is noodsaaklik om ernstig te let op elke woord wat deur die mond van God gespreek is. Niemand kan die woorde van Christus verontagsaam sonder om te sondig nie.

Die Heiland dring by die afgedwaaldes aan om hulle te bekeer. Diegene wat hulle harte verootmoedig en hulle sondes bely, sal vergewe word. Maar die man wat dink dat hy, deur sy sondes te bely, swakheid verraai, sal nie vergifnis ontvang nie; hy sal Christus, sy Verlosser, ook nie sien nie, maar sal voortgaan met sy oortreding, van dwaasheid tot dwaasheid en van sonde tot sonde. Wat sal so iemand doen die dag as die boeke geopen word, wanneer elkeen geoordeel sal word volgens wat daar in die boeke geskryf is?

"En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het — kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom, wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van Sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" Openb. 6: 12-17.

"Ná hierdie dinge het ek gesien — kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; [137] hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam! . . . Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hulle klere wit gemaak in die bloed van die Lam. Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in Sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal Sy tent oor hulle opslaan. Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle lei na lewende waterfonteine, en God sal alle trane van hulle oë afvee." Openb. 7: 9-17.

In hierdie Skrifture sien ons twee groepe mense. Die een groep het hulle oorgegee aan verleiding en hulle aan die kant geskaar van diegene met wie die Here 'n regsaak het. Hulle het die boodskappe wat aan hulle gestuur is verkeerd opgeneem en hulleself beklee met die kleed van eiegeregtigheid. Sonde was in hulle oë nie sonde nie. Hulle het die leuen as waarheid voorgehou en deur hulle is baie siele verlei.

## "Waak dan"

Ons behoort nou op onsself te let. Daar is reeds waarskuwings gegee. Kan ons nie die vervulling sien van die voorspellings van Christus soos opgeteken in die eenen-twintigste hoofstuk van Lukas nie? Hoeveel is daar wat die woorde van Christus ondersoek? Hoeveel is daar wat hulle eie siele bedrieg en hulleself beroof van die seëninge wat tot hulle sou kom as hulle sou glo en gehoorsaam? Die genadetyd is nog daar, en dit is ons voorreg om vas te klem aan die hoop wat voor ons gestel word in die Evangelie. Laat ons berou oor ons sondes hê en ons bekeer en ons sondes versaak, sodat hulle uitgedelg kan word. "Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar My woorde sal nooit verbygaan nie. Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie.
[138] Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig mag geag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en te staan voor die Seun van die mens." Lukas 21: 33-36.

Sal ons die waarskuwings wat Christus gegee het, ver-ontagsaam? Sal ons ons nie nou beywer om ons te bekeer terwyl die genadetyd nog daar is nie?

"Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie. Maar weet dit: As die huisheer wis in watter nagwaak die dief sou kom, sou hy gewaak en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie. Daarom moet julle ook gereed wees, omdat die Seun van die mens kom in 'n uur wat julle dit nie verwag nie. Wie is dan die getroue en verstandige slaaf vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te te gee? Gelukkig is daardie slaaf vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig sal vind. Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel. Maar as daardie slegte slaaf in sy hart sê: My heer talm om te kom — en hy sy medeslawe begin slaan en saam met die dronkaards begin eet en drink, dan sal die heer van dié slaaf kom op 'n dag dat hy dit nie verwag en op 'n uur dat hy dit nie weet nie; en sal hom middeldeur sny en hom 'n deelgenoot maak van die geveinsdes. Daar sal geween wees en gekners van die tande." Matt. 24: 42-51.

# HOOFSTUK AGTIEN—GETROUE RENTMEESTERSKAP [139]

(Deel IX, bls. 245-252.)

CHRISTUS het ons met Sy eie kosbare bloed gekoop. Hy het die koopsom betaal vir ons verlossing, en as ons daardie skat maar net wil aanneem, sal dit ons s'n wees as 'n vrye gawe van God.

"Hoeveel skuld jy aan my heer?" Lukas 16: 5. Dit is onmoontlik om te sê. Alles wat ons het, kom van God. Hy kan Sy hand op al ons besittings lê en sê: "Ek is die wettige eienaar van die ganse heelal; al hierdie dinge is Myne. Heilig aan My die tiendes en die offergawes. As julle hierdie dinge aan My bring as 'n teken van julle lojaliteit en onderwerping aan My koningskap, sal My seen julle goed vermeerder en julle sal 'n oorvloed hê."

God stel elke siel op die proef wat voorgee om in Hom te glo. Aan almal is talente toevertrou. Die Here het aan die mense Sy goed gegee om daarmee handel te dryf. Hulle is Sy rentmeesters, en Hy het aan hulle geld, huise en grond gegee. Al hierdie dinge moet beskou word as aan die Here behorende, om gebruik te word vir die bevordering van Sy werk en om Sy koninkryk uit te brei op die aarde. Waar ons handeldryf met die Here se goed, moet ons na Hom gaan om wysheid, sodat ons nie die goed wat Hy aan ons toevertrou het, gebruik vir selfverheerliking of vir selfsugtige doeleindes nie. Die hoeveelheid wat gegee is, is verskillend, maar diegene wat die minste ontvang het, moenie voel dat hulle niks daarmee kan doen omdat dit min is nie.

Elke Christen is 'n rentmeester van God aan wie Hy Sy goed toevertrou het. Gedenk aan die woorde: "En verder word van die bedienaars vereis dat hulle getrou moet bevind word." 1 Kor. 4: 2. Laat ons toesien dat ons God nie beroof in die klein dingetjies nie, want daar is groot dinge op die spel.

Alle dinge behoort aan God. Die mense mag Sy eiendomsreg [140]
verontagsaam; en terwyl Hy Sy seëninge mildelik op hulle uitstort,

mag hulle Sy gawes aan die bevrediging van self bestee, maar hulle sal verantwoording moet doen van hulle rentmeesterskap.

'n Rentmeester vereenselwig hom met sy meester. Hy aanvaar die verantwoordelikhede van 'n rentmeester, en hy moet in sy meester se plek optree net soos sy meester self sou gedoen het as hy daar was. Sy meester se belange is sy belange. Die betrekking van rentmeester is 'n waardige betrekking omdat sy meester hom vertrou. As hy in enige opsig op selfsugtige wyse sou optree en die winste wat hy maak deur handel met sy meester se goed vir sy eie voordeel sou gebruik, maak hy 'n misbruik van die vertroue wat in hom gestel is.

## Die Onderhoud van die Evangelie

Die Here het die verkondiging van die Evangelie afhanklik gemaak van die arbeid en vrywillige gifte van Sy volk. Die een wat die boodskap van genade aan die gevalle mensdom verkondig, het nog 'n ander werk, naamlik, om aan die mense hulle plig voor te hou om die werk van God te ondersteun met hulle geld. Hy moet hulle daarop wys dat 'n deel van hulle inkomste aan God behoort en dat dit heilig is aan Sy werk. Hierdie les moet hy aan hulle voorhou deur gebod en voorbeeld; en hy moet oppas dat hy nie deur sy eie gedrag afbreuk doen aan die belangrikheid van sy leer nie.

Die goed wat volgens die Skrifte afgesonder is as behorende aan God, is vir die verkondiging van die Evangelie, en dit behoort nie meer aan ons nie. Dit is niks anders as heiligheidskennis vir iemand om geld uit die skatkis van God te neem vir homself of vir die gebruik van ander in wêreldse besigheid. Sommige het verkeerd gehandel deur middele van die altaar van God weg te hou wat spesiaal aan Hom gewy is. Almal behoort hierdie saak in die regte lig te beskou. Laat niemand wat in geldelike moeilikhede verkeer geld wat heilig
[141] is vir godsdienstige doeleindes vir sy eie voordeel gebruik en dan sy gewete sus met die voorneme om dit by 'n later geleentheid weer terug te betaal nie. Dit sou ver beter wees om mens uitgawes te reël volgens jou inkomste, om met minder klaar te kom en volgens jou inkomste te leef, as om die Here se geld te gebruik vir wêreldse doeleindes.

## Die Gebruik van die Tiendes

God het spesiale voorskrifte gegee in verband met die gebruik van die tiendes. Dit is nie Gods doel dat Sy werk sal skade ly as gevolg van gebrek aan middele nie. Sodat daar geen verwarring en foute mag kom nie, het Hy ons pligte in hierdie verband baie duidelik omskryf. Die deel wat God vir Homself uitgehou het, moenie gebruik word vir enige ander doel as dié waarvoor Hy dit bestem het nie. Laat niemand voel dat hy die reg het om sy tiendes terug te hou en dit volgens sy eie oordeel te gebruik nie. Hy moet dit nie in tye van nood vir homself gebruik, of dit vir enige ander doel gebruik, al sou dit ook volgens sy mening vir die werk van die Here wees.

Die predikant moet deur gebod en voorbeeld aan die mense voorhou dat die tiendes heilig is. Hy moenie dink dat hy, omdat hy 'n predikant is, dit volgens sy eie oordeel kan gebruik nie. Dit behoort nie aan hom nie. Hy het ook nie die reg om die deel daarvan te neem wat volgens sy mening aan hom behoort nie. Hy moet ook nooit deur sy invloed planne voorstaan waardeur die tiendes en offergawes wat aan God gewy is, vir ander as die wettige doel gebruik word. Alles moet in die skatkis van God gestort word en dit moet heilig wees aan die dienste wat Hy voorgeskryf het.

God wil hê dat al Sy rentmeesters die goddelike verordeninge stip sal nakom. Hulle moenie Gods planne verydel deur geld te gee vir die een of ander liefdadigheid, of enige gawe of offerande te gee soos hulle mag goeddunk nie. Dit is 'n baie onverstandige iets vir die mens om te probeer om die planne van God te verbeter deur ander planne uit te dink en geld te gee vir hierdie of daardie doel en dit dan af te trek van die deel wat God wettiglik toekom nie. God versoek almal om deur hulle invloed Sy plan te ondersteun. Hy het Sy plan [142]
bekend gemaak, en almal wat met Hom wil saamwerk, moet hierdie plan uitvoer liewer as om te probeer om daarop te wil verbeter.

Die Here het deur Moses die volgende bevel aan Israel gegee: "Jy moet die kinders van Israel beveel dat hulle vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die kandelaar bring, om gedurigdeur 'n brandende lamp te hê." Exod. 27: 20. Dit moes 'n voortdurende offer wees sodat die huis van God behoorlik kon voorsien wees van die nodige dinge vir Sy diens. Vandag ook moet die volk van God onthou dat die kerk die eiendom van die Here is en dat daar met

nougesetheid daarvoor gesorg moet word. Maar die geld hiervoor moenie uit die tiendes geneem word nie.

Daar is aan my 'n baie duidelike boodskap gegee vir ons mense. Aan my is opgedra om aan hulle te sê dat hulle 'n fout begaan deur die tiendes vir verskillende doeleindes te gebruik wat, hoewel hulle almal waardig is, tog nie die doel is waarvoor die tiendes gebruik moet word nie. Diegene wat die tiendes op hierdie wyse gebruik, wyk af van die reëls van die Here. Vir hierdie dinge sal God hulle in die oordeel bring.

Die een meen dat die tiendes vir skooldoeleindes gebruik kan word. Ander weer meen dat die kolporteurs uit die tiendes onderhou moet word. Maar dit is 'n groot fout om die tiendes nie vir die regte doel, naamlik vir die onderhoud van predikante, te gebruik nie. Waar daar vandag een opgeleide werker in die veld is, behoort daar ten minste 'n honderd te wees.

## 'n Heilige Plig

Die tiendes is heilig aan God. Dit moet in Sy skatkis gestort word vir die onderhoud van evangeliedienaars. Vir 'n lang tyd al word die Here beroof omdat daar diegene is wat nie besef dat die tiendes aan God behoort nie. Sommige het ontevrede geword en gesê: "Ek sal nie langer my tiende betaal nie, want ek het geen vertroue in die manier waarop sake in die werk bestuur word nie." Maar sal u die
[143] Here beroof omdat u dink dat sake nie reg bestuur word nie? Dien u klagte openlik in, in die regte gees en by die regte persone. Dien u versoek in vir die behoorlike bestuur van sake, maar moet u nie onttrek van die werk van God en ontrou wees net omdat ander nie reg handel nie.

Lees die derde hoofstuk van Maleagi sorguvldig en let op wat God van die tiendes sê. As ons gemeentes op Gods woord sou staan en getrou sou wees om die tiendes in Sy skatkis te stort, sou dit meer werkers aanmoedig om die evangeliebediening op te neem. Meer mense sou die evangelie werk opneem as hulle nie gedurig moet hoor dat die kas leeg is nie. Daar behoort genoeg middele te wees in die Here se skatkis, en daar sal ook genoeg wees as dit nie was dat selfsugtige harte en hande die tiendes terughou, of dit gebruik vir ander soorte werk nie.

Die middele wat aan God behoort moet nie op so ‘n onverskillig wyse gebruik word nie. Die tiendes behoort aan die Here en diegene wat hulle daarmee bemoei, sal gestraf word deur die verlies van hulle skat in die hemel as hulle hulle nie bekeer nie. Die werk moenie langer gestrem word omdat die tiendes vir ander doeleindes gebruik word as dié wat God voorgeskryf het nie. Daar moet ander voorsiening gemaak word vir daardie werk. Daardie werk moet onderhou word, maar nie uit die tiendes nie. God het nie verander nie; die tiendes moet nog gebruik word vir die onderhouding van die evangeliebediening. Die binnedringing van nuwe arbeidsvelde verg meer werkers as wat ons tans het, en daarom moet daar geld in die kas wees.

Op diegene wat die evangeliebediening opgeneem het, rus daar ‘n plig wat, vreemd genoeg, verwaarloos word. Sommige is lief om te preek, maar hulle bearbei nie die kerklede persoonlik nie. Die gemeentes het groot behoefte aan onderrig aangaande hulle verpligtings teenoorGod, veral in verband met die eerlike betaling van hulle tiendes. Ons predikante sou baie verontreg voel as hulle nie gereëld hulle salaris ontvang nie; maar dink hulle ooit daaraan dat daar middele in die skatkis van God moet wees om die werkers [144]
mee te betal? As hulle hulle plig nalaat om die gemeentelede te leer dat hulle getrou moet wees in die betaling van Gods deel, sal daar nie genoeg middele in die skatkis wees om Gods werk voort te sit nie.

Die opsigter oor die kudde van die Here moet getrou wees in die nakoming van sy pligte. As hy die werk nalaat vir ander om te doen omdat hy meen dat dit onaangenaam is, is hy nie ‘n getroue werker nie. Laat hom die beskuldiging van God in Maleagi lees waar die Here die volk beskuldig dat hulle Hom beroof het omdat hulle nie hulle tiendes betaal het nie. Die almagtige God sê, “Met die vloek is julle belaai.” Mal. 3:9. As die een wat in die woord en leer arbei, sien dat die volk ‘n verkeerde weg inslaan wat die vloek op hulle sal bring, hoe kan hy dan sy plig versuim om hulle reg te help en te waarsku? Elke kerklid behoort daarop gewys te word dat hy getrou moet wees in die betaling van sy tiendes.

“Bring al die tiendes na die skathuis, sodat daar spyse in My huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskare, of

Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle ‘n oorvloedige seën sal uitstort nie.” Mal. 3: 10.

## Die Skeidingslyn Moet Duidelik Getrek Word

My bede is dat my broeders moet besef dat die derde engel se boodskap vir ons baie beteken, en dat die viering van die ware Sabbat ‘n teken is wat aantoon wie God dien en wie Hom nie dien nie. Laat diegene wat slaperig en onverskillig geword het, wakker word. Ons is tot heiligheid geroep, en ons moet oppas dat ons nie die indruk gee dat dit nie eintlik saak maak of ons die spesiale eienskap van ons geloof behou nie. Op ons rus die groot verantwoordelikheid om meer gesteld te wees op die waarheid en geregtigheid as wat ons in die verlede was.

Die skeidingslyn tussen dié wat die gebooie van God bewaar en dié wat dit nie doen nie, word nie duideiik genoeg deur ons getrek nie. Ons moet God nougeset eer en ywerig alle middels aanwend
[145] om ons verbondsverhouding teenoor Hom te handhaaf, sodat ons Sy seëninge kan ontvang — die seëninge wat so onontbeerlik is vir diegene wat vurige beproewings sal moet verduur. Deur die indruk te verwek dat ons geloof en ons godsdiens nie ‘n groot krag in ons lewe is nie, onteer ons God baie. Op hierdie manier dwaal ons af van Sy gebooie, wat ons lewe is, en ons loën dat Hy ons God en ons Sy volk is.

“Jy moet dan weet dat die Here jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en Sy gebooie onderhou, in duisend geslagte. Maar aan die wat Hom haat, aan elkeen persoonlik vergeld Hy dit, om hom te vernietig; Hy sal met Sy hater nie versuim nie, hom persoonlik sal Hy dit vergelde.” Deut. 7:9, 10.

Waar sal ons staan voordat die duisend geslagte wat in hierdie skriftuur genoem is, geëindig is? Dan sal ons lot reeds vir die ewigheid beslis wees. Ons sal óf waardig geag gewees het vir ‘n tuiste in die ewige koninkryk van God, óf ons sal die ewige doodstraf ontvang het. Diegene wat hulle verbond met God getrou nagekom het; diegene wat, omdat hulle Golgota onthou het, getrou vir die waarheid gestaan het en gedurig getrag het om God te eer, sal die volgende woorde hoor: “Mooi so, goeie en getroue slaaf.” Maar

diegene wat God op halfhartige wyse gedien het en die weë en die praktyke van die wêreld nagevolg het, sal die treurige woorde hoor: “Gaan weg van My; Ek het jou nooit geken nie.”

[146] # HOOFSTUK NEGENTIEN—WELDADIGHEID

(Deel IX, bls. 253-256.)

"VEREER die Here uit jou goed en uit die eerstelinge van ai jou inkomstes; dan sal jou skeure vol word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos." Spreuke 3:9,10.

"Daar is een wat ruim uitdeel en nog meer kry, en een wat terughou meer as wat reg is, maar tot sy gebrek. Die siel wat seen, word versadig; en hy wat verkwik, word self ook gelaaf." Spreuke 11: 24, 25.

"Maar die edele beraam edele dade, en hy hou stand in wat edel is." Jes. 32: 8.

Die goddelike wysheid het dit so beskik dat die wet van aksie en reaksie vir die verlossingsplan sal geld, en dit bring 'n dubbele seën op alle weldadigheidswerk. Hy wat aan behoeftiges gee bring 'n seën aan ander, en ontvang self nog 'n groter seen.

## Die Heerlikheid van die Evangelie

Sodat die mens nie die seen wat as gevolg van weldadigheid kom, mag verloor nie, het die Heiland 'n plan ontwerp waarin die mens opgeneem word as Sy medewerker. God kon sondaars verlos het sonder die hulp van mense; maar Hy het geweet dat die mens nooit gelukkig sou wees sonder 'n aandeel in die groot werk nie. Deur omstandighede wat weldadigheid sou uitlok, gee Hy aan die mens die beste geleentheid om weldadigheid te betoon, en Hy het dit so beskik dat die mens gedurig moet gee om behoeftiges te help en ook om Sy saak te bevorder. 'n Behoeftige wêreld verg ons talente en invloed om die waarheid te bring aan behoeftige manne en vroue. En namate ons aan hierdie oproepe gehoor gee deur ons arbeid en weldadigheid, word ons verander in die ewebeeld van Hom wat
[147] terwille van ons arm geword het. Deur te gee seen ons ander en vergader ons terselfdertyd ware rykdom.

Die Evangelie berus op die beginsel waardeur die gevalle mensdom weer herstel kan word tot die goddelike ewebeeld deur die openbaring van weldadigheid. Hierdie werk het in die hemelse howe begin. Daar reeds het God aan die mensdom onmiskenbare bewyse gegee van die liefde wat Hy teenoor hulle koester. "So lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." Joh. 3: 16. Die gawe van Christus openbaar die hart van die Vader. Dit getuig dat Hy, aangesien Hy ons verlossing onderneem het, niks sal terughou wat nodig is vir die voleindiging van Sy werk nie, al is dit vir Hom ook hoe dierbaar.

Die gees van mildadigheid is die gees van die hemel. Christus se selfopofferende liefde is aan die kruis geopen-baar. Ten einde die mens te verlos het Hy alles gegee wat Hy gehad het, en daarna het Hy Homself gegee. Die kruis van Christus doen 'n beroep op die weldadigheid van elkeen van Sy navolgers. Die beginsel wat daar geopenbaar is, is gee, gee. Hierdie beginsel, uitgevoer in daadwerklike weldadigheid en goeie werke, is die ware vrug van die Christelike lewe. Die leuse van wêreldlinge is versamel, versamel, en daarmee verwag hulle om die geluk te verkry; maar die uiteinde daarvan is ellende en die dood.

Die lig van die Evangelie wat van die kruis straal, bestraf alle selfsug en moedig mildadigheid en weldadigheid aan. Niemand hoef dit te betreur dat daar steeds meer en meer oproepe gemaak word om te gee nie. In Sy groot goedheid roep God die mense weg van hulle enge werksaamhede tot groter ondernemings. In hierdie dae, wanneer sedelike duisternis die aarde bedek, moet daar groter ondernemings aangepak word. Baie van Gods kinders loop gevaar om verstrik te word deur wêreldsgesindheid en geldgierigheid. Hulle moet besef dat dit deur Sy genade is dat daar steeds groter aanvrae is om middele. Sake wat weldadigheid as gevolg sal hê, moet onder [148]
hulle aandag gebring word, of anders sal hulle nie hulle karakters kan ontwikkel volgens die groot Voorbeeld nie.

## Die Seen van Rentmeesterskap

In die opdrag van Christus aan Sy dissipels: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom," het

Hy aan die mens die werk gegee om Sy genade bekend te maak. Maar terwyl sommige uitgaan om te preek, roep Hy ander om te gee vir die uitbreiding van Sy saak op die aarde. Hy het middele in die hande van mense geplaas sodat Sy goddelike gawes deur menslike kanale kan vloei vir die onderhouding van die werk om die siele van hulle medemens te red. Dit is een van die maniere waardeur God die mens ophef. Dit is juis die werk wat die mens nodig het; want dit sal die diepste snare van sy hart aanroer en hom daartoe bring om die beste vermoëns van sy verstand te lewer.

Alle goeie dinge wat op die aarde is, is deur die mildadige hand van God daar geplaas as 'n bewys van Sy liefde vir die mens. Die armes behoort aan Hom, en die onderhouding van die godsdiens behoort ook aan Hom. Die goud en die silwer behoort aan die Here; en Hy kan hierdie dinge van die hemel laat reent as Hy dit sou verkies. Maar in stede daarvan het Hy die mens aangestel as Sy rentmeester, en middele aan hom toevertrou, nie om opgegaar te word nie, maar om te gebruik tot seen van ander. Hy het die mens dus die medium gemaak deur wie Hy Sy seëninge op die aarde kan uitstort. God het die weldadigheid ingestel sodat die mens soos sy Skepper kan word, weldadig en onselfsugtig, en eindelik 'n deelnemer met Christus in die ewige loon.

## Vergader Rondom die Kruis

Die liefde wat op Golgota geopenbaar is, moet herlewe en uitbrei onder ons gemeentes. Sal ons nie alles in ons vermoë doen om krag te gee aan die beginsels wat Christus na hierdie wêreld gebring het nie? Sal ons nie probeer om die weldadige ondernemings waaraan
[149] daar vandag behoefte is, aan te pak en deur te voer sonder om langer uit te stel nie? Waar u voor die kruis staan en daar sien hoedat die Vors van die hemel Sy lewe vir u gegee het, kan u eerlik sê, "Nee, ek het niks om te gee nie"?

Die gelowige volk van Christus moet Sy liefde versprei en bestendig. Hierdie liefde moet hulle saambring rondom die kruis. Dit moet hulle van alle selfsug ontledig en hulle aan God en aan mekaar snoer.

Vergader rondom die kruis van Golgota in opoffering en selfverloëning. Namate u u bes doen sal God u seen. Namate u die

genadetroon nader en voel dat u daaraan vasgesnoer is met die goue ketting wat van die hemel na die aarde reik om die mens uit die kuil van die sonde te trek, sal u hart in liefde uitgaan tot u broeders en susters wat sonder God en sonder hoop in die wêreld is.

* * * * *

DIE beginsels wat wêreldlinge toepas, is om soveel moontlik van die verganklike dinge van hierdie aarde te versamel. Liefde vir voordeel is die heersende beginsel van hulle lewe. Maar die reinste vreugde word nie in rykdom gevind nie en ook nie waar hebsug botvier nie, maar waar tevredenheid heers en waar selfopofferende liefde die botoon vier. Daar is duisende wat hulle lewens slyt in selfbevrediging en wie se harte vol ontevredenheid is. In die vergeefse poging om die geluk te vind in self-bevrediging, het hulle die slagoffers geword van hebsug en ontevredenheid. Mens kan die ongeluk op hulle gelaat lees en agter hulle is ‘n woestyn omdat hulle geen goeie werke gedoen het nie.

Volgens die mate van die liefde van Christus in ons harte en die mate wat dit ons lewens beheers, sal gierigheid en selfsug en liefde vir gemak oorwin word, en ons sal daar behae in skep om die wil van Christus te doen, wie se diensknegte ons voorgee om te wees. Ons geluk sal dan in verhouding staan tot ons onselfsugtige werke wat geopenbaar sal word as gevolg van die liefde van Christus in ons harte — *Deel III, bl. 382.*

[150] # HOOFSTUK TWINTIG—HULP VIR DIE SENDINGVELDE

(Deel VI, bls. 445-453.)

DAAR druk ‘n las op my hart in verband met die behoeftige sendingvelde. Daar is ‘n groot werk om te doen in die sendingvelde wat naby ons is; en daar is groot behoefte aan middele vir die bevordering van die werk in die buiteland. Ons buitelandse sendingwerk gaan agteruit. Die sendelinge word nie onderhou soos God dit verlang nie. Weens gebrek aan fondse kan die werkers nie nuwe velde binnedring nie.

Orals rondom ons is daar siele wat in hulle sondes sterf. Elke jaar sterf daar duisende en duisende sonder God en sonder die hoop op die ewige lewe. Die plae en oordele van God doen hulle werk, en siele gaan na die verderf omdat die lig van die waarheid nie aan hulle gebring is nie. Maar hoe min is daar wat besorgd is oor die toestand van hulle medemens! Die wêreld vergaan in sy ellende; maar dit beweeg skaars diegene wat voorgee om die heerlikste waarheid te glo wat nog ooit aan sterwelinge gegee is.

God verwag van Sy volk dat hulle Hom sal help om die verloregaandes te verlig; maar hoeveel is daar nie wat tevrede is om niks te doen nie. Daar is ‘n gemis aan daardie liefde wat Christus genoop het om Sy hemelse woning te verlaat en die menslike natuur op te neem, sodat Hy deur Sy mensheid die mensheid kon bereik ten einde hulle tot God te bring. Daar is ‘n gevoelloosheid, ‘n verlamming onder die volk van God wat hulle belet om te besef wat in hierdie tyd verlang word.

### Gods Volk op die Proef Gestel

Gods volk word op die proef gestel voor die heelal; maar die skamelheid van hulle gifte en offergawes, en die swakheid van hulle
[151] pogings in Gods werk, veroordeel hulle as ontrou. As die bietjie wat

hulle nou doen die beste is wat hulle kan doen, dan sou hulle nie veroordeel word nie; maar met die middele wat tot hulle beskikking is, kan hulle baie meer doen. Hulle weet, en die wêreld weet, dat hulle in ‘n groot mate die gees van selfopoffering en selfverloëning verloor het.

God vra om manne om die slapende wêreld — dood in die sonde en ongeregtigheid — wakker te skud. Hy vra om die vrywillige gawes van diegene wie se harte in die werk is en wat graag wil he dat niemand verlore sal gaan nie maar die ewige lewe mag hê. Satan is besig om die lewenspel met die mense te speel om hulle siele. Hy is daarop uit om die middele in die hande te kry en elders te bestee sodat dit nie kan gebruik word om sendingondernemings te bevorder nie. Sal ons onkundig bly aangaande sy planne? Sal ons hom toelaat om ons aan die slaap te sus?

Ek doen ‘n beroep op ons broeders orals om wakker te skrik, om hulle aan God toe te wy en wysheid van Hom te verlang. Ek doen ‘n beroep op ons konferensies om ernstige pogings aan te wend om ons gemeentes wakker te skud. Maak hulle wakker om te besef dat hulle van hulle middele moet gee vir die onderhoud van die buitelandse sending. Tensy u harte aangeraak word om die behoeftes van die buitelandse sending te besef, sal die laaste genadeboodskap aan die wêreld gestrem word, en die werk wat God wil hê dat ons moet doen, sal verwaarloos word.

Die einde van die genadetyd nader vinnig. Die groot dag van die Here is naby. Ons behoort nou alle pogings aan te wend om ons mense wakker te skud. Laat almal agslaan op die volgende woorde van die Here by monde van Sy profeet Maleagi: “Sedert die dae van julle vaders het julle van My insettinge afgewyk en dit nie onderhou nie. Keer terug na My, en Ek wil na julle terugkeer, sê die Here van die leërskare. Maar julle vra: Hoe moet ons dan terugkeer? Kan ‘n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Hoe het ons U dan beroof? In die tiendes en die offergawe. Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasiel Bring al [152]
die tiendes na die skathuis, sodat daar spyse in My huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle ‘n oorvloedige seen sal uitstort nie. Ek sal ook die sprinkaan van julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie;

ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die Here van die leërskare. En al die nasies sal julle gelukkig prys, omdat julle die land van welbehae sal wees, sê die Here van die leërskare." Mal. 3: 7-12.

## Ons Verantwoordelikheid tot God

Dit is tyd vir ons om ag te slaan op die onderwysing van Gods Woord. Al Sy bevele is vir ons eie voordeel, om ons siele te bekeer van die sonde tot geregtigheid. Elke bekeerling tot die waarheid behoort onderrig te word aangaande Gods bevele ten opsigte van tiendes en offergawes. Namate daar nuwe gemeentes gestig word, moet hierdie werk met beslistheid en in die Gees van Christus onderneem word.

Alles wat die mense geniet, ontvang hulle van God, en Hy skep daar behae in dat Sy volk Sy gawes sal geniet; maar almal wat hulle onder die met-bloed-bevlekte banier van Prins Emmanuel skaar, moet hulle afhanklikheid van en hulle verantwoordelikheid tot God erken deur 'n sekere gedeelte van Sy goed weer in Sy skatkis te stort. Hierdie middele moet dan aan sendingwerk bestee word in gehoorsaamheid aan die bevel wat die Seun van God aan Sy dissipels gegee het: "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom."

Diegene wat waarlik bekeerd is, is geroep tot 'n werk wat middele
[153] en toewyding verg. Die verpligting wat ons bind om ons name in die kerkboeke te laat skryf, maak ons ook verantwoordelik tot God om vir Hom te werk tot die beste van ons vermoëns. Hy vra om onverdeelde diens en om die algehele toewyding van hart, siel, verstand en krag. Christus het ons in die kerk gebring sodat ons al ons vermoëns aan Hom kan toewy vir die redding van siele. Alles minder as dit beteken 'n stremming van die werk. Daar is net twee plekke in hierdie wêreld waar ons ons skatte kan bêre — óf in die skatkamer van God óf in dié van Satan; en alles wat nie aan die diens van Christus gewy is nie, is aan die kant van Satan en help om sy saak te bevorder.

Dit is die doel van God dat die middele wat aan ons toevertrou is, gebruik sal word vir die uitbreiding van Sy koninkryk. Sy goed is aan Sy rentmeesters gegee om versigtig daarmee handel te dryf sodat dit 'n inkomste vir Hom kan lewer vir die redding van siele tot die ewige lewe. En hierdie geredde siele sal weer op hulle beurt rentmeesters van die waarheid word en saamwerk met die grot firma in belang van die koninkryk van God.

## Ontvangs en Mededeling

Waar daar lewe is, is daar ook opwassing; in Gods koninkryk vind daar 'n gedurige ruiling plaas—'n ontvangs en 'n mededeling; 'n ontvangs van die Here en 'n teruggawe aan Hom van Sy eiendom. God werk deur elke ware gelowige, en die lig en seëninge wat hy ontvang, word weer uitgegee in die werk wat die gelowige doen. Op hierdie wyse word die vermoë om te ontvang steeds groter. Namate iemand die hemelse gawes meedeel, maak hy plek vir nuwe strome van genade en waar-heid uit die fontein van lewende water. Meer lig en kennis en groter seëninge word sy deel. Hierdie werk wat tot die ontwikkeling van elke kerklid bydra, is ook die lewe en groeikrag van die kerk. Die persoon wat maar net ontvang en nooit meedeel nie, verloor gou die seen. As die waarheid nie van hom uitvloei tot ander nie, verloor hy sy kapasiteit om te ontvang. As ons nuwe seeninge wil hê, moet ons die gawes van die hemel aan ander meedeel. [154]

Dit geld eweseer in die tydelike as in die geestelike. Die Here kom nie na hierdie wêreld met goud en silwer vir die voortsetting van Sy werk nie. Hy gee middele aan mense sodat hulle deur hulle gifte en offergawes Sy werk kan bevorder. Die een doel bo alle ander waaraan Gods gawes moet bestee word, is die onderhouding van die werkers in die groot oesland. En as manne en vroue die kanale wil wees sodat die seëninge tot ander siele kan vloei, sal die Here toesien dat die toevoer steeds voldoende is. Dit is nie wat hulle aan God gee wat mense arm maak nie, maar dit is die terughouding van die gawes wat armoede veroorsaak.

Deur aan ander mee te deel wat hy van God ontvang het, word elke kerklid 'n medewerker van God. Van onsself kan ons niks doen nie; maar Christus is die meesterwerker. Dit is die voorreg van elke mens wat Christus aanneem om saam met Hom te werk.

Die Heiland het gesê: "En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek." Joh. 12: 32. Om die vreugde te hê om siele te red, het Christus die kruis verduur. Hy het die lewende offerande geword vir 'n verlore wêreld. In daardie een daad van selfopoffering is Christus se hele hart gesit, die liefde van God; en deur daardie offer is die magtige invloed van die Heilige Gees aan die wêreld gegee. Deur opoffering dus, moet Gods werk op aarde voortgesit word. Van elke kind van God word opoffering verwag. Christus het gesê: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg." Lukas 9: 23. Aan almal wat glo, gee Christus 'n nuwe karakter. Hierdie karakter is, as gevolg van Sy oneindige offer, die ewebeeld van Sy eie.

Die Bewerker van ons saligheid is ook die Voleinder daarvan. Een waarheid in die hart ontvang, sal plek maak vir ander waarhede. En die waarheid, waar dit ookal ontvang word, verkwik die kragte van die ontvanger. As ons kerklede waarlik liefhebbers van Gods
[155] Woord is, sou hulle die edelste eienskappe aan die dag lê; en hoe edeler hulle is, hoe kinderliker sal hulle gees wees, en hulle sal die Woord van God aanneem teen alle selfsug.

Daar skyn strome van lig van die Woord van God, en daar moet 'n opwekking kom om verwaarloosde geleenthede te besef. As almal getrou sou wees om aan God die tiendes en offergawes te bring wat Hom toekom, sou die weg geopen word vir die ganse wêreld om die boodskap vir hierdie dae te hoor. As die harte van Gods volk vol van die liefde van Christus sou wees; as elke kerklid heeltemal besiel sou wees met die gees van selfopoffering; as dit almal waarlik erns was, sou daar geen gebrek aan middele wees vir sowel die binnelandse as die buitelandse sending nie. Ons middele sou vermenigvuldig word; 'n duisend deure sou oopgaan en ons sou versoek word om in te kom. As Gods plan om die boodskap van genade aan die hele wêreld te verkondig deur Sy volk uitgevoer sou gewees het, sou Christus lankal na die aarde teruggekom het, en die heiliges lank reeds in die Godstad gewees het.

### Bevorder die Werk in Behoeftige Velde

As daar ooit 'n tyd was dat daar opofferings moet gemaak word, dan is dit nou. Diegene wat geld het, behoort te besef dat dit nou

die tyd is om dit aan Gods werk te bestee. Moenie geld bestee om geriewe aan te skaf waar die werk reeds bevestig is nie. Moenie meer geboue oprig waar daar alreeds heelwat gedoen is nie. Gebruik die middele om werk in nuwe velde te begin. Op hierdie wyse kan siele in die waarheid gebring word wat weer hulle deel sal bydra.

Dink aan ons sendingwerk in die buiteland. Op sommige plekke gaan dit baie swaar om dit aan die gang te hou; hulle het gebrek aan selfs die geringste fasiliteite. In stede om die fasiliteite te vermeerder op plekke wat reeds goed bedeel is, moet die werk in daardie behoeftige velde opgebou word. Die Here het herhaaldelik in verband hiermee gespreek. Sy seen kannie op Sy volk rus as hulle hierdie bevele verontagsaam nie.

## Spandabelheid en Liefde vir Vertoon [156]

Leef spaarsaam tuis. Daar is vele wat afgode in hulle harte het en aanbid. Laat vaar u selfsugtige gejaag na plesier. Ek smeek u, moenie u geld bestee aan die verfraaiing van u huise nie; want dit is Gods geld en Hy sal rekenskap van u eis. Ouers, moet om Christus wil nie u geld bestee aan die bevrediging van die genotsug van u kinders nie. Moet hulle nie leer om die mode en vertoon na te volg ten einde invloed in die wêreld te verkry nie. Sal dit hulle begerig maak om siele te red vir wie Christus gesterf het? Nee; dit sal net afguns, jaloesie en bose bedenkinge as gevolg hê. U kinders sal trag om mee te ding met die vertoon en spandabelheid van die wêreld, en die Here se geld uit gee vir dinge wat nie nodig is vir hulle gesondheid en geluk nie.

Moenie u kinders leer om te dink dat u liefde vir hulle juis getoon moet word in die bevrediging van hulle hoogmoed en liefde vir vertoon nie. Daar is nie meer tyd om planne uit te dink hoe om geld te bestee nie. Gebruik u verstand om planne uit te dink wat spaarsaamheid sal bevorder. In stede van selfsugtige begeertes te bevredig en geld te bestee aan dinge wat die denkvermoëns vernietig, behoort ons liewer planne te beraam hoe om self te verloën, sodat ons iets sal oor hê om te belê in die verkondiging van die waarheid in nuwe streke. Ons verstand is ‘n talent; gebruik dit om die beste planne uit te dink vir die belegging van u geld in die redding van siele.

Leer u kinders dat God aanspraak het op alles wat hulle besit—'n aanspraak wat niks kan wegneem nie; alles wat hulle het, is slegs aan hulle geleen om hulle gehoorsaamheid op die proef te stel. Besiel hulle met die begeerte om sterre te win vir hulle krone deur die redding van siele van die sonde tot geregtigheid.

Geld is 'n nodige skat; moet dit nie verkwis op diegene wat dit nie nodig het nie. Daar is diegene wat u vrywillige offergawes nodig het. Maar te dikwels besef diegene wat goed met middele bedeel is nie dat daar baie in hierdie wêreld is wat broodgebrek ly nie. Hulle
[157] mag sê: "Ek kan tog nie almal voed nie." Maar as u Christus se voorbeeld navolg, sou u ten minste tog een kon voed. Dit mag wees dat u in staat is om baie van tydelike voedsel te voorsien. Maar u kan ook hulle siele voed met die Brood van die Lewe. "Maak die stukkies bymekaar wat oorgeskiet het, sodat niks verlore gaan nie." Joh. 6: 12. Hierdie woorde is geuiter deur Hom wat al die skatte van die wêreld tot Sy beskikking gehad het; en hoewel Hy deur Sy wonderwerkende krag duisende gevoed het, het Hy nie nagelaat om die les van spaarsaamheid voor te hou nie.

Wees spaarsaam met u tyd. Dit behoort aan die Here. U krag behoort aan die Here. As u spandabele gewoontes het, versaak hulle. Sulke gewoontes, as u hulle botvier, sal u bankrot maak vir die ewigheid. Maar gewoontes wat spaarsaamheid, arbeidsaamheid en nugterheid bevorder, is selfs in hierdie wêreld 'n beter erfporsie vir u kinders as 'n groot bruidskat.

Ons is reisigers, pelgrims en vreemdelinge op aarde. Ons moenie ons geld uitgee vir die bevrediging van begeertes wat God ons versoek het om te versaak nie. Laat ons liewer die regte voorbeeld stel vir diegene met wie ons omgaan. Laat ons waardige verteenwoordigers wees van ons geloof deur spaarsaam te lewe. Laat die kerke soos een man opstaan en met erns werk, soos diegene wat in die voile lig van die waarheid vir hierdie dae wandel. Laat u invloed siele onder die indruk bring van die eise van God.

As daar deur die voorsienigheid van God aan u rykdom gegee is, moet dan nie gaan stilsit met die gedagte dat u nie hoef te werk nie, dat u genoeg het en dus maar kan eet en drink en vrolik wees. Moenie ledig staan terwyl ander swoeg om middele vir die saak van God te vergader nie. Belê u middele in die werk van God. As u

minder doen as u plig om die verloregaandes te help, onthou dan dat u uself deur u ledigheid skuldig maak.

## Die Versameling van Middele nie 'n Sonde nie

Dit is die Here wat aan die mens krag gee om rykdom te verwerf, en Hy skenk hierdie vermoë, nie dat die mens self moet bevredig [158] nie, maar dat hy aan God Sy eiendom kan teruggee. Met hierdie doel voor oë is dit nie 'n sonde om middele te versamel nie. Geld moet deur arbeid verdien word. Elke jongmens moet geleer word om arbeidsaam te wees. Die Bybel veroordeel niemand omdat hy ryk is mits hy sy rykdom op 'n eerlike manier verkry het nie. Dit is die selfsugtige liefde vir geld wat die wortel van alle kwaad is. Rykdom sal 'n seen wees as ons dit beskou as aan die Here behorende, om met dankbaarheid aangeneem te word en weer met dankbaarheid aan die Gewer teruggegee te word.

Maar watter waarde het skatte wat versamel word vir die laaste dae, as dit bestee word aan pragtige wonings of aandele? Wat sal hierdie dinge weeg vergeleke met die redding van een siel vir wie die Seun van God Sy lewe gegee het?

Aan diegene wat skatte vir die laaste dae vergader het, sê die Here: "Julle rykdom is bedorwe, en julle klere is deur die motte verniel. Julle goud en silwer is verroes, en hule roes sal tot 'n getuineis teen julle wees en sal as 'n vuur julle vlees verteer."

Die Here bedien ons van die volgende raad: "Verkoop julle besittings en gee aalmoes; maak vir julle beurse wat nie oud word nie, 'n skat in die hemel wat onuitputlik is, waar geen dief bykom of mot verteer nie. Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees. Laat julle heupe gegord wees en julle lampe aan die brand. En julle moet wees soos mense wat hulle heer verwag wanneer Hy van die bruilof terugkom, sodat hulle dadelik vir hom kan oopmaak as hy kom en aanklop. Gelukkig is daardie slawe vir wie die heer wakker sal vind as hy kom. Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom gord en hulle aan tafel laat gaan en hulle kom bedien. En as hy in die tweede of in die derde nagwaak mag kom, en dit so vind — gelukkig is daardie slawe. Maar weet dit dat as die huisheer wis in watter uur die dief sou kom, dan sou hy gewaak het en nie in sy huis laat inbreek

het nie. Julle moet dan ook gereed wees, omdat die Seun van die mens kom in 'n uur dat julle dit nie verwag nie." Lukas 12:33-40.

# HOOFSTUK EEN-EN-TWINTIG—GODS SORG VIR SY WERK [159]

(Deel V, bls. 749-754.)

DIT was onder baie moeilike en ontmoedigende omstandighede dat Jesaja, toe hy nog 'n jong man was, geroep is om die profetiese amp op te neem. Sy land was gedreig met ondergang. As gevolg van die oortreding van Gods wet het die volk van Judea Sy beskerming verbeur, en die Assiriese magte het op die punt gestaan om die koninkryk van Juda binne te val. Maar die gevaar van 'n vyandelike inval was nie die ergste nie. Dit was die wederstrewigheid van die volk wat die dienskneg van God die meeste ontmoedig het. Deur hulle afvalligheid en rebellie het hulle gevaar geloop om die oordele van God op hulle hals te haal. Die jeugdige profeet is geroep om 'n waarskuwende boodskap aan hulle te bring, en hy het geweet dat hulle hom hardnekkig sou weerstaan. Hy het gebewe toe hy aan homself en aan die halsstarigheid en ongeloof van die volk gedink het vir wie hy moes gaan arbei. Sy taak het vir hom byna hopeloos gelyk. Sou hy in moedeloosheid sy taak laat vaar en Israel maar in vrede laat met hulle afgodery? Sou hy maar toelaat dat die gode van Ninevé die aarde regeer en die God van die hemel trotseer?

## Jesaja se Gesig van die Toorn van God

Sulke gedagtes het in sy binneste omgegaan toe hy daar voor die poort van die heilige tempel gestaan het. Skielik was dit asof die hek en die binneste voorhangsel van die tempel oopgegaan het, en hy kon binne sien in die allerheiligste plek, waar selfs 'n profeet nie durf ingaan nie. Daar het hy 'n gesig gesien van Jehova op Sy troon hoog en verhewe terwyl Sy some die tempel gevul het. Aan albei kante van die troon het daar serafs gesweef; met twee vlerke het hulle gevlieg; met twee vlerke het hulle hulle aangesigte bedek en [160]
met twee hulle voete. Hierdie engele het mekaar as volg toegeroep:

"Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskare! Die hele aarde is van Sy heerlikheid vol," selfs die drumpelposte en die pilare en die hek van sederhout het gebewe van die geluid van die roepers, en hulle het die huis gevul met hulle lofbetuigings.

Nog nooit tevore het Jesaja onder so 'n diepe indruk verkeer van die grootheid en heiligheid van Jehova nie; en hy het gevoel dat hy in sy menslike swakheid en onwaardigheid sou omkom in die goddelike teenwoordigheid. "Wee my, ek is verlore," het hy uitgeroep, "want ek is 'n man van onrein lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die Here van die leërskare, gesien." Maar een van die serafs het na hom toe gekom om hom geskik te maak vir sy groot sending. Die engel het sy lippe met 'n gloeiende kool van die altaar aangeraak en gesê: "Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sonde versoen." En toe die stem van God gehoor is wat vra, "Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan?" het Jesaja met heilige vertroue geantwoord: "Hier is ek, stuur my."

Al sou aardse magte teen Juda optrek, en al sou die volk die sending van Jesaja weerstaan: wat daarvan? Hy het die Koning, die Here van die leërskare gesien, hy het die lied van die serafs gehoor wat sê: "Die hele aarde is van Sy heerlikheid vol," en die profeet het opgewasse gevoel vir die werk wat hy moes doen. Reg deur sy moeilike sending het die gedagte aan daardie gesig hom opgebeur.

## Esegiël se Gesig van die Toorn

Esegiël, die treurende balling-profeet, het in die land van die Galdeërs 'n gesig gesien wat ook die les van geloof in die magtige God van Israel geleer het. Terwyl hy daar aan die oewers van die Kebarrivier was, het dit geskyn asof daar 'n stormwind uit die noorde gekom het — "'n groot wolk met onophoudelike vuur; en 'n glans was rondom die wolk, en daaruit, uit die vuur, het iets soos blinkende
[161] metaal geskyn." Hy het 'n aantal snaakse wiele gesien wat inmekaar gevoeg was en wat aangedryf was deur vier lewende wesens. "En bokant die uitspansel wat oor hulle was, was iets wat soos saffiersteen gelyk het, in die gestalte van 'n troon; en op die troongestalte 'n gestalte wat soos 'n mens gelyk het." "Aangaande die gestalte van die wesens: hulle voorkomste was soos gloeiende vuurkole, soos die

voorkomste van fakkels; die vuur het heen en weer beweeg tussen die wesens, en die vuur het 'n helder glans gehad, en uit die vuur het blitse uitgeslaan." "En mensehande was onder hulle vlerke."

Daar was wiele binne-in wiele — alles was so ingewikkeld dat dit met die eerste oogopslag vir Esegiël soos verwarring gelyk het. Maar toe hulle beweeg het, was daar volkome ooreenstemming. Hemelse wesens het die wiele voortgedryf, en bo-oor alles was daar die heerlike saffiertroon waarop die Ewige Een gesit het, en rondom die troon was daar 'n reentboog, die sinnebeeld van genade en liefde. Oorweldig deur die verskriklike heerlikheid van die toneel, het Esegiël op sy aangesig neergeval; toe het 'n stem hom gebied om op te staan en die Woord van God te hoor. Daar is toe aan hom 'n waarskuwende boodskap gegee vir Israel.

Hierdie gesig het aan Esegiël verskyn op 'n tyd toe hy baie neerslagtig was. Hy het die land van sy vaders in 'n woeste toestand gesien. Die stad wat eers bewoon was, het geen inwoner gehad nie. Die stem van gejuig en vreugde was nie in daardie stad gehoor nie. Die profeet self was 'n vreemdeling in 'n vreemde land waar eersug en barbaarse wreedheid botgevier was. Wat hy gesien en gehoor het, het sy siel met verdriet vervul en hy het dag en nag getreur. Maar die wonderlike simbole wat hy daar by die Kebarrivier gesien het, het iemand geopenbaar wat magtiger was as aardse regeerders. Booor die wrede, trotse konings van Assirië en Babilon, het die God van genade en waarheid op Sy troon gesit.

Die ingewikkelde wiele wat vir die profeet so verwarrend voorgekom het, was bestuur deur die hand van die ewige God. Die Gees van God, wat die wiele laat beweeg en laat koers hou het, het orde geskep uit die verwarring; so ook is die hele wêreld onder Sy bestuur. [162]
Ontelbare heerlike wesens staan gereed om op Sy bevel die mag en beleid van bose mense te verydel en alles ten goede te laat meewerk vir Sy getroue dienaars.

## Johannes se Gesig van Jesus

Toe God op die punt gestaan het om aan Johannes die toekomstige geskiedenis van die kerk te openbaar, het Hy aan hom ook die versekering gegee van die Heiland se belangstelling in en Sy sorg vir Sy volk, deur aan hom in 'n gesig te toon "Een soos die Seun

van die mens," wat tussen die kandelare gewandel het wat die sewe gemeentes voorgestel het. Terwyl die laaste worstelstryd van die kerk met aardse magte aan Johannes getoon is, is die uiteindelike oorwinning en verlossing van die getroues ook aan hom getoon. Hy het die vreeslike stryd van die kerk teen die dier en sy beeld gesien, asook hoe die mense, onder straf van die dood, geforseer is om die dier te aanbid. Maar anderkant die rook en die lawaai van die stryd het hy 'n menigte op die Berg Sion gesien, saam met die Lam, en in stede van die merkteken van die dier het hulle die "Naam van die Vader op hulle voorhoofde" gehad. En weer het hy gesien "iets soos 'n see van glas, gemeng met vuur. En die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, en oor die getal van sy naam, het ek sien staan by die see van glas, met siters van God. En hulle het die lied gesing van Moses . .. en die lied van die Lam."

## Vertrou op God en Gaan Voorwaarts

Hierdie lesse is vir ons lering gegee. Ons behoort ons geloof op God te vestig; want ons gaan 'n tyd van groot beproewing tegemoet. Op die Olyfberg het Christus die volgende opsomming gegee van die dinge wat op die aarde sou kom voor Sy wederkoms: "Julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë." "Die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte." Hoewel
[163] hierdie profesieë gedeeltelik vervul is tydens die verwoesting van Jerusalem, is hulle ook van regstreekse toepassing op die laaste dae.

Ons staan op die vooraand van vreeslike en plegtige gebeurtenisse. Die profesieë tree vinnig in vervulling. Die Here staan voor die deur. Eerlank sal daar vir alle lewendes 'n uiters belangrike tydperk aanbreek. Die ou stryde van die verlede sal weer herlewe; en daar sal nuwe stryde ontstaan. Niemand kan hom die tonele voorstel wat nog op hierdie aarde sal afgespeel word nie. Satan is besig om te werk deur menslike werktuie. Diegene wat pogings aanwend om die konstitusie te verander ten einde Sondagwetgewing te verkry, het nie die geringste besef van die uiteindelike gevolge nie. Ons staan voor 'n krisis.

Maar die diensknegte van God moenie op hulleself vertrou in hierdie groot stryd nie. In die gesigte wat aan Jesaja en Esegiël en Johannes gegee is, sien ons hoe nou die hemel verbonde is met die gebeurtenisse wat op die aarde plaasvind, en hoedat God sorg vir diegene wat aan Hom getrou is. Hierdie wêreld is sonder 'n regeerder. Die program van die aanstaande gebeurtenisse is in die hande van die Here. Die Majesteit van die hemel beskik oor die lot van die nasies sowel as oor die lotgevalle van Sy kerk.

Ons kwel ons te veel oor die sorge en moeilikhede van die werk van die Here. Die verantwoordelikheid rus nie op die skouers van sterwelinge nie. Ons behoort op God te vertrou, in Hom te glo en voorwaarts te gaan. Die onvermoeide wag wat die hemelse boodskappers hou en die gedurige diens wat hulle aan die aardbewoners betoon, is bewys dat Gods hand die wiele binne-in die wiele bestuur. Die Meester sê aan elkeen wat deel het aan Sy werk, soos Hy aan Kores vanouds gesê het, "Ek gord jou hoewel jy My nie geken het nie."

In die gesig wat Esegiël gesien het, het God Sy hand gehou onder die vlerke van die gerubs. Dit is om Sy diens-knegte te leer dat dit goddelike krag is wat aan hulle sukses besorg. Hy sal deur hulle werk as hulle die sonde sou aflê en rein van hart en lewe sou word.

Die helder lig wat tussen die lewende wesens beweeg het soos [164]
blitse, stel die spoed voor waarmee die werk eindelik sal voleindig word. Hy wat nooit slaap nie, maar wat gedurig werk om Sy planne ten uitvoer te bring, kan Sy werk ook in eensgesindheid laat voortgaan. Wat vir die menslike verstand deurmekaar en verward lyk, laat die hand van God met volkome ordelikheid voortgaan. Hy kan planne maak wat die planne van bose mense sal verydel; en Hy sal die versinsels van diegene wat kwaad smee teen Sy volk, in die war stuur.

Broeders, dis nie nou tyd om te treur en neerslagtig te wees nie; dis geen tyd om toe te gee aan twyfel en ongeloof nie. Christus lê nie vandag in Josef se nuwe graf wat met 'n groot steen en die Romeinse seël verseël is nie; ons het 'n verrese Heiland. Hy is die Koning, die Here van die leërskare; Hy sit tussen die gerubs; en te midde van die stryd en oproer onder die volke, beskerm Hy steeds Sy volk. Hy wat in die hemele regeer, is ons Verlosser, Hy verstaan elke beproewing. Hy hou toesig oor die beproewingsvuur wat elke

siel moet beproef. Wanneer die vestings van konings verpletter is, wanneer die grimmigheid van God op Sy vyande uitgestort word, sal Sy volk veilig in Sy hande wees.

* * * * *

"Heilig hulle in U waarheid; U woord is die waarheid. Soos U My gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur. En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees. Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo — dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het."

# HOOFSTUK TWEE-EN-TWINTIG—ONSKRIFTUURLIKE HUWELIKE [165]

(Deel IV, bls. 503-508.)

ONS lewe in die laaste dae, en die huweliksmanie wat daar bestaan, is een van die tekens van die spoedige wederkoms van Christus. God word nie in hierdie saak geraadpleeg nie. Godsdiens, pligte en beginsels word verloën ten einde te voldoen aan die begeertes van 'n onbekeerde hart. Daar behoort geen vertoning en gejuig te wees oor die vereniging van die partye in die huwelik nie. Daar is nie een huwelik uit die honderd wat gelukkig is, wat die goedkeuring van God wegdra, en wat die partye in 'n beter posisie stel om God te verheerlik as voor die huwelik nie. Die treurige gevolge van verkeerde huwelike is talryk. Die partye begeef hulle in die huwelik sonder om eers die saak te oorpeins. Daar word nooit aan gedink om die saak op verstandige wyse te oorweeg nie, en om ouer mense daaroor te raadpleeg, word as ouderwets beskou.

Pleks van heilige liefde is dit onheilige drifte wat die spoorslag tot die huwelik gee. Baie stel hulle eie siele in gevaar en haal die vloek van God op hulle nek deur huwelike aan te gaan slegs om self te bevredig. Daar is gevalle aan my getoon van sommige wat voorgee om die waarheid te glo, maar 'n groot fout begaan het deur met ongelowiges in die huwelik te tree. Hulle het die hoop gekoester dat die ongelowige eggenoot die waarheid sou aanneem; maar na hy sy doel bereik het, was hy verder van die waarheid as ooit tevore. En toe het die listige en aanhoudende pogings van die vyand begin om die gelowige van die waarheid afvallig te maak.

Baie verloor vandag belangstelling en geloof in die waarheid omdat hulle so 'n egverbintenis met ongelowiges aangegaan het. Hulle asem die lug van twyfeling en ongeloof in. Hulle hoor en sien ongeloof totdat hulle ook naderhand ongelowig word. Sommige mag die moed hê om hierdie invloede te beveg; maar in baie gevalle [166]

word die geloof ongemerk ondermyn en eindelik vernietig. In sulke gevalle het Satan geslaag in sy planne. Hy het so ongemerk deur sy werktuie gewerk dat die borswering van geloof en waarheid weggevoer is nog voordat die persone gewaar het waar hulle heen dryf.

Dit is ‘n baie gevaarlike iets om ‘n wêreldlike egverbintenis aan te gaan. Satan weet baie goed dat die troudag van menige jong man en vrou ook die einde beteken van hulle geestelike lewe. Hulle is vir Christus verlore. Vir ‘n tyd mag hulle ‘n poging maak om ‘n Christelike lewe te lei, maar hulle het gedurig te kampe met ‘n invloed wat hulle in die teenoorgestelde rigting voer. Eers was dit vir hulle ‘n groot vreugde en voorreg om van hulle geloof en hoop te praat; maar nou praat hulle nie graag meer daaroor nie omdat die persoon met wie hulle verbind is, nie daarin belangstel nie. As gevolg daarvan verswak die geloof in die waarheid en sterf dit heeltemal uit die hart uit, terwyl Satan op listige wyse ‘n net van ongeloof om hulle span.

Dit is onmatigheid in wettige dinge wat daarvan ‘n gruwelike sonde maak. Diegene wat die waarheid bely, vertrap die wil van God as hulle met ongelowiges in die huwelik tree; hulle verbeur die guns van God, en sal later bitter berou hê. Die ongelowige persoon mag ‘n goeie sedelike karakter hê; maar die feit dat hy of sy nie gehoor gee aan die vereistes van God en nie ag gee op so ‘n groot saligheid nie, is genoegsame rede waarom daar nie ‘n huwelik met hulle aangegaan moet word nie. Die karakter van die ongelowige party mag ooreenstem met die van die jong man aan wie Jesus gesê het: “Een ding ontbreek jy”; en dit is daardie een ding wat nodig is.

Dit word soms aangevoer dat die ongelowige persoon goedgesind is teenoor die godsdiens, dat hy ‘n goeie maat is, maar net, hy is nie ‘n Christen nie. Hoewel die gelowige miskien genoeg verstand besit om te besef dat ‘n verbintenis met ‘n ongelowige nie die regte ding is nie, word daar nogtans in nege gevalle uit die tien toegegee aan die neiging van die hart. Net sodra die huweliksbelofte voor die kansel
[167] gemaak is, begin die geestelike lewe af te neem; die ywer vir die godsdiens verswak, en die een vesting na die ander word ingeneem, totdat beide man en vrou saamstaan onder die swart banier van Satan. Selfs by die feesviering tydens die huwelik kry die wêreld die oorwinning oor die gewete en die geloof en die waarheid. Die

uur van gebed word nie in die nuwe huis waargeneem nie. Die bruid en bruidegom het mekaar aangeneem en Jesus verban.

Die ongelowige party mag in die begin geen teenstand bied nie, maar sodra die waarhede van die Bybel onder sy aandag gebring word, dan begin die moeilikheid, en hy neem die volgende houding in: "Jy het goed geweet wat my gevoelens was toe jy met my getrou het; moet my nie lastig val nie. Verstaan van nou af asseblief goed dat jou godsdienstige beskouings voortaan verbied is." Waar die gelowige persoon erns en ywer aan die dag lê in verband met sy geloof, mag dit as onvriendelikheid deur die ander party wat geen belang in die Christelike lewe het, beskou word.

Gewoonlik meen die gelowige party dat hy onder die nuwe omstandighede 'n bietjie moet toegee aan sy maat. Daar word gevolglik deelgeneem aan wêreldlike vermake; eers is daar 'n bietjie huiwering om dit te doen, maar stadigaan neem die belangstelling in die waarheid af, en geloof word verruil vir ongeloof en twyfeling. Niemand sou ooit verwag het dat die eertydse onwrikbare gelowige en navolger van Christus ooit kon verander in die twyfelaar wat hy nou is nie. O, die verandering wat deur onverstandige huwelike gekom het!

Wat behoort die Christen te doen wanneer hy in die posisie beland waar die hegtheid van sy godsdienstige beginsels getoets word? Met 'n navolgingswaardige beslistheid behoort hy te sê: "Ek is 'n ernstige Christen. Ek is oortuig dat die sewende dag van die week die Bybelse Sabbat is. Ons geloof en oortuigings gaan in teenoorgestelde rigtings. Ons sal nie gelukkig saam wees nie. Want as ek voortgaan om meer en meer van die wil van God te leer, sal ek minder en minder wêreldsgesind word en toeneem in gelykvormigheid aan Christus. As jy geen lieflikheid in Christus kan sien nie en nie tot die waarheid getrokke is nie, sal jy die wêreld liefhê wat ek nooit [168]
kan liefhê nie, terwyl ek weer die dinge van God sal liefhê — wat jy nie liefhet nie. Geestelike dinge word geestelik onderskei. Sonder geestelike insig sal jy nooit kan sien wat God van my verwag nie, of my pligte verstaan teenoor die Meester wat ek dien nie; daarom sal jy voel dat ek jou verwaarloos vir my godsdienstige pligte. Jy sal nie gelukkig wees nie; jy sal jaloers wees oor die liefde wat ek aan God gee, en ek sal alleen staan in my geloof. Wanneer jy van insig verander, en wanneer jy jou verpligtings teenoor God besef en

jy ook my Heiland leer liefkry, dan kan ons weer voortgaan met ons vriendskap."

Op hierdie wyse maak die gelowige 'n opoffering vir Christus wat sy gewete goedkeur, en wat aantoon dat hy die ewige lewe te hoog waardeer as om stappe te doen waardeur hy dit miskien kan verloor. Hy voel dat dit beter sou wees om ongetroud te bly as om homself met een te verbind wat die wêreld liewer het as Jesus en wat hom sal weglei van die kruis van Christus. Maar die gevaar om mens liefde aan ongelowiges te gee, word nie besef nie. Vir jongmense lyk die huwelik baie romanties, en dit is baie moeilik om hierdie aspek van die saak in die verbeelding van die jongmense te bestry en hulle onder die indruk te bring van die groot verantwoordelikhede wat die huwelik meebring. Die huweliksbelofte verbind dit lewenslot van twee persone so heg, dat niks behalwe die dood die band kan verbreek nie.

Sal iemand wat soek na eer, heerlikheid en die ewige lewe, hom verbind met 'n ander persoon wat hom nie onder die kruisgesante van Christus wil skaar nie? Sal u wat voorgee dat u Christus gekies het as Meester om Hom in alle dinge te gehoorsaam, u belange verbind met die van iemand wat deur die vors van die duisternis geregeer word? "Sal twee ooit met mekaar wandel tensy dat hulle eers afgespreek het?" "As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat julle mag vra, sal dit hulle te beurt val van My Vader wat in die hemel is." Maar hoe vreemd! Terwyl een van die persone wat in die huwelik verbind is besig is om te bid, is die ander een
[169] heeltemal onverskillig; terwyl die een soek na die ewige lewe, gaan die ander een voort op die bree weg wat na die verderf lei.

Daar is honderde wat Christus en die hemel prysgegee het omdat hulle met onbekeerde persone in die huwelik getree het. Kan dit wees dat die liefde en gemeenskap van Christus van so min waarde vir hulle is dat hulle die geselskap van arme sterwelinge soek? Waardeer hulle die hemel so min dat hulle gewillig is om die heerlikheid daarvan te waag vir iemand wat geen liefde vir die dierbare Heiland het nie?

Die voorspoed en geluk van die huwelikslewe hang af van die eensgesindheid van die partye. Hoe kan die vleeslike hart in ooreenstemming gebring word met 'n hart wat in harmonie is met die van Christus? Die een saai vir die vlees; hy dink en handel ooreen-

komstig die neigings van sy eie hart; die ander een saai vir die Gees en soek steeds om selfsug te onderdruk, die eie vleeslike neigings te oorwin, en die Meester gehoorsaam te wees. Daar ontstaan dus ‘n verskil van smaak, doel en strewe. Tensy die gelowige, deur ‘n onwrikbare handhawing van beginsel, die ongelowige win, sal hy, en so dikwels is dit die geval, ontmoedig word en sy godsdienstige beginsels opgee vir die geselskap van een wat geen verbintenis met die hemel het nie.

God het Sy volk vanouds verbied om huwelike aan te gaan met die ander volke. Daar word nou aangevoer dat hierdie verbod gegee is om te verhoed dat die Hebreërs hulle verbind met afgodedienaars en heidene. Maar die heidene was destyds in ‘n gunstiger posisie as die ongelowiges van hierdie eeu, wat, hoewel hulle die lig van die waarheid het, botweg weier om dit aan te neem. Die sondaars van vandag is baie skuldiger as die heidene, want die lig van die waarheid skyn helder rondom hulle. Hulle verkrag hulle gewete, en is moedswillige vyande van God. God het die huweliksverbintenisse met die heidene destyds om die volgende rede verbied; “Want hy sal jou seun van My afvallig maak.” Diegene onder Israel vanouds wat hierdie verbod van God veronagsaam het, het dit gedoen ten koste van hulle godsdienstige beginsels.

[170] # HOOFSTUK DRIE-EN-TWINTIG—DIE VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE HUWELIKSLEWE

(Deel VII, bls. 47-50.)

GEAGTE Broeder en Suster: Julle het ‘n lewenslange egverbintenis aangegaan. Julle opleiding in die getroude lewe het pas begin. Die eerste jaar van die getroude lewe is ‘n jaar waarin daar baie geleer word; ‘n jaar waarin die man en vrou bekend raak met mekaar se verskillende karaktertrekke, net soos ‘n kind lesse op skool leer. Laat daar in hierdie eerste jaar van julle huwelikslewe geen hoofstukke wees wat julle toekomstige geluk sal bederf nie.

Om die huweliksverhouding ten voile te verstaan, sal ‘n ganse leeftyd neem. Diegene wat in die eg verbind word, gaan in ‘n skool waaruit hulle nooit sal gradueer nie.

By broeder, jou vrou se tyd, kragte en geluk is nou met jou verenig. Jou invloed oor haar mag ‘n reuk van die lewe tot die lewe wees, of van die dood tot die dood. Wees baie versigtig om nie haar lewe te bederf nie.

My suster, jy sal nou jou eerste praktiese lesse leer in verband met die verantwoordelikhede van die getroude lewe. Sien toe dat jy hierdie lesse dag na dag getrou leer. Moenie toegee aan buie en ontevredenheid nie. Moenie na ‘n lewe van gemak en ledigheid verlang nie. Wees altyd op jou hoede vir selfsug.

In hierdie lewensverbintenis moet mekaar se liefde bydra tot mekaar se geluk. Die een moet werk vir die geluk van die ander. Dit is die wil van God aangaande julle. Maar hoewel julle ineen moet smelt, moet nie een van julle julle persoonlikheid ondergeskik maak aan die ander nie. God is die eienaar van julle persoonlikheid. Van Hom moet julle vra wat reg en wat verkeerd is. Van Hom moet
[171] julle verneem hoe om beste te beantwoord aan die doel van julle skepping. “Weet julle nie . . . dat julle nie aan julleself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en

in julle gees wat aan God behoort." 1 Kor. 6: 19, 20. Julle liefde vir die menslike moet die tweede plek inneem by julle liefde tot God. Julle grootste liefde moet vir Hom wees wat Sy lewe vir julle gegee het. Deur vir God te lewe gee die siel sy beste. Het julle Hom die liefste wat vir julle gesterf het? As dit die geval is, sal julle liefde vir mekaar soos die van die hemel wees.

Die liefde mag so helder en rein as kristal wees, maar dit mag ondiep wees omdat dit nog nie op die proef gestel is nie. Laat Christus die eerste en laaste en beste in alles wees. Aanskou Hom gedurig, en julle liefde vir Hom sal daeliks dieper en sterker word namate dit die beproewings deurmaak. En namate julle liefde vir Hom toeneem, sal julle liefde vir mekaar ook dieper en sterker word. "En terwyl ons almal met ontsluierde gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid." 2Kor. 3: 18.

Julle het nou pligte wat julle nie voor julle troue gehad het nie. "Beklee julle dan . . . met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid." "Wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het." Gee ag op die volgende onderwysing: "Vroue, wees aan julle eie manne onderdanig, soos aan die Here, Want die man is die hoof van die vrou soos Christus ook die Hoof van die gemeente is. . . . Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook aan hulle eie manne in alles wees, Manne, julle moet julle eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het." Kol. 3: 12; Efe. 5: 2, 22-25.

Die huwelik, 'n egverbintenis solank die lewe duur, is 'n simbool van die verbintenis van Christus en Sy gemeente. Die gees wat Christus teenoor die gemeente openbaar, moet deur die man en vrou teenoor mekaar geopenbaar word.

Nóg die man nóg die vrou moet trag om baas te speel nie. Die [172]
Here self het die beginsel neergelê wat as leidraad moet dien in die saak. Die man moet die vrou liefhê soos Christus die gemeente liefhet. En die vrou moet haar man eer en respekteer. Albei moet die gees van goedertierenheid aankweek, vasberade om nooit die een die ander te bedroef of seer te maak nie.

My broeder en suster, albei van julle het 'n sterk wilskrag. Julle kan hierdie krag 'n groot seen of 'n groot vloek vir julleself maak,

en vir die met wie julle in aanraking kom. Die een moet nie sy wil op die ander afdwing nie. Julle kan dit nie doen en mekaar se liefde behou nie. Openbarings van eiesinnigheid sal die geluk van die huislike lewe verstoor. Moenie julle getroude lewe 'n lewe van twis en tweedrag maak nie. As julle dit doen sal julle albei baie ongelukkig wees. Wees vriendelik en sagmoedig in julle woorde en dade, en offer julle eie begeertes op. Slaan ag op julle woorde, want hulle het 'n groot invloed ten goede of ten kwade. Moet nooit harde woorde gebruik nie. Veraangenaam julle huwelikslewe met die soete geur van Christelikheid.

Voordat 'n man so 'n intieme lewe aangaan as die huwelikslewe, behoort hy te leer hoe om homself te beheers en hoe om met ander te handel.

In die opvoeding van kinders is daar tye wanneer die kind met sy ongedissiplineerde en onredelike wil, die wil van sy moeder weerstaan. Met sulke tye het die moeder groot wysheid nodig. Deur onverstandig op te tree en dwangmaatreëls toe te pas, kan daar groot skade aangerig word.

Waar enigsins moontlik moet so 'n krisis vermy word; want dit sal 'n groot stryd vir beide moeder en kind beteken. Maar as die krisis eenmaal daar is, moet die wil van die kind buig voor die wil van sy verstandiger ouer. In sulke gevalle moet die moeder haarself onder volkome beheersing hou, en niks doen wat 'n gees van rebellie by die kind sal laat ontstaan nie. Sy moenie bevele uitskree nie. Sy sal baie meer uitrig as sy kalm en bedaard sou bly. Sy moet op so
[173] 'n wyse met die kind handel dat hy na Jesus toe getrek sal word. Sy moet besef dat God haar helper is. As sy 'n verstandige Christin is, sal sy nie probeer om die kind te forseer om te gehoorsaam nie. Sy sal ernstig bid dat die vyand nie die oorwinning sal behaal nie, en terwyl sy bid, sal sy voel dat haar geestelike krag versterk word. Sy sal gewaar dat dieselfde krag wat in haar werk, ook in die kind werk. Hy sal sagmoedig en gehoorsaam word. Die oorwinning is behaal. Haar geduld, vriendelikheid en selfbeheersing, het hulle werk gedoen. Daar kom vrede na die storm, net soos die sonskyn na 'n reent. En die engele wat die stryd gadegeslaan het, hef 'n vreugdelied aan.

Hierdie soort krisisse kom ook in die lewens van man en vrou, wat, as hulle nie deur die Gees van God beheers word nie, dieselfde

koppige, onredelike gees aan die dag lê soos wat ons dikwels by kinders sien. Soos staal teen staal sal die stryd van wil teen wil wees.

My broeder wees vriendelik, lydsaam en lankmoedig. Onthou dat jou vrou jou geneem het as haar man en nie sodat jy oor haar kan heers nie, maar dat jy haar helper kan wees. Moet nooit hoogdrawend en soos 'n diktator optree nie. Moet nie jou sterk wilskrag gebruik om jou vrou te dwing om te maak soos jy wil nie. Onthou dat sy ook 'n wil het en dat sy miskien net so graag volgens haar wil wil handel as jy. Onthou ook dat jy weens jou rypere ondervinding die voorsprong oor haar het. Wees bedagsaam en hoflik. “Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins.” Jak.3: 17.

Daar is een ding waaroor albei van julle die oorwinning moet behaal, en dit is die oorwinning oor 'n koppige wil. In die oorwinning sal julle alleen deur die hulp van Christus kan behaal. Julle mag lank en swaar stry om self te oorwin, maar tensy julle hulp van omhoog ontvang, sal julle nie die oorwinning behaal nie. Maar deur die genade van Christus sal julle die oorwinning oor self en selfsug behaal. Namate julle soos Hy lewe; self op elke stap verloën en gedurig meer en meer medelyde betoon met diegene wat hulp nodig [174]
het, sal julle van oorwinning tot oorwinning gaan. Dag na dag sal julle beter leer hoe om self te oorwin en hoe om die swakhede in julle karakters te versterk. Die Here Jesus sal julle lig, julle krag, en julle kroon van blydskap wees, omdat julle julle wil aan Sy wil onderwerp.

As hulle Christus as Helper wil neem, sal manne en vroue die ideaal wat God vir hulle gestel het, bereik. Gee julleself geheelenal aan God oor. Die besef dat julle om die ewige lewe stry, sal julle versterk en vertroos. Christus kan aan julle die krag gee om te oorwin. Deur Sy hulp kan julle die wortel van selfsug heeltemal uitroei.

Christus het gesterf sodat die lewe van die mens met Sy lewe verenig kan word deur die verbintenis van die goddelike met die menslike. Hy het na ons wêreld gekom en die godmenslike lewe gelei, sodat die lewens van manne en vroue kan wees soos God dit bedoel het. Die Heiland roep julle om self te verloën en die kruis op te neem. As julle dit doen, sal niks die ontwikkeling van julle hele

wese kan verhinder nie. Die daelikse ondervinding wat julle opdoen sal ‘n gesonde, harmonieuse lewe openbaar.

Onthou my liewe broeder en suster, dat God liefde is, en dat julle deur Sy genade daarin sal kan slaag om mekaar gelukkig te maak, soos julle ook in julle huweliksbelofte belowe het. En in die krag van die Verlosser kan julle met verstand en krag help om die verdraaide lewe van die een of ander sterweling reguit te maak in God. Wat is daar wat Christus nie kan doen nie? Hy is volmaak in wysheid, geregtigheid en liefde. Moenie met julleself voldaan wees, tevrede om julle liefde net aan mekaar te bestee nie. Neem elke geleentheid tebaat om die lot van diegene rondom julle te veraangenaam, en julle liefde ook aan hulle mee te deel. Vriendelike woorde, betonings van medelyde, betuigings van waardering, sal vir menige worstelende siel soos ‘n beker koue water aan dorstige lippe wees, ‘n Woordjie van aanmoediging, ‘n vriendelike daad, sal baie bydra om die laste
[175] te verlig wat so swaar druk op die neergeboë skouers van ander. Dit is in onsselfsugtige diens dat ons ware geluk vind. En elke woord en daad in daardie rigting word in die hemelse boeke aangeteken as aan Christus bewys. Christus het gesê: “Vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringste van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.” Matt. 25: 40.

Woon in die sonskyn van die Heiland se liefde. Dan sal julle invloed ‘n seen vir die wêreld wees. Laat die Gees van Christus julle beheers. Laat die wet van vriendelikheid gedurig op julle lippe wees. Verdraagsaamheid en onselfsugtigheid kenmerk die woorde en dade van diegene wat wedergebore is en wat die nuwe lewe in Christus lei.

* * * * *

“NIEMAND van ons leef vir homself nie.” Ons karakters sal uitkom. Die trek op die gesig, die buiging van die stem, die dade — almal het hulle invloed wat bydra tot die gluk of ongeluk van die huislike lewe. Hierdie dinge vorm die karakter van die kinders; óf hulle inspireer óf hulle vernietig vertroue en liefde. Die openbaring van hierdie trekke in die karakter maak mense of beter of slegter, of gelukkig of ongelukkig. Ons is dit aan ons gesinne verskuldig om die woord van God in ons praktiese lewe uit te lewe. Ons is dit aan

ons gesinne versukldig om alles in ons vermoë te doen wat hulle sal reinig, verlig, vertroos en aanmoedig.

[176] # HOOFSTUK VIER-EN-TWINTIG—WERK IN BELANG VAN MATIGHEID

(Deel V, bls. 110, 111.)

IN ons werk behoort ons meer aandag te skenk aan hervorming op die gebied van matigheid. Alle hervormingswerk verg bekering, geloof en gehoorsaamheid. Dit beteken die opheffing van die siel tot ‘n nuwe, edeler lewe. Alle ware hervormingswerk het dus ‘n plek in die verkondiging van die derde engel se boodskap. Matigheidshervorming behoort veral ons aandag en ondersteuning te geniet. Op ons kampdienste behoort ons die aandag van die mense op hierdie werk te vestig en hulle aan te spoor om daaraan deel te neem. Ons moet die ware beginsels van matigheid aan die mense voorhou en ‘n beroep op hulle doen om die matigheidsgelofte te teken. Veral moet diegene bearbei word wat aan die bose gewoontes verslaaf is. Ons moet hulle tot die kruis van Christus bring.

Ons kampdienste behoort ook die dienste van mediese werkers te hê. Hulle behoort manne van gesonde oordeel en kennis te wees, manne wat die evangeliebediening respekteer en wat nie ongelowig is nie. Hierdie manne is die beskermers van die gesondheid van die volk, en hulle moet erken en gerespekteer word. Hulle behoort die mense te onderrig aangaande die gevare van onmatigheid. Hierdie euwel moet net so moedig bestry word in die toekoms as in die verlede. Predikante en geneeshere behoort die euwels van onmatigheid aan die mense voor te hou. Hulle behoort in die krag van die Evangelie die sonde te veroordeel en die geregtigheid hoog te hou. Die predikante en geneeshere wat nie persoonlike beroepe op die mense doen in verband met matigheid nie, is ontrou aan hulle pligte. Hulle is nalatig om die werk te doen waarvoor God hulle aangestel het.

[177] In ander kerke is daar Christene wat hulleself beywer vir die saak van matigheid. Ons moet trag om in verbinding te kom met sulke werkers, sodat hulle skouer en skouer met ons kan staan. Ons

behoort die hulp van goeie, invloedryke manne inroep om ons te help om die verloregaandes te red.

As ons die matigheidswerk sou voortsit soos dit dertig jaar gelede deur ons begin is; as ons by ons kampdienste die mense sou wys op die nadele van onmatigheid wat voedsel en drank betref — veral die gebruik van sterke drank — en as ons op hierdie dinge kan wys as tekens van die spoedige wederkoms van Christus, sou daar 'n magtige ontwaking onder die volk kom. As ons 'n ywer ooreenkomstig die belangrikheid van die waarhede wat ons verkondig, sou toon, mag ons die oorsaak wees dat honderde, ja duisende, van ondergang gered sal word.

Die ewigheid alleen sal eendag aan die lig bring wat deur hierdie vriendelike bediening tot stand gebring is — hoeveel siele, siek van ongeloof en moeg van wêreldsgesindheid, tot die Groot Geneesheer gebring is wat verlang om diegene wat tot Hom kom volkome te red. Christus is die verrese Heiland en daar is genesing onder Sy vleuels.

* * * * *

WAAR ons sien hoedat mense die vergiftende drank verkoop wat die verstand vernietig; waar ons die groot gevaar van die verstrikte siele sien, wat doen ons om hulle te red? Ons werk vir die versoektes en gevallenes sal suksesvol wees alleen namate die genade van Christus die karakter hervorm, en die slagoffers in 'n lewende verbintenis gebring word met die ewige God. Dit is die doel van alle ware matigheidswerk. Daar word van ons verwag dat ons met meer as menslike energie sal werk, dat ons in die krag van Jesus sal werk. Die Een wat Homself verneder het om die menslike natuur op te neem, Hy sal ons wys hoe om die stryd te stry. Christus het Sy werk in ons hande gelaat en ons moet met God worstel en dag en nag bid om krag. Dit is wanneer ons God, deur Jesus Christus, op die regte manier aangryp dat ons die oorwinning sal behaal.

[178] # HOOFSTUK VYF-EN-TWINTIG—DIE GEVAAR VAN SKADELIKE LEESSTOF

(Deel VII, bls. 203-205.)

WAAR ek die gevaar sien wat die jongmense bedreig omdat hulle slegte lektuur lees, kan ek nie nalaat om verdere waarskuwings in hierdie verband te gee nie.

Die skade wat werkers ly deur onbetaamlike leesstof te lees, word nie ten voile besef nie. Hulle aandag word geboei deur die leesstof wat hulle lees; gedeeltes daarvan bly in hulle geheue. Sekere gedagtes kom in hulle op. Ongemerk word die leser deur die gees van die skrywer beïnvloed, en verstand en karakter ontvang nadelige indrukke. Daar is sommige wat swak in geloof en wilskrag is, en dit is moeilik vir hulle om die gedagtes uit hulle harte te verban wat daar ontstaan het as gevolg van nadelige leesstof.

Voordat hulle die waarheid aangeneem het, het sommige die gewoonte gehad om novelle te lees. Toe hulle by die kerk aangesluit het, het hulle 'n poging gemaak om hierdie gewoonte te oorwin. Om aan hierdie mense die leesstof voor te sit wat hulle opgegee het, is soos drank vir 'n dronkaard. Deur toe te gee aan die versoeking wat gedurig voor hulle is, verloor hulle gou hulle begeerte vir goeie leesstof. Hulle verloor belangstelling in die ondersoek van die Bybel. Hulle sedelike kragte verswak. Die sonde word vir hulle al minder en minder afstootlik. Hulle word ontrou en die praktiese pligte van die lewe is vir hulle onaangenaam. Namate die verstand verdraai word, is enige soort leesstof van 'n opwekkende aard gewild. En so word die pad oopgemaak vir Satan om die siel heeltemal onder sy mag te bring.

Leesstof wat miskien nie so uitermate nadelig is nie, moet vermy
[179] word as dit die begeerte vir Bybelondersoek laat afneem. Die woord van God is die ware manna. Laat almal die begeerte versaak vir leesstof wat nie die verstand voed nie. Mens kan tog nie die werk van God op 'n verstandige wyse doen terwyl die verstand besig

gehou word met hierdie soort leesstof nie. Diegene wat in die diens van God is, moet nóg hulle geld, nóg hulle tyd bestee aan ligte leesstof. Wat is die kaf vergeleke met die koring?

Daar is geen tyd vir nietige vermaak en die bevrediging van selfsugtige neigings nie. Dit is tyd dat ons met ernstige gedagtes moet besig wees. En niemand kan homself besig hou met die Verlosser se lewe van selfopoffering en selfverloëning, en nogtans behae skep in ligsinnige en ydele dinge nie. Ons het groot behoefte aan ondervinding in 'n praktiese, geestelike lewe. Die verstand moet geleer word om vir God te werk. Mens Christelike lewe word in 'n groot mate gevorm deur die boeke wat mens in jou vry tyd lees.

As mens die Skrifte liefhet en hulle altyd lees wanneer daar geleentheid is, om in besit te kom van die skatte van die woord, kan jy verseker wees dat Jesus besig is om jou tot Hom te trek.

"Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie. Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en julle het die volheid in Hom." Kol. 2: 8-10.

Ons kan nie in Christus volmaak wees en tog gereed wees om die dinge aan te gryp wat van die sogenaamde groot manne van die wêreld kom en hulle wysheid aanneem in die plek van die wysheid van die grootste Leraar wat die wêreld ooit geken het nie. Om wysheid te soek by sulke bronne word in die Bybel voorgestel as drinkende uit gebroke bakke wat geen water kan hou nie.

Laat die waarheid van God die onderwerp van ons oorpeinsing
wees. Lees die Bybel en neem dit aan as die stem van God wat [180]
regstreeks tot jou hart spreek; dan sal jy besiel word met goddelike
wysheid.

* * * * *

DEUR 'n groot aantal boeke te versamel en te lees plaas dikwels tussen die man en God 'n massa van kennis wat die verstand verswak sodat dit nie die kennis kan bewaar wat reeds ontvang is nie. Dit laat die verstand aan slegte spysvertering ly. Daar is groot wyseid nodig om die regte keuse te maak tussen die baie skrywers en die woord

van die lewe, sodat ons die vlees kan eet en die bloed kan drink van die Seun van God.

My broeders, laatstaan die stroompies op die vlakte, en kom op na die helder waters van Libanon. Niemand kan ooit in die lig van God wandel terwyl die verstand oorlaai word met 'n massa leesstof wat nie verteer kan word nie. Dit is hoog tyd dat ons moet beslis om die hulp van die hemel aan te neem en toelaat dat die woord van God 'n indruk op ons harte maak. Laat ons die deur sluit vir te veel leesstof. Laat ons meer bid en meer van die woord van die lewe eet. Tensy daar 'n grondiger genadewerk in ons verstand en hart plaasvind, sal ons nooit die aangesig van God sien nie.

# HOOFSTUK SES-EN-TWINTIG—ONEERLIKHEID IN DIE KERK [181]

(Deel IV, bls. 489-495.)

"WANT die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels." Sommige wat voorgee om die waarheid te glo, kannie die versoekings in hierdie verband weerstaan nie. Onder wêreldlinge van ons dae word die grootste misdade gepleeg as gevolg van 'n liefde vir geld. As hulle nie rykdom op 'n eerlike manier kan bekom nie, maak die mens gebruik van vervalsing, bedrog en misdaad om dit te verkry. Die beker van ongeregtigheid is byna vol, en God sal die skuldiges eerlank vergeld. Weduwees word van hulle bietjie geld beroof deur gewetelose prokureurs en sogenaamde belangstellende vriende, en die arme mense moet ly as gevolg van geldgebrek omdat daar so baie oneerlikheid gepleeg word. Die vreeslike misdade van ons wêreld is genoeg om die bloed te laat stulp en die siel met afsku te vervul; maar die feit dat daar selfs onder diegene wat voorgee om die waarheid te glo ook mense is wat in 'n minder of meerder mate aan hierdiedie misdade skuldig is, noop ons tot groot verootmoediging van ons siele.

Iemand wat God waarlik vrees, sal liewer dag en nag werk, armoede en gebrek ly, as om toe te laat dat sy begeerte vir geld hom daartoe bring om weduwees en die wese te verdruk, of die vreemdeling tekort te doen. Die misdade wat daar gepleeg word as gevolg van 'n liefde vir geld en vertoon, maak hierdie wêreld 'n hol van diewe en rowers wat selfs die engele laat ween. Maar Christene is tog seker nie burgers van hierdie wêreld nie; hulle is in 'n vreemde land waar hulle as't ware maar net oornag. Ons tuiste is daar in die wonings wat Jesus vir ons gaan berei het. Hierdie lewe is maar net 'n damp, wat gou sal verdwyn.

Die sug na rykdom is by sommige 'n soort van kranksinnigheid. Elke keer as die guide reel verkrag word, word Christus in die [182]

persoon van Sy heiliges in die skande gesteek. Wie sy medemens beroof, of hy ‘n heilige of ‘n sondaar is, staan in die hemelse boeke aangeteken as ‘n vervalser. Dit is Gods doel dat ons lewens soos die van ons groot Voorbeeld sal wees, wat goed gedoen het aan ander en die mensheid opgehef het. In hierdie werk is daar ‘n waardigheid, ‘n heerlikheid wat ons miskien nie in hierdie lewe sal sien nie, maar wat ons ten voile in die lewe hiernamaals sal besef. Die verslag van grootmoedige en vriendelike dade sal tot in ewigheid bly. In die mate wat die mens homself bevoordeel deur ander tekort te doen, sal sy siel verhard word vir die invloed van die Gees van God. Voordeel wat op hierdie wyse verkry word, is ‘n ontsettende verlies.

Daar is mense in hoë posisies wat nie die belange van ander beskerm het nie. Hulle was heeltemal in beslag geneem deur hulle eie belange, en hulle het nagelaat om die goeie naam van die kerk te beskerm. Hulle was selfsugtig en gierig, en het die heerlikheid van God nie bevorder nie. In ‘n sekere mate is die kerk as geheel verantwoordelik vir die misdade van sy lede, omdat die kerk nie sy stem teen die euwels verhef het nie. Om baie redes word die guns van God nie geniet nie. Sy Gees word bedroef deur die hoogmoed, spandabelheid, oneerlikheid en bedrog waaraan sommige van die lede hulle skuldig maak. Al hierdie dinge bring die misnoeë van God oor Sy volk.

Die ongeloof en sondes van Israel vanouds is aan my getoon, en ek het gesien dat dieselfde sondes en ongeregtighede ook onder die Israel van vandag is. Onder die ingewing van God is hulle sondes teboekgestel vir die voordeel van diegene wat in hierdie laaste dae lewe, sodat ons hulle slegte voorbeeld kan vermy. Agan het die goud en die Babiloniese kleed begeer wat van die vyand van God afgeneem was. Maar die Here het die stad van Jerigo vervloek en die volk beveel om niks van die vyand vir hulleself te neem nie. “Maar neem julle net in ag vir die ban, dat julle nie met die banvloek tref en tog van die bangoed neem en die laer van Israel onder die ban
[183] bring en hom in die ongeluk stort nie. Maar al die silwer en goud en die koperen ystervoorwerpe is heilig aan die Here; dit moet by die skat van die Here kom.”

Maar Agan, van die stam van Juda, het van die bangoed geneem, en die toorn van die Here was ontstoke teen die kinders van Israel. Toe die leër teen die vyand opgetrek het, is hulle verslaan en terug-

gedryf, en sommige van hulle het omgekom. Dit het die volk baie ontmoedig. Josua, hulle leier, was heeltemal uit die veld geslaan. In groot vernedering het hy op sy aangesig geval en gebid: "Ag, Here Here, waarom het U hierdie volk ooit deur die Jordaan laat trek om ons oor te gee in die hand van die Amoriete, sodat hulle ons kan vernietig? Het ons tog maar besluit om oorkant die Jordaan te bly! Ag Here, wat sal ek sê nadat Israel vir sy vyande die rug gegee het? As die Kanaaniete en al die inwoners van die land dit hoor, sal hulle ons omsingel en ons naam van die aarde af uitroei; wat sal U dan vir U grote Naam doen?"

"Toe sê die Here vir Josua: Staan op; waarom tog lê jy op jou aangesig? Israel het gesondig en het ook My verbond oortree wat Ek hulle beveel het, en ook geneem van die bangoed en ook gesteel en ook gelieg en ook onder hulle goed gesit." Agan het van die goed gesteel wat die Here vir Sy skatkis geheilig het; hy het ook verwarring veroorsaak, omdat hy, toe hy gesien het dat hy die kamp van Israel in die moeilikheid gebring het, nie sy sonde bely het nie; want hy was bewus daarvan dat Josua die woorde van God aan die volk oorgebring het, naamlik dat hulle, as hulle van die goed sou neem wat die Here vir Homself geheilig het, moeilikheid in die kamp van Israel sou bring.

Terwyl hy nog besig was om hom te verbly oor die goed wat hy gebuit het, het daar groot ontsteltenis oor nom gekom, want hy het verneem dat daar ondersoek sou ingestel word. Dit het hom baie verontrus. Herhaaldelik het hy aan homself gesê: Wat het dit met hulle te doen? Ek is verantwoordelik vir my eie dade. Ewe gerus, nes of hy van niks weet nie, het hy die skuldige en veroordeel. As hy sy sonde bely het, sou hy miskien nog gered gewees het; maar [184]
die sonde het sy hart verhard en hy het steeds sy onskuld betuig. Hy het gemeen dat hy onder die groot skare nie ontdek sou word nie. Die lot is gewerp om die skuldige persoon aan te wys: en die lot het die stam van Juda aangewys. Nou begin Agan se hart te bons van vrees, want hy behoort aan daardie stam; maar nogtans meen hy dat hy sou vryspring. Weer word die lot gewerp, en die gesin waaraan hy behoort word aangewys. In sy bleek gesig kon Josua nou sien dat hy die skuldige is. Weer is die lot gewerp, en Agan word aangewys. Daar staan hy, deur die vinger van God aangewys as die skuldige en die een wat al die moeilikheid veroorsaak het.

As daar aan Agan sou gevra gewees het, toe hy op die punt gestaan het om aan die versoeking toe te gee, of hy graag die neerlaag en die dood op Israel wou bring, sou hy geantwoord het: "Nee, nee! is u dienskneg dan 'n hond dat hy hierdie groot sonde sou doen?" Maar hy het die versoeking oorpeins hoe hy hom sou kon verryk, en toe die geleentheid kom, het hy verder gegaan as wat hy in sy hart voorgeneem het. Dit is op presies dieselfde manier dat lede van die kerk ongemerk voortgelei word om die Gees van God te bedroef, hulle bure tekort te doen en Gods misnoeë op die kerk te bring. Niemand leef vir homself nie. Skande, die neerlaag en die dood is in die kamp van Israel gebring as gevolg van die sonde van een man. Die hand wat hulle in hulle gevegte beskerm het, was nou nie meer oor hulle nie. Verskillende sondes wat deur sogenaamde Christene gekoester en gepleeg word, bring die misnoeë van God op Sy kerk. Die dag as die boeke van die hemel geopen word, sal die Regter nie in woorde die sonde van die mens bekendmaak nie, maar net een deurdringende blik van Hom sal die boosdoener herriner aan elke daad wat hy in sy lewe gepleeg het. Dan sal die skuldige nie soos in die dae van Josua deur die lot aangewys word me, maar hy sal met sy eie lippe sy skuld beken, sy selfsug, sy gierigheid, sy oneerlikheid, sy huigelary en valsheid. Sy sondes, bedek vir die mens, sal as't ware van die dakke uitgebasuin word.

[185] Die gevare wat die kerk die meeste moet vrees, kom nie van die kant van sy openlike vyande, die ongelowiges en godslasteraars nie, maar van die inkonsekente navolgers van Christus. Dit is hulle wat die seën van God van Israel weghou, wat die kerk verswak en 'n klad daarop bring wat nie maklik uitgewis kan word nie. Terwyl Josua op sy aangesig op die grond gelê het en sy hart in angs en in trane voor God uitgestort het, het die bevel van God gekom: "Staan op! Waarom lê jy op jou aangesig?"

Die hedendaagse kerk is vol mense wat, terwyl hulle voorgee om God te dien, diewe, moordenaars, hoereerders en egbrekers is; maar diegene wat aan ons kerk behoort meen dat hulle op 'n hoër peil staan. Hulle behoort Bybel-Christene te wees; en hulle behoort getrou te wees in die ondersoek van die Bybel. Sorgvuldig, en in gebed, behoort hulle die motiewe agter hulle dade te ondersoek. Diegene wat hulle vertroue in Christus wil stel, behoort die beerlikheid van die kruis steeds te bestudeer. As hulle lewende Christene wil

wees, behoort hulle God nou te vrees en te gehoorsaam. As hulle wil, kan hulle hulle siele van die verderf red en eindelik die ewige lewe deelagtig word.

Die oneerlikheid wat daar vandag in die wêreld heers, is nie ‘n voorbeeld vir Christene nie. Hulle moenie afwyk van die pad van eerlikheid nie, selfs nie in die kleinste dingetjies nie. Om ‘n artikel te verkoop vir meer as wat dit werd is omdat die kopers onnosel is, is diefstal. Oneerlike winste, behendige kunsies in die besigheid, oordrywing, konkurrensie, om iets goedkoper te verkoop as ‘n broeder wat graag eerlik sake wil doen — al hierdie dinge is verderflik vir die reinheid van die kerk en nadelig vir die geestelike lewe.

Die sakewêreld val nie buite die regering van God nie. Christelikheid moet nie net op Sabbatdae getoon word en in die heiligdom geopenbaar word nie; dit moet orals en elke dag geopenbaar word. Die vereistes van die Christelike geloof moet in die werkswinkel, in die huis, en in ons besigheid met ons broeders en die wêreld nagekom word. In die lewens van baie word die Christelike pligte [186]
oorskadu deur wêreldsgesindheid. Die godsdiens van Christus sal so ‘n invloed op die hart uitoefen dat dit die hele lewe sal beheers. Mense wat ware Christelikheid besit sal in al hulle besigheidstransaksies net so ‘n heldere besef van reg toon as in hulle gebede voor die genadetroon. Die hele lewe behoort aan God en ons behoort tot verheerliking van Hom te lewe, liewer as om in die diens van Satan te staan en ons medemens tekort te doen.

Satan is die raadgewer van sommige. Hy maak hulle wys dat as hulle voorspoedig wil wees, hulle sy raad moet volg: “Moenie te gesteld wees wat jou eer en eerlikheid betref nie; sien gedurig om na jou eie belange en moenie dat jammerhartigheid, teerhartigheid en gulhartigheid die oorhand oor jou kry nie. Jy hoef jou nie te bekommer oor die weduwees en die wese nie. Moet hulle nie aanmoedig om van jou afhanklik te wees nie; laat hulle aan hulle lot oor om vir hulleself te sorg. Moenie verneem of hulle kos het nie en of jy hulle op enige manier kan help nie. Sorg vir jouself. Kry alles in jou besit wat jy kan. Beroof die weduwees en die wese, en doen die vreemdeling tekort, en dan sal jy genoeg hê om in al jou behoeftes te voorsien.” Sommige het hierdie raad aangeneem en Hom verag wat gesê het, “Reine en onbesmette godsdiens voor God en die Vader

is dit: om die wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en homself vlekkeloos te bewaar van die wêreld."

Satan bied die koninkryke van die wêreld aan die mense op voorwaarde dat hulle aan hom die opperheerskappy sal gee. Baie doen dit ten koste van die hemel. Dit is beter om te sterf as om te sondig; dit is beter om gebrek te ly as om ander tekort te doen; dit is beter om honger te ly as om te lieg. Laat almal wat deur Satan versoek word, hom met hierdie woorde afslaan: "Welgeluksalig is elkeen wat die Here vrees, wat in Sy wee wandel! Die opbrings van jou hande sal jy sekerlikeet; gelukkig is jy en dit gaan met jou goed!" Hier is 'n voorwaarde en 'n belofte wat gewis is. Vorspoed en geluk sal die lot wees van diegene wat die Here dien.

# HOOFSTUK SEWEN-EN-TWINTIG—ALGEHELE TOEWYDING [187]

(Deel I, bls. 240-243.)

GEAGTE BROEDER EN SUSTER K: In my laaste gesig is daar sekere dinge aan my getoon in verband met julle gesin. Die Here koester gedagtes van genade teenoor julle, en sal julle nie verlaat tensy julle Horn verlaat nie. L en M verkeer in 'n toestand van louheid. Hulle moet wakkerskrik en pogings maak om gered te word, of hulle sal die ewige lewe verloor. Hulle moet 'n persoonlike verantwoordelikheidsgevoel asook 'n eie ondervinding hê. Daar moet 'n werk in hulle harte gedoen word deur die Heilige Gees van God, wat hulle sal lei om die gemeenskap van Gods volk bo alle ander dinge te soek en lief te hê, en wat hulle sal afskei van diegene wat geen liefde het vir geestelike dinge nie. Jesus verg 'n volkome opoffering, 'n aJgehele toewyding. L en M julle het nog nie besef dat God julle hele hart wil hê nie. Julle het 'n heilige belydenis gedoen, maar nogtans het julle afgedaal tot die peil van die geveinsdes. Julle hou van die geselskap van jongmense wat geen liefde het vir die heilige waarhede wat julle bely nie. Julle het geword soos diegene met wie julle omgaan, en julle is tevrede met net soveel godsdiens as wat julle gewild sal maak by almal sonder om bestraffing te verdien.

Christus vra om alles. As Hy minder sou gevra het, dan is die prys wat Hy vir ons verlossing betaal het, te groot. Ons heilige geloof verg afsondering van die wereld. Ons moenie aan die wêreld gelykvormig word, of word soos die liefdelose geveinsdes nie. "Word verander deur die vernuwing van julle gemoed." Hierdie weg sal opoffering kos. En as julle dink dat die paadjie te nou is en dat daar te veel self opoffering geverg word; as julle sê: Hoe swaar is dit nie om alles op te gee, vra julleself dan die volgende vraag: Wat het Christus vir my [188]
opgeoffer? Hierdie vraag stel alle opofferings wat ons kan maak, in die skaduwee. Aanskou Hom in Getsemane waar Hy bloed sweet.

Een engel word van die hemel gestuur om die Seun van God te kom versterk. Volg Hom op weg na die geregshof, terwyl Hy bespot en beledig word deur die ongesweepte gepuis. Aanskou Hom, gekleed in daardie purper koninklike kleed. Hoor die wrede bespotting. Sien hoedat hulle die doringkroon op Sy edele hoof plaas en Hom dan slae toedien met 'n riet, sodat die dorings Sy kopvel deurdring en die bloed oor Sy heilige voorhoof vloei. Hoor hoedat die moordlustige gepeupel roep om die bloed van die Seun van God. Hy word in hulle hande oorgelewer en hulle lei die Lyer weg, bleek, swak en flou, om Hom te gaan kruisig. Aan die kruis word Hy vasgenael deur Sy hande en voete. Aanskou Hom waar Hy daar gedurende daardie vreeslike ure aan die kruis hang, sodat selfs die engele hulle aangesigte bedek vir die afskuwelike toneel, en die son sy aangesig verberg. Dink aan al hierdie dinge, en vra dan: Is die pad te smal? Nee, nee.

In 'n verdeelde, halfhartige lewe, sal julle net twyfeling en duisternis vind. Julle kannie die vertroosting van die godsdiens en terselfdertyd die vrede van die wêreld geniet nie. Moenie in Satan se gemakstoel van niksdoen gaan sit nie, maar staan op en mik na die hoë peil wat julle kan bereik. Dit is 'n groot voorreg om alles vir Christus op te gee. Moenie na die lewens van ander kyk en moet hulle nie navolg om die hoër peil te bereik nie. Julle het maar een ware en onfeilbare Voorbeeld. Dit is veilig om Jesus alleen na te volg. Neem julle voor om almal te verlaat wat tevrede is om op 'n lae geestelike peil te bly, en streef na 'n hoë Christelike karakter. Vorm 'n karakter wat geskik sal wees vir die hemel. Moenie op julle poste slaap nie. Wees getrou en opreg teenoor julle eie siele.

Julle neem deel aan sonde wat julle geestelike lewe sal vernietig. Dit sal julle belangstelling in die heilige Skrif en die skoonheid daarvan verduister. Dit is liefde vir storieboeke, verhale en ander
[189] leesstof wat nie 'n goeie invloed het op die hart wat aan die diens van God toegewy is nie. Dit veroorsaak 'n valse, ongesonde opwinding wat die verbeelding op hol laat gaan en die verstand ongeskik maak vir geestelike dinge. Dit neem die behoefte vir gebed en 'n liefde vir die geestelike dinge weg. Leesstof wat die heilige Skrif verklaar en 'n begeerte by julle aankweek om dit te ondersoek, is nie gevaarlik nie, maar voordelig. In die gesig het ek gesien dat julle oë van die Bybel afgekeer is, en gerig was op opwindende boeke wat 'n doodsteek

is vir die geestelike lewe. Hoe yweriger julle die Skrifte ondersoek, hoe mooier sal dit vir julle word en hoe minder sal julle begeer om ligte lektuur te lees, 'n Daelikse ondersoek van die Skrifte sal 'n heiligmakende invloed op julle hart hê. Bind hierdie heilige Boek aan julle harte. Dit sal vir julle 'n vriend en 'n gids wees in moeilike dae.

Julle het al doelwitte in die lewe gehad waarna julle gestrewe het, en hoe het julle nie volhard en gewerk om daardie doelwitte te bereik nie! Julle het gedink en planne gemaak totdat julle julle doel bereik het. Maar daar is nou 'n doelwit voor julle wat die moeite werd is om na te strewe solank as julle lewe: dit is naamlik die saligheid van julle siele — die ewige lewe. Maar dit sal opoffering en selfverloëning en ywerige studie kos. Julle moet gereinig en verfynd wees. Julle ontbreek die reddende invloed van die Gees van God. Julle gaan met julle vriende om en vergeet dat julle die naam van Christus genoem het. Julle kleredrag en handelwyse is net soos hulle s'n.

Suster K, ek het gesien dat jy 'n werk het om te doen. Jy moet die hoogmoed afsterwe en jou hele aandag aan die waarheid skenk. Jou ewige welsyn hang af van die weg wat jy inslaan. As jy die ewige lewe wil deelagtig word, moet jy daarvoor lewe en self verloën. Sonder jou af van die wêreld. Jou lewe moet gekenmerk wees deur nugterheid, waaksaamheid en gebed. Engele slaan die ontwikkeling van karakter gade en weeg die sedelike waardes. Al ons woorde en dade word deur God ondersoek. Dit is 'n vreeslike en ernstige tyd waarin ons lewe. Die hoop op die ewige lewe moet nie lig opgeneem [190]
word nie; dis 'n saak wat tussen jou en God moet uitgemaak word. Sommige wil op die oordeel en ondervinding van ander steun, liewer as om moeite te doen om hulle eie harte grondig te ondersoek, en vir maande en jare sal hulle voortgaan sonder die getuienis van die Gees van God of bewys dat hulle aangeneem is. Hulle bedrieg hulleself. Hulle het 'n sogenaamde hoop, maar hulle ontbreek die onontbeerlike kwalifikasies van 'n Christen. Eerste van alles moet daar grondige hartondersoek wees, en dan sal hulle karakter daardie edele en verfynde trekke toon wat die kenmerk is van die ware navolgers van Christus. Dit verg inspanning en sedelike krag om ons geloof uit te lewe.

Gods volk is anders. Hulle gees kannie gemeenskap hê met die gees van die wêreld nie. Mens wil nie graag die naam van Christen

dra en dit onwaardig wees nie. Mens wil nie graag voor Jesus kom met net die naam van Christen en niks meer nie. Niemand wil graag op so ‘n belangrike punt bedrieg wees nie. Ondersoek die grond van jou hoop deeglik. Handel eerlik met jou eie siel. ‘n Veronderstelde hoop sal jou nooit red nie. Het jy die koste bereken? Ek vrees jy het nie. Besluit nou om Christus te volg, ongeag die koste. Maar jy kan dit nie doen en nog gemeenskap hou met diegene wat onverskillig is wat goddelike dinge betref nie. Net so min as olie en water gemeng kan word, kan jou gees met hulle s’n meng.

Dit is ‘n groot saak om ‘n kind van God en ‘n medeerfgenaam met Christus te wees. As jy ‘n kind van God is, sal jy ook deel in die lyding van Christus. God sien die hart aan. Ek het gesien dat jy Sy aangesig ernstig moet soek en op ‘n hoër geestelike peil moet kom, of jy sal sekerlik die ewige lewe verloor. Jy mag die vraag stel: Het Suster White hierdie dinge gesien? Ja! en ek het getrag om dit onder jou aandag te bring en om die indruk wat dit op my gemaak het aan jou oor te dra. Mag die Here jou help om daaraan gehoor te gee.

# HOOFSTUK AGT-EN-TWINTIG—JALOESIE EN VITTERY VEROORDEEL [191]

(Deel V, bls. 94-98.)

DIT doen my leed aan om te sê dat daar onbedwingbare tonge onder die kerklede is. Daar is vals tonge wat op kwaad teer. Hulle is skelm, fluisterende tonge. Daar is skinderpraatjies, afloerdery, en mense wat bemoeisiek is. Onder diegene wat lief is om skinderpraatjies te verkoop, word sommige aangespoor deur nuuskierigheid, sommige deur jaloesie, en baie deur haat teen die deur wie God gespreek het om hulle te bestraf. Al hierdie afbrekende elemente is aan die werk. Sommige bedek hulle gevoelens, terwyl ander weer alles wat hulle teen ander mense weet of bedink, uitbasuin.

Ek het gesien dat die gees van meineed, wat die waarheid in 'n leuen verander, goed in kwaad, en onskuld in misdaad, nou aktief is. Satan verheug hom oor die toestand van Gods sogenaamde volk. Terwyl baie hulle eie siele verwaarloos, is hulle gedurig op die loer vir 'n kans om ander te kritiseer en te veroordeel. Alle mense het gebreke, en dit is nie moeilik vir jaloerse mense om iets te vind wat hulle kan verdraai tot nadeel van ander nie. "Nou," sê hierdie selfaangestelde regters, "het ons bewyse. Ons sal 'n beskuldiging teen hulle inbring wat hulle nie sal kan weerlê nie." Hulle wag hulle kans af, en dan kom hulle met hulle klomp skinderpraatjies.

In hulle pogings om 'n punt te bewys, loop mense met 'n sterk verbeeldingskrag gevaar om hulleself te bedrieg, en ook ander. Hulle neem die onbesonne uitdrukkings van ander — woorde wat dikwels inderhaas gespreek is en wat gladnie die ware bedoeling van die spreker weergee nie, en dan beskou hulle dit met die vergrootglas van Satan, hulle oorpeins dit en vertel dit oor totdat die molshope naderhand groot berge is. Afgeskei van God, word die mense wat [192]
gedurig kwaad vermoed, die speelbal van versoeking. Hulle besef nie hulle eie gevoelens of die uitwerking wat hulle woorde sal hê nie.

En terwyl hulle die foute van ander veroordeel, is hulle self skuldig aan baie groter foute. “Die pot is net so swart as die ketel.”

Is daar geen wet van vriendelikheid wat nagekom moet word nie? Het God die reg aan Christene gegee om mekaar te kritiseer en te veroordeel? Is dit eerlik om onder die dekmantel van vriendskap geheime uit ander uit te trek en dan die kennis tot hulle nadeel te gebruik? Is dit Christelike liefde om elke gerug wat die rondte doen en alles wat ander onder verdenking kan bring, saam te hark en dan behae daarin te skep om hulle daarmee te benadeel? Satan is baie bly as hy ‘n navolger van Christus kan beklad of seermaak. Hy is die “aanklaer van ons broeders.” Sal Christene hom in sy werk bystaan?

Die alsiende oog van God ontdek die gebreke en die swakhede van almal; maar nogtans is Hy geduldig met ons foute en ontferm Hy Hom oor ons swakhede. Hy gebied Sy volk om dieselfde gees van teerheid en verdraagsaamheid te koester. Opregte Christene sal nie daarin behae skep om die foute en gebreke van ander openbaar te maak nie. Hulle sal hulle oë afwend van alles wat vuil en sleg is, en vestig op die dinge wat aantreklik en lieflik is. Vir Christene is alle vittery en alle veroordeling pynlik.

Daar sal altyd manne en vroue wees wat voorgee om die waarheid te glo, maar wie se lewens nog nie deur die heiligmakende invloed daarvan verander is nie; manne wat ontrou is, hulleself bedrieg en voortgaan in die sonde. Ongeloof blyk uit hulle lewe, gedrag en karakter, en die vreeslike kwaad vreet soos ‘n kanker aan hulle siele.

As alle sogenaamde Christene hulle ondersoekingsvermoëns sou gebruik om uit te vind watter euwels daar in hulle eie harte skuil, in plaas om van ander se wandade te praat, sou die kerk vandag in ‘n bale gesonder toestand verkeer. Sommige is eerlik wanneer dit
[193] hulle niks kos nie, maar as dit in hulle kraam te pas kom, vergeet hulle die eerlikheid baie gou. Eerlikheid en slim streke kannie in dieselfde hart saamwoon nie. Of eerlikheid sal die lewe beheers en alles wat oneerlik is uitdryf, óf oneerlikheid sal botgevier word; maar die twee kan nooit saamwoon nie. Die een is ‘n Baalsprofeet en die ander is ‘n ware profeet van God. Wanneer die Here Sy gunsgenote versamel, sal die opregtes, die waarheidliewendes, en die eerlikes met welbehae bejeën word. Die engele is besig om krone te maak

vir diesulkes, en op hierdie krone wat met sterre versier is, sal die heerlike lig wat van die troon van God straal, weerkaats word.

Ons diensdoende predikante word te dikwels lastig geval met klagtes van die een gemeentelid teen die ander, en baiemaal praat hulle van die kansel daaroor. Hulle moet nie die gemeentelede aanmoedig om mekaar te verkla nie, maar hulle moet liewer die klaers aansê om op hulleself te spioen. Niemand behoort sy gevoelens te laat opsweep deur te luister na 'n verhaal van die wandade van ander nie; albei die kante van die saak moet eers deeglik ondersoek word, en daar moet onomstootlike feite wees voor die een of die ander kant geglo word. Die beste beleid is om gladnie na slegte rapporte te luister voordat die Bybelse reël eers stip nagekom is nie. Dit geld veral vir diegene wat op 'n slinkse manier sake te wete gekom het waarmee hulle niks te doen het nie, en die kennis waarvan hulle ook geen goed sal doen nie.

My broeders, ek smeek julle vir die ontwil van julle eie siele, bevorder slegs die heerlikheid van God. Dink so min oor self as moontlik. Ons is naby die einde. Ondersoek julle motiewe in die lig van die ewigheid. Dis nodig dat julle verontrus sal voel, want julle verlaat die ou paaie. Julle sogenaamde wetenskap ondermyn die fondament van die Christelike beginsels. Die weg wat julle sal inslaan as julle van God geskei is, is aan my getoon. Moet nie op julle eie wysheid vertrou nie. Ek se julle, julle siele is in groot gevaar. Ondersoek julleself om Christus wil, en vind uit waarom julle so min liefde het vir die godsdiensoefeninge.

Die Here is besig om Sy volk op die proef te stel. Julle kan julle [194]
eie karakters net so kras oordeel as julle wil, maar wees vriendelik, verdraagsaam en hoflik teenoor ander. Vra julleself elke dag af: Is ek in murg en been eerlik, of is ek vals? Smeek die Here om julle van alle bedrog in hierdie verband te verlos. Julle ewige belange is op die spel. Terwyl so vele jaag na eer en vuilgewin, smeek julle die Here om 'n versekering van Sy liefde? en vra julle: Wie sal my wys hoe om my roeping en verkiesing vas te maak?

Satan bestudeer gedurig die swak punte van die mens, en dan begin hy om hulle te verlok en te verstrik. Ons verkeer in die grootste versoeking, maar daar is oorwinning vir ons as ons in die stryd van die Here soos manne veg. Almal verkeer in gevaar. Maar as julle ootmoedig en in gebed sou wandel, sou julle uit die beproewing

kom soos gelouterde goud. As julle onverskillig is en die gebed verwaarloos, sal julle soos klinkende metaal en 'n luidende simbaal wees.

Sommige het byna verdwaal in die kronkelpaaie van skeptisisme. Aan diesulkes sê ek: Neem julle gedagtes daarvan weg en vestig julle oë op God. Hoe digter geloof en heiligheid julle aan die Ewige Een bring, hoe duideliker sal julle die regverdigheid sien van Sy handelwyse met julle. Maak die lewe, die ewige lewe, die doelwit van julle strewe.

Ek ken julle gevaar. As julle vertroue verloor in die getuienisse, sal julle ook van die Bybelse waarhede afvallig word. Ek het gevrees dat vele van julle twyfelaars sou word, en omdat ek oor julle siele besorgd is, waarsku ek julle. Hoeveel sal agslaan op die waarskuwing? Soos julle nou staan teenoor die getuienisse, as daar een sou gegee word wat julle op julle foute wys, sou julle dit aanneem of gedeeltelik of heeltemal verwerp? Die deel wat julle nie aanneem nie, is juis die deel wat julle die nodigste het. God en Satan werk nooit saam nie. Die getuienisse dra óf die teken van God óf van Satan. 'n Goeie boom kannie slegte vrugte dra nie, en ook kan 'n slegte boom nie goeie vrugte dra nie. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. God het gespreek, en wie het gebewe vir Sy woord?

# HOOFSTUK NEGEN-EN-TWINTIG—BEHANDELING VAN DIEGENE WAT ‘N FOUT BEGAAN HET [195]

(Deel V, bls. 615-617.)

As ‘n broeder ‘n fout begaan het, moet sy broeders en susters nie onder mekaar fluister en ‘n kommentaar daarop lewer wat die fout nog groter sal laat lyk nie. Hierdie soort ding word baie gedoen, met die gevolg dat die misnoeë van God op diegene rus wat dit doen, en Satan is bly as hy diegene kan verswak wat sterk behoort te wees in die Here. Die wêreld sien hulle swakhede; en diegene wat die waarheid bely word geoordeel volgens hulle werke.

“Here, wie mag vertoef in U tent? Wie mag woon op U heilige berg? Hy wat opreg wandel en geregtigheid doen, en wat met sy hart die waarheid spreek; wat nie rond gaan met laster op sy tong nie, sy vriend geen kwaad doen en geen smaadrede uitspreek teen sy naaste nie; in wie se oë die verworpene veragtelik is, maar hy eer die wat die Here vrees; al het hy gesweer tot sy skade, hy verander nie; wat sy geld nie gee op woeker en geen omkoopgeskenk aanneem teen die onskuldige nie. Hy wat hierdie dinge doen, sal nie wankel in ewigheid nie.” Hier word aan die agterklapper die reg ontsê om op die heilige berg Sion te woon. Hy wat ‘n smaadrede uitspreek teen sy naaste dra nie die goedkeuring van God weg nie.

Hoe dikwels word predikante, terwyl hulle met ‘n goeie werk besig is waar siele tot God bekeer word, van hulle werk weggeroep om die een of ander geskil te besleg tussen broeders waar albei die partye verkeerd gehandel het en ‘n strydlustige en onverdraagsame gees aan die dag gelê het.

Keer op keer is werkers van hulle werk weggeroep om hierdie soort sake te kom besleg. Dit is maar net ’n slim plan van die groot [196] vyand van die mens om die werk van God te verhinder. As siele wat op die punt staan om die waarheid aan te neem, op hierdie wyse alleen gelaat word in ongunstige omstandighede, verloor hulle hulle

belangstelling, en dit is baie selde dat daar weer so 'n diepe indruk op hulle kan gemaak word. Satan is gedurig besig met die een of ander plan om die predikant op 'n kritieke oomblik van sy werk weg te roep sodat al sy werk tevergeefs kan wees.

In die kerk is daar ontoegewyde en onbekeerde manne en vroue wat meer op hulle waardigheid en die handhawing van hulle eie opinies gesteld is as op die saligheid van hulle medemens; en Satan werk deur sulke mense om moeilikhede te veroorsaak wat die tyd en krag van die predikante in beslag neem, met die gevolg dat baie siele verlore gaan.

Terwyl daar verdeeldheid onder kerklede heers, is hulle harte verhard en onvatbaar vir geestelike indrukke. Die pogings van die predikant om die vrede te herstel is soos hammerslae op koue yster, en die verskillende partye word nog koppiger as ooit. In sulke gevalle verkeer die predikant in 'n baie moeilike posisie, want al tree hy ook hoe versigtig op, kan sy uitspraak tog nie alle partye tevrede stel nie, en sodoende word die partygees versterk.

As die predikant b.v. sy intrek by een gesin neem, verwek dit gewoonlik die jaloesie van ander gesinne, wat hulle meen dat die predikant ongunstige dinge van hulle sal hoor. As die predikant raad gee, is daar diegene wat sal sê: "Iemand het iets in sy oor gefluister," en daarom help sy advies gewoonlik niks. As gevolg hiervan ontstaan daar agterdog en bose verdinkings in hulle harte, en die predikant word oorgelaat aan die genade van hulle vooroordeel en jaloesie. En te dikwels laat hy sake in 'n erger toestand as wat hy hulle gevind het. As hy sou geweier het om te luister na die eensydige verklarings van die klaers, en as hy hulle van raad sou bedien het volgens die
[197] Bybelse reël en soos Nehemia sou sê: "Ek doen 'n groot werk sodat ek nie kan afkom nie," sou dit baie beter vir die kerk gewees het.

Predikante en leke mishaag God as hulle toelaat dat gemeentelede hulle vertel van die foute en gebreke van hulle broeders. Hulle moet weier om na sulke rapporte te luister, en hulle moet aan die nuusdraers vra: Het julle die voorskrifte van die Heiland nagekom? Het julle na julle broeder gegaan en hom onder vier oë vertel van sy foute? En het hy geweier om te luister? Het julle daarna twee of drie ander saam met julle geneem in alle sagmoedigheid, ootmoed, verdraagsaamheid en met 'n hart vol liefde met julle broeder gearbei? As die reels wat die Heiland neergelê het in gevalle waar 'n broeder

teen ons sondig, stip uitgevoer is, dan kan die volgende stap geneem word: die saak kan voor die kerk gebring word en die gemeente moet dan handel volgens die Skrifte. As die aangeklaagde persoon dan nog nie wil luister nie en die kerk plaas hom onder sensuur, sal die hemel daardie beslissing goedkeur. As hierdie stappe nie gedoen is nie, moet die predikant nie luister na klagtes teen gemeentelede nie. En as niemand wil luister na die klagtes nie, sal die tonge wat kwaad spreek gou stil word; want hulle sal nie kan voortgaan met hulle werk om ander te byt en op te eet nie.

[198] # HOOFSTUK DERTIG—“DIE SKYN VAN DIE KWAAD”

(Deel V, bls. 591-603.)

EK voel gedwonge om ‘n boodskap te stuur aan diegene wat besig is om die laaste waarskuwing te gee aan die wêreld. Of diegene vir wie hulle arbei die waarheid sal sien en aanneem hang grotendeels af van die werkers self. Die goddelike bevel lui: “Reinig julle, draers van die heilige voorwerpe van die Here!” en Paulus vermaan Timotheus as volg: “Let op jouself en op die leer.” Die werk moet by die werker begin; hy moet in Christus wees soos die loot in die wynstok. “Ek is die wynstok, julle die lote,” het Christus gesê. Hier is daar sprake van die nouste verbintenis. Die bladlose loot, op die wynstok ingeënt, word ‘n lewende loot wat sap en voedsel trek uit die wynstok. Vesel vir vesel is die loot verbind aan die wynstok; dit bloei en bot en dra vrugte. Die droë loot stel die sondaar voor. Maar wanneer die sondaar met Christus verbind is — die swakke en die nietige met die heilige en die ewige, word hy een met Christus. “Sonder My,” het Christus gesê, “kan julle niks doen nie.” Is ons, wat voorgee om werkers van Christus te wees, met Hom verbind? Bly ons in Hom en is ons een met Hom? Die boodskap wat ons dra is ‘n wêreldwye boodskap; dit moet verkondig word aan alle nasies en geslagte en tale. Die Here sal nie een van ons stuur om die boodskap te verkondig, sonder om ons genade en krag te gee om dit aan die mense voor te stel volgens die belangrikheid daarvan nie. Die groot vraag waarvoor ons vandag te staan kom is: Verkondig ons hierdie plegtige boodskap aan die wêreld sodat diegene wat dit hoor onder die indruk kom van die belangrikheid daarvan? Die Here sal deur die arbeiders werk wat geheelenal op Christus vertrou. Dit was nooit Sy doel dat Sy sendelinge sonder Sy genade en sonder Sy krag sou werk nie.

[199] Christus het ons uit die wêreld geroep sodat ons Sy eie heilige volk kan wees. Hy het Homself vir ons gegee “om ons te verlos

van alle ongeregtigheid en vir Hom 'n volk as Sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke." Gods werkers moet manne van gebed wees, ywerige ondersoekers van die Skrifte, manne wat dors na geregtigheid sodat hulle 'n lig en sterkte kan wees vir ander. Onse God is 'n jaloerse God; Hy wil hê dat ons Hom in gees en in waarheid sal dien en in die sieraad van heiligheid. Die psalmdigier sê: "As ek ongeregtigheid bedoel het in my hart, dan sou die Here my nie gehoor het nie." As werkers, moet ons op ons weë let. As die psalmdigter nie verhoor kon word omdat hy ongeregtigheid in sy hart bedoel het nie, hoe kan die gebede van mense dan vandag verhoor word as hulle ongeregtigheid in hulle hart bedoel?

Na die tyd in 1844 verbygegaan het, het daar fanatisme in die geledere van die Adventiste ontstaan. God het waarskuwende boodskappe gestuur teen hierdie euwel. Sommige mans en vrouens was te intiem. Ek het die heilige peil wat ons behoort te bereik aan hulle voorgestel, asook die reinheid van wandel wat daar onder ons behoort te wees, sodat ons die goedkeuring van God kan wegdra en sonder vlek of rimpel of gebrek voor Hom kan wees. Die manne en vroue wat onreine gedagtes gekoester het terwyl hulle voorgegee het om die spesiale guns van God te geniet, is op plegtige wyse bestraf; maar die boodskap wat God gestuur het, was verag en verwerp. Hulle het my toegesnou: "Spreek God alleen deur jou en nie deur ons ook nie?" Hulle het hulle nie verbeter nie, en die Here het hulle toegelaat om voort te gaan totdat hulle lewens besoedel was.

Ons is selfs nie vandag buite gevaar nie. Elkeen wat besig is om die boodskap van waarskuwing aan die wêreld te verkondig, sal heftig versoek word om 'n weg in te slaan wat sy geloof sal verloën. Satan lê hom daarop toe om die werkers swak te maak in gebed, kragteloos en sonder invloed, omdat daar gebreke is in hulle karakter. Ons, as werkers, behoort alles in ons omgang met mekaar [200]
te verafsku wat enige skyn van kwaad het. Ons geloof is heilig; dis ons werk om die eer van Gods wet te handhaaf, en nooit moet dit van so 'n aard wees dat dit ander in gedagte en dade sal verlaag nie.

Ons behoort op 'n hoë platvorm te staan. Ons moet die waarheid soos dit in Jesus is, glo en leer. As ons harte rein is, sal ons nooit onreine dade doen nie. As 'n leraar van die waarheid geneig is tot die geselskap van jong dames, of selfs getroude vrouens, en as hy hulle vrypostig aanraak en op 'n vrypostige manier met hulle praat,

wees dan bang vir hom; die rein beginsels van die waarheid is nie in sy hart nie. Sulke persone is nie in Christus nie, en Christus is nie in hulle nie. Hulle het 'n grondige bekering nodig voordat God hulle sal aanneem as werkers. Die waarheid wat uit die hemel is, verlang nooit diegene wat dit aanneem en maak hulle nooit onnodig vrypostig nie; inteendeel heilig dit die gelowiges, dit verfyn hulle smaak, verhef en veredel hulle, en bring hulle in noue verbintenis met Christus. Hulle moet agslaan op die vermaning van die apostel Paulus om alle skyn van die kwaad te vermy, sodat daar van "die goeie wat aan hulle behoort, nie kwaad gespreek word nie."

Dit is 'n onderwerp waaraan ons almal ons aandag behoort te skenk. Ons moet waak teen die sondes van hierdie bedorwe eeu. Ons moet ver bly van alles wat 'n neiging het tot vrypostigheid. Die Here veroordeel dit. Dit is verbode grond waarop dit gevaarlik is om ons te begeef. Al ons woorde en dade behoort verfynd, verheffend en veredelend te wees. Daar skuil sonde in onbedagsaamheid in hierdie saak. Die apostel Paulus het Timotheus aangemaan tot ywer en deeglikheid in sy bediening, en hy het by hom aangedring om die dinge wat rein en heilig is te oorpeins, sodat almal sy goeie werke kan sien. Die jongmanne van hierdie tyd het groot behoefte aan dieselfde raad. Bedagsaamheid is onontbeerlik. As die mense maar net bedagsamer wou wees en minder voortvarend, sou hulle
[201] baie groter sukses met hulle werk hê. Ons is besig met dinge van oneindige belang, en ons kannie bekostig om die swakhede van ons karakters met ons werk saam te weef nie. Ons moet die karakter van Christus voorstel.

Ons het 'n groot werk om te doen om mense op te hef en hulle tot Christus te win en te lei sodat hulle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat hulle ontvlug het die verdorwenheid wat deur die begeerlikheid in die wêreld is. Elke gedagte, woord en daad van die werkers behoort van daardie verhewe karakter te wees wat in ooreenstemming is met die heilige waarheid wat hulle verkondig. Dit mag wees dat manne en vroue noodwendig sal moet saamwerk in ons sendingvelde. As dit die geval is, kan hulle nie te versigtig wees nie. Die getroude mans moet baie versigtig wees sodat daar niks teen hulle gesê kan word nie. Ons lewe in baie sondige tye, en 'n onbedagsame woord of onbehoorlike gedrag mag groot skade berokken aan die een wat hierdie swakhede aan die dag lê.

Die werkers moet terughoudend wees; hulle moet oppas vir selfs een geval waaruit die vyand kan munt slaan. As hulle meer van die een begin hou as die ander, spesiale gunste bewys en vleitaal gebruik, sal die Here Sy Gees onttrek.

Waar getroude mans die werk opneem en hulle vrouens en kinders tuis agterlaat, doen die vrou en moeler wat agter bly net so 'n belangrike werk as die eggenoot en vader. Die moeder se werk is plegtig en belangrik, naamlik om die karakters van haar kinders te vorm, om hulle op te lei vir bruikbaarheid hier op aarde, en hulle te berei vir die toekomstige ewige lewe. Die man daar in die sendingveld mag die lof van mense wegdra, terwyl die vrou tuis geen lof vir haar werk ontvang nie; maar as sy in die beste belange van haar kinders werk en trag om hulle karakters te vorm volgens die goddelike ewebeeld, sal die engel wat die aantekeninge maak haar naam opskryf as een van die grootste sendelinge op aarde. Die Here sien sake anders as die nietige mens. Hoe versigtig behoort die eggenoot en vader te wees om getrou te wees aan sy huweliksbeloftes. Hoe versigtig behoort sy gedrag te wees sodat hy nie miskien gedagtes [202] by jong meisies of selfs getroude vrouens gaande maak wat nie in ooreenstemming met die hoë peil, naamlik die gebooie van God is nie. Christus het aangetoon dat die gebooie baie wyd is en dat hulle selfs deurdring tot die gedagtes en bedoelings van die hart. Hier is dit waar baie mank gaan. Hulle gedagtes is nie rein en heilig soos God verwag nie; hoe hoog hulle roeping en hoe skitterend hulle talente ook mag wees, sal die Here hulle sonde nie oor die hoof sien nie, en in Sy oog is hulle skuldiger en verdien hulle groter straf as diegene met minder talente, lig en invloed.

Dit grief my wanneer ek sien dat manne geprys en gevlei word. Die Here het aan my getoon dat sommige van diegene wat hierdie attensies geniet nie waardig is om Sy naam op hulle lippe te neem nie; maar in die oë van nietige mense wat maar net die uiterlike kan sien, word hulle hemelhoog geprys. My susters julle moet nooit arme, feilbare mense prys en vlei nie, of hulle oud of jonk, getroud of ongetroud is. Julle ken nie hulle swakhede nie, en julle kan nooit weet of hierdie attensies en vleitaal nie nog hulle ondergang sal bewerk nie. Ek is verontrus oor die kortsigtigheid en die gebrek aan wysheid wat sommige in hierdie opsig aan die dag lê.

Diegene wat met Gods werk besig is en wat Christus in hulle harte het, sal nie op sedelike gebied die peil verlaag nie, maar sal steeds trag om dit te verhoog. Hulle sal geen behae skep in die vleitaal of liefkosings van vrouens nie. Laat beide getroude en ongetroude mans sê: "Hou julle hande tuis! ek sal nooit toelaat dat van die goeie wat aan my behoort kwaad gepraat word nie. My goeie naam is ver meer werd as goud of silwer. Help my om dit onbesmet te bewaar. As my goeie naam besoedel word, sal dit nie wees omdat ek aanleiding daartoe gegee het nie, maar dit sal om dieselfde rede wees dat hulle kwaad gespreek het van Christus, naamlik, omdat hulle die reinheid en heiligheid van Sy karakter gehaat het, want dit was 'n gedurige bestraffing vir hulle."

[203] Ek wens dat ek elke werker onder die indruk kon bring van die behoefte wat daar is aan onophoudelike, vurige gebed. Hulle kan natuurlik nie altyd op hulle knieë wees nie, maar hulle kan hulle harte steeds ophef tot God. Dit is op hierdie manier dat Henog met God gewandel het. Pas op dat selfgenoegsaamheid nie inkom en Jesus uitdryf nie, en u in u eie krag werk in plaas van in die gees en krag van die Meester nie. Moenie kosbare tyd met ydele praatjies verkwis nie. Moenie uself prys as u sendingwerk gedoen het nie, maar verhef Jesus, verhef die kruis van Golgota. Laat niemand toe om jou te prys en te vlei nie, en laat niemand toe om jou hand vas te hou asof sy dit nie graag weer wil los nie. Wees op jou hoede vir sulke demonstrasies. As jongmense of selfs getroude mense hulle geheime aan jou begin openbaar, pas op! As dit vir jou skyn dat hulle graag jou medelyde wil opwek, dan is dit hoog tyd om versigtig te wees. Diegene wat die Gees van Christus het en wat met God wandel, sal geen onheilige begeerte hê vir medelyde nie. Hulle het geselskap wat hulle in alle opsigte sal tevrede stel. Getroude mans wat die lof en liefkosings van vrouens aanneem, kan daarvan verseker wees dat die liefde en medelyde van hierdie soort vrouens niks werd is nie.

Maar te dikwels is vrouens die versoeksters. Op die een of ander voorwendsel soek hulle om getroude en ongetroude mans te trek totdat hulle eindelik die wet van God oortree, onbruikbaar vir die werk van God is en hulle siele in die grootste gevaar is. Die geskiedenis van Josef is opgeteken vir die lering van almal wat soos hy in versoeking gelei is. Wat beginsel betref het was hy so onwrikbaar as 'n rots, en hy het die versoekster geantwoord: "Hoe kan ek dan

hierdie groot kwaad doen en sondig teen God?" Sedelike krag soos die van Josef is vandag nodig. As die vrouens maar net op 'n hoër peil wou lewe en saam met Christus wou werk, sou daar minder gevaar van hulle kant kom; maar met die onverskilligheid wat hulle huislike pligte betref en die aanspraak wat God op hulle dienste het, oefen hulle dikwels 'n sterk invloed uit in die verkeerde rigting, hulle kragte word nie ontwikkel nie, en hulle werk dra nie die goddelike [204] merkteken nie. Hulle is nie buurtsendingwerksters nie, en ook is hulle nie buitelandse sendelinge nie; en dikwels ook verwaarloos hulle hulle huise.

Laat elkeen wat bely om 'n navolger van Christus te wees, trag om alles te oorwin wat nie manlik is nie, en alles wat sleg en dwaas is. Sommige manne was nooit op tot die voile gestalte van Christus nie. Hulle is kinderagtig en selfsugtig. Nederige vroomheid sal al hierdie dinge uit die weg ruim. Reine godsdiens het geen plek vir kinderagtige selfsug nie. Dit is eerlik in die grootste mate. Laat dan nie een wat ingeskryf is as 'n gesant van Christus flou word in die dag van beproewing nie. Almal behoort te besef dat hulle ernstige werk het om te doen vir die opheffing van hulle medemens. Nie een het die reg om te rus in die stryd om die deug te handhaaf en die sonde te haat nie. In hierdie lewe is daar geen vakansie vir die lewende Christen nie. Gehoorsaamheid aan die gebooie van God beteken om reg te doen en gedurig reg te doen. Dit is Christelike manlikheid. Baie behoort die lewe van Christus te bestudeer, wat die owerste Leidsman van ons geloof is. "Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in julle siele nie vermoeid word en verslap nie. Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie." Julle moet vooruitgang toon in die Christelike deugde. Deur sagmoedig te wees onder prowokasie, en deur wêreldsgesindheid te versaak, lewer u bewys daarvan dat die Heiland in u hart woon; elke gedagte, woord en daad sal mense tot Jesus trek liewer as tot self. Daar is 'n groot werk om te doen, en maar baie min tyd om dit in te doen. Lê u daarop toe om almal onder die indruk te bring dat hulle 'n werk het om te doen vir Christus. Aanvaar u pligte en voer hulle getrou uit.

Die sedelike peil word nie hoog genoeg gestel onder Gods volk nie. Baie wat voorgee dat hulle Gods gebooie bewaar, oortree self

die gebooie. Die versoekings kom op so 'n listige wyse dat diegene
[205] wat versoek is, meen dat hulle 'n ekskuus het om die wet te oortree. Diegene wat na die sendingvelde gaan, behoort manne en vroue te wees wat met God wandel en met Hom gemeenskap het. Diegene wat in die kansel staan behoort manne te wees van onbesproke karakter; hulle lewens behoort rein te wees. Moenie u goeie naam in gevaar bring deur in die weg van versoeking te wandel nie. As 'n vrou u hand 'n bietjie te lank vashou, moet u dit dadelik onttrek en haar bewaar van die sonde. As 'n vrou 'n bietjie te lieftallig is en by u kla dat haar man haar nie liefhet nie, moenie met haar simpatiseer en in hierdie behoefte voorsien nie. Die veiligste weg in sulke gevalle is om u medelye vir uself te hou. Daar is baie gevalle soos hierdie. Wys sulke siele op die Een wat alle laste dra en wat hulle van die beste raad sal bedien. As hulle Christus gekies het, sal Hy hulle genade skenk om hulle laste te dra sonder om te kla; en in die tussentyd behoort hulle alles in hulle vermoë te doen om hulle mans tot hulle te trek deur volstrekte getrouheid, en deur die huis netjies en aantreklik te maak. As al hulle pogings ongewaardeer en tevergeefs is, kan hulle staat maak op die medelyde en hulp van hulle Verlosser. Hy sal hulle help om al hulle laste te dra, en Hy sal hulle vertroos in al hulle teleurstellings. Dit is 'n blyk van ongeloof in Jesus as hulle gaan hulp soek by die vleeslike arm. Deur te mor, sondig hulle teen God. Dit sou hulle goed doen om hulle eie harte te ondersoek om te sien of daar nie miskien sonde skuil nie. Persone wat die medelyde van mense soek en ongeoorloofde attensies aanneem, is nie sonder skuld nie.

In die Bybel het ons baie voorbeelde van die groot invloed van bose vrouens. Toe Bileam versoek is om Israel te vloek, is hy nie toegelaat om dit te doen nie; want "daar is geen towery in Jakob of waarsêery in Israel nie." Maar Bileam wat alreeds toegegee het aan die versoeking, het nou 'n volslae handlanger van Satan geword, en hy het besluit om op 'n onregstreekse wyse te doen wat God hom nie wou toelaat om op 'n regstreekse wyse te doen nie. Hy het 'n listige
[206] strik vir Israel gestel waardeur hulle deur die beeldskone vroue van Moab in versoeking gelei sou word om die wet van God te oortree. Op hierdie manier sou hulle sondig sodat Gods seën nie langer op hulle kon rus nie. Hulle sou baie verswak word en hulle vyande sou

hulle nie langer vrees nie, omdat die teenwoordigheid van die Here nie langer met hulle leers was nie.

Hierdie voorval is bedoel as 'n waarskuwing vir die volk van God wat in hierdie laaste dae lewe. As hulle geregtigheid en ware heiligheid sou najaag, en as hulle al Gods gebooie bewaar, sou Satan en sy trawante nie toegelaat word om hulle te oorwin nie. Die teenstand van hulle bitterste vyande sal tevergeefs wees om die wingerd wat God geplant het, uit te roei of te vernietig. Satan verstaan wat Bileam uit bittere ondervinding moes leer, naamlik dat daar geen "towery in Jakob of waarsêery in Israel is" solank hulle nie die ongeregtigheid in hulle harte koester nie; daarom bestee hy al sy krag en invloed om hulle reine karakters te besoedel en hulle eenheid te verstoor. Op 'n duisend maniere stel hy sy strikke om hulle krag ten goede te verswak.

Nogeens wil ek nadruk lê op die noodsaaklikheid van reinheid van gedagtes, woorde en dade. Ons is persoonlik verantwoordelik aan God, en ons het 'n persoonlike werk wat niemand anders vir ons kan doen nie, en dit is: om die wêreld deur ons handel en wandel 'n beter plek te maak. Hoewel ons gesellig moet wees, moet dit nie net vir vermaak wees nie, maar ons moet 'n bepaalde doel daarmee hê. Daar is siele om te red. Ons behoort persoonlik naby hulle te kom. Maak u deur oop vir jongmanne wat aan versoeking blootgestel is. Die sonde wenk hulle van alle kante. Probeer om hulle belangstelling op te wek. As hulle vol foute is, probeer dan om te help om die foute te oorwin. Moet uself nie afsydig hou nie, maar kom naby hulle. Nooi hulle na u huise toe, en laat hulle die huisgodsdiens bywoon. Duisende het behoefte aan bearbeiding. Elke boom in die tuin van Satan is belaai met aanloklike vrugte, en 'n wee word uitgespreek op elkeen wat van daardie vrugte plek en eet. Laat ons onthou dat God [207]
van ons verwag dat ons die pad na die hemel aantreklik sal maak, sodat ons siele kan win weg van die listige en verderflike strikke van Satan.

God het aan ons verstand gegee om tot voordeel te gebruik. Ons is hier as leerlinge vir die lewe hiernamaals. Die tyd is te plegtig vir ons om onverskillig te wees. Ons omgang met ander moet gekenmerk wees deur hemelsgesindheid en nugterheid. Ons gesprekke behoort oor hemelse dinge te wees. "Toe het die wat die Here vrees, met mekaar gespreek; en die Here het dit opgemerk en gehoor, en daar

is ‘n gedenkboek voor Sy aangesig geskrywe vir die wat die Here vrees en Sy Naam eer. En hulle sal My tot ‘n eiendom wees, sê die Here van die leërskare, op die dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelyde hê soos ‘n man met sy seun wat hom dien, medelyde het.”

Daar is nie ‘n beter onderwerp om die gedagte mee besig te hou as die verlossingsplan nie. Dit is ‘n onderwerp wat onuitputlik is. Die liefde van Jesus, die verlossing wat daar vir die gevalle mens is as gevolg van die oneindige liefde, heiligheid, die kosbare, reddende waarheid vir hierdie laaste dae, die genade van Christus — dit is onderwerpe wat die hart besiel en wat die reines ‘n voorsmaak gee van die vreugde wat die dissipels gesmaak het toe Jesus saam met hulle gewandel het soos in die geval van die Emmausgangers. Diegene wie se harte op Christus is, geniet hierdie heilige gemeenskap en hulle put krag daaruit; maar diegene wat nie van sulke gemeenskap hou nie en wat graag soetsappige onsin praat, het ver afgedwaal van God, en hulle is dood wat heilige en edele strewe betref. Hulle beskou vleeslike, aardse dinge as verhewe. As die geselskap van ‘n ligsinnige aard is en die vrouens wat daar teenwoordig is ontevredenheid uitspreek en daar ‘n hunkering is na menslike lof en simpatie, dan is dit die gevolg van sentimentele soetsappigheid, en nog jongmense nog grysaards is veilig in sulke geselskap. As die waarheid van God in die hart is, sal dit soos ‘n bron van lewende water wees. Pogings
[208] om dit te smoor, sal dit net op ‘n ander plek laat uitbreek; dit is daar en kannie onderdruk word nie; dit verkwik diegene wat afgemat is en dit verdring alle onreine gedagtes.

Vind daar nie genoeg dinge rondom ons plaas om ons onder ‘n besef te bring van die gevare op ons pad nie? Orals sien ons menslike wrakke, verwaarloosde huisaltare, verbroke gesinne. Daar is ‘n vreemde versaking van beginsels, ‘n verlaging van die sedelike peil; die sondes wat die oordele van God op Sodom gebring het, neem vinnig toe. Ons is baie naby die einde. Hoewel God lankmoedig is met die halsstarrige mensheid, is hulle straf nietemin gewis. Laat diegene wat voorgee om die lig van die wêreld te wees, alle sonde versaak. Daar word vandag dieselfde gees teen die waarheid geopenbaar as in die dae van Christus. As hulle nie argumente teen die waarheid in die Bybel kan kry nie, sal diegene wat Gods wet tot niet wil maak vals dinge fabriseer om die karakter van die werkers swart te smeer. Hulle het dit aan die Verlosser van die wêreld gedoen; hulle sal dit

ook aan Sy navolgers doen. Rapporte wat op onwaarhede berus, sal as die waarheid rugbaar gemaak word.

Die Here het die volk wat Sy gebooie bewaar, geseën, en al die teenstand en valse gerugte sal diegene wat onwrikbaar stan vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is, maar net versterk. Maar as diegene wat voorgee om bewaarders te wees van die wet, self die wet oortree, sal hulle nie meer die beskerming van God geniet nie, en baie sal as gevolg van hulle koppigheid en wellus tot 'n val kom. Dan sal ons nie langer voor ons vyande kan staan nie. Maar as Sy volk hulle afgesonderd hou van die wêreld, soos 'n volk wat die geregtigheid doen, sal die Here hulle beskutting wees en geen wapens teen hulle sal geluk nie.

Sal ons nie, met die oog op die gevare van ons tyd, as die bewaarders van Gods gebooie alle sonde en ongeregtigheid en halsstarrigheid versaak nie? Sal die vrouens wat voorgee om die waarheid te glo, hulleself nie in toom hou, sodat hulle nie onnodige aanleiding gee tot vrypostigheid nie? As hulle ten alle tye terughoudend sou [209] wees en let op hulle gedrag, sou hulle menige deur tot ver-soeking sluit. Laat die mans Josef as hulle voorbeeld neem en onwrikbaar staan al is die versoeking ook hoe heftig. Ons behoort sterk manne en vroue te wees vir die reg. Daar is diegene rondom ons wat op sedelike gebied swak is. Hulle behoort in die geselskap te wees van diegene wat sterk is en wat dig aan die hart van Christus is. Elkeen sal beproef word. Maar daar is diegene wat sommer blindelings in die versoeking gaan; hulle vra as 't ware die vyand om hulle te versoek. Hulle bedwing hulleself nie, hulle sedelike kragte word verswak en die gevolg is skande en sonde.

Hoe veragtelik in die oë van die Here is diegene wat voorgee om Sy wet te bewaar maar dit tog oortree! Hulle bring skande op die werk van die Here en versterk die hande van die vyande daarvan. Nooit moet die merk wat die navolgers van Jesus onderskei van die navolgers van Satan, uitgewis word nie. God het self die skeidslyn getrek tussen die kerk en die wêreld en tussen diegene wat Sy wet bewaar en diegene wat dit oortree. Die twee kannie met mekaar versoen word nie. Hulle verskil soos dag en nag — hulle smaak, hulle strewe, hulle werk, hulle lewensdoel en hulle karakters is anders. As ons die liefde en die vrees van die Here koester, sal ons alles verafsku wat onrein is.

Mag die Here siele na Hom toe trek en hulle onder ‘n besef bring van hulle heilige plig om sulke karakters te vorm sodat Christus nie sal skaam wees om hulle broeders te noem nie. Verhoog die peil, en dan, in daardie dag wanneer elkeen sal vergeld word volgens sy dade, sal die seën van die Here op u uitgespreek word.

Die werkers van God moet lewe asof hulle gedurig in Sy teenwoordigheid is, en hulle moet gedurig opwas in die Christelike deugde en ware godsvrug. Hulle verstand en harte moet so vol wees van die Gees van Christus, en so geheilig deur die plegtige boodskap wat hulle dra, dat elke gedagte, woord en daad verhef sal wees bokant die vleeslike en die aardse. Hulle sal nie hulle geluk soek in verbode, selfsugtige dinge nie, maar in Jesus en Sy liefde.

# HOOFSTUK EEN-EN-DERTIG—DIE GEREG [210]

(Deel IV, bls. 384-387.)

OP 23 Oktober 1879, omtrent twee-uur in die more, het die Gees van die Here op my gekom en die tonele in verband met die toekomstige gereg is aan my getoon. Woorde ontbreek my om 'n beskrywing te gee van die dinge wat ek gesien het en die indruk wat dit op my gemaak het.

Dit het geskyn of die groot dag van die uitvoerende oordeel van God aangebreek het. Tienduisendmaal tienduisend het voor die groot troon gestaan waarop 'n persoon met 'n majesteuse voorkomste gesit het. Daar het 'n hele paar boeke voor Hom gelê, en op die omslae daarvan het daar in vlammende goue letters gestaan "Grootboek van die Hemel." Een van die boeke wat die name bevat het van diegene wat voorgegee het om die waarheid te glo, is geopen. Dadelik het ek nie meer die ontelbare miljoene voor die troon gesien nie en my aandag is toe bepaal by diegene wat voorgegee het om die kinders van die lig en waarheid te wees. Terwyl die name van hierdie persone een vir een afgelees en hulle goeie dade genoem is, het hulle aangesigte gestraal van 'n heerlikheid wat in alle rigtings weerkaats is. Maar dit het nie die grootste indruk op my gemaak nie.

Daarna is 'n ander boek geopen wat die sondes bevat het van diegene wat die waarheid bely het. Elke sonde het onder die algemene hoof, Selfsug, geval. Daar was verskillende ander kolomme, en daaronder weer is die minder ernstige sondes opgeteken. Onder die hoof, Gierigheid, is die sondes van valsheid, diefstal, rowery, bedrog en hebsug aangeteken; onder die hoof, Ambisie, het hoogmoed en spandabelheid gekom; onder Jaloesie het kwaadwilligheid, haat en nyd gekom; onder die hoof, Onmatigheid, het daar 'n lang lys verskriklike misdade gestaan, soos b.v. ongebondenheid, owerspel, [211]
die botviering van die dierlike drifte ens. Terwyl ek so gestaan en kyk het, is ek met onbeskryflike vrees vervul, en ek het uitgeroep, Wie tog kan gered word? wie kan regverdig voor God staan? wie se

kleed is vlekkeloos? wie is sonder skuld voor die reine en heilige God.

Namate die Heilige Een so gesit en blaai het in die Grootboek, en Sy blik vir 'n oomblik gerus het op die persone, het dit geskyn of Sy blik op hulle siele ingebrand het, en terselfdertyd het elke woord en daad van hulle lewens in hulle gedagtes opgekom asof dit in vlammende letters geskryf is. Hulle het begin bewe en hulle gesigte het bleek geword. Toe ek hulle eers voor die troon gesien staan het, het dit gelyk of hulle gans onverskillig was. Maar hoe het alles nie nou verander nie! Die geruste gevoel was weg en daar het 'n naamlose vrees oor hulle gekom. Elke siel het gevrees dat hy miskien onder diegene sou wees wat geweeg en te lig gevind is. Alle oë was gerig op die Een wat op die troon gesit het; en terwyl Sy deursoekende blik die skare so gadeslaan, het hulle harte gebewe; want hulle het selfveroordeeld gevoel, hoewel daar geen woord geuiter is nie. In sieleangs het elkeen sy skuld bely, en dit met die vreeslike gewaarwording dat hulle deur hulle sonde die kostelike gawe van die ewige verbeur het.

Een klas is in die boeke aangedui as diegene wat die grond nutteloos beslaan het. En toe die deurdringende oog van die Regter op hulle gerus het, is hulle sondes van nalatigheid duidelik geopenbaar. Met bleek, bewende lippe het hulle hulle ontrouheid aan hulle heilige pand bely. Hulle het waarskuwings en voorregte gehad, maar het dit nie ter harte geneem nie. Nou het hulle besef dat hulle die genade van God misbruik het. Dis waar, daar het nie sulke groot sondes teen hulle gestaan as teen die vuil en afskuwelike sondaars nie; maar soos die onvrugbare vyeboon is hulle vervloek omdat hulle geen vrugte gedra het, en die talente wat aan hulle toevertrou is nie gebruik het nie.

[212] Hierdie klas het self eerste geplaas en net vir hulle eie belange gewerk. Hulle was nie ryk in God nie, omdat hulle nie die eise van God nagekom het nie. Hoewel hulle voorgegee het om diensknegte van Christus te wees, het hulle geen siele tot Hom gebring nie. As die saak van God afhanklik sou gewees het van hulle, sou dit maar baie treurig gegaan het; want nie alleen het hulle die middele teruggehou wat God aan hulle geleen het nie, maar hulle het ook hulleself teruggehou. Hulle het nou gesien en besef dat hulle, deur geen verantwoordelikheid te aanvaar ten opsigte van die werk van

God nie, hulleself aan die linkerhand geplaas het. Hulle het geleenthede gehad, maar hulle het nie die werk gedoen wat hulle kon en moes gedoen het nie.

Die name van almal wat die waarheid bely het, is nagegaan. Sommige was bestraf weens hulle ongeloof, en ander weer omdat hulle trae diensknegte was. Hulle het toegesien dat ander die werk in die Meester se wingerd doen en die swaar verantwoordelikhede dra, terwyl hulle op selfsugtige wyse hulle eie tydelike belange gedien het. As hulle die vermoëns wat God aan hulle gegee het sou gebruik het, sou hulle betroubare werkers gewees het wat die belange van hulle Meester op hulle hart sou gedra het. Die Regter het gesê: "Almal sal deur hulle geloof geregverdig word en deur hulle werke geoordeel word." Hoe duideiik het hulle nalatigheid nie nou geblyk nie, en hoe verstandig is die plan van God wat voorsiening maak sodat almal 'n aandeel daarin kan hê tot redding van sy medemens. Elkeen moes 'n lewende geloof getoon het in sy huis en in sy buurt, deur vriendelikheid te bewys aan die armes, medelyde te hê met die siekes, deur sendingwerk te doen en deur die saak van God geldelik te ondersteun. Maar soos in die geval van Meros, het die vloek van God hulle getref vir wat hulle nie gedoen het nie. Hulle het die werk liefgehad wat die grootste winste in hierdie lewe afgewerp het; en in die Grootboek waarin die goeie werk opgeteken is, het daar niks teenoor hulle name gestaan nie.

Die woorde wat aan hierdie klas gespreek is, was baie plegtig: [213] "Julle is geweeg en te lig bevind. Julle het julle geestelike verantwoordelikhede verwaarloos omdat julle te besig was met die tydelike dinge, terwyl juis die posisie wat julle beklee het dit noodsaaklik gemaak het dat julle goddelike wysheid en oordeelkundigheid aan die dag moes gelê het. Hierdie wysheid het julle nodig gehad om selfs die meganiese deel van julle werk te doen; Maar toe julle julle in julle besigheid van God en Sy heerlikheid afgeskei het, het julle julle ook afgeskei van Sy seen."

Die vraag is toe gestel: "Waarom het julle nie die kleed van julle karakter witgewas in die bloed van die Lam nie? God het Sy Seun in die wêreld gestuur, nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kon word. My liefde vir julle was sterker as die van 'n moeder. Dit was om julle sondes uit te delg en die beker van die saligheid aan julle lippe te bring dat Ek aan die

kruis gely en gesterf en julle sondeskuld gedra het. Die verskrikking van die dood en die duistemis van die graf het Ek verduur, sodat Ek hom wat die mag oor die dood het kon oorwin, die deure van die gevangenis en die poorte van die ewige lewe vir julle kon oopmaak. Ek het Myself oorgegee aan skande en foltering omdat Ek julle met 'n ewige liefde liefgehad het, en My afgedwaalde skape wou terugbring na die paradys van God en die boom van die lewe. Die heerlike lewe wat Ek vir julle teen so 'n ontsettende prys gekoop het, het julle versmaai. Skande, verwyt en smaad, soos wat julle Meester vir julle gely het, het julle vermy. Die voorregte wat Hy met Sy lewe vir julle gekoop het, het julle nie op prys gestel nie. Julle wou nie deelneem aan Sy lyding nie, en nou kan julle ook nie deel in Sy heerlikheid nie." Toe het ek die plegtige woorde gehoor: "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word; en laat die heilige nog heiliger word. Daarna is die boek toegemaak, en die mantel het geval van die persoon wat op die troon gesit het, en die verskriklike heerlikheid van die Seun van God is geopenbaar.

# HOOFSTUK TWEE-EN-DERTIG—DIE GEMEENTE VAN LAODICEA [214]

(Deel III, bis. 252-256; Deel I, bls. 185-188.)

DIE boodskap aan die gemeente van Laodicea bevat 'n ernstige bestraffing, en dit is van toepassing op die volk van God in ons dae.

"En skryf aan die leraar van die gemeente van die Laodicense: Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God — Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit My mond spuug. Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en nakend is nie."

Die Here toon hier dat die boodskap wat aan Sy volk moet verkondig word deur die predikante, nie 'n boodskap van vrede en veiligheid is nie. Dit is nie 'n teoretiese boodskap nie, maar een wat in alle opsigte prakties is. In die boodskap aan die Laodicense word daarop gewys dat die volk van God hulleself beskou as veilig. Hulle is dood op hulle gemak en meen dat hulle baie hoog staan wat geestelike dinge betref. "Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaens-waardig en arm en blind en nakend is nie."

Watter groter bedrog is daar vir die mens as om te glo dat alles goed en reg is, terwyl alles verkeerd is! Die boodskap van die Waaragtige Getuie tref die volk van God aan in 'n treurige toestand van selfbedrog, en hulle besef dit nie. Hulle weet nie dat hulle voor God in 'n ellendige toestand verkeer nie. Terwyl hulle daarmee spog dat hulle op geestelike gebied verryk is, openbaar die Waaragtige Getuie aan hulle hulle ware toestand van geestelike blindheid, armoede en ellende. Die getuienis wat so skerp en snydend is, is waar, want dit [215]
is die Waaragtige Getuie wat spreek, en Sy getuienis is altyd waar.

Dit is moeilik vir diegene wat veilig voel en wat meen dat hulle op geestelike gebied verryk is, om ‘n boodskap aan te neem wat sê dat hulle hulleself bedrieg en behoefte het aan al die geestelike deugde. Die hart wat nie geheilig is nie is “bedrieglik bo alle dinge, ja verdorwe is dit.” Aan my is getoon dat vele wat daarmee spog dat hulle goeie Christene is, nie ‘n straaltjie van die lig van Jesus in hulle het nie. Hulle het nie ‘n lewende en persoonlike ondervinding van die geestelike lewe nie. Dit is nodig dat hulle hulle tot die stof toe sal verootmoedig voor God, voordat hulle hulle behoefte sal besef aan die deugde van die Gees, en ‘n ernstige en volhardende poging sal maak om hierdie deugde te bekom.

God lei Sy volk stap vir stap voort. Die Christelike lewe is ‘n gedurige stryd en ‘n mars. In hierdie stryd is daar geen verposing nie. Dit is deur aanhoudende stryd dat ons steeds die oorwinning oor die versoekings van Satan verkry. As ‘n volk oorwin ons in die krag van die waarheid. Ons kan die posisie ten opsigte van ons geloof handhaaf deur oorvloedige skriftuurlike bewyse. Maar dit ontbreek ons aan Bybelse nederigheid, geduld, geloof, liefde, selfverloëning, waaksaamheid, en geestelike opoffering. Ons behoort Bybelse heiligheid aan te kweek. Die sonde heers onder die volk van God. Die onomwonde bestraffing aan die Laodicense word nie aangeneem nie. Baie is verkleef aan hulle twyfeling en boesemsondes, en hulle bedrieg hulleself deur te voel en te praat asof hulle aan niks behoefte het nie. Hulle meen dat die bestraffing in die getuienis van die Gees van God nie nodig is nie, en nie vir hulle bedoel is nie. Hulle het groot behoefte aan die genade van God en aan geestelike insig, sodat hulle kan sien waar hulle kortskiet in gees-telike kennis. Hulle ly gebrek aan byna alles wat nodig is vir die volmaking van ‘n Christelike karakter. Hulle het nie ‘n praktiese kennis van Bybelse waarhede wat
[216] nederigheid en eensgesindheid met die wil van Christus sal bevorder nie. Hulle lewe nie in gehoorsaamheid aan al die vereistes van God nie.

Dit is nie genoeg om slegs voor te gee dat ons die waarheid glo nie. Al die gesante van Christus staan so te sê onder verpligting om die stryd aan te knoop teen die sielevyand, om verkeerde dinge te veroordeel en geregtigheid te handhaaf. Maar die Waaragtige Getuie openbaar die feit dat ons mense bedrieg is en dat daar waarskuwings

nodig is om hulle uit die slaap wakker te skud en hulle tot dade aan te vuur.

In die laaste gesig wat ek gehad het, is daar aan my getoon dat selfs die besliste boodskap van die Waaragtige Getuie nog nie Gods doel bereik het nie. Die mense slaap nog voort in hulle sondes. Hulle hou nog vol dat hulle verryk is en aan niks gebrek het nie. Daar is baie wat vra: Waarom word al hierdie bestraffings gegee? Waarom beskuildig die Getuienisse ons gedurig van afvalligheid en growwe sondes? Ons het die waarheid lief; ons is voorspoedig; ons het nie al hierdie getuienisse, waarskuwings en bestraffings nodig nie. Maar laat hulle hulle eie harte sien en laat hulle hulle lewens vergelyk met die praktiese leer van die Bybel; laat hulle hulle siele voor God verootmoedig, laat die genade van God hulle duisternis verlig, dan sal die skille van hulle oë afval en hulle sal hulle ware geestelike powerheid en ellende besef. Dan sal hulle besef dat dit nodig is om goud te koop, naamlik reine geloof en liefde; en wit klere—’n vlekkelose karakter gereinig in die bloed van die Verlosser; en oogsalf — die genade van God — wat hulle ‘n heldere insig sal gee van geestelike dinge en wat die sonde sal ontdek. Hierdie dinge is kosteliker as goud.

Aan my is getoon dat die grootste rede waarom die volk van God op geestelike gebied so blind is, te wyte is aan die feit dat hulle nie teregwysings wil aanneem nie. Baie het die teregwysings en bestraffings wat aan hulle gegee is, verag. Die Waaragtige Getuie veroordeel hierdie louheid onder die volk van God, wat Satan groot mag oor hulle gee in hierdie tyd wanneer hulle behoort te waak en [217]
wag te hou. Die selfsugtiges, die hoogmoediges, en diegene wat die sonde lief het, verkeer gedurig in twyfeling. Satan besit die vermoë om hulle te laat twyfel, en hy gee besware aan die hand teen die raak getuienisse wat God stuur; en baie meen dat dit ‘n deug is, ‘n bewys van inteltligensie, om ongelowig te wees, te twyfel en te kibbel. Diegene wat graag wil twyfel sal baie rede daarvoor hê. Dis nie Gods doel om alle grond van twyfeling weg te neem nie. Hy gee bewyse wat sorgvuldig en met ‘n nederige en geseglike gees ondersoek moet word, en almal moet self besluit volgens die getuienis.

Die ewige lewe is van oneindige waarde, en dit sal alles kos wat ons het. Aan my is getoon dat ons die ewige dinge nie na

waarde skat nie. Alles wat die moeite werd is, selfs in hierdie lewe, kos inspanning en soms die grootste opoffering; en dit is maar om verganklike skatte te verkry. Sal ons dan minder gewillig wees om te werk en te stry en groot opofferings te maak om die skat van oneindige waarde te verkry, en ‘n lewe wat gelyk sal staan met die van die ewige God? Kan die hemel vir ons te duur wees?

Geloof en liefde is skatte van goud, maar dis dinge wat in ‘n groot mate ontbreek onder die volk van God. Aan my is getoon dat ongeloof in die waarskuwings, aanmoedigings en bestraffings, die lig van God van Sy volk weghou. Ongeloof verblind hulle oë sodat hulle nie hulle ware toestand kan besef nie. Die Waaragtige Getuie beskryf hulle blindheid as volg: “En jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en nakend is nie.”

Geloof in die spoedige koms van Christus ontbreek. “My Here talm om te kom,” word nie alleen in die hart gesê nie, maar dit blyk ook uit die woorde en werke. Onkunde in hierdie tyd waarin hulle moet waghou, verblind die volk van God vir die tekens van die tye. Die vreeslike ongeregtigheid wat daar heers, verg die grootste waaksaamheid en die lewende getuienis om die sonde uit die kerk
[218] te weer. Daar is ‘n onrusbarende versaking van die geloof, en dit is alleen deur die geloof in beoefening te bring dat dit vermeerder kan word.”

Geagte Broeders en Susters: Die Here het weer groot genade aan my betoon. Oor die afgelope paar maande was ek baie siek. Die siekte het swaar op my gedruk. Vir jare al ly ek aan water en hartkwaal, wat ‘n neiging het om my baie neerslagtig te maak en my geloof en moed te vernietig. Die boodskap aan die Laodicense het nie die bekering teweeggebring onder Gods volk wat ek verwag het nie, en dit het my baie ontstel. Dit het geskyn of my siekte vererger het, en ek het gevoel dat ek sou sterf. Ek het geen begeerte gehad om te lewe nie, en daarom het ek nie die geloof gehad om te bid om herstelling nie. Baie aande wanneer ek gaan lê het, het ek besef dat ek my asem kon uitblaas voor die more aanbreek. Een nag teen middernag het ek flou geword. Broeders Andrews en Loughborough is laat roep, en hulle het ernstig vir my gebid. Die neerslagtigheid, die swaar gewig is van my hart weggeneem en ek het ‘n gesig gesien, en die dinge wat ek nou aan julle bekendmaak is aan my getoon.

Ek het gesien dat Satan daarop uit was om my te ontmoedig en wanhopig te maak, sodat ek die dood sou begeer lewer as die lewe. Aan my is getoon dat dit nie die wil van God was dat ek nou my werk sou staak en sterf nie; want dan sou die vyande van ons geloof die oorwinning behaal en die harte van Gods kinders sou bedroef word. Ek het gesien dat ek baie sou ly; maar die belofte is aan my gegee dat diegene rondom my, my sou bemoedig en help, sodat ek nie sal moed verloor wanneer Satan my woedend aanval nie.

Aan my is getoon dat die boodskap aan die Laodicense van toepassing is op Gods volk in hierdie dae, en dat die rede waarom dit nie 'n groter uitwerking gehad het nie toe te skryf is aan die hardheid van hulle harte. Maar die Here het aan die boodskap tyd gegee om sy werk te doen. Die hart moet gereinig word van die sondes wat Jesus so lank uitgesluit het. Hierdie boodskap sal sy werk doen. Toe dit die [219] eerste maal verkondig is, het dit baie daartoe gebring om hulle harte te ondersoek. Sondes is bely, en orals het daar opwekking gekom onder die volk van God. Byna almal het geglo dat die bookskap die "groot stem" van die derde engel sou word. Maar toe hulle sien dat daar nie 'n groot werk binne 'n kort tydjie verrig is nie, het baie nie meer die uitwerking van die boodskap gevoel nie. Ek het gesien dat hierdie boodskap nie sy werk binne 'n paar kort maande sou verrig nie. Dit is bedoel om die volk van God wakker te skud, om hulle afvalligheid aan hulle te toon en hulle tot bekering te bring, sodat Jesus hulle kan begunstig met Sy teenwoordigheid en hulle geskik gemaak kan word vir die groot stem van die derde engel. Namate die boodskap in die hart gewerk het, het dit die mense gelei om hulle voor God te verootmoedig. Engele is in alle rigtings gestuur om ongelowige harte te berei vir die waarheid. Die saak van God het begin vordering maak en Sy volk het hulle toestand besef. As die raad van die Waaragtige Getuie aangeneem sou gewees het, sou God met groot krag vir Syvolk gewerk het. Maar nogtans is die pogings wat gemaak is sedert die boodskap gegee is, deur God geseën en baie siele is uit die duisternis tot die waarheid gebring.

Die Here sal Sy volk op die proef stel. Jesus handel geduldig met hulle en Hy sal hulle nie dadelik uit Sy mond spuug nie. Die engel het aan my gesê, "God is besig om Sy volk te weeg." As die boodskap van so 'n korte duur was as baie gereken het, sou daar geen tyd vir die volk gewees het om hulle karakters te ontwikkel nie. Baie

het op gevoel gehandel en nie uit geloof nie, en hierdie onrusbarende boodskap het hulle opgewek. Dit het op hulle gevoelens gewerk en by hulle vrees aangejaag, maar dit het nie die werk verrig wat God bedoel het nie. God lees die hart. En sodat Sy volk nie bedrieg sal word aangaande hulle toestand nie, gee Hy hulle tyd dat die opwinding kan afneem, en daara stel Hy hulle op die proef om te sien of hulle die raad van die Waaragtige Getuie sal aanneem.

[220] Die Here lei Sy volk stap vir stap voort. Hy lei hulle tot verskillende stadiums wat sal openbaar wat in hulle harte is. Sommige staan by die een stadium vas, maar by die volgende val hulle. By elke stadium word die hart steeds deegliker getoets. As diegene wat onder die naam gaan van Gods volk voel dat hulle hart teen die boodskap gekant is, behoort dit hulle te oortuig dat daar werk vir hulle te doen is om te oorwin as hulle nie wil hê dat die Here hulle uit Sy mond sal spuug nie. Die engel het gesê: "God sal Sy werk steeds nader en nader bring om elkeen van Sy volk op die proef te stel." Sommige neem die een punt aan, maar as die ander toetse kom dan deins hulle daarvoor terug, omdat hulle vind dat dit een van hulle geliefkoosde afgodjies raak. Hier het hulle die geleentheid om te sien wat dit is wat Jesus uit hulle harte uitsluit. Daar is dinge wat hulle meer waardeer as die waarheid, en hulle harte is nie gereed om Jesus te ontvang nie. Persone word vir 'n hele tydjie getoets om te sien of hulle hulle afgode sal laat vaar en die raad van die Waaragtige Getuie sal aanneem. As iemand nie gereinig wil word deur geloof van die waarheid nie, en sy selfsug, hoogmoed, en bose drifte wil opgee nie, word daar aan die engele van God gesê "Hy is gekoppel aan die afgode: laat hom staan!" en dan gaan die engele nader en hulle laat diegene wat nie hulle sondige neigings oorwin het nie oor aan die bose engele. Diegene wat die toetse een vir een deurmaak en oorwin, al kos dit hulle ook wat, het geluister na die raad van die Waaragtige Getuie; op hulle sal die laat reëns uitgestort word en sodoende sal hulle geskik gemaak word vir die verheerliking.

God stel Sy volk in hierdie wêreld op die proef. Dit is die plek waar hulle berei word om in Sy teenwoordigheid te kan staan. Hier in hierdie wêreld en in hierdie laaste dae, sal mense toon watter mag hulle hart regeer en wie hulle dade beheers. As dit die krag van die goddelike waarheid is, sal dit goeie werke as gevolg hê. Dit sal die persoon wat die waarheid aangeneem het ophef, edel en gulhartig

maak soos sy Here. Maar as bose engele die hart beheers, sal dit op verskillende maniere blyk. Selfsug, gierigheid, hoogmoed en bose drifte sal die vrugte van die lewe wees. [221]

Die menslike hart is bedrieglik bo alle dinge, ja verdorwe is dit. Die geveinsdes is nie gewillig om hulleself deeglik te ondersoek om te sien of hulle in die waar-heid is nie, en dis 'n onrusbarende feit dat baie op 'n valse hoop steun. Sommige steun op hulle ervarings van jare gelede, maar as dit tyd is vir selfondersoek en almal van nuwe ervarings behoort te getuig, het hulle niks te sê nie. Hulle dink dat 'n blote belydenis van die waarheid hulle kan red. Maar as hulle die sondes wat God haat, oorwin, sal Jesus inkom en saam met hulle maaltyd hou, en hulle met Hom. Dan sal hulle goddelike krag van Jesus ontvang, hulle sal in Hom opwas en in staat wees om te kan getuig: "Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus." Dit sou die Here meer behaag het as die loue belyers van die godsdiens nooit Sy naam op hulle lippe geneem het nie. Hulle is steeds soos 'n remskoen vir diegene wat Jesus graag getrou wil navolg. Hulle is 'n hindernis vir ongelowiges, en die bose engele verbly hulle oor hulle en tart gedurig die engele van God uit oor hulle verdraaide weg. Sulke mense is 'n vloek vir die saak van God, tuis en in die buiteland. Hulle kom tot God met hulle lippe, maar hulle harte is ver van Hom af.

[222] # HOOFSTUK DRIE-EN-DERTIG—JOSUA EN DIE ENGEL

(Deel V, bls. 467-476.)

As die sluier wat die sigbare van die onsigbare skei kon opgelig word, en die volk van God die groot stryd oor die saligheid van die mens kon sien wat woed tussen Christus en die heilige engele aan die eenkant, en Satan en sy bose leërskare aan die anderkant; as hulle die groot werk van God kon besef vir die redding van siele uit die slawerny van die sonde, asook die openbaring van Sy krag wat hulle beskerm van die haat van die bose magte, sou hulle in 'n beter posisie wees om die liste van Satan te weerstaan. Hulle sou onder 'n diep indruk kom van die belangrikheid en uitgestrektheid van die groot verlossingsplan, asook van die belangrikheid van hulle werk as medewerkers van Christus. Dit sou hulle nederig maak, en die feit dat die ganse hemel belang stel in hulle saligheid sou hulle bemoedig.

'n Treffende voorbeeld van die werk van Satan en die werk van Christus, en van die krag van ons Middelaar om die aanklaer van Sy volk te verstaan, word geopen* baar in die profesie van Sagaria. In 'n gesig het die profeet die hoëpriester, Josua gesien, gekleed in "vuil klere." Josua het voor die Engel van die Here gestaan en om genade gesmeek vir sy volk wat swaar beproef was. Satan het aan sy regter sy gestaan om hom te weerstaan. Omdat Israel die uitverkore volk van God was om die kennis van God op die aarde te bewaar, was hulle van die begin af deur Satan gehaat en hy was vasbeslote om hulle uit te roei. Solank as hulle aan God gehoorsaam was, kon hy hulle geen kwaad doen nie; daarom het hy al sy kragte en liste aan die dag gelê om hulle tot die sonde te verlei. Deur sy versoekings verstrik, het hulle die wet van God oortree en hulle dus van die Bron van hulle krag geskei, en hulle het die prooi geword
[223] van hulle heidense vyande. Hulle is gevanklik weggevoer na Babilon en daar het hulle vir baie jare gebly. Maar nogtans het die Here hulle

nie verlaat nie. Hy het Sy profete na hulle gestuur met bestraffings en waarskuwings. Die volk is wakker gemaak en hulle het hulle sondes besef; hulle het hulle voor God verootmoedig en hulle tot Hom bekeer. Toe het die Here bemoedigende boodskappe aan hulle gestuur en verklaar dat Hy hulle uit hulle gevangenis sou verlos en hulle weer in Sy guns sou herstel. En dit wou Satan ten alle koste verhoed. 'n Gedeelte van die volk het reeds teruggekeer na hulle eie land, en Satan was besig om die heidense volke, wat handlangers van hom was, op te hits om die Israeliete te verdelg.

Terwyl Josua in ootmoed gepleit het dat God Sy beloftes moes gestand doen, het Satan hom heftig weerstaan. Hy het gewys op die oortredings van Israel as 'n rede waarom die volk nie in die guns van God sou herstel word nie. Hy het aanspraak gemaak op hulle as sy prooi en hy het daarop aangedring dat hulle aan hom moes oorgelewer word sodat hy hulle kon vernietig.

Die hoëpriester kon homself en sy volk nie verdedig teen die beskuldigings van Satan nie. Hy het nie aangevoer dat Israel sonder skuld was nie. Hy het voor die engel gestaan in sy vuil klere wat die sondes van sy volk voorgestel het, as hulle verteenwoordiger. Hy het hulle sondes bely, maar ook daarop gewys dat hulle hulle verootmoedig en bekeer het; hy het staatgemaak op die barmhartigheid van 'n vergewensgesinde Verlosser, asook op die beloftes van God.

Toe het die Engel, wat Christus self was, die Verlosser van sondaars, die aanklaer van die volk stilgemaak, en gesê: "Mag die Here jou bestraf, o Satan! Ja mag die Here, wat Jerusalem verkies het, jou bestraf! Is hierdie een nie 'n stuk brandhout wat uit die vuur geruk is nie?" Lank was Israel in die beproewingsvuur; weens hulle sonde was hulle byna verteer in die vuur wat Satan en sy handlangers aangesteek het om hulle te verdelg; maar nou het die Here Sy arm uitgestrek om hulle te verlos. In hulle berou en verootmoediging sou die Heiland nie Sy volk oorlaat aan die wrede heidense mag nie. "'n [224]
Geknakte riet sal Hy nie verbreek nie, en 'n lamppit wat rook sal Hy nie uitblus nie."

Nadat Josua se gebed verhoor is, is die bevel gegee: "Neem die vuil klere van hom weg," en aan Josua het die engel gesê: "Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere." "En hulle het die rein tuband op sy hoof gesit en hom die klere aangetrek." Sy eie sondes en die van sy volk is vergewe. Israel

is *gekleed met feesklere* — d.w.s die geregtigheid van Christus is vir hulle toegereken. Die tulband wat op Josua se hoof geplaas is, was soos die wat deur die priesters gedra is, en daarop het gestaan "Heilig aan die Here;" dit het beteken dat hy, nieteenstaande sy vorige oortredings, nou geskik was om voor God op te tree in Sy heiligdom.

Nadat die priesterlike gewaad vir Josua aangetrek is, het die Engel gesê: "So sê die Here van die leërskare: As jy in My weë wandel en My verordeninge onderhou, dan sal jy My huis bestuur sowel as My voorhowe bewaak, en Ek sal jou vrye toegang verleen onder diegene wat hier staan." Hy sou vereer word as die regter of owerste oor die tempel en sy dienste; hy sou onder die diensdoende engele wandel, selfs in hierdie lewe, en eindelik sou hy staan onder die verheerlikte skare voor die troon van God.

"Luister tog, o Josua, jy wat die hoëpriester is, jy en jou vriende wat voor jou sit — ja sinnebeelde is hulle. Want kyk, Ek sal My kneg, die Spruit, laat kom!" Hier word die Hoop van Israel geopenbaar. Dit was deur geloof in die komende Verlosser dat Josua en sy volk vergifnis ontvang het. Deur geloof in Christus is hulle in die guns van God herstel. Deur Sy verdienstes, en as hulle in Sy weë sou wandel en Sy verordeninge sou bewaar, sou hulle *sinnebeelde* wees onder die volke van die aarde deur die Hemel uitverkore en geëer. Christus was hulle hoop, hulle verdediging, hulle regverdigmaking en hulle verlossing, net soos Hy ook die hoop van die kerk vandag is.

[225] Net soos Satan Josua en sy volk beskuldig het, so het hy ook deur die eeue heen diegene beskuldig wat die genade en guns van God gesoek het. In die boek Openbaring word hy die "aanklaer van die broeders" genoem, "wat hulle aanklaag voor God dag en nag." Die stryd word herhaal oor elke siel wat uit die mag van die bose gered is en wie se naam in die boek van die lewe van die Lam geskryf is. Nooit gaan daar een uit die gesin van Satan na die gesin van God oor, sonder heftige teenstand van die kant van die Bose nie. Dis nie omdat hulle sondes hom mishaag dat Satan diegene aankla wat die aangesig van die Here soek nie. Hy verbly hom oor die gebreke in hulle karakters. Dit is alleen deur oortreding van Gods wet dat hy mag oor hulle kan kry. Hy maak sy aanklagte alleen omdat hy vyandig gesind is teenoor Christus. Deur die verlossingsplan is

Christus besig om die mag van Satan oor die mensdom te verbreek en siele te verlos. Namate hy die oppermag van Christus sien, word al die haat en kwaadwilligheid van Satan opgewek en met helse listigheid en krag probeer hy om die oorblyfsel onder die mense wat die saligheid aangeneem het, van Christus af weg te ruk.

Hy lei die mense tot ongeloof sodat hulle hulle vertroue in God verloor en hulle afskei van Hom; hy verlei hulle om Gods wet te oortree, en dan neem hy hulle as sy gevangenes en betwis hy die reg van Christus om hulle van hom te verlos. Hy weet goed dat diegene wat ernstig smeek om genade en vergifnis dit sal ontvang, en daarom hou hy hulle sondes voor hulle om hulle te ontmoedig. Hy soek gedurig iets teen diegene wat trag om God te gehoorsaam. Hy probeer om selfs hulle beste en aanneemlikste dienste as bedorwe voor te stel. Deur allerhande slim en listige planne probeer hy om hulle veroordeling te bewerk. Alleen kan die mens hom nie teen hierdie aanklagte verdedig nie. In sy deur sonde besoedelde klere en met 'n belydenis van sy skuld staan hy voor God. Maar ten behoewe van almal wat in berou en geloof hulle siele aan Sy sorg toevertrou het, lewer Jesus 'n pleidooi wat hulle verlossing kan bewerkstellig. Hy bepleit hulle saak en oorwin die aanklaer deur die magtige argu- [226]
mente van Golgota. Sy volkome gehoorsaamheid aan Gods wet, ja selfs tot die dood toe, gee aan Hom alle mag in hemel en op aarde, en Hy maak aanspraak op Sy Vader se genade en versoening ten behoewe van die skuldige mensdom. Aan die aanklaer van Sy volk sê Hy: " ‚Mag die Here jou bestraf, o Satan.' Hulle is deur My bloed gekoop, stukke brandhout wat uit die vuur geruk is." En diegene wat in geloof op Hom vertrou, ontvang die versekering, "Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere." Almal wat die kleed van Christus se geregtigheid aangetrek het, sal voor Hom staan as uitverkore, waaragtig en getrou. Satan het geen mag om hulle uit die hand van Christus te ruk nie. Christus sal nie toelaat dat een siel wat in ware bekering en geloof aanspraak maak op Sy beskerming, in die mag van die vyand val nie. Hy het Sy woord in pand gegee: "Hulle moet My beskutting aangryp, vrede met My maak, vrede met My maak." Die belofte wat aan Josua gegee is, is aan almal gegee: "As jy in My weë wandel ... sal Ek jou vrye toegang verleen onder diegene wat hier staan."

Engele van God sal aan hulle sy wandel, selfs in hierdie wêreld, en eindelik sal hulle tussen die engele wees wat rondom die troon van God staan.

Die feit dat die volk van God voorgestel word in vuil klere, behoort hulle tot ootmoed en selfondersoek te beweeg. Diegene wat waarlik besig is om hulle harte te reinig deur gehoorsaamheid aan die waarheid, sal baie nederig wees. Hoe meer hulle die reinheid van die karakter van Christus besef, hoe sterker sal die drang by hulle wees om gelykvormig te word aan Sy ewebeeld en hoe meer sal hulle hulle gemis aan reinheid en heiligheid besef. Maar terwyl ons ons sondige toestand behoort te besef, behoort ons ons te verlaat op Christus wat ons regverdigmaking, heiligmaking en verlossing is. Ons kan ons nie verdedig teen die beskuldigings van Satan nie. Christus alleen kan 'n doeltreffende pleidooi ten behoewe van ons
[227] lewer. Hy kan die aanklaer stilmaak met argumente wat nie op ons verdienstes nie, maar op Sy verdienstes berus.

Maar nooit moet ons tevrede wees met 'n sondige lewe nie. Die feit dat elke gebrek wat hulle karakter betref en elke puntjie waarin hulle kortskiet om die goddelike peil te bereik, 'n swakplek is waar Satan kan inkom om hulle te vernietig, behoort Christene yweriger en ernstiger te maak om die sonde te oorwin; en wat meer is, elke swakheid in ons karakters verskaf geleentheid aan die versoeker en sy handlangers om verwyte teen die hoof van Christus te slinger. Ons behoort alle kragte in te span om te oorwin, en ons moet op Jesus vertrou vir krag om te doen wat ons nie in ons eie krag kan doen nie. Geen sonde kan gedoog word in diegene wat eendag saam met Christus in wit klere sal wandel nie. Ons moet die vuil klere uittrek en die kleed van die geregtigheid van Christus aantrek. Deur bekering en geloof sal ons in staat gestel word om al die gebooie van God te gehoorsaam en eendag sonder gebrek voor Hom te staan. Diegene wat eindelik deur God aangeneem sal word, is nou besig om hulle siele te verootmoedig, hulle sondes te bely, en ernstig om genade te bid in die naam van Jesus, hulle Voorspraak. Hulle oë en hulle hoop en geloof is op Hom gevestig, en wanneer die bevel gegee word: "Neem die vuil klere van hulle weg en beklee hulle met feesklere en sit 'n rein tulband op hulle hoofde," sal hulle aan Hom al die eer en heerlikheid gee vir hulle verlossing.

Die gesig van Sagaria waar hy Josua en die Engel gesien het, is van toepassing op die volk van God in die sluitingsure van die groot versoendag. Die oorblyfselkerk sal groot beproewing moet deurmaak. Diegene wat die gebooie van God en die geloof in Jesus gewaar, sal die woede van die draak en sy leërskare moet verduur. Satan maak aanspraak op die bewoners van die aarde as sy onderdane en hy het beheer oor die afvallige kerke; maar hier is 'n klein klompie wat sy oppergesag bestry. As hy hulle van die aarde kon verdelg, sou sy oorwinning volkome wees. Net soos hy die heidense volke aangehits het om Israel vanouds te verdelg, sal hy ook die bose magte [228]
van die aarde aanvuur om die volk van God te verdelg. Van almal sal gehoorsaamheid aan menslike wette geëis word wat teenstrydig is met die wet van God. Diegene wat getrou aan God en hulle pligte bly, sal bedreig, uitgeskel en verban word. Hulle sal oorgelewer word "deur ouers en broers en bloedverwante en vriende."

Hulle enigste hoop is op die genade van God; hulle enigste beskutting is gebed. Net soos Josua die Engel gesmeek het, sal die oorblyfsel-kerk ook met 'n verbryselde hart smeek om verlossing deur Jesus hulle Voorspraak. Hulle besef hulle sondes terdee, hulle besef hulle swakhede en onwaardigheid, en waar hulle hulleself aanskou, is hulle klaar om te beswyk. Net soos hy Josua weerstaan het, beskuldig die versoeker hulle ook. Hy wys op hulle vuilklere en gebrekkige karakters. Hy wys op hulle swakhede, dwaashede, hulle ondankbaarheid, en die feit dat hulle nie soos Christus hulle Verlosser is wat deur hulle sondes onteer is. Hy probeer om die siel bang te maak met die gedagte dat alles hopeloos is en dat hy nooit van die besoedeling van die sonde gereinig kan word nie. Hy trag om hulle geloof te vernietig sodat hulle sal toegee aan sy versoekings, hulle trou aan God sal opsê en die merkteken van die dier sal ontvang.

Satan wys God op die beskuldigings teen hulle en hy voer aan dat hulle deur hulle sondes die goddelike beskerming verbeur het, en dat hy die reg het om hulle te vernietig as oortreders. Hy voer aan dat hulle net so min geregtig is op die guns van God as hy. "Is hulle," vra hy, "die mense wat my plek in die hemel moet inneem en die plek van die engele wat aan my kant staan? Het hulle wat voorgee dat hulle die wet gehoorsaam het, dit werklik gehoorsaam? Is hulle nie diegene wat self liewer gehad het as God nie? Het hulle

nie hulle eie belange bo die van God gestel nie? Het hulle nie die wêreldse dinge liefgehad nie? Kyk na die sondes wat daar in hulle lewens geopenbaar is. Let op hulle selfsug, hulle kwaadwilligheid en hulle haat teenoor mekaar."

Die volk van God skiet in baie opsigte kort. Satan weet goed
[229] watter sondes hy hulle verlei het om te pleeg, en hy stel hulle sondes baie vergroot voor en sê: "Sal God my en my engele van Sy aangesig verban en nogtans hierdies wat aan dieselfde sondes skuldig is, beloon? As U regverdig is, o Here, kan U dit nie doen nie. U troon sal dan nie langer 'n troon van reg en geregtigheid wees nie. Die geregtigheid eis dat hulle veroordeel sal word."

Maar hoewel die navolgers van Christus gesondig het, het hulle hulle nie aan die oorheersing van die bose oorgegee nie. Hulle het hulle sondes versaak en met verbryselde en ootmoedige harte die aangesig van die Here gesoek, en die goddelike Voorspraak het ten behoewe van hulle opgetree. Hy wat hulle ondankbaarheid en sondes ken, maar ook hulle berou en bekering gesien het, antwoord: " ‚Mag die Here jou bestraf, o Satan.' Ek het My lewe vir hierdie siele gegee. Hulle is in My hande ingegraveer."

Die aanvalle van Satan is heftig, sy verleidings is listig, maar die oog van die Here is oor Sy volk. Hulle beproewing is groot en dit skyn asof die vlamme van die beproewingsvuur hulle sal verteer; maar Jesus sal hulle daaruit bring soos gelouterde goud. Hulle aardsgesindheid moet verteer word sodat hulle die volmaakte beeld van Christus kan weerkaats; alle ongeloof moet oorwin word en hoop en lydsaamheid moet ontwikkel word.

Die volk van God ween en sug weens die sondes van die land. Met trane waarsku hulle die goddelose teen die gevaar om die wet van God te vertree, en in onuitspreeklike droefheid verootmoedig hulle hulleself voor die aangesig van die Here weens hulle eie sondes. Die goddelose dryf die spot met hulle droefheid en hulle smeekbedes, en verag hulle omdat hulle meen dat dit 'n bewys van swakheid is. Maar die sieleangs van Gods volk is 'n bewys dat hulle die krag en edelheid wat hulle as gevolg van die sonde verloor het, weer herwin. Dit is omdat hulle nader aan Christus kom en Sy volmaakte reinheid sien, dat hulle so 'n heldere besef het van die uitermate sondigheid van die sonde. Hulle verbryseling en selfveragting is baie
[230] aanneemliker by God as die eiegeregtrotse gees van diegene wat geen

nodigheid sien om te ween nie, wat die nederigheid van Christus verag, en wat meen dat hulle volmaak is terwyl hulle oortreders is van Gods heilige wet. Sagmoedigheid en nederigheid is die voorwaardes van krag en oorwinning. Daar wag 'n kroon van heerlikheid vir diegene wat hulle aan die voet van die kruis neerbuig. Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.

Diegene wat gelowig is en bid, is as't ware met God opgesluit. Hulle weet hoe veilig hulle beskutting is. Aangevuur deur Satan, soek die regeerders van hierdie wêreld om hulle om die lewe te bring; maar as hulle oë kon geopen word soos die van Elisa se kneg by Dotan, sou hulle sien dat die engele van God 'n laer trek rondom Sy kinders, en deur hulle skitterende heerlikheid die magte van die duisternis terugdryf.

Namate die volk van God hulle siele voor Hom verootmoedig en bid om reinheid van hart, word die bevel gegee: "Neem die vuil klere van hulle weg. . . . Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere." Die beproefde, versogte, dog getroue kinders van God, word beklee met die vlekkelose kleed van die geregtigheid van Christus, om nooit meer deur die sondes van die aarde besoedel te word nie. Hulle name word behou in die Lam se boek van die lewe, saam met die name van die getroues van alle eeue. Hulle het die liste van die verleier weerstaan; die gebrul van die draak het hulle nie ontrou gemaak aan God nie. Nou is hulle vir ewig veilig van die versoeker se liste. Hulle sondes word geplaas op die een wat verantwoordelik is vir alle sondes, en die oorblyfsel is nie alleen vergewe en aangeneem nie, maar hulle word ook geëer. 'n Rein tulband is op hulle hoofde geplaas. Hulle word konings en priesters van God. Terwyl Satan besig is om hulle te beskuldig en trag of hulle te vernietig, gaan daar onsigbare engele heen en weer wat hulle verseël met die seël van die lewende God. Dit is hulle wat op die berg Sion sal staan, saam met die Lam, en met die Vader se naam op hulle voorhoofde geskrywe. Voor die troon sing hulle 'n nuwe lied, daardie lied wat niemand kan leer behalwe die honderd [231]
vier-enveertig duisend wat gekoop is van die aarde af nie. "Dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam. En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God."

Die volgende woorde van die Engel aan Josua is nou ten voile vervul: "Luister tog, o Josua, jy wat die hoëpriester is, jy en jou vriende wat voor jou sit — ja sinnebeelde is hulle. Want kyk, Ek sal My kneg, die Spruit, laat kom!" Christus word geopenbaar as die Redder en Verlosser van Sy volk. Nou is die oorblyfsel waarlik "sinnebeelde," en die trane en vernedering van hulle pelgrimstog is verander in vreugde en eer in die teenwoordigheid van God en die Lam.

"In dié dag sal die Spruit van die Here wees tot sieraad en heerlikheid, en die vrug van die land tot hoogheid en versiering vir die vrygeraaktes van Israel. En wie in Sion oorgebly het en gespaar is in Jerusalem, dié sal heilig genoem word, elkeen wat onder die lewendes opgeskrywe is in Jerusalem —."

# HOOFSTUK VIER-EN-DERTIG—DIE SEËL VAN GOD [232]

(Deel V, bls. 207-216.)

"DAARNA het Hy hardop voor my ore geroep en gesê: Kom nader, geregsdienaars van die stad, en elkeen met sy verwoestende wapen in sy hand. . . . En hy het na die man geroep wat met linne bekleed was, wat die skrywer se inkpot aan sy heupe gehad het. En die Here sê vir hom: Trek dwarsdeur die stad, dwarsdeur Jerusalem en maak 'n teken op die voorhoofde van die manne wat sug en steun oor al die gruwels wat daarin gedoen word. Maar vir die ander sê Hy voor my ore: Trek agter hom aan deur die stad, en slaan; laat julle oog nie verskoon nie, en spaar nie; slaan dood grysaards, jongmanne en jongdogters en kinders en vroue tot vernietiging toe; maar raak aan niemand op wie die teken is nie, en begin by My heiligdom. En hulle het begin by die ou manne wat voor die huis was." Eseg. 9: 1-6.

Jesus staan op die punt om die versoendeksel van die hemelse heiligdom te verlaat, om die klere van wraak aan te trek en Sy grimmigheid uit te stort op diegene aan wie die lig van God gegee is, maar wat dit verwerp het. "Omdat die oordeel oor 'n verkeerde daad nie gou voltrek word nie, daarom is die hart van die mensekinders in hulle vol om kwaad te doen." In stede dat hulle versag word deur die geduld en lankmoedigheid van God teenoor hulle, versterk diegene wat God nie vrees en die waarheid nie liefhet hulle harte om die kwaad te doen. Maar daar kom 'n einde selfs aan die lankmoedigheid van God, en vele oorskry die perke van Gods geduld. Hulle het die grense van Gods genade oorskry, en daarom is God genoodsaak om in te gryp en Sy eie eer te handhaaf.

Van die Amoriete het die Here gesê: "En die vierde geslag sal
hierheen terugkom, want die ongeregtigheid van die Amoriete is [233]
tot nog toe nie vol nie." Hoewel hierdie volk weens sy afgodery en verdorwenheid groot sondaars was, was die beker van sy ongeregtig-

heid nog nie vol nie, en die Here wou nie toelaat dat hulle heeltemal uitgeroei moet word nie. Hierdie volk moes nog getuie wees van die openbaring van die goddelike krag op 'n spesiale wyse, sodat hulle sonder enige verskoning kon wees. Die lankmoedige Skepper was gewillig om hulle ongeregtigheid te gedoog tot selfs die vierde geslag, en as daar dan geen verbetering sou wees, sou Sy oordeel oor hulle voltrek word.

Met stipte noukeurigheid hou die Ewige God boek van die doen en late van alle volke. Terwyl Hy Sy genade aanbied deur hulle toe bekering te roep, word hulle rekening nie afgesluit nie, maar as die syfers die juiste bedrag wat God vasgestel het, aantoon, dan word Sy grimmigheid uitgestort. Die rekening word dan vereffen. Die goddelike langmoedigheid het tot 'n einde gekom. Die genade van God smeek hulle nie meer nie. Die profeet het hierdie tyd in 'n gesig gesien. Die volke wat in hierdie eeu lewe, het ongeëwenaarde blyke van Gods genade geniet. Die beste van die hemelse gawes is aan hulle gegee, maar toenemende hoogmoed, gierigheid, afgodediens, minagting van God, en snode ondankbaarheid staan op hulle rekening. Hulle is vinnig besig om hulle rekening by God af te sluit.

Maar wat my laat sidder is die feit dat diegene wat die meeste lig en voorregte gehad het, ook besoedel is met die heersende sondes. Beïnvloed deur die onregverdiges rondom hulle, het baie, selfs van diegene wat voorgee om die waarheid te glo, koud geword en hulle word met die stroom meegevoer. Die algemene veragting wat daar heers vir vroomheid en heiligheid, beweeg baie wat nie in die Here lewe nie om hulle eerbied vir Sy wet te verloor. As hulle van harte die lig sou aanneem en die waarheid sou gehoorsaam, sou die wet van God wat so verag word nog dierbaarder in hulle oë wees. Namate die veragting van Gods wet meer en meer gesien word, sal die skeidslyn
[234] tussen wêreldlinge en diegene wat die gebooie bewaar nog duideliker word. Namate die een klas die wet al meer en meer verag, neem die liefde van die ander klas daarvoor toe.

Die krisis nader vinnig. Die toename van die sonde is bewys dat die grimmigheid van God naby is om te kom. Hoewel God nie graag iemand straf nie, sal Hy nogtans die boosdoeners straf en dit gou ook. Diegene wat in die lig wandel sal die tekens van die aanstaande benoudheid sien; maar hulle moenie stil sit, onverskillig oor die komende verwoesting en hulle troos met die gedagte dat God Sy

volk sal beskut die dag as Hy die aarde besoek nie. Hulle moet besef dat dit hulle plig is om ernstig te arbei vir die redding van ander, en dat hulle in geloof op God moet vertrou om hulp. “Die vurige gebed van ‘n regverdige het groot krag.”

Die suurdeeg van godsvrug het nog nie heeltemal sy krag verloor nie. Op die tyd wanneer die gevaar van die kerk die grootste is, sal die klein klompie wat in die lig is, ween en sug weens die gruwels van die land. Maar veral sal hulle bid vir die kerk omdat die lede daarvan wêreldsgesind geword het.

Die vurige gebede van die paar getroues sal nie tevergeefs wees nie. As die Here verskyn om wraak te neem, sal Hy ook al diegene beskerm wat die geloof in sy reinheid bewaar, en hulle vlekkeloos bewaar het van die wêreld. Dit is in hierdie tyd wat God beloof het om reg te doen aan Sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval.

Die goddelike bevel is: “Trek dwarsdeur die stad, dwarsdeur Jerusalem en maak ‘n teken op die voorhoofde van die manne wat sug en steun oor al die gruwels wat daarin gedoen word.” Hierdie sugtendes het die woord van die lewe verkondig; hulle het bestraf, gesmeek en gewaarsku. Sommige van die wat God onteer het, het tot bekering gekom en hulle harte voor Hom verootmoedig. Maar die heerlikheid van die Here het nie meer op Israel geskyn nie; hoewel sommige nog aan die uiterlike vorm van die godsdiens vasgehou het, was die krag van God nie meer daarin nie.

In die tyd wanneer Sy grimmigheid uitgestort word, sal hierdie [235]
nederige, getroue navolgers van Christus uitgeken word van die res van die wêreld deur hulle sieleangs, wat geopenbaar word in wening, waarskuwings en vermanings. Terwyl sommige die heersende euwels met ‘n mantel wil bedek, en die ongeregtigheid wat orals heers, wil verskoon, sal diegene wat ‘n ywer vir die eer van God en ‘n liefde vir siele het, nie swyg om die guns van mense te win nie. Hulle regverdige siele word dag en nag verontwaardig as gevolg van die onheilige praatjies en dade van die onregverdiges. Hulle is magteloos om die stroom van ongeregtigheid te keer, en daarom is hulle met vrees en droefheid vervul. Hulle treur voor God om te sien hoedat die godsdiens verag word, selfs in die huise van diegene wat groot lig gehad het. Hulle ween en verootmoedig hulle siele weens die hoogmoed, gierigheid, selfsug, en bedrog wat in die kerk is. Die

Gees van God, deur wie die vermanings gegee word, word onder die voete vertrap, terwyl die diensknegte van Satan triomfeer. God word onteer, en die waarheid word kragteloos gemaak.

Die klas wat nie bedroef is oor hulle eie geestelike powerheid nie, en wat nie oor die sondes van ander treur nie, sal sonder die seël van God gelaat word. Aan Sy diensknegte — die manne met die verwoestende wapens, gee die Here die volgende bevel: "Trek agter hom aan deur die stad, en slaan; laat julle oog nie verskoon nie, en spaar nie; slaan dood grysaards, jongmanne en jongdogters, en kinders en vroue tot vemietiging toe; maar raak aan niemand op wie die teken is nie, en begin by My heiligdom. En hulle het begin by die ou manne wat voor die huis was."

Hier sien ons dat die kerk, die heiligdom van die Here, eerste deur die grimmigheid van God getref is. Die ou manne — hulle aan wie God groot lig gegee het en wat as wagters oor die geestelike belange van die volk gestaan het, is ontrou bevind. Hulle het die stelling ingeneem dat ons wonderwerke en spesiale openbarings van
[236] Gods krag sou sien, soos in die outyd. Maar die tye het verander. Hierdie woorde het hulle ongeloof versterk, en hulle het gesê: die Here sal geen goed doen nie, maar ook sal Hy geen kwaad doen nie. Hy is te genadig om die oordeel op Sy volk te voltrek. Dus is vrede en veiligheid die geroep van die manne wat nooit weer hulle stemme sou verhef om die volk van God te wys op hulle sondes en die huis van Jakob op hulle ongeregtighede nie. Hierdie stomme honde wat nie wou blaf nie, is diegene wat die regverdige grimmigheid van 'n verontwaardigde God sal voel. Mans, jongdogters en kinders, almal tesame kom om.

Die gruwels waaroor die getroues ween en sug was maar die sondes wat die menslike oog kon sien, maar die veel erger sondes — die sondes wat die troon van 'n heilige God opgewek het, is nie geopenbaar nie. Die Een wat die harte ken, weet van al die sondes wat in die geheim gepleeg word deur die bewerkers van die ongeregtigheid. Hierdie mense voel later veilig in hulle bedrieërye, en omdat die Here langmoedig is, sê hulle dat die Here nie sien nie, en hulle handel asof die Here die aarde verlaat het. Maar Hy sal hulle geveinsdheid ontdek, en die sondes wat hulle so sorgvuldig bedek het, sal Hy in die openbaar bring.

Rang, waardigheid, wêreldse wysheid en posisie sal niemand bewaar van die versaking van hulle beginsels as hulle aan hulle eie sondige harte oorgelaat word nie. Die-gene wat beskou is as waardige en regverdige persone, was die belhamels in die afval, voorbeelde in onverskilligheid en in die misbruik van die genade van God. Hy sal hulle bose weg nie langer gedoog nie, en in Sy grimmigheid sal hulle geen genade ontvang nie.

Teensinnig onttrek God Sy teenwoordigheid van diegene wat Hy met groot lig geseën het, en wat die krag van die woord gevoel het terwyl hulle vir ander gewerk het. Eentyd was hulle Sy getroue diensknegte, begunstig met Sy teenwoordigheid en leiding; maar hulle het Hom verlaat en ander ook op die dwaalweg gelei, en daarom het hulle die misnoeë van God opgewek.

Die dag van Gods wraak is reeds hier. Die seël van God sal [237]
op die voorhoofde geplaas word van diegene alleen wat ween en sug oor die gruwels van die land. Diegene wat simpatiseer met die wêreld eet en drink saam met die dronkaards en hulle sal sekerlik omkom saam met die werkers van die ongeregtigheid. "Die oë van die Here is op die regverdiges en Sy ore tot hulle hulpgeroep [maar] die aangesig van die Here is teen die kwaaddoeners."

Dit hang van ons eie handelwyse af of ons die seël van die lewende God sal ontvang, of gedood sal word met die wapens van vernietiging. 'n Paar druppels van die grimmigheid van God het alreeds die aarde getref, maar as die sewe laaste plae sonder genade uitgestort word, sal dit vir ewig te laat wees om tot bekering te kom en beskutting te vind. Daar sal dan geen versoeningsbloed wees om die vlekke van die sonde af te was nie.

"En in dié tyd sal Migael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan." Wanneer hierdie tyd van benoudheid kom, sal die lot van alle mense reeds beslis wees; daar is geen genadetyd meer nie, geen genade meer vir die onboetvaardiges nie. Die volk van God is dan reeds verseel met die seël van die lewende God. Hierdie klein klompie, nie in staat om hulleself te verdedig in die felle stryd teen die magte van die aarde wat deur die draak aangevoer word nie, maak God hulle skuilplek. Die magtigste aardse gesag het die bevel

gegee dat hulle die dier moet aanbid en sy merkteken moet ontvang, of met hulle lewens moet boet as hulle weier. Mag die Here Sy volk nou help, want wat sal hulle kan doen in daardie verskriklike stryd sonder Sy hulp!

Moed, sielskrag, geloof en onwrikbare vertroue in die almag van God om te kan red, is dinge wat nie in een oomblik kom nie. Hierdie hemelse deugde word deur die jare heen aangekweek. Deur ‘n lewe van heilige strewe en ‘n handhawing van wat reg is, beslis die
[238] kin ders van God hulle lot vir die ewigheid. Omring van ontelbare versoekings, het hulle besef dat hulle heftig sou moet stry of ten gronde gaan. Hulle het besef dat hulle ‘n groot werk het om te doen, en dat hulle miskien enige oomblik met hulle lewe sou moet boet; en as hulle aan die einde van hulle loopbaan sou kom sonder dat hulle taak afgedaan is, sou dit ‘n ewige verlies vir hulle beteken het. Hulle het die lig van die hemel gretig aangeneem, net soos die eerste dissipels dit van die lippe van Jesus aangeneem het. Toe daardie vroeë Christene tot die berge en woestyne verban is, en in die donkere kerkers van die honger of weens koue of marteling omgekom het, en toe die marteldood vir hulle menigmaal die enigste uitweg was, het hulle hulle verbly dat hulle waardig geag was om vir Christus wat vir hulle gekruisig was, te ly. Hulle waardige voorbeeld sal ‘n vertroosting en bemoediging wees vir die volk van God wat die tyd van benoudheid soos daar nog nooit was nie, sal moet deurmaak.

Nie almal wat voorgee om die Sabbat te vier, sal verseël word nie. Daar is baie onder diegene wat die waarheid aan ander verkondig, wat nie die seël van God op hulle voorhoofde sal ontvang nie. Hulle het die lig van die waarheid gehad, hulle het die wil van hulle Meester geken, hulle het al die punte van ons geloof verstaan, maar hulle het nie die werke gehad nie. Hulle wat so goed bekend was met die profesieë en die skatte van die goddelike wysheid, moes hulle geloof uitgeleef het. Hulle moes hulle huisgenote beveel het om hulle na te volg, sodat hulle deur ‘n welregeerde huisgesin aan die wêreld kon toon watter invloed die waarheid op die menslike hart het.

Deur hulle gebrek aan toegewydheid en vroomheid en die lae geestelike peil wat hulle bereik het, het hulle ander siele ook tevrede gemaak met hulle geestelike toestand. Mense met beperkte kennis besef nie dat hulle hulle eie siele in gevaar bring as hulle hierdie mense, wat dikwels die woord van God aan hulle verklaar het, as

voorbeeld neem nie. Jesus is ons enigste ware voorbeeld. Elke mens [239] behoort biddend en met kinderlike nederigheid en 'n hart wat gewillig is om te leer, die Bybel vir homself te ondersoek as hy wil weet wat die Here van hom verwag. Dit maak nie saak hoe hoog 'n predikant by God aangeskryf gestaan het nie, as hy nalaat om die lig uit te leef wat God hom gegee het, en as hy weier om onderrig te ontvang soos 'n kind, sal hy in die duisternis en sataniese dwaling verval en hy sal ander op diefelfde pad lei.

Nie een van ons sal ooit die seël van God ontvang solank daar nog een vlek aan ons karakters is nie. Dit word aan ons oorgelaat om al die gebreke in ons karakters uit die weg te ruim en die tempel van ons siel van alle onreinheid te reinig. Dan sal die laat reent op ons neerdaal soos die vroeë reent op Pinksterdag op die dissipels geval het.

Ons is te maklik tevrede gestel met ons geestelike prestasies. Ons meen dat ons ryk en verryk is, en weet nie dat ons "beklaenswaardig en arm en blind en nakend is nie." Nou is dit die tyd om ag te slaan op die waarskuwing van die Waaragtige Getuie: "Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien."

In hierdie lewe sal ons vurige beproewings moet deurmaak, sowel as groot opofferings, maar die vrede van Christus sal ons loon wees. Daar is so min selfverloëning en so min lyding vir Christus se ontwil, dat die kruis byna vergeet is. Ons behoort deelgenote te wees van die lyding van Christus as ons saam met Hom as oorwinnaars op Sy troon wil sit. Solank as ons die maklike pad kies en bang is vir selfverloëning, sal ons geloof nooit sterk word nie; ons sal nooit die vrede van Jesus ken nie en ook nie vreugde wat kom wanneer ons voel dat ons oorwinnaars is nie. Die verhewendstes onder die verloste skare wat voor die troon van God en die Lam staan, in wit klere, weet wat dit gekos het om te oorwin, want hulle het groot beproewings deurgemaak. Diegene wat hulleself oorgegee het aan [240] hulle omstandighede liewer as om die stryd te stry, sal nie weet hoe om staande te bly in daardie dag van sieleangs wat tot elke siel sal kom nie; en al was Noag, Job en Daniël ook in die land sou hulle

nie in staat wees om seun of dogter te red nie, want elkeen moet sy eie siel red deur sy eie geregtigheid.

Niemand hoef te sê dat sy saak hopeloos is nie, en dat hy nie 'n Christelike lewe kan ly nie. Deur die dood van Christus is daar voldoende voorsiening gemaak vir elke siel. Jesus is gedurig daar om ons te help in tye van nood. Roep Hom slegs aan in geloof; Hy het belowe om ons gebede te verhoor.

O, vir 'n lewende, werkende geloof! Ons het behoefte daaraan; ons moet dit hê, of ons sal uitsak in die dag van beproewing. Die duisternis wat ons dan op ons pad sal oorval, moet ons nie ontmoedig of wanhopig maak nie. Dit is maar net die sluier waarmee God Sy heerlikheid bedek wanneer Hy tot ons kom om Sy ryke seëninge mee te deel. Ons behoort dit uit ons eie vorige ondervinding te weet. In daardie dag wanneer God 'n regsaak met Sy volk het, sal hierdie ondervinding 'n bron van hoop en vertroosting wees.

Dit is nou dat ons onsself en ons kinders onbevlek van die wêreld moet bewaar. Dit is nou dat ons ons karakters moet wit maak in die bloed van die Lam. Dit is nou dat ons ons hoogmoed, ons hartstogte en geetelike powerheid moet oorwin. Dit is nou dat ons moet wakkerskrik en ons in alle erns daarop moet toelê om 'n volmaakte karakter te vorm. "Vandag as julle Sy stem hoor, verhard julle harte nie." Ons verkeer in 'n baie moeilike posisie, wakende en wagtende vir die koms van die Here. Die wêreld is in duisternis. "Maar julle broeders," sê die apostel Paulus, "is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie." Dit was nog altyd Gods doel om die lig uit die duisternis te laat skyn, droefheid in vreugde te verander en rus na stryd te gee aan die wagtende, smagtende siel.

Wat doen u, broeders, in hierdie groot voorbereidingswerk? Die-
[241] gene wat hulleself met die wêreld verbind, word aan die wêreld gelykvormig en berei hulleself voor vir die ontvangs van die merkteken van die dier. Diegene wat self nie vertrou nie en wat hulleself voor God verootmoedig en hulle siele reinig deur geloof in die waarheid, word gelykvormig aan die hemel en berei hulleself vir die ontvangs van die seël van God op hulle voorhoofde. Wanneer die bevel gegee word en die seël afgedruk word, sal hulle karakters rein en vlekkeloos vir die ewigheid bestendig wees.

Nou is dit die tyd om voorbereiding te maak. Nooit sal die seël van God op die voorhoof van 'n onreine man of vrou geplaas word

nie. Dit sal ook nie op die eersugtige, wêreldsgesinde man of vrou geplaas word nie. Manne en vroue wie se tonge vals en harte vol bedrog is, sal ook nie die seël van God ontvang nie. Almal wat die seël ontvang sal sonder vlek voor God wees — kandidate vir die hemel. Gaan voorwaarts my broeders en susters. Ek kan by hierdie geleentheid maar net kortliks oor hierdie dinge skryf en julle aandag vestig op die noodsaaklikheid vir voorbereiding. Ondersoek die Skrifte vir julleself, sodat julle hierdie vreeslike en plegtige uur kan besef.

[242] # HOOFSTUK VYF-EN-DERTIG—EENHEID ONDER DIE VERSKILLENDE VOLKE

(Deel IX, bls. 179-183.)

"As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink." "Elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe." Joh. 7: 37; 4: 14.

As ons, in weerwil van hierdie beloftes, verkies om droog en verdor te bly weens gebrek aan die water van die lewe, is dit ons eie skuld. As ons tot Christus sou kom soos 'n kind na sy aardse ouers, en vra om die dinge wat Hy belowe het, en glo dat ons hulle ontvang, sou ons die dinge werklik ontvang. As almal van ons die geloof beoefen het soos ons dit moes gedoen het, sou ons baie groter seëninge van die Gees van God in ons dienste ontvang het as wat werklik die geval was. Ek is bly dat daar nog 'n paar dae oorbly vir ons dienste. Ons kom nou voor die vraag te staan: Sal ons na die fontein kom en drink? Sal diegene wat leraars van die waarheid is, die voorbeeld stel? Die Here sal groot dinge vir ons doen as ons Hom op Sy woord sou neem. O dat ons hier 'n algemene verootmoediging van hart mog sien!

Sedert die aanvang van hierdie dienste, is ek beweeg om nadruk te lê op liefde en geloof. Dit is omdat julle die getuienis nodig het. Sommige wat in hierdie sendingvelde kom diens doen het, het gesê: "Julle verstaan nie hoe om met die Franse te werk nie, ook verstaan julle nie hoe om met die Duitsers te werk nie. Hulle moet so en so bearbei word."

Maar ek vra: Verstaan God hulle nie? Is dit nie Hy wat aan Sy diensknegte die boodskap vir die mense gee nie? Hy weet presies
[243] wat hulle nodig het; en as die boodskap regstreeks van Hom kom en deur Sy diensknegte aan die volk verkondig word, sou die doel daarmee bereik word; dit sou almal een in Christus maak En hoewel

sommige uit en uit Franse is, en sommige Duitsers en sommige Amerikaners, kan hulle nogtans almal Christelik wees.

Die Joodse tempel is met gekapte klippe gebou wat uit die steengroewe gegrawe is; en elke klip is reggekap, afgewerk en getoets vir ‘n plek in die gebou voordat dit na Jerusalem gebring is. En nadat al die klippe daar op die bouterrein gebring was, is die gebou opgerig sonder geluid van byl en hamer. Hierdie gebou het Gods geestelike tempel voorgestel, wat saamgestel is uit alle volke en tale en stamme — mense van alle stande en range, ryk en arm, hoog en laag, geleerd en ongeleerd. Hulle is nie soos dooi klippe wat met hammer en beitel moet reggekap word nie. Hulle is lewende klippe wat deur die waarheid uit die steengroef van die wêreld gehaal is; en die groot Meester-bouer, die Here van die tempel, is nou besig om hulle reg te kap en af te werk vir hulle spesiale plekke in die geestelike gebou. Wanneer hy klaar is, sal hierdie tempel in alle opsigte volmaak wees en dit sal deur engele en mense bewonder word, want die Bouer en Maker daarvan is God.

Niemand moet dink dat hy nie regkap nodig het nie. Daar is geen persoon en geen volk wat in gewoontes en gedagtes volmaak is nie. Die een moet van die ander leer. Daarom ook wil God hê dat die verskillende volke met mekaar moet omgaan, sodat hulle een van oordeel en doel kan wees. Dan sal die eenheid wat daar in Christus is, gesien word.

Ek was half bang om na hierdie land te kom, omdat so baie gesê het dat die verskillende volke van Europa hulle eienaardighede het en dat mense hulle net op ‘n sekere manier kon bereik. Maar God belowe wysheid aan diegene wat voel dat hulle behoefte daaraan het en daarom vra. God kan die volk bring waar hulle die waarheid sal ontvang. Laat die Here besit neem van die verstand en dit vorm
soos die pottebakker die klei vorm, en dan sal al die verskille uit [244]
die weg geruim word. Vestig julle oë op Jesus, broeders; laat Sy Gees julle besiel en dan sal julle geen moeilikheid hê om die verskillende klasse te bereik nie. Ons het nie ses patrone, of vyf, om te volg nie; nee, ons het maar net een, en dit is Christus Jesus. As die Italiaanse en die Franse en die Duitse broeders sou trag om soos Hy te wees, sou hulle op dieselfde fondament van waarheid staan; dieselfde gees sou almal besiel, naamlik “Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid.” Ek waarsku julle, broeders en susters,

om nie 'n skeidsmuur op te rig tussen die verskillende volke nie; maar inteendeel, trag om alle skeidsmure wat daar is, af te breek. Ons moet trag om almal te bring tot die eenheid wat daar in Jesus is, en ons moet met die een doel werk, naamlik die saligheid van ons medemense.

Sal julle, my broeders in die bediening, die heerlike beloftes van God aanneem? Sal julle self op die agtergrond en Jesus op die voorgrond stel? Self sal moet sterf voordat God deur julle kan werk. Dit ontstel my as ek sien hoedat self dan by hierdie een en dan by daardie een sy kop uitsteek. Ek sê aan julle in die naam van Jesus van Nasaret, dat julle wille sal moet sterf; hulle moet soos Gods wil word. Hy wil julle graag louter en van alle smette reinig. Voordat julle met die krag van God vervul kan word, sal daar 'n groot werk vir julle gedoen moet word. Ek smeek julle, kom tot die Here, sodat julle Sy ryke seëninge kan ontvang voordat hierdie dienste gesluit word.

By hierdie dienste is daar diegene teenwoordig op wie die lig van waarskuwings en bestraffings geskyn het. Altyd wanneer daar bestraffings gegee word, trag die vyand om 'n hunkering na medelyde in die menslike hart op te wek. Daarom waarsku ek julle dat julle moet oppas dat julle nie, waar julle die medelyde van ander soek, weer dieselfde foute begaan nie. Die Here lei Sy afgedwaalde kinders telkens oor dieselfde grond, maar as hulle steeds nalaat om die vermanings van Sy Gees aan te neem, as hulle nalaat om die foute
[245] uit die weg te ruim, sal Hy hulle eindelik aan hulle eie swakhede oorlaat.

Ek versoek julle broeders, kom na Christus en drink; drink vryelik van die water van die saligheid. Moenie op julle eie gevoelens agslaan nie. Moenie dink dat sentimentalisme godsdiens is nie. Verwerp alle menslike stutte en steun alleen op Christus. Julle het 'n nuwe voorbereiding nodig voordat julle geskik sal wees vir die werk om siele te red. Julle woorde en dade oefen 'n invloed op ander uit, en julle sal moet rekenskap gee van daardie invloed in die dag van die Here. Jesus gê: "Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie." Openb. 3: 8. Daar skyn lig van daardie deur, en dis ons voorreg om die lig te ontvang as ons wil. Laat ons ons oë op daardie geopende deur hou en alles ontvang wat Christus gewillig is om ons te gee.

Elkeen het 'n heftige stryd om te stry om die sonde in sy eie hart te oorwin. Met tye is dit 'n bittere en ontmoedigende werk; en dit is omdat ons, waar ons die gebreke in ons eie karakters sien, ons oë op die gebreke hou liewer as om op Jesus te sien en die kleed van Sy geregtigheid aan te trek. Elkeen wat eendag deur die poorte van die Godstad sal gaan, sal as oorwinnaar binnegaan, en die grootste oorwinning wat hy sal behaal het, sal die oorwinning oor self wees.

"Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang, dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van Sy heerlikheid om met krag versterk te word deur Sy Gees in die innerlike mens, sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, van julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten voile te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God." Efe. 3: 14-19.

[246] # HOOFSTUK SES-EN-DERTIG—EENHEID MET CHRISTUS IN GOD

(Deel VIII, bls. 239-243.)

DIE Here roep manne met ‘n opregte geloof en gesonde verstand, manne wat sal kan onderskei tussen die ware en die valse. Elkeen behoort op sy hoede te wees; hulle behoort die sewentiende hoofstuk van Johannes te studeer, die lesse wat daarin is uit te leef en ‘n lewende geloof in die waarheid vir hierdie dae te bewaar. Ons het behoefte aan daardie selfbeheersing wat ons in staat sal stel om ons gewoontes in ooreenstemming te bring met die gebed van Christus.

Hierdie onderrig wat aan my gegee is deur Een wat gesag het, is dat ons moet leer om die gebed wat in die sewentiende hoofstuk van Johannes opgeteken is, uit te lewe. Elke evangeliedienaar, elke mediese sendeling, moet bekend wees met die wetenskap van hierdie gebed. My broeders en susters, ek versoek julle om ag te slaan op hierdie woorde, ondersoek hulle met ‘n nederige, verbryselde gees en met die verstand wat geheelenal onder die beheersing van God is. Diegene wat nalaat om ag te slaan op die lesse wat in hierdie gebed bevat is, loop gevaar om eensydig te ontwikkel sodat geen opleiding in die toekoms die gebreke sal kan verbeter nie. “Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie,” het Christus gesê, “maar ook vir die wat deur hulle woord in My glo — dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

“En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U my gestuur het en hulle liefgehad het, net soos U My liefgehad
[247] het. Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, 246 ook saam met My sal wees, sodat hulle My heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld. Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie,

tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het. En Ek het U Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle." Joh. 17: 20-26.

Dit is Gods doel vir Sy kinders dat hulle eensgesind sal wees. Verwag hulle dan nie om eendag saam in dieselfde hemel te woon nie? Is Christus teen Homself verdeel? Sal Hy Sy volk seen met sukses aleer hulle alle twis en tweedrag uit die weg ruim, en voordat werkers, in eensgesindheid hart en siel en kragte bestee aan die werk wat so heilig is in die oë van God? Eendrag maak mag; verdeeldheid is swakheid. Verenig met mekaar, en deur saam te werk vir die redding van mense, sal ons waarlik "medewerkers van God" wees. Diegene wat weier om in eensgesindheid saam te werk, onteer God. Die sielevyand is verheug as hy sien dat daar tweedrag onder die werkers is. Sulke werkers behoort broederlike liefde aan te kweek en hulle moet leer om teerhartig te wees. As hulle die gordyn opsy kon trek, 'n blik in die toekoms kon werp en die gevolge van hulle tweedrag kon sien, sou hulle gewis tot bekering gelei word.

Die wêreld aanskou met welbehae die tweedrag onder Christene. Die ongelowiges is bly daaroor. God roep om 'n verandering onder Sy volk. Vereniging met Christus en eensgesindheid onder mekaar is ons enigste veiligheid in hierdie laaste dae. Moenie dat ons Satan die geleentheid gee om met die vinger na kerklede te kan wys en te sê: "Kyk hoedat hierdie mense, wat onder die banier van Christus staan, mekaar haat. Solank as hulle meer tyd daaraan bestee om mekaar te beveg as om my magte te bestry, het ons niks van hulle kant te vrees nie."

Na die uitstorting van die Heilige Gees het die dissipels die verrese Heiland verkondig, en hulle een doel was die redding van siele. Hulle het hulle verbly in die heerlikheid van die gemeenskap met die [248]
heiliges. Hulle was teerhartig, bedagsaam, selfopofferend en gewillig om enige opoffering te maak vir die waarheid. In hulle daelikse omgang met mekaar het hulle die liefde vir mekaar geopenbaar wat Christus hulle beveel het om te doen. Deur middel van onselfsugtige woorde en dade het hulle getrag om hierdie liefde ook in ander harte op te wek.

Die gelowiges moes altyd die liefde koester wat die harte van die apostels vervul het na die uitstorting van die Heilige Gees. Hulle

moes met alle gewilligheid die nuwe gebod gehoorsaam: "Soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê." Joh. 13: 34. Hulle moes so met Christus verenig wees dat hulle in staat kon wees om aan Sy eise te voldoen. Hulle sou dan die krag van 'n Heiland wat hulle deur Sy geregtigheid kan regverdig, groot maak.

Maar die vroeë Christene het begin soek na gebreke in mekaar se karakters. Deur oor die foute van ander te dink en toe te gee aan onvriendelike kritiek, het hulle die Heiland uit die oog verloor, asook die groot liefde vir sondaars, wat Hy geopenbaar het. Hulle het die uiterlike seremonies steeds stipter nagekom, meer waarde geheg aan die teorie van die geloof, en heftiger kritiek uitgeoefen. In hulle ywer om ander te veroordeel, het hulle hulle eie foute skoon vergeet. Hulle het die les van broederlike liefde wat Christus hulle geleer het heeltemal vergeet. En treurigste van alles, hulle het nie hulle verlies besef nie. Hulle was nie daarvan bewus dat vreugde en geluk uit hulle lewens verdyn het en dat hulle eerlank in duisternis sou moes wandel omdat hulle die liefde van God uit hulle harte uitgesluit het.

Die apostel Johannes het besef dat broederlike liefde aan verdwyn was in die kerk, en daarom het hy groot nadruk daarop gelê. Tot sy dood toe het hy die gelowiges aangemaan om mekaar gedurig lief te hê. Hierdie onderwerp deurstraal al sy briewe aan die kerke. "Geliefdes, laat ons mekaar liefhê," het hy geskryf, "want die liefde
[249] is uit God . . . dat Hy ons liefgehad het en Sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes."1 Joh. 4: 7-11.

In die kerk van God vandag is daar groot gebrek aan broederlike liefde. Baie van diegene wat voorgee om die Heiland lief te hê, bly in gebreke om diegene lief te hê met wie hulle in Christelike gemeenskap verkeer. Ons bely almal dieselfde geloof, ons is lede van dieselfde gesin, kinders van dieselfde hemelse Vader, met dieselfde salige hoop op die ewige lewe. Hoe teer behoort die band nie te wees wat ons aan mekaar bind nie. Die mense van die wêreld hou ons dop om te sien of ons geloof 'n heiligmakende invloed op ons harte het. Hulle sien maar te gou die gebreke in ons handel en wandel raak. Laat ons hulle geen geleentheid gee om ons geloof verwyte toe te werp nie.

Dit is nie die teenstand van die wêreld wat ons die meeste te vrees het nie; dit is die boosheid wat in die harte van die sogenaamde gelowiges gekoester is wat ons die grootste skade berokken, en die

werk van God die meeste terughou. Daar is geen sekerder manier om ons geestelike lewe te verswak as om agterdogtig en jaloers te wees, kwaad te dink en fout te vind nie. "Dit is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels; want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade. Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins. En die vrug van die geregtigheid word gesaai in vrede vir die wat vrede maak." Jakobus 3: 15-18.

Harmonie en eensgesindheid onder mense van verskillende karaktertrekke is die sterkste bewys wat kan aangevoer word dat God Sy Seun in die wêreld gestuur het om sondaars te red. Dit is ons voorreg om bewys hiervan te lewer. Maar om dit te kan doen, moet ons ons aan Christus oorgee om Hom te gehoorsaam. Ons karakters moet gevorm word in die ewebeeld van Sy karakter en ons wil moet ondergeskik wees aan Sy wil. Dan sal ons sonder botsing kan saamwerk.

Klein verskilletjies wat maar nie kan vergeet word nie, het nader- [250]
hand as gevolg dat ons Christelike gemeenskap met mekaar verbreek word. Moenie dat ons toelaat dat die vyand hierdie oorwinning oor ons behaal nie. Laat ons steeds nader aan God en nader aan mekaar kom. Dan sal ons soos bome van geregtigheid wees wat langs waterstrome staan, deur die Here geplant en benat met die water van die rivier van die lewe. Hoe vrugbaar sal ons dan nie wees nie. Het Christus nie gesê nie: "Hierin is My Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra?" Joh. 15: 8.

Die Heiland het Sy hart daarop gesit dat Sy navolgers die doel van God sou bereik in sy hoogte en diepte. Hulle moet een in Hom wees al is hulle ook oor die aarde versprei. Maar die Here kan hulle nie een in Christus maak tensy hulle gewillig is om hulle eie weë te versaak vir Sy weg nie.

Wanneer die gebed van Christus ten voile aangeneem is en wanneer die onderrig wat daarin vervat is, uitgeleef word in die daelikse lewe van die volk van God, sal daar eensgesindheid onder alle range gesien word. Broeder sal aan broeder verbind wees met die goue koorde van die liefde van Christus. Dis die Gees van God alleen wat hierdie eenheid kan bewerk. Hy wat Homself geheilig het kan ook Sy dissipels heilig. Verenig met Hom sal hulle met mekaar verenig

wees deur die allerheiligste geloof. As ons ons vir hierdie eenheid beywer soos God dit van ons verwag, sal ons dit ook verkry.

# HOOFSTUK SEWEN-EN-DERTIG—DIE GETUIENISSE VIR DIE KERK— HULLE AARD EN INVLOED [251]

(Deel V, bls. 654-660.)

NAMATE die einde naderkom en die werk om aan die wêreld die laaste waarskuwing te gee steeds uitbrei, word dit belangriker vir alle belyers van die teenwoordige waarheid om ‘n helder begrip te hê van die aard en die invloed van die getuienisse wat God in Sy voorsienigheid, van die begin af, met die Derde-engelboodskap verbind het. In die volgende bladsye word daar uittreksels gegee van wat ek gedurende die afgelope veertig jaar geskryf het betreffende my eie vroeëre ondervindings in hierdie besondere werk, en ook wat God aan my meegedeel het aangaande die aard en belangrikheid van getuienisse, die wyse waarop hulle gegee is, en hoe hulle moet beskou word.

“Dit was nie lank na die tyd verbygegaan het in 1844, dat die eerste gesig aan my gegee is nie. Ek was op besoek by ‘n dierbare suster in Christus, wie se hart aan myne verbonde was. Vyf van ons — almal vroumense, het stil neergekniel rondom die huisaltaar. Onder die gebed het die krag van God van my besitgeneem soos nog nooit tevore nie. Dit het geskyn asof ‘n lig my omring het en asof ek steeds hoër en hoër van die aarde opgestyg het.” Toe het ek ‘n gesig gesien van die ervaring van die adventgelowiges, die koms van Christus, en die loon wat aan die getroues gegee sal word.

“In ‘n tweede gesig, kort na die eerste, is aan my die beproewings getoon wat ek sou moes deurmaak, en dat dit my plig was om aan ander te gaan meedeel wat God aan my geopenbaar het. Daar is aan my getoon dat my werk met groot teenstand sou te kampe hê, dat my hart met vrees vervul sou wees, dog dat die genade van God my deur alles heen sou dra. Die inhoud van hierdie gesig het my baie [252]
ontstel, want dit het my plig duidelik aangewys om uit te gaan onder die mense en die waarheid te verkondig.”

"Ek het een groot vrees gehad, n.l. dat as ek die roeping sou aanvaar en myself sou uitgee as iemand wat deur die Allerhoogste begenadig is met gesigte en openbarings vir die mense, ek in die versoeking sou kom om my te verhef en dus die misnoeë van God op my sou bring en verlore sou gaan. Ek wis van verskillende dergelyke gevalle en ek het teruggedeins vir die gewigtige taak.

"Ek het toe gesmeek dat ek, as ek moet gaan vertel wat die Here aan my getoon het, van selfverheffing mag bewaar word. Toe sê die engel: Jou gebed is verhoor. In geval hierdie kwaad wat jy vrees jou bedreig, sal Gods hand oor jou uitgestrek word om jou te red; deur lyding sal Hy jou tot Hom trek en Hy sal jou nederig hou. Lewer die boodskap getrou af. Volhard tot die einde, en jy sal van die vrug van die boom van die lewe eet, en van die water van die lewe drink."

In hierdie tyd het daar fanatisme geheers onder sommige wat die eerste boodskap aangeneem het. Daar was ernstige dwalinge in leer en in wandel, en sommige was gereed om almal te veroordeel wat nie met hulle beskouings akkord gegaan het nie. God het hierdie dwalinge in 'n gesig aan my getoon, en my na Sy dwalende kinders gestuur om dit aan hulle duidelik te maak; maar by die uitvoering van hierdie plig het ek met bittere teenstand en verwyte te kampe gehad.

"Dit was 'n sware kruis vir my om aan die dwalendes mee te deel wat my aangaande hulle getoon was. Dit het groot smart veroorsaak om ander bekommerd of bedroef te sien. En waar ek verplig was om die boodskappe af te gee, het ek hulle baiemaal versag en so gunstig moontlik aan die persoon voorgestel, om dan alleen te gaan ween in sieleangs. Ek het diegene wat slegs hulle eie siele het om voor te sorg betrag, en het gedink dat as ek in hulle plek was, sou ek nie murmureer nie. Dit was swaar om die reguit, snydende,
[253] getuienisse wat God aan my meegedeel het, te gee. Angstig het ek die gevolge afgewag, en as die tereggewese persone hulle verset het teen die teregwysing en lateraan die waarheid teengewerk het, het die volgende vrae by my opgekom: Het ek die boodskap reg afgelewer? Was daar miskien nie 'n ander manier om hulle te red nie? En dan het ek so ellendig gevoel dat ek baiemaal gevoel het dat die dood welkom sou wees en die graf 'n heerlike rusplaas.

"Ek het nie die gevaar en sonde van so 'n handelwyse besef alvorens ek in 'n gesig in die teenwoordigheid van Jesus gebring

~~is nie. Hy het my met 'n frons aangekyk en Sy gesig weggedraai.~~ Dis onmoontlik om die vrees en angs wat ek gevoel het te beskryf. Ek het op my aangesig voor Hom neergeval, maar het nie die krag gehad om één woord te uiter nie. O, hoe het ek nie verlang om bedek te wees vir daardie vreeslike frons nie! Ek kon toe enigsins besef wat die gevoelens van die verloregaandes moet wees wanneer hulle uitroep tot die berge en die rotse en sê: ‚Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam!'

"Terstond beveel 'n engel my om op te staan, en wat my oë toe gesien het kan nouliks beskryf word. Voor my het 'n groep gestaan met uitgeplukte hare en geskeurde klere, en wie se aangesigte 'n beeld van wanhoop en verskrikking getoon het. Hulle het teen my gekom en hulle klere teen myne geskuur. Toe ek na my klere kyk, het ek bemerk dat dit met bloed bevlek is. Weer het ek as dood neergeval aan die voete van die engel wat by my was. Ek kon nie één verskoning maak nie, en het verlang om weg te wees van daardie heilige plek. Die engel het my opgerig en gesê: ‚Dit is nie jou lot nie, maar hierdie toneel is voor jou gestel sodat jy kan weet hoedat dit met jou sal gaan as jy nalaat om aan ander mee te deel wat die Here aan jou geopenbaar het.' " Met hierdie ernstige waarskuwing voor oë het ek na die mense gegaan om aan hulle die teregwysings en voorligting mee te deel wat deur God aan my toevertrou was.

## Persoonlike Getuienisse [254]

Die boodskappe aan my gegee vir verskillende persone het ek dikwels vir hulle neergeskryf, en in baie gevalle op hulle eie dringende versoek. Namate my werk uitgebrei het, het dit 'n belangrike en vermoeiende deel van my werksaamhede geword. Vóór Getuienis No. 15 verskyn het, was daar baie versoeke om skriftelike ge-tuienisse aan my gerig deur diegene wat ek tereggewys en van raad bedien het; maar ek het in 'n uitgeputte toestand verkeer, weens afmattende arbeid, en ek het vir die taak teruggedeins, veral daar ek bewus was dat baie van die persone onwaardig was en daar min hoop bestaan het dat die gegewe waarskuwings enige merkwaardige verandering in hulle gedrag sou bring. Op hierdie tydstip is ek baie bemoedig deur die volgende droom:

"Iemand het my 'n rol wit stof gebring en aan my gesê dat ek daaruit tabberds moes knip vir persone van verskillende mate, karakters en lewensomstandighede. Aan my is gesê dat ek die stof moes uitknip en ophang, gereed om klaargemaak te word wanneer daar aansoek gedoen word. Ek was onder die indruk dat vele vir wie ek tabberds moes uitknip, onwaardig was. Ek het gevra of dit al stuk materiaal was wat ek sou moes uitknip; die antwoord was, nee, maar dat daar ander stukke vir my was net sodra ek met hierdie een klaar sou wees. Die groot hoeveelheid werk het my ontmoedig; ek het gesê dat ek nou al vir meer as twintig jaar tabberds uitknip, dat my werk nie op prys gestel word nie, en dat ek nie kon sien dat my werk veel goeds uitgerig het nie. Ek het in die besonder oor een vrou gepraat met die persoon wat die materiaal aan my oorhandig het, en vir wie ek 'n tabberd moes uitknip. Ek het gesê dat sy die tabberd nie op prys sou stel nie en om dit aan haar te gee sou 'n verkwisting van tyd en van die materiaal wees. Sy was baie arm, swak van verstand, slordig in haar gewoontes en sou dit gou besoedel.

"Die persoon se antwoord was: ,knip die tabberds uit — dis jou werk. Die skade is nie joue nie, maar myne. God sien nie soos die
[255] mens sien nie. Hy gee die werk wat Hy wil gedaan hê, en jy weet nooit watter sal geluk nie, hierdie of daardie nie. . . .

"Ek het toe my vereelde hande, weens die lang hantering van die skêr, getoon en gesê dat ek nie anders kan as terugdeins vir die werk by die gedagte dat daar geen verposing sou wees nie. Die persoon het herhaal,

" ,Knip die tabberds uit. Die tyd van jou aflossing het nog nie aangebreek nie.'

"Met 'n gevoel van groot vermoeienis het ek opgestaan om die werk te hervat. Voor my het 'n nuwe blink skêr gelê, wat ek begin hanteer het. Plotseling het die gevoel van vermoeienis en moedeloosheid my verlaat; dit het geskyn asof die skêr byna sonder enige inspanning van my kant geknip het en ek het die een tabberd na die ander met gemak uitgeknip."

Dáar is baie drome wat deur die alledaagse dinge van die lewe veroorsaak word en waarmee die Gees van God niks te doen het nie. "Daar is ook valse drome, sowel as valse gesigte, wat deur die gees van Satan ingegee is. Maar drome wat van God kom, word in die Woord van God op gelyke voet gestel met gesigte, en is net so

seker die vrug van die Gees van profesie as wat gesigte is. Sulke drome, met inagneming van die persone wat hulle ontvang, en die omstandighede waaronder hulle gegee is, bevat op sigself die bewys van hulle egtheid."

Aangesien die waarskuwing en voorligting wat in ge-tuienisse aan sekere persone voorkom, ook van toepassing is op baie ander wat nie spesiaal op hierdie manier aangewys word nie, het ek dit as my plig geag om die persoonlike getuienisse in druk uit te gee tot voordeel van die kerk. In Getuienis No. 15, waarin ek van die noodsaaklikheid hiervan praat, het ek gesê: "Ek weet van geen beter manier om my gesigte aangaande algemene gevare en dwalinge, asook die pligte van almal wat God lief het en Sy gebooie onderhou, bekend te maak nie as deur middel van hierdie getuienisskrifte nie. Daar is seker nie 'n beter en doelmatiger manier om die dinge bekend te maak wat die Here aan my getoon het nie."

### Redes Waarom Getuienisse aan Persone in Druk Verskyn [256]

In 'n gesig op 12 Junie 1868, is iets aan my getoon wat my besluit om die persoonlike getuienisse te laat druk, volkome geregverdig het: "Wanneer die Here indiwidue uitkies en hulle foute spesifiseer, meen ander wat nie spesiaal genoem is nie, dat hulle reg, of byna reg is. Waar iemand bestraf word vir 'n bepaalde fout moet die broeders en susters hulleself noukeurig ondersoek om te sien waar hulle kortskiet en in watter mate hulle self skuldig is aan dieselfde sondes. Hulle moet die gees van ootmoed hê om belydenis te doen. Die feit dat sommige dink dat hulle reg is, maak hulle nie reg nie. God kyk na die hart, en op hierdie manier ondersoek en toets Hy die hart. Die doel van God met die bestraffing van die verkeerde dade van een, is dat ander ook op die bestraffing moet agslaan. Maar as hulle nalaat om die bestraffing aan te neem en hulleself vlei met die gedagte dat God hulle foute oorsien omdat Hy hulle nie spesiaal aanwys nie, bedrieg hulle hulle eie siele; hulle sal in duisternis verkeer en aan hulleself oorgelaat word om hulle eie gang te gaan.

"Vele handel verraderlik met hulle eie siele en bedrieg hulleself met betrekking tot hulle ware toestand voor God. Hy gebruik weë en middele waarmee Hy die beste Sy doel kan bereik en die harte van diegene wat voorgee om Hom na te volg te beproef. Hy openbaar

die foute van sommige, sodat ander daardeur gewaarsku kan word om dergelike sondes te versaak. Deur selfondersoek mag hulle vind dat hulle skuldig is aan dieselfde dinge wat God in ander veroordeel. As hulle waarlik begerig is om God te dien en vrees om teen Horn te sondig, sou hulle nie wag tot hulle sondes eers aangewys word voordat hulle dit bely en hulle in ootmoed tot God bekeer nie. Volgens die lig wat God aan ander gee sal hulle die dinge wat God mishaag, laat staan. Maar aan die anderkant, as diegene wat nie reg is nie uitvind dat hulle skuldig is aan die sondes wat in ander veroordeel word, steeds voortgaan op dieselfde weg omdat hulle nie spesiaal by
[257] naam genoem is nie, stel hulle hulle eie siele in gevaar, en sal van die duiwel gevang word om sy wil te doen."

"Aan my is getoon dat die sondes en foute van almal, in die wysheid van God, nie geopenbaar sal word nie.

. . . Almal wat skuldig is word in hierdie indiwiduele ge-tuienisse aangespreek, alhoewel hulle name nie in die spesiale getuienisse genoem mag word nie; en as persone hulle eie sondes oor die hoof sien en bedek omdat hulle name nie spesiaal genoem is nie, sal God hulle nie voorspoedig maak nie. Hulle sal nie in die Christelike lewe vordering maak nie; hulle sal meer en meer in die duisternis verkeer totdat die lig van die hemel heeltemal aan hulle ontneem word."

In 'n gesig wat ek omtrent twintig jaar gelede gehad het, "is ek beveel om algemene beginsels, mondelings en skriftelik, neer te lê, en terselfdertyd gevare, dwalinge en die sondes van sommige te spesifiseer, sodat almal gewaarsku, bestraf, en van raad bedien kan word. Ek het gesien dat almal hulle eie harte en lewens noukeurig moet ondersoek om te sien of hulle nie dieselfde foute begaan het waarvoor ander bestraf is nie, en of die waarskuwings aan ander gegee nie ook op hulle van toepassing is nie. Indien dit die geval is, moet hulle voel dat die raad en bestraffings, spesiaal ook vir hulle bedoel is, en hulle moet dit prakties toepas asof dit spesiaal aan hulle adres gestuur was. . . . Dis Gods plan om die geloof van almal wat voorgee om navolgers van Christus te wees, op die proef te stel. Hy sal die opregtheid van die gebede van almal op die proef stel wat voorgee dat hulle graag wil weet wat hulle plig is. Hy sal ons plig duideiik maak. Hy sal aan elkeen voldoende geleentheid gee om hulle lewens te ontwikkel."

# HOOFSTUK AGT-EN-DERTIG—DIE DOEL VAN DIE GETUIENISSKRIFTE [258]

(Deel V, bls. 661-663.)

"IN die outyd het God tot die mens gespreek deur die profete en die apostels. In hierdie dae spreek Hy tot hulle deur middel van die Getuienisse van Sy Gees. Daar was nog nooit 'n tyd waarop God Sy volk met groter erns onderrig aangaande Sy wil en die weg wat Hy verlang dat hulle moet bewandel, as nou nie."

"Die Here het dit goedgedunk om my 'n gesig van die behoeftes en dwalinge van Sy volk te gee. Pynlik soos dit vir my was, het ek getrou die skuldiges op hulle foute gewys en ook hoe om die foute uit die weg te ruim. . .. So het die Gees van God dan die waarskuwings en oordele uitgespreek, maar nie sonder die heerlike belofte van genade nie. . . .

"Boetvaardige sondaars het geen rede om te wanhoop omdat hulle herinner is aan hulle oortredings en gewaarsku is teen gevaar nie. Juis hierdie pogings ten behoewe van hulle is 'n bewys van die liefde van God en sy begeerte om hulle te red. Hulle hoef slegs Sy raad te volg en Sy wil te doen om die ewige lewe te beërf. God openbaar die sondes van Sy volk sodat hulle in die lig van goddelike waarheid, die afskuwelikheid van die sonde mag sien. Dit is dan hulle plig om dit vir ewig te versaak." "As Gods volk Sy handelwyse sou verstaan en Sy leer sou aanneem, sou hulle 'n reguit pad vir hulle voete vind en 'n lig wat hulle deur duisternis en ontmoediging sal heenlei."

"Waarskuwings en bestraffings word aan die dwalendes onder die Sewende-dag Adventiste gegee, nie omdat hulle lewens sondiger is as dié van ander belydende Christene nie, en ook nie omdat hulle voorbeeld of dade erger is as die van Adventiste wat Gods wet nie wil gehoorsaam nie; maar omdat hulle baie lig het, en omdat hulle [259]
deur hulle belydenis voorgee om Gods spesiale, eie volk te wees in wie se harte Hy Sy wet geskryf het. Hulle betoon hulle lojaliteit

aan die God van die hemel, deur gehoorsaamheid aan die wette van Sy regering. Hulle is God se verteenwoordigers op die aarde. Enige sonde in hulle maak skeiding tussen hulle en God, en onteer Sy naam op ‘n bepaalde wyse deur aan die vyande van Gods wet geleentheid te gee om verwyte te slinger teen Sy saak en Sy volk wat Hy noem: ,’n Uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n heilige volk, ‘n volk as eiendom verkry, sodat hulle die deugde van Hom wat hulle uit die duisternis tot Sy wonderbare lig geroep het, kan verkondig.’ . . .

“Die Here bestraf en tugtig die volk wat voorgee om Sy wet te onderhou. Hy wys hulle op hulle sondes en maak’ hulle ongeregtighede openbaar, omdat Hy begerig is om alle sonde en boosheid van hulle af te skei, sodat hulle in die vrees van die Here geheilig mag word. God bestraf, vermaan, en tugtig hulle, dat hulle gelouter, geheilig, verhewe en eindelik tot Sy eie troon verhoog mag word.”

“Ek het die Getuienisse wat aan Sabbathouers gegee is, nagegaan, en ek is verbaas oor die genade van God en Sy sorg vir Sy volk deur aan hulle soveel vermanings te gee wat hulle op gevare wys, asook op die verhewe posisie wat Hy wil hê dat hulle moet beklee. As hulle hulle in Sy liefde sou hou en hulle sou afskei van die wêreld, sou Hy Sy spesiale seëninge op hulle uitstort en Sy lig op hulle laat skyn. Hulle invloed ten goede sou in elke tak van die werk en in elke deel van die veld gevoel word. Maar as hulle aan Gods doel nie beantwoord nie; as hulle aanhou om so ‘n geringe besef te hê van die verhewe aard van die werk, soos in die verlede die geval was, sal hulle invloed en voorbeeld ‘n groot vloek wees. Hulle sal kwaad en niks anders as kwaad doen nie. Hulle klere sal met die bloed van kosbare siele bevlek wees.

[260] “Herhaaldelik is daar waarskuwende getuienisse gegee. Ek vra, Wie het daarop aggegee? Wie is daar wat ywer betoon het om hom te bekeer van sy sonde en afgodery, en wat die doel nagejaag het om die prys te kry van die hoë roeping van God in Christus Jesus? . . . Ek het verlangend gewag, in die hoop dat God op sommige Sy Gees sou uitstort en hulle sou gebruik as werktuie van geregtigheid om Sy kerk wakker te skud en in orde te bring. Waar ek jaar na jaar gesien het hoedat daar afgewyk word van die eenvoud wat Gods navolgers moet kenmerk, het ek byna gewanhoop. Die belangstelling in, en die toewyding aan Gods werk, verminder steeds meer en

meer. Ek vra, Waarin het diegene wat voorgee om geloof te hê in die Getuienisskrifte, getrag om hulle lewens in ooreenstemming te bring met die lig wat aan hulle gegee is? In watter opsig het hulle gehoor gegee aan die waarskuwings? In watter opsig het hulle die voorligting wat hulle ontvang het, aanvaar?"

* * * * *

ONS gaan gevaarlike tye tegemoet. Elkeen wat 'n kennis van die waarheid het, moet wakker word en homself, liggaam, siel en gees onder die dissipline van God stel. Die vyand is op ons spoor. Ons moet helderwakker en op ons hoede wees vir hom. Ons moet die hele wapenrusting van God aangord. Ons moet die voorligting, deur die Gees van profesie gegee, aanneem. Ons moet die waarheid vir hierdie tyd lief hê en gehoorsaam. Dit sal ons bewaar van die krag van dwaling. God het tot ons deur Sy Woord gespreek. Hy het tot ons gespreek deur die Getuienisskrifte vir die Kerk, en deur die boeke wat bygedra het om ons huidige pligte en die posisie wat ons nou behoort te beklee, aan te wys. Die waarskuwings wat gegee is, reel op reël, gebod op gebod, moet gehoorsaam word. As ons dit verontagsaam, watter verontskuldiging sal ons hê?

[261] # HOOFSTUK NEGEN-EN-DERTIG—GETUIENISSKRIFTE NIE BEDOEL OM DIE PLEK VAN DIE BYBEL IN TE NEEM NIE

(Deel V, bls. 663-668.)

DIE volgende aanhaling uit 'n getuienis wat in 1876 verskyn het, sal toon dat die Getuienisskrifte nie gegee is om die plek van die Bybel in te neem nie:

"Deur te trag om dit te laat skyn asof die lig wat God deur die Getuienisse gegee het, 'n byvoegsel tot die Woord van God is, sal Broeder R. die gemoedere verwar; hierdeur stel hy die saak in 'n verkeerde lig. God het dit goedgedunk om langs hierdie weg die aandag van Sy volk op Sy Woord te vestig om hulle 'n beter begrip daarvan te gee." "Die Woord van God is voldoende om die donkerste verstand te verlig, en dit kan verstaan word deur diegene wat 'n begeerte het om dit te verstaan. Maar nieteenstaande dit nie, is daar sommige gevind wat voorgee dat hulle Gods Woord ondersoek, maar wat in stryd met die duidelikste voorskrifte daarvan leef. Om manne en vroue sonder verontskuldiging te laat, gee God duidelike en treffende getuienisse, wat bedoel is om hulle terug te bring tot die Woord wat hulle nagelaat het om te gehoorsaam." "Die Woord van God bevat talryke algemene beginsels vir die vorming van lewensgewoontes, en die Getuienisskrifte, algemeen en persoonlik, is bereken om die aandag meer in die besonder op hierdie beginsels te vestig."

Op 3 April 1871, is hierdie saak aan my in 'n droom voorgestel. Dit was asof ek 'n belangrike vergadering bygewoon het, waar 'n groot skare saamgekom het. Vele was in ernstige gebed voor God neergebuig en dit het geskyn asof hulle iets op die hart het. Hulle
[262] het God gesmeek om spesiale lig. Dit het geskyn asof 'n paar in sieleangs verkeer het; hulle gemoedere was vol; in trane het hulle hardop gesmeek om hulp en lig. Ons vernaamste broeders het aan

die indrukwekkende toneel deelgeneem. Broeder S. het op die vloer gelê, waarskynlik in groot benoudheid. Sy eggenote het by 'n aantal onverskillige spotters gesit. Haar houding was asof sy begerig was om almal te laat verstaan dat sy diegene wat hulleself so verneder, verag het.

"Ek het gedroom dat die Gees van God op my gekom het, en ek het onder die geween en gebede opgestaan, en gesê Die Gees van die Here God is op my. Ek voel gedwonge om aan u te sê dat u persoonlik vir uself moet begin werk. U sien op tot God en verlang dat Hy die werk vir u moet doen wat u self behoort te doen. As u die werk vir uself sou doen, wat u weet dat u behoort te doen, sal God u help wanneer u hulp nodig het. U het juis dié dinge nagelaat wat God vir u oorgelaat het om te doen. U het tot God geroep om u werk vir u te doen. As u die lig gevolg het wat Hy aan u gegee het, sou Hy meer lig op u laat skyn het; maar solank as u die raad, waarskuwings en bestraffings wat gegee is, verontagsaam, hoe kan u verwag dat God u nog meer lig en seëninge sal gee om te verwaarloos en te verag? God is nie 'n mens nie; Hy laat nie met Hom speel nie.

"Ek het toe die dierbare Bybel opgeneem en dit omring met verskillende Getuienisskrifte aan die Kerk, deur God vir Sy volk gegee. Hierin, het ek gesê, is voorsiening gemaak vir byna elke geval. Die sondes wat hulle moet vermy is aangewys. Die raad wat so na verlang word kan daar gevind word, gegee aan persone wat in dieselfde toestand verkeer as u. Dit het God behaag om aan u te gee, reël op reël, gebod op gebod. Maar daar is nie baie van u wat regtig weet wat in die Getuienisskrifte staan nie. U is ook nie bekend met die Skrif nie. As u Gods Woord sou ondersoek het met 'n begeerte om die Bybelse peil, en die Christelike volmaaktheid te bereik, sou u nie die Getuienisskrifte nodig gehad het nie. Dit is omdat u nagelaat het om uself op hoogte te stel van God se ingegewe Boek dat Hy [263]
getrag het om u deur eenvoudige, direkte getuienisse te bereik, om u aandag te vestig op die ingegewe woorde wat u nagelaat het om te gehoorsaam, en om u aan te spoor om u lewe te reël ooreenkomstig die reine en verhewe leerstellings daarvan.

## Om Waarhede wat Reeds Gegee is te Verduidelik

"Gods doel is om Sy volk deur die gegewe getuienisse te waarsku, te bestraf en van raad te bedien, en om die belangrikheid van die waarheid van Sy woord aan hulle verstand te bring. Die Getuienisskrifte is nie bedoel om nuwe lig te gee nie, maar om die ingegewe waarhede wat alreeds geopenbaar is met groter helderheid aan die verstand te bring. Die plig van die mens jeens God en sy medemens word duidelik in Gods Woord geopenbaar; nogtans is daar maar min van u wat die gegewe lig gehoorsaam. Daar word nie addisionele waarhede verkondig nie, maar God het, deur die Getuienisskrifte die reeds geopenbaarde waarhede vereenvoudig, en dit langs Sy eie gekose weg onder die aandag van die volk gebring om daar deur 'n indruk op die hart te maak, en die hart wakker te maak, sodat almal sonder verskoning kan wees.

"Hoogmoed, eieliefde, selfsug, haat, nyd, en jaloesie, het die waarnemingsvermoë benewel, en die waarheid, wat u wys kan maak tot die saligheid, het sy krag om die hart aan te trek en te beheers, verloor. Selfs die grondbeginsels van godsaligheid word nie begryp nie, omdat daar nie 'n honger en 'n dors om Bybelkennis, reinheid van hart en 'n heilige lewe is nie. Die Getuienisskrifte is nie gegee om van die woord van God af te doen nie, maar om dit te verhef, om die aandag daarop te vestig, sodat die heerlike eenvoud van die waarheid 'n indruk op almal kan maak.

"Verder het ek gesê, Net soos die Woord van God met hierdie boeke en pamflette ommuur is, so het God julle ommuur met bestraffings, raadgewings, waarskuwings en aanmoedigings. Hier is julle [264] in sieleangs, wenende voor God om meer lig. God het my opdrag gegee om u mee te deel dat daar nie 'n enkele ligstraal meer deur die Getuienisskrifte op u pad sal skyn, alvorens u die lig wat. alreeds gegee is, navolg nie. Die Here het u ommuur met lig; maar u stel die lig nie op prys nie; u het dit vertrap. Terwyl sommige die lig verag het, het ander dit verwaarloos, of het dit slegs op onverskillige wyse gevolg. Net 'n paar het hulle harte daarop gestel om die lig wat dit God behaag het om aan hulle te gee, te gehoorsaam.

"Sommige wat spesiale vermanings deur 'n getuienis ontvang het, het dit binne 'n paar weke vergeet. Die getuienisse aan sommige is verskeiemaal herhaal; maar hulle het dit nie belangrik genoeg geag

om dit stip na te volg nie. Hulle het dit as ydele praatjies beskou. As hulle daaraan sou gehoor gegee het, sou hulle die verliese en beproewings vermy het wat nou so swaar en heftig druk. Hulle het dit alleen aan hulleself te danke. Hulle het ‘n juk op hulle eie nek geplaas wat hulle nou swaar vind om te dra. Dis nie die juk wat Christus op hulle geplaas het nie. Gods liefde en sorg vir hulle was daar, maar hulle selfsugtige, bose, ongelowige harte kon nie Sy liefde en genade sien nie. Hulle gaan halsoorkop voort in hulle eie wysheid, totdat hulle, deur beproewings oorweldig, en deur raadeloosheid verwar, van Satan verstrik word. Wanneer u al die ligstrale versamel wat God in die verlede gegee het, sal Hy u nog meer lig gee.

“Ek het hulle verwys na Israel vanouds. God het aan hulle Sy wet gegee; maar hulle wou dit nie gehoorsaam nie. Toe het Hy aan hulle seremonies en insettinge gegee, sodat hulle, in die uitvoering daarvan, God in die gedagte kon hou. Hulle was só geneig om God en Sy eise te vergeet, dat dit nodig was om hulle gees steeds wakker te hou om hulle verpligtings te besef en om hulle Skepper te eerbiedig en te gehoorsaam. As hulle gehoorsaam was en daarin behae geskep het om Gods gebooie te hou, sou dit menigte seremonies en insettinge nie nodig gewees het nie.

“As die volk wat nou voorgee om God’s eiendom te wees, Sy eise [265]
soos in Sy Woord bevat, sou nakom, sou daar nie spesiale getuienisse nodig wees om hulle aan hulle pligte te herinner en hulle onder ‘n besef te bring van hulle sondigheid en die verskriklike gevaar waarin hulle verkeer weens nalatigheid om die Woord van God te gehoorsaam nie. Deur die lig wat gegee is te verwerp, te verwaarloos en te verag, is hulle gewete verstomp. . . .

## Vertrou Alleen op God

“Iemand het langs my gestaan en gesê: ‚God het jou verwek, en aan jou worde gegee, soos aan niemand anders nie, om aan die volk te rig en hulle harte aan te raak. Hy het aan jou spesiale getuienisse gegee om voorsiening te maak in gevalle waar daar hulp nodig is. Jy moet nie deur hoon, bespotting, verwyte, of bestraffing, beweeg word. Ten einde die besondere werktuig van God te wees, moet jy op niemand anders steun as op Hom alleen, en laat jou ranke Hom omstrengel soos die klimop. Hy sal jou ‘n middel maak waardeur Hy

lig aan Sy volk sal meedeel. Jy moet daeliks krag van Hom ontvang om sterk te wees, sodat die lig wat Hy op Sy volk deur jou laat straal nie deur jou omgewing verdof of verduister mag word nie. Dit is die hoofdoel van Satan om te verhoeg dat die lig tot Gods volk sal deurdrink — lig wat hulle temidde van die gevare van hierdie laaste dae so nodig het.

"Jou sukses hang af van jou eenvoudigheid. Net sodra jy hiervan afwyk en jou getuienisse verwater om die gemoed te streel, sal jou krag wyk. Om byna alles in hierdie eeu is daar doekies gedraai — dis natuurlik. Die wêreld is vol van getuienisse wat gegee is om vir die oomblik te paai en te streel en self te verhef. Jou getuienisse is van 'n gans ander aard. Hulle moet haarfyn op die lewe ingaan, die swakkes in die geloof bewaar dat hulle nie beswyk nie, en die noodsaaklikheid om soos 'n lig te skyn in hierdie wêreld op die harte van die gelowiges druk. . ..

" ‚Verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan My volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes.' "

# HOOFSTUK VEERTIG—DIE VERKEERDE GEBRUIK VAN DIE GETUIENISSKRIFTE [266]

(Deel V, bls. 668-670.)

SOMMIGE wat daarin glo, het gedwaal, deurdat hulle die Getuienisskrifte te veel op ander wou afdwing. In Deel I, No. 8, is daar 'n getuienis in hierdie verband. "Daar was persone in , hulle was Gods kinders en tog het hulle die gesigte betwyfel. Ander, hoewel hulle geen teenstand gebied het, het nie gewaag om openlik vir die Getuienisskrifte uit te kom nie. Sommige was skepties en hulle het voldoende rede daarvoor gehad. Die valse gesigte en fanatieke godsdiensoefeninge, asook die slegte vrugte wat daarop gevolg het, het so 'n in - vloed op die werk in gehad dat dit vooroordeel gewek het teen alles wat die naam ‚gesigte' gedra het. Al hierdie dinge moes in aanmerking geneem gewees het, en mense moes hulle verstand gebruik het. Daar moet nie gearbei word met diegene wat geen persoonlike kennis het van die invloed van die gesigte, en wat nog nooit die persoon gesien het aan wie die gesigte gegee is nie. Sulke persone moet nie beroof word van die voordele en voorregte van kerklike gemeenskap nie, mits hulle Christelike lewenswandel in ander opsigte korrek is nie. . . .

"Aan my is getoon dat sommige die geskrewe getuienisse kon aanneem daar hulle die boom aan sy vrugte kon oordeel. Ander weer is soos die ongelowige Thomas; hulle kan nie die gedrukte Getuienisskrifte glo nie, en ook nie die getuienis van ander aanvaar nie, maar hulle moet self sien en persoonlike bewyse daarvoor hê. Sulke mense moet nie opsy gestoot word nie, maar taaie lankmoedigheid en broederlike liefde moet jeens hulle beoefen word, totdat hulle óf die getuienisse aanneem óf verwerp. As hulle die gesigte waarvan hulle geen kennis het nie beveg; as hulle sover gaan in hulle [267] teenstand dat hulle iets teenwerk waarvan hulle geen ondervinding gehad het nie, . . . dan moet die kerk weet wat hulle nie reg is nie." Sommige van die broeders het 'n rype ondervinding opgedoen in die

waarheid, en vir jare al is hulle bekend met my en my werk. Hulle het die betroubaarheid van die Getuienisskrifte op die proef gestel en hulle geloof daarin te kenne gegee. Hulle het die magtige Gees van God op hulle gevoel om te getuig vir die waarheid daarvan. Aan my is getoon dat as sulke persone, waar hulle deur die Getuienisskrifte bestraf word, in opstand kom daarteen en in die geheim aan die werk gaan om afbreuk te doen aan die invloed daarvan, moet hulle ywerig bearbei word; want deur so 'n weg in te slaan bring hulle diegene wat onervare is, in gevaar.

Die eerste deel van die Getuienisskrifte wat ooit in druk verskyn het, bevat 'n waarskuwing teen 'n onverstandige gebruik van die lig wat op hierdie wyse aan Gods volk gegee is. Ek het daarin gesê dat sommige, waar hulle met ongelowiges gepraat het oor die geloof, 'n onverstandige weg ingeslaan het, toe hulle, waar hulle gevra is om bewyse, uit my geskrifte aangehaal het pleks om na die Bybel te gaan om bewys. Aan my is getoon dat so 'n handelwyse nie beginselgetrou was nie, en dat dit by ongelowiges vooroordeel sou verwek teen die waarheid. Die Getuienisskrifte het geen gewig by diegene wat onbekend is met die gees daarvan nie; in sulke gevalle moet dit nie aangehaal word nie.

Ander waarskuwings met betrekking tot die gebruik van die Getuienisskrifte is van tyd tot tyd as volg gegee: "Sommige van die predikante skiet ver kort. Hulle gee voor dat hulle die Getuienisse glo, en dan doen hulle kwaad deur dit as 'n onbuigbare reel toe te pas op diegene wat geen benul daarvan het nie, terwyl hulle dit self nie nakom nie. Herhaalde getuienisse is aan hulle gegee, wat hulle heeltemal verontagsaam het. So'n handelwyse is nie konsekwent nie."

"Ek het gesien dat vele 'n misbruik maak van wat God aan my
[268] geopenbaar het aangaande die sondes en foute van ander. Hulle het die uiterste betekenis geheg aan wat in die gesigte getoon is, en dit so meedoënloos toegepas dat dit gevolglik die geloof van baie in die gesigte verswak het, en die gemeente afgeskik en ontmoedig het."

Die vyand sal na alles gryp wat hy kan gebruik om siele te vernietig. "Getuienisse is gegee ten gunste van persone wat belangrike betrekkings beklee. Hulle het goed begin om die laste te dra en hulle deel te doen in die werk van God. Maar Satan agtervolg hulle met sy versoeking en eindelik beswyk hulle. Ander sien hulle verkeerde

weg en Satan bring hulle op die gedagte dat daar 'n fout moet wees met die getuienisse wat ten gunste van hulle gegee was, anders sou hierdie persone nie onwaardig gewees het om 'n aandeel in Gods werk te hê nie."

Op hierdie wyse ontstaan daar twyfel met betrekking tot die lig wat God gegee het. "Wat van persone in sekere omstandighede geld, geld nie noodwendig onder ander omstandighede nie. Die mens is so swak wat betref sedelike krag, en so uiters selfsugtig, so selftevrede, en so lig opgeblaas met eiedunk, dat God nie deur hulle kan werk nie; hulle word gelaat om rond te gaan soos blindes, en hulle openbaar sulke groot swakhede en dwaashede dat vele verbaas is dat sulke persone ooit aangeneem en waardig geag was om enige aandeel in Gods werk te hê. Dit is presies wat Satan beoog het. Dit was sy doel van die eerste keer af dat hy hulle spesiaal versoek het om Gods werk in die skande te bring, en afkeuring te verwek teen die Getuienisskrifte. As hulle 'n plek beklee het waar hulle werk nie 'n spesiale invloed in Gods werk kon gehad het nie, sou Satan hulle nie so heftig versoek het nie; want dan sou hy nie sy doel kon bereik het deur hulle te gebruik as spesiale werktuie nie."

[269] # HOOFSTUK EEN-EN-VEERTIG—DIE GETUIENISSE MOET VOLGENS HULLE VRUGTE BEOORDEEL WORD

(Deel V, bls. 671, 672.)

OORDEEL die Getuienisse volgens hulle vrugte. Watter gees straal daar deur hulle? Watter uitwerking het hulle gehad? "Almal wat dit graag wil doen, kan die vrugte van die gesigte nagaan. Vir sewentien jaar reeds het God hulle beskerm en versterk teen die bose magte van Satan en ook teen die aanvalle van mense wat Satan bygestaan het in sy werk."

"God leer of Sy volk, bestraf hulle sondes, en versterk hulle geloof, of Hy doen dit nie. Hierdie werk is of van God of dit is nie van Hom nie. God werk nie in maatskappy met Satan nie. My werk . . . dra óf die stempel van God óf van die vyand. In hierdie verband is dit nie helfte van die een en helfte van die ander nie. Die Getuienisskrifte is óf deur die Gees van God ingegee óf deur die van die duiwel."

Namate die Here Hom deur middel van die Gees van profesie geopenbaar het, "is die verlede, die hede, en die toekoms aan my getoon. Ek het persone gesien wat ek nog nooit tevore gesien het nie, en jare later toe ek hulle ontmoet het, het ek hulle herken. Dikwels het ek wakker geskrik onder 'n diepe indruk van die dinge wat aan my getoon is, en te middernag soms het ek briewe geskryf na verafgeleë plekke, en baiemaal het die briewe net in tyd aangekom om 'n groot ramp te verhoed in verband met die werk van God. Hierdie werk doen ek al vir jare. Ek is deur 'n mag beweeg om dinge te bestraf waaraan ek nooit gedink het nie. Is die werk wat ek oor die afgelope dertig jaar gedoen het, van God of van die duiwel?"

[270] Christus het die volgende waarskuwing aan Sy dissipels gegee: "Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie?

~~So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte~~ vrugte. 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken." Dit is die toets, en almal wat wil kan dit toepas. Diegene wat regtig begerig is om die waarheid tewete te kom, sal genoeg bewyse vind om hulle geloof te staaf.

* * * * *

IN verband met Gods werk het ek 'n spesiale roeping, en u kan verseker wees dat ek, solank Hy my lewe spaar, nie sal nalaat om die waarskuwings te gee soos die Gees van God my lei, of die mense nou wil luister of nie. Van sigself het ek geen wysheid nie; ek is slegs 'n werktuig in die hande van God om die werk te doen wat Hy aan my gegee het. Die bevele wat ek gegee het by monde en deur geskrifte, is slegs die openbaring van die lig wat God aan my gegee het. Ek het getrag om die beginsels voor u te plaas wat die Gees van God vir jare al in my hart en verstand geskrywe het.

En nou broeders, ek smeek julle om nie tussen my en die volk te kom en sodoende die lig te verhinder wat God op hulle wil laat skyn nie. Moenie deur julle kritiek die Getuienisse van alle krag beroof nie. Moenie dink dat u hulle kan sny om aan u eie sienswyse te voldoen nie en meen dat God aan u die vermoë geskenk het om te kan sê watter deel daarvan as lig van omhoog moet beskou word en watter deel maar slegs menslike wysheid is nie. As die Getuienisse nie met Gods woord ooreenstem nie, verwerp hulle. Christus en Beliel kannie verenig word nie. Moet om Christus wil nie die mense verwar met skeptisisme en menslike drogredes om sodoende die werk van die Here kragteloos te maak nie. — *Deel V, bl. 691.*

[271] # HOOFSTUK TWEE-EN-VEERTIG—DIE BETWYFELING VAN DIE GETUIENISSKRIFTE

(Deel V, bls. 672-676.)

"Satan is daarop uit om die geloof van Gods volk in die Getuienisskrifte te verswak." "Satan weet hoe om sy aanvalle te reël. Hy werk in die harte van die mense om hulle jaloers te maak op, en ontevrede te maak met diegene wat aan die hoof van die werk is. Daarna word die gawes aan die kerk in twyfel getrek, met die gevolg dat hulle min gewig het en die onderrig wat gegee is deur middel van die gesigte word verontagsaam." "Daarna word die vernaamste waarhede van ons geloof betwyfel, die pilare waarop ons steun, en dan word die Heilige Skrif betwyfel en begin die afval wat in die verderf eindig. Wanneer die Getuienisskrifte wat eertyds aangeneem is, betwyfel en versaak word, weet Satan dat dit nie hierby sal bly nie; hy verdubbel dan sy pogings totdat die verleide persone openlik rebelleer; later is daar geen salf meer aan hulle te smeer nie en is hulle einde verdelging. "Deur toe te gee aan twyfel en ongeloof in verband met die werk van God en deur wantrouig en jaloers te wees, stel hulle hulle bloot aan die grootste bedrog. Hulle verset hulle met 'n gevoel van bitterheid teen diegene wat dit durf waag om hulle op hulle foute te wys en hulle sondes te bestraf."

'n Getuienis aan 'n sekere jongman, wat vir die eerste maal in die jaar 1880 gepubliseer is, spreek as volg in hierdie verband: "Daar bestaan 'n toenemende betwyfeling van die getuienisskrifte van die Gees van God; en hierdie jongmense, in stede dat hulle die ongeloof versaak, moedig die betwyfeling aan omdat hulle in onkunde verkeer aangaande die gees en die krag van die Getuienisskrifte."

[272] Aan my is getoon dat daar vele is wat so min geestelikheid besit dat hulle nie die waarde en die ware doel van die Getuienisskrifte kan besef nie. Hulle praat op ligsinnige wyse van die Getuienisskrifte wat deur God gegee is ten behoewe van Sy volk, en hulle het die Getuienisse veroordeel en dit en dat daarin gekritiseer, wanneer

dit hulle sou betaam het om hulle hand op hulle mond te lê en hulle in die stof te verneder; want hulle kon nie die gees van die Getuienisskrifte verstaan nie, omdat hulle so min van die Gees van God verstaan het.

"Daar is sommige op wat nie die vermanings ten voile aangeneem het nie. Hulle het hulle eie weg ingeslaan. Hulle het hulle nog altyd in 'n minder of meerder mate verset teen diegene wat opgestaan het om reg te verdedig en verkeerde dinge te bestraf. Die invloed van hierdie persone op mense met wie hulle in aanraking kom, is baie nadelig. Hulle vul die harte van nuwelinge met vrae en twyfel aangaande die Getuienisse van die Gees van God. Hulle gee 'n valse uitleg aan die Getuienisse; en in stede dat hulle mense help óm hulle aan God toe te wy en na die stem van die kerk te luister, leer hulle hulle om onafhanklik te wees en om die oordeel en menings van ander te verontagsaam. Die invloed van hierdie klas het in die stilte gewerk. Sommige besef nie die kwaad wat hulle doen nie; maar daar hulle self hoogmoedig, opstandig en ontoegewyd is, verlei hulle ook ander. 'n Giftige atmosfeer word in die teenwoordigheid van hierdie ontoegewyde persone ingeasem. Hulle kleed is bevlek met die bloed van ander en op die afrekeningsdag sal Christus aan hulle sê: ‚Gaan weg van My, julle werkers van ongeregtigheid.' Hulle sal natuurlik verbaas wees; maar hulle geveinsde Christelike lewens was 'n bedrog."

"Sommige meen dat die getuienisse van Suster White onbetroubaar is. En dit is net wat baie ontoegewyde persone wil hê. Die getuienisse het hulle ydelheid en hoogmoed bestraf; maar as hulle dit net durf doen het, sou hulle die uiterste modes gevolg het. Aan al sulkes sal God die geleentheid gee om te wys dat hulle tot inkeer [273]
gekom het, en ook om 'n opregte karakter te ont-wikkel."

"Aan my is ook die rede getoon waarom daar in die laaste tyd nie meer gesigte gegee is nie; dit is omdat die gesigte nie deur die kerk op prys gestel word nie. Die gemeentelede het byna al hulle geestelikheid en geloof verloor, en die bestraffings en waarskuwings het maar min uitwerking op hulle gehad. Baie van diegene wat voorgegee het dat hulle die Getuienisse aanneem, het nie daarop ag geslaan nie."

"As u vertroue verloor in die Getuienisskrifte sal u ook afvallig word van die Bybelse waarhede. Ek het gevrees dat sommige die

Getuienisse in twyfel sou trek, en omdat ek belang stel in u siele wil ek u waarsku. Hoeveel sal agslaan op die waarskuwing? Soos u nou teenoor die Getuienisskrifte staan, as daar een teen u gegee word wat u wys op u foute, sal u dit gedeeltelik of heeltemal verwerp? Die deel wat u die minste aanstaan, is juis die deel waaraan u die grootste behoefte het."

"My broeders, pas op vir 'n bose hart van ongeloof. Die Woord van God is baie duideiik in sy beperkings; dit bestraf u selfsug; en daarom verwerp u dit. Die Getuienisse van Sy Gees vestig u aandag op die Skrifte, wys u op die gebreke in u karakter en bestraf u sondes; daarom wil u hulle nie gehoorsaam nie. En om u vleeslike, gemaksugtige weg te regverdig, begin u daaraan te twyfel of die Getuienisskrifte werklik van God kom. As u maar net die Getuienisse wil gehoorsaam, sal u verseker wees van hulle goddelike oorsprong. Onthou, die feit dat u die Getuienisse nie glo nie, doen niks af van die geloofwaardigheid daarvan nie. As hulle van God kom, sal hulle staande bly."

"Aan my is getoon dat ongeloof in die vermanings, bemoedigings en bestraffings van die Getuienisse die weg versper sodat die lig van God nie op Sy volk kan skyn nie. Ongeloof verblind hullle oë sodat hulle nie hulle ware toestand kan besef nie." "Hulle meen dat die bestraffing van die Gees van God deur die Getuienisse nie nodig
[274] is nie, of dat dit nie vir hulle bedoel is nie. Dis juis daardie mense wat die grootste behoefte het aan die genade van God en geestelike insig, sodat hulle kan sien waar hulle kortskiet wat geestelike kennis betref."

"Baie wat afvallig geword het van die waarheid, meen dat die oorsaak van hulle afdwaling toe te skryf is aan die feit dat hulle nie die Getuienisse glo nie. . . . Maar die vraag ontstaan nou, sal hulle die afgod opgee wat God veroordeel, of sal hulle voortgaan op die verkeerde weg en die lig verwerp wat God aan hulle gegee het en wat juis die dinge veroordeel waarin hulle behae het? Die vraag wat hulle moet beantwoord is: Sal ek self verloën en die Getuienisse aanneem as Gods bestraffing van my sondes, of sal ek die Getuienisse verwerp omdat hulle my sondes bestraf?

"In baie gevalle word die Getuienisse aangeneem en die sondes word versaak, en dadelik begin daar 'n hervorming wat die lewe in ooreenstemming bring met die lig wat God gegee het. In ander

gevalle weer, word daar volgehou met die sonde, die Getuienisse word verwerp en daar word baie redes aangevoer, wat nie waar is nie, vir die verwerping van die Getuienisse. Hulle gee nie die ware redes nie. Die ware rede vir die verwerping van die Getuienisse is 'n gebrek aan sedelike moed om die verkeerde gewoontes op te gee."

"Satan besit die vermoë om mense te laat twyfel aan die Getuienisse wat deur God gegee is, en hy fabriseer selfs redes waarom dit nie aangeneem moet word nie, en daar is baie mense wat dit as 'n deug en as 'n teken van intelligensie beskou as hulle die Getuienisse betwyfel en daarmee fout vind. Diegene wat graag wil twyfel sal baie rede vind om dit te doen. Die Here neem gladnie alle grond vir ongeloof weg nie. Hy gee egter getuienis wat sorgvuldig en met 'n ootmoedige en geseglike gees moet ondersoek word; en almal moet self besluit volgens die bewyse wat hulle het." "Aan die opregtes gee die Here genoegsame grond vir geloof; maar diegene wat die getuienis verwerp omdat daar 'n paar dingetjies is wat hulle beperkte verstand nie kan begryp nie, sal in die kille atmosfeer van twyfel en ongeloof bly en hulle geloof sal skipbreuk ly."

[275] # HOOFSTUK DRIE-EN-VEERTIG—DIE PLIG OM DIE SONDE TE BESTRAF

(Deel V, bls. 676-678.)

"As daar verkeerde dinge onder Gods volk is en die diensknegte van God sluit hulle oë daarvoor, verskoon hulle feitelik die sondaar en word hulle net so skuldig en sal hulle net so gewis die misnoeë van God op hulle hals haal; want God sal hulle verantwoordelik hou vir daardie sondes. In gesigte is daar baie voorbeelde aan my getoon waar God mishaag is omdat Sy diensknegte nagelaat het om die sondes van Sy volk te bestraf. Diegene wat hierdie sondes oor die hoof sien is deur die volk beskou as beminlike en lieftallige persone, juis omdat hulle geskroom het om hulle duidelike plig volgens die Skrifte na te kom. Omdat hulle gevoel het dat die werk onaangenaam is, het hulle dit vermy."

Die deursoekende getuienis van die Gees van God "sal diegene onder Israel uit verwyder wat gedurig in stryd is met die middel wat God daargestel het om bederf uit Sy kerk te weer. Verkeerde dinge moet bestraf word. Growwe sondes moet op hulle regte naam genoem word. Gods volk moet nader aan Hom kom. . . . Dan sal hulle die sonde in sy ware lig sien en sal hulle ook besef hoe afskuwelik dit in die oë van God is." "Eenvoudige, reguitgetuienisse, moet in die kerk gegee word, of die vloek van God sal Sy volk tref net so gewis as dit Israel vanouds getref het as gevolg van hulle sondes."

"Daar was nog nooit groter behoefte aan getroue waarskuwings en bestraffings ... as vandag nie. Satan gaan op die aarde rond wetende dat hy maar 'n kort tydjie het. Hy vervul die wêreld met aanneemlike fabels, en die volk van God hou graag van sulke vleitaal. . . . Aan my is getoon dat Gods volk vasberade pogings moet
[276] aanwend om die duisternis uit hulle midde te verdryf. Die hulp van die Gees van God is vandag soos nog nooit tevore nodig nie."

Toe ek in my jeug die werk aanvaar het wat God aan my gegee het, het ek die belofte verkry dat ek spesiale hulp sou ontvang van

die magtige Helper. Toe ook is die plegtige opdrag aan my gegee om Gods boodskappe getrou af te lewer sonder aansien van vriende of vyande. Daar is geen aanneming van persone by God nie. Of hulle met rykes of armes, hooggeplaasdes of nederiges, geleerdes of ongeleerdes handel, moet die boodskappers van God nooit ontrou wees aan hulle heilige roeping nie.

"Laat niemand die gedagte koester dat ek spyt het oor die getuienisse wat ek aan verskillende persone gegee het, of dat ek selfs een daarvan sal herroep nie. As ek ooit 'n fout begaan het, dan was dit nie in verband met my bestraffing van die sonde nie. Sommige van die broeders het dit op hulleself geneem om my werk te kritiseer en hulle het makliker manier aangewys om verkeerde dinge te bestraf. Aan hierdie persone wil ek sê: Ek neem Gods weg aan, en nie julle s'n nie. Wat ek in die Getuienisse geskryf het, is nie te kras uitgedruk nie. . . .

"Diegene wat die kragtige bestraffings wil verswak wat God my beveel het om uit te spreek, sal in die gereg moet rekenskap gee van hulle werk. . . . Aan diegene wat dit op hulleself geneem het om my te bestraf en volgens hulle eie beperkte wysheid 'n beter weg voorgestel het, herhaal ek weer: Ek neem nie julle wenke aan nie. Laat my met God en laat Hy my leer. Ek sal die woord van God aan die mense verkondig. Ek verwag nie dat almal die bestraffing sal aanneem en hulle lewens sal verbeter nie; maar ek moet nietemin my plig doen. Ek sal ootmoedig voor God wandel en my werk vir die tyd en die ewigheid doen.

"Die Here het nie aan my broeders die werk gegee wat Hy aan my gegee het nie. Daar is aangevoer dat die wyse waarop ek my bestraffings in die openbaar gegee het, ander beweeg het om ook hard en krities op te tree. As dit die geval is, moet hulle die [277]
saak met God uitmaak. As ander verantwoordelikhede op hulleself neem wat God nie op hulle gelê het nie, en as hulle die bevele wat God hulle keer op keer deur Sy nederige werktuie gegee het, om vriendelik, geduldig en verdraagsaam te wees, veronagsaam, sal hulle verantwoording moet doen vir die gevolge. Met 'n bedroefde hart het ek my onaangename taak om selfs my beste vriende te bestraf, uitgevoer; selfs my eggenoot moes ek bestraf, en ek sal nie minder getrou wees wat ander betref nie, of hulle die bestraffings aanneem of nie.

"Wanneer ek die mense toespreek, sê ek baie dinge wat ek nie vooraf bedink het nie. Die Gees van die Here neem dikwels besit van my, wanneer dit skyn asof ek uit myself, weg van myself gevoer word; die lewens en karakters van verskillende persone word dan duidelik aan my voorgestel. Ek sien hulle foute en gevare, en dan voel ek gedwonge om openbaar te maak wat op hierdie wyse aan my getoon is. Ek durf nie die Gees van God weerstaan nie."

* * * * *

EK het getrag, in die vrees van die Here, om aan die volk van God hulle sondes en die gevare wat hulle bebedreig, bekend te maak, en tot die beste van my vermoë het ek probeer om hulle wakker te skud. Ek het onrusbarende dinge aan hulle verkondig wat, as hulle dit geglo het, hulle baie bevrees en beangs sou gemaak het en hulle sou beweeg het om hulle sondes en ongeregtighede te versaak. Ek het aan hulle gesê dat daar, volgens wat aan my getoon is, maar 'n geringe aantal van diegene wat voorgee om die waarheid te glo, uiteindelik gered sou word — nie omdat hulle nie gered kon word nie, maar omdat hulle nie volgens Gods weg gered wou word nie. Die weg wat die Here voor ons stel is te nou en die poort is te eng om hulle deur te laat terwyl hulle nog die wêreld vashou, of selfsug of sonde in hulle harte koester. Daar is geen plek vir hierdie dinge in die hemel nie; en tog is daar so min wat hierdie dinge wil laat vaar sodat hulle die smal pad kan bewandel en deur die nou poort kan gaan.— *Deel II, bls. 445, 446.*

# HOOFSTUK VIER-EN-VEERTIG—DIE VERWERPING VAN TEREGWYSING [278]

(Deel V, bls. 678-680.)

"DAAR is baie wat nou die getroue teregwysings in die Getuienisse verwerp. Daar is aan my getoon dat sommige selfs sover gegaan het as om die geskrewe bestraffings en waarskuwings te verbrand soos die bose koning van Israel vanouds gedoen het. Maar om die dreigemente van God te weerstaan, sal nie belet dat hulle uitgevoer word nie. Om Gods woorde wat Hy deur Sy gekose werktuie gespreek het, te weerstaan, sal uiteindelik die gewisse ondergang van die skuldige persoon bewerk.. Dikwels ontbrand daar toorn in die hart van die sondaar teen die werktuig wat God gekies het om die bestraffings te ge. Dit was maar altyd so, en dieselfde gees wat Jeremia vanouds vervolg en in die gevangenis gewerp het omdat hy die woord van God gehoorsaam het, heers vandag nog."

Van die begin van my werk af, toe daar aan my opgedra is om reguit getuienisse te gee, om verkeerde dinge te bestraf en niemand te spaar nie, was daar diegene wat my getuienisse weerstaan het en wat agterna gekom het en vleitaal gespreek het om afbreek te doen aan die invloed van my werk. Namate die Here my beweeg het om bestraffings te gee, het daar ander tussen my en die volk gekom om my getuienisse kragteloos te maak.

"In byna elke geval waar daar bestraffings nodig is, sal daar diegene wees wat nie sal besef dat die Gees van die Here bedroef is en dat Sy saak in die skande gesteek word nie. Hulle sal diegene bejammer wat bestraf is omdat hulle persoonlike gevoelens gekwes is. Sulke onheilige simpatie sal diegene wat die simpatie betoon in dieselfde bootjie bring as diegene wat bestraf is. In nege gevalle [279]
uit die tien, as die bestrafde persoon nie die simpatie van ander ontvang het nie, sou hy miskien sy foute ingesien en sy lewe verbeter het. Maar bemoeisiekte, onheilige simpatiseerders skrywe heeltemal verkeerde motiewe toe aan die een wat die teregwysings gee, asook

aan die aard van die bestraffings, en deur met die bestrafde persone te simpatiseer laat hulle die sukldiges voel dat hulle verontreg is, met die gevolg dat hulle in opstand kom teen die een wat maar net sy plig gedoen het. Diegene wat getrou hulle plig nakom, met 'n besef van hulle verantwoordelikheid tot God, sal Gods seen ontvang."

"Daar is sommige in die laaste dae wat sal sê: ‚Spreek vleitaal vir ons, profeteer bedrieëry.' Maar dit is nie my werk nie. God het my geroep om Sy volk tereg te wys; en net so seker as Hy hierdie swaar las op my gelê het, sal Hy diegene aan wie die boodskappe gestuur is, verantwoordelik hou vir die houding wat hulle teenoor die boodskappe inneem. God laat niemand met Hom die gekskeer nie, en diegene wat Sy werk verag, sal volgens hulle dade vergeld word.

"Ek het nie hierdie onaangename werk vir myself gekies nie. Dit is nie 'n werk wat my in die guns van mense bring, of wat hulle beweeg om my lof toe te swaai nie. Dit is 'n werk wat deur min verstaan word. Maar diegene wat trag om my werk nog swaarder te maak deur hulle wanvoorstellings, hulle jaloerse verdenkings en ongeloof, en wat vooroordeel verwek in die harte van ander teen die Getuienisse wat God aan my gegee het, en wat sodoende my werk belemmer — God sal met hulle afreken terwyl ek steeds voortgaan soos die Voorsienigheid my lei en my broeders die weg vir my open. In die Naam en krag van my Verlosser sal ek doen wat ek kan. . . . My plig is nie om myself te behaag nie, maar om die wil van my hemelse Vader te doen, wat hierdie werk aan my gegee het."

# HOOFSTUK VYF-EN-VEERTIG—DIE VERWAARLOSING VAN DIE GETUIENISSE [280]

(Deel V, bls. 680, 681.)

DIT is nie alleen diegene wat die Getuienisse openlik verwerp of betwyfel wat op gevaarlike grond is nie. Om lig te veronagsaam, is net so goed as om dit te verwerp.

“Sommige van julle erken die bestraffings met julle lippe, maar in julle hart verwerp julle dit. Julle gaan maar op die ou trant voort, met die verskil alleen dat julle nie meer so vatbaar is vir die invloed van die Gees van God nie, dat julle blinder en onverstandiger word, minder selfbeheersing en sedelike krag het, en dat julle ywer en begeerte vir die godsdiens afneem; as julle nie tot bekering kom nie, sal julle eindelik julle geloof in God heeltemal versaak. Julle het nie julle lewens verbeter toe julle bestraf is nie, en dit omdat julle nie die gebreke in julle karakters en die groot verskil tussen julle lewens en die van Christus besef het nie.” “Wat help julle gebede tog as julle ongeregtigheid in julle harte koester? As daar nie ‘n grondige verandering kom nie, sal julle, in die nabye toekoms, moeg word vir die teregwysings net soos die kinders van Israel, en soos hulle sal julle ook afvallig word van God.

“Baie handel lynreg in stryd met die lig wat God aan Sy volk gegee het, omdat hulle nie die boeke lees wat die lig, kennis, bestraffings en waarskuwings bevat nie. Die sorge van die wêreld, die liefde vir die modes, en die gebrek aan geestelikheid het hulle aandag afgetrek van die lig wat God so genadiglik gegee het, terwyl die boeke en tydskrifte wat dwaalleer bevat baie gewild is. Twyfeling en ongeloof neem orals toe. Die kosbare lig wat van die troon van God kom, word onder ‘n maatemmer bedek. God sal sy volk verantwoordelik hou vir die ver waarlosing van die lig. Van elke ligstraal wat Hy [281]
gegee het, sal Hy rekenskap eis, of ons dit nou tebaatgeneem het vir die bevordering van ons geestelike lewe, of dit verwerp het omdat ons liewer aan ons eie begeerlikhede wou toegee.”

"Die boekdele van die ‚Gees van Profesie,' en ook die Getuienisskrifte behoort in die wonings te wees van alle Sabbathouers, en die broeders behoort die waarde daarvan te ken en daarop aan te dring dat die geskrifte gelees moet word. Dit was nie raadsaam om hierdie boeke teen 'n lae prys beskikbaar te stel en net een stel in 'n kerk te hê nie. Alle biblioteke en elke gesin behoort hulle te besit en hulle moet herhaaldelik gelees word. Hulle moet op 'n plek gehou word sodat vele hulle kan bykom."

Predikante en leke moet onthou dat die Evangelie verhard as dit nie red nie. Die verwerping van die lig bring mense in die gevangenis, gebind met kettings van duisternis en ongeloof. "Die siel wat dag na dag weier om te luister na die uitnodigings van genade, sal eerlank na die dringendste smeekstemme kan luister sonder dat sy hart daardeur getref word. As medewerkers van God behoort ons ons op vroomheid toe te lê en minder op selfverheffing. Hoe meer self verhef word, hoe minder geloof sal ons hê in die Getuienisse van die Gees van God. . . . Diegene wat alleen op hulleself vertrou, sal steeds minder en minder van God sien in die Getuienisse van Sy Gees."

* * * * *

Die geskiedenis van die Israeliete wys ons op die groot gevaar om bedrieg te word. Baie besef nie die sondigheid van hulle eie natuur nie, en ook nie die vergewensgenade van God nie. Hulle verkeer in duisternis en is blootgestel aan grot versoekings en bedrog. Hulle is ver van God verwyder, maar nogtans is hulle bai tevrede met hulleself al word hulle gedrag ook deur God verafsku. Hierdie soort mense sal altyd veg teen die leiding van die Gees van God, veral as hulle bestraf word. Hulle hou nie daarvan om verstoor te word nie.— *Deel 3, bl. 361.*

# HOOFSTUK SES-EN-VEERTIG—HOE OM BERISPING OP TE NEEM [282]

(Deel V, bls. 682, 683.)

“DIEGENE wat deur die Gees van God berispe word, moet hulle nie teen die swak werktuig verset nie. Dit is God, nie die feilbare menslike werktuig, wat gespreek het om hulle van ondergang te red.” Die mens wil nie graag berispe word nie, en dis ook onmoontlik vir die menslike hart, sonder die hulp van die Gees van God, om die nodigheid van bestraffing te besef of die seen te sien wat daaruit sal voortvloei.

Namate die mens toegee aan versoeking en hom oorgee aan die sonde, word sy verstand verduister. Sy sedelike sin word heeltemal verswak. Hy veronagsaam die stem van sy gewete en hoor dit byna nie meer nie. Stadigaan verloor hy die vermoë om te onderskei tussen wat reg en verkeerd is, totdat hy sy verhouding tot God gladnie meer besef nie. Hy mag nog aan die vorm van die godsdiens deelneem en die leerstellings van sy kerk ywerig handhaaf, terwyl die gees daarvan heeltemal ontbreek. Die Waaragtige Getuie beskryf sy toestand as volg: “Jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy *weet nie* dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en nakend is nie.”

Wanneer die Gees van God iemand op hierdie wyse bestraf en hom wys op sy werklike toestand, besef hy gewoonlik nie dat die boodskap waar is nie. Maar moet hy daarom die boodskap verwerp? Nee. God het voldoende bewyse gegee, sodat almal wat dit graag wil doen hulleself kan tevrede stel aangaande die waarheid van die Getuienisse; en as hulle aanneem dat die Getuienisse van God is, is dit hulle plig om die bestraffings aan te neem, al besef hulle nie die sondigheid van hulle weë nie. As hulle hulle toestand ten voile sou besef het, sou daar nodigheid gewees het vir die bestraffings? Maar omdat hulle nie hulle toestand besef nie, wys God hulle genadiglik [283]
daarop, sodat hulle hulle kan bekeer voordat dit te laat is.

"Diegene wat die waarskuwings veronagsaam sal in hulle blindheid gelaat word; maar diegene wat daarop agslaan en hulleself ywerig daarop toelê om hulle sondes te versaak sodat hulle die Christelike deugde kan aankweek, sal op daardie manier hulle harte oopmaak sodat die Heiland by hulle kan kom inwoon." "Diegene wat die nouste omgang het met God, is hulle wat Sy stem ken wanneer Hy tot hulle spreek. Diegene wat geestelik is, sal geestelike dinge besef, en hulle sal dankbaar wees wanneer die Here hulle op hulle foute wys."

"Dawid het wysheid geleer uit Gods handelinge met hom, en hy het in ootmoed neergebruig onder die bestraffings van die Allerhoogste. Die beskrywing van sy ware toestand deur die profeet Natan, het Dawid onder die indruk van sy sondes gebring en dit het hom gehelp om hom te bekeer. Hy het die bestraffing in ootmoed aanvaar en hom voor die aangesig van God verneder. ‚Die wet van die Here is volmaak,' het hy uitgeroep, ‚dit verkwik die siel.' "

"As julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kinders en nie seuns nie." Ons Heiland het gesê: "Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek." "Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later egter lewer dit 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is." Hoewel die dissipline vir ons bitter mag wees, het die Vader dit in Sy groot liefde oor ons beskik, sodat "ons *Sy heiligheid kan deelagtig word"*

# HOOFSTUK SEWEN-EN-VEERTIG—ONS HOUDING TEENOOR DIE BURGERLIKE OWERHEID [284]

(Deel VI, bls. 394-401.)

PARTY van ons broeders het baie gesê en geskryf wat teenstrydig met wet en gesag beskou kan word. Dit is verkeerd om ons so aan misverstand bloot te stel. Dit is gladnie raadsaam om gedurig met regeerders fout te vind nie. Ons is nie geroepe om persone en inrigtings aan te val nie. Ons moet die indruk vermy dat ons teen die burgerlike owerheid is. Dis waar, in hierdie stryd tree ons aanvallend op, maar ons wapens moet die wees wat gevind word in die eenvoudige "So sê die Here." Ons roeping is om die mensheid voor te berei om in die groot Dag van die Here te kan staande bly. Ons moet nie van koers gebring word deur dinge wat strydvrae kan uitlok nie of wat diegene wat nie ons geloof toegedaan is, vyandig kan maak nie.

Ons moet nie op 'n manier handel wat as verraderlik beskou kan word nie. In ons geskrifte en toesprake behoort ons alle woorde te weer, wat as hulle uit hulle verband geruk is, die indruk kan verwek dat ons teen wet en orde is. Alles behoort goed oorweeg te word sodat ons nie bestempel kan word as diegene wat ontrou is aan ons land en sy wette nie. Van ons word nie verwag dat ons die owerhede sal uitdaag nie. Die stryd sal wel aanbreek dat ons verraaiers genoem sal word omdat ons Bybelse waarheid voorstaan; maar moenie die tyd verhaas deur onbedagsaamheid wat stryd en vyandigheid sal veroorsaak nie. Die tyd sal kom wanneer onbedagte uitdrukkings in geskrifte en toesprake, deur onse vyande gebruik sal word om ons te veroordeel. Die uitdruk-kings sal nie alleen teen dié gebruik word wat daarvoor verantwoordelik is nie, maar teen die hele Adventistegenootskap. Ons aanklaers sal getuig dat hierdie of [285]
daardie verantwoordelike leier van die Adventiste sekere dinge gesê het teen die handhawing van die wette deur die regering — hulle sal

dag en datum noem. Vele sal dan verbaas wees om te sien hoedat baie dinge onthou is om die aantuigings van ons teenstanders te staaf. Vele sal verstom wees om te hoor hoe hulle eie woorde verdraai word om ‘n betekenis aan hulle woorde te gee wat hulle nooit bedoel het nie. Daarom moet ons werkers onder alle omstandighede en ten alle tye versigtig wees wat hulle sê. Laat almal op hulle hoede wees teen onbesonne woorde wat miskien ‘n tyd van benoudheid sal veroorsaak nog voor die groot krisis aanbreek wat die mensesiel sal beproef.

Hoe minder ons aantygings teen owerhede en magte maak, hoeveel te groter sal die werk wees wat ons kan verrig in Amerika en in vreemde lande. Vreemde nasies sal die leiding van die Verenigde State volg. Al lei die Verenigde State, tog sal ons gelowiges oor die hele wêreld die krisis moet deurmaak.

Ons werk is om die Wet van God te verhoog en te vergroot sodat die waarheid van God se heilige Woord openbaar kan word. Ons moet die Heilige Skrif hooghou as die maatstaf van die lewe. Met alle beskeidenheid, met die gees van genade en met die liefde van die Here moet ons die mense daarop wys dat die Here God die skepper is van hemel en aarde en dat die sewende dag die Sabbat van die Here is.

In die naam van die Here moet ons voortgaan om Sy banier te ontvou en Sy Woord bekend te maak. Wanneer die owerhede ons verbied om dié werk te doen, wanneer hulle ons verbied om die gebooie van God en die geloof in Jesus te verkondig, dan sal ons genoodsaak wees om soos die apostels te vra: “Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie.” Hand. 4: 19, 20.

Die waarheid moet in die krag van die Heilige Gees verkon-
[286] dig word. Op die manier alleen sal ons woorde doeltreffend wees. Oorwinning kan behaal en behou word alleen deur die krag van die Gees. Die mens moet deur die Gees van God voortgedryf word. Die arbeiders moet deur die krag van God staande gehou word deur geloof tot saligheid. Hulle moet hemelse wysheid besit, sodat hulle niks sal sê wat mense vir ons die weg sal laat sluit nie. Deur die verkondiging van geestelike waarheid moet ons ‘n volk toeberei wat

met vrees en sagmoedigheid voor die hoogste owerheid van onse wêreld vir hulle geloof verantwoording sal kan doen.

## Verkondig die Waarheid in die Gees van Christus

Ons behoort die waarheid in sy eenvoud voor te stel, ware godsvrug voor te staan en die werk in die gees van Christus te doen. Die openbaring van so ‘n gees sal die beste invloed hê op ons eie harte en dit sal die krag besit om ander te oortuig. Gee die Here die geleentheid om deur Sy knegte te werk. Verbeel jou nie dat jy planne vir die toekoms sal kan beraam nie; erken dat God voortdurend onder alle omstandighede aan die roer staan. Hy sal op gepaste wyse te werk gaan en sal Sy eie volk bewaar, opbou en vermenigvuldig.

Die Here se knegte moet ‘n heilige ywer aan die dag lê wat geheel en al onder Sy beheer is. Stormagtige tye sal gou genoeg kom; ons moet geen weg inslaan wat die sware tye sal verhaas nie. Die tyd van benoudheid sal van so ‘n aard wees, dat dit almal wat Syne en Syne alleen wil wees tot God sal bring. Ons ken onsself nie totdat ons in die beproewingsuur getoets is nie, daarom is dit ons nie geoorloof om ander se karakter te beoordeel nie, selfs ook nie diegene wat nog nie die lig van die derde-engel-boodskap gehad het nie.

As ons wil hê dat mense moet insien dat die waarheid wat ons glo, die siel kan heilig en die karakter kan verander, moet ons nie aanhou om heftige beskuldigings teen hulle in te bring nie. Doen ons dit, dan kom hulle tot die gevolgtrekking dat ons geloof nie die Christelike geloof is, omdat dit ons nie beminlik, beleefd en eerbiedig
gemaak het nie. Die Christelike godsdiens word nie geopenbaar deur [287]
veroordelings en beskuldigings nie.

Vir baie van ons gelowiges bestaan die gevaar dat hulle te veel beheer oor ander probeer uitoefen en hulle medemens sal verdruk. Die gevaar bestaan ook dat die aan wie verantwoordelikheid opgedra is maar net een gesag sal erken — die gesag van ‘n ongeheiligde wil. Sommige het op ‘n gewetelose manier misbruik gemaak van dié gesag, en groot verleëntheid veroorsaak vir die diensknegte van die Here. Een van die grootste vloeke op aarde vandag (in die kerk en in die samelewing) is die voorliefde vir heerskappy. Mense word geheel en al in beslag geneem deur hulle strewe na mag en populariteit.

Tot ons spyt en verdriet kom dié gees ook voor onder die Sabbathouers. Maar geestelike sukses is alleen vir die wat sagmoedigheid en nederigheid in die skool van Christus geleer het.

Ons behoort te onthou dat die wêreld ons oordeel aan ons voorkomste. Diegene wat Christus wil verteenwoordig moet oppas om nie teenstrydige karaktertrekke te openbaar nie. Voor ons optree moet ons eers sorg dat die Heilige Gees van Omhoog oor ons uitgestort is. Wanneer dit gebeur sal ons 'n onfeilbare boodskap verkondig, maar dit sal veel minder veroordelend wees as wat sommige dit gemaak het; en almal wat glo, sal baie ernstiger wees oor die bekering van ons teenstanders.

Laat die oordeel oor die owerhede en regerings heeltemal aan die Here oor maar laat ons soos getroue wagte in sagmoedigheid en liefde die beginsels van die waarheid in Jesus verdedig.

## Liefde Onder Broeders

Karaktertrekke wat deur die volk wat die Here se gebooie bewaar, die meeste op prys gestel moet word, is geduld, lydsaamheid, vrede en liefde. As dit aan die liefde ontbreek, word 'n onherroeplike verlies gely, want siele word van die waarheid verdryf selfs nadat hulle by die Here se kerk aangesluit het.

[288] Ons broeders aan die hoof van sake wat groot invloed het, behoort die apostel Paulus se woord deur die Heilige Gees gespreek te onthou: "En op ons wat sterk is, rus die verpligting om die swakhede te dra van die wat nie sterk is nie, en nie onsself te behaag nie. Want elkeen van ons moet die naaste behaag met die oog op wat goed is tot stigting. Want ook Christus het Homself nie behaag nie, maar soos geskrywe is: Die smaadhede van die wat U smaad, het op My geval." Rom. 15: 1-3 . Weer sê hy: "Broeders, as 'n mens ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reg help met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie. Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus." Gal. 6: 1, 2.

Dink daaraan dat ons werk behoort te wees om siele reg te help. Die werk moet nie op 'n trotse, hooghartige of oorheersende manier gedoen word nie. Moenie deur jou houding die indruk gee: "Ek het die mag en ek sal dit gebruik," en dan die sondaar oorweldig met

beskuldigings nie. Help so iemand reg "met die gees van sagmoedigheid terwyl jy op jouself let dat jy ook nie versoek word nie." Die werk wat ons opgelê is vir ons broeders, is nie om hulle van ons weg te dryf of hulle neer te druk en mismoedig te maak deur te sê, "Jy het my teleurgestel, en ek sal nie probeer om jou te help nie."

Die een wat voorgee dat hy vol van wysheid en krag is en neersien op die verdruktes en benoudes en hulpbehoewendes, openbaar die gees van die Fariseër en wikkel hom in sy eie kleed van selfgemaakte waardigheid. In sy hart dank hy God dat hy nie soos ander mense is nie en dink hy dat sy eie weg prysenswaardig is en dat hy te sterk is om versoek te word. Maar "as iemand meen dat hy iets is, terwyl hy niks is nie, mislei hy homself." Gal. 6:3. Hy self verkeer gedurig in gevaar. Hy wat die nooddruf van sy broeder verontagsaam, sal deur die Voorsienigheid van God langs dieselfde weg gevoer word as wat sy broeder met versoekings en verdriet gegaan het en deur harde ondervinding sal hy geleer word dat hy net so hulpeloos en behoeftig is as die noodlydende wat hy afgewys het.
"Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die [289]
mens saai, dit sal hy ook maai." Gal. 6: 7.

"As daar dan enige troos in Christus is, as daar enige vertroosting van liefde, as daar enige gemeenskap van die Gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is, maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin. Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moet nie elkeen na sy ie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander syne. Want hierdie gesindheid moet in julle wees, wat ook in Christus Jesus was." Fil. 2: 1-5.

Hoe nader ons aan Christus bly, hoe sagmoediger en nederiger en hoe meer selfwantrouend ons is, hoe vaster sal ons aan Christus klem en hoe groter sal die krag wees wat ons deur Christus sal ontvang om sondaars tot bekering te bring; want die menslike werktuig ontroer nie die siel nie. Hemelse wesens werk met die mens saam om mense onder die indruk van die waarheid te bring. As ons in Christus bly, sal ons in staat wees om ons invloed oor ander te laat geld; maar dit sal wees deur die teenwoordigheid van Christus wat gesê het: En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."

Matt. 28: 20. Die mag om Satan te oorwin kom deur Christus wat in ons werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae.

## Verkondig die Waarheid met Sagmoedigheid

Die waarheid moet met goddelike tak, sagmoedigheid en tederheid voorgedra word. Dit moet voortvloei uit 'n hart wat week en medelydend is. Ons behoort in noue gemeenskap met God te lewe, opdat die eie ek nie soos in Jehu, sigself verhef nie en ons 'n stroom onbetaamlike woorde uiter wat nie soos die moredou of die sagte reëns die verwelkte plante verkwik nie. As ons siele wil win, moet ons woorde liefderyk wees. Die Here sal wysheid wees vir diegene wat van die goddelike bron die wysheid verlang.

[290] Ons behoort aan alle kante geleenthede te soek om te werk; ons moet waak in die gebed en altyd bereid wees om met sagmoedigheid en vrees verantwoording te doen aan elkeen omtrent die hoop wat in ons is. Opdat ons op geen siel vir wie Christus gesterwe het, 'n ongunstige indruk sal nalaat nie, behoort ons ons harte op te hef tot die Here, sodat ons die gepaste woord op die regte tyd kan spreek na die omstandighede vereis. As u op die manier werk vir God onderneem, sal die Gees van God u helper wees. Die Heilige Gees sal die woorde wat in liefde gespreek is, bekragtig. Die waarheid sal 'n lewendmakende krag hê onder die invloed van Christus se genade.

Die Here se doel is om eers die hart te bereik. Spreek die waarheid en laat Hom dan die hervormingswerk in die hart voortsit. Maak geen melding van wat teenstanders sê nie, maar laat die waarheid alleen bevorder word; die waarheid sal tot murg en been deurdring. Verkondig die Word in al sy krag.

Namate die beproewings om ons heen toeneem sal ons beide afsondering en eensgesindheid in ons geledere sien. Sommige wat nou gereed staan om wapens vir die stryd op te neem, sal in die tyd van die dreigende onheil openbaar dat hulle nie op die vaste rots gebou het nie; hulle sal toegee aan die versoeking. Diegene wat veel lig en kostelike voorregte gehad het, maar dié nie verbeter het nie, sal ons op een of ander voorwendsel verlaat. Omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het nie, sal hulle deur die

~~bedrieglikheid van die vyand gevang word en sal verleidende geeste~~ en leringe van duiwels aanhang en van die geloof afvallig word.

Maar, aan die ander kant, sal die opregte skape die ware Herder se stem hoor wanneer die woede van die vervolging op ons losbars. Hulle sal hulleself opoffer, om die verloregaandes te red, en vele wat van die kudde afgedwaal het, sal terugkeer om die Groot Heerder te volg. Die volk van God sal bymekaarstaan en die vyand 'n verenigde front aanbied. Met die oog op die algemene gevaar sal alle stryd om die oppermag ophou; daar sal geen getwis meer wees oor wie [291] die vernaamste geag moet word nie. Van die ware gelowiges, sal geeneen sê: "Ek is van Paulus, of ek van Apollos, of ek van Séfas" nie. Almal tesaam sal getuig: "Ek kleef aan Christus vas; ek verheug my in hom as my persoonlike Saligmaker.

So sal die waarheid in die alledaagse lewe geopenbaar word en so sal Christus se gebed kort voor Sy vernedering en dood, verhoor word, "dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het." Joh. 17: 21. Die liefde vir Christus, die liefde vir die broeders, sal aan die wêreld getuig dat ons by Jesus was en van Horn geleer het. Dan sal die boodskap van die derde engel tot 'n luide geroep ontwikkel, en die hele aarde sal met die heerlikheid van die Here verlig word.

[292] # HOOFSTUK AGT-EN-VEERTIG—GODS WOORD DIE HOOGSTE GESAG

(Deel VI, bls. 402, 403.)

DIE volk van God sal die menslike regering in sy wettige hoedanigheid as 'n goddelike instelling erken en sal leer dat gehoorsaamheid daaraan 'n heilige plig is. Maar wanneer sy vereistes bots met die van God, moet dit erken word dat die Woord van die Here bo alle menslike wetgewing staan. "So spreek die Here" moet nie opsy gestel word vir So spreek die kerk of staat nie. Die troon van Christus moet verhef word bo die trone van aardse vorste.

Die beginsel wat ons tans moet handhaaf, is dieselfde as wat die aanhangers van die Evangelie tydens die Hervorming gehandhaaf het. Toe die vorste in 1529 op die Ryksdag van Spiers vergader het, het dit geskyn of die hoop van die wêreld weldra sou uitgedoof word. Die keiser se dekreet wat godsdiens vryheid aan bande gelê het en die verkondiging van die hervormingsleerstellings verbied het, is voor die vergadering gestel. Sou die Duitse vorste die dekreet aanvaar? Moes die evangelielig weggehou word van die menigte wat nog in duisternis gewandel het? Vir die wêreld was daar groot dinge op die spel. Diegene wat die hervormde geloof aangeneem het, het byeengekom en tot die eenparige besluit geraak: "Laat ons die dekreet verwerp. Waar dit op gewetensoortuigings aankom, het die meerderheid geen mag nie."

Die vaandel van die waarheid en gewetensvryheid wat deur die Hervormers omhooggehou is, is in die laaste stryd aan ons toevertrou. Op diegene veral wat God met 'n kennis van Sy Woord geseën het, berus die verantwoordelikheid wat hierdie groot gawe meebring. Ons behoort die Woord van God as die hoogste gesag aan te neem.
[293] Ons moet sy waarheid vir onsself aanneem; en die waarhede kan ons alleen op prys stel, wanneer ons hulle ontdek as gevolg van persoonlike studie. Dan, as ons die Woord van God onse lewensgids maak, sal die gebed van Christus vir ons beantwoord word, "Heilig

hulle in U waarheid, U woord is die waarheid." Joh. 17: 17. As ons die waarheid in woord en daad erken, sal dit ons geloofsbelydenis vorm. So alleen kan ander weet dat ons die Bybel glo.

Daardie Hervormers wie se protes aan ons die naam Protestante gegee het, het gevoel dat hulle van die Here geroepe is om die Evangelie aan die wêreld te gee, en daarby was hulle ook gereed om hulle besittings, hulle vryheid en hulle lewe op te offer. Bly ons in hierdie laaste worsteling van die grote stryd net so getrou aan ons roeping as die vroeë hervormers aan hulle s'n was?

Ten spyte van vervolging en die marteldood, is die waarheid vir daardie tyd wyd en syd versprei. Die Woord van God is na die volk geneem; alle klasse, hoog en laag, ryk en arm, geletterd of ongeletterd, het dit naarstiglik bestudeer en die wat die lig aangeneem het, het weer op hulle beurt boodskappers geword. Toentertyd is die waarheid deur middel van die pers aan die volk versprei. Luther se pen was 'n mag, sy verbreide geskrifte het die wêreld in beroering gebring. Ons het dieselfde geleenthede, net honderdmaal meer. Ons het Bybels en geskrifte in baie tale voorradig — hulle openbaar die teenwoordige waarheid en kan gou aan die gehele wêreld gebring word. Ons moet die Here se laaste waarskuwing aan die mense oorbring. Hoe ywerig moet ons dan nie wees om die Bybel te ondersoek, en om die lig te versprei nie!

* * * * *

DIE werk wat die Here in besonder op my gelê het, is om oud en jonk, geletterd of ongeletterd aan te spoor om die Heilige Skrif vir hulleself te ondersoek; om almal op die hart te druk dat die studie van die Here se Woord verstandelike en geestelike vermoëns so sal versterk dat hulle diep en verreikende vraagstukke oor die waarheid sal kan oplos.

[294] # HOOFSTUK NEGEN-EN-VEERTIG—VOORBEREIDING VIR DIE FINALE KRISIS

(Deel VI, bls. 404-410.)

DIE groot krisis lê net voor ons. Om sy versoekings en verleidings te weerstaan en om sy vereistes na te kom, sal volhardende geloof vereis. Ons kan egter triomfantelik seëvier; nie een biddende, wakende en gelowige siel sal in die vyand se strikke val nie.

In die tyd van benoudheid wat ons voor die deur staan, sal die Here diegene veilig hou wat die woord van sy lydsaamheid bewaar het. Aan sy getroues sal Christus sê, "Kom, My volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir 'n klein oomblik todat die grimmigheid verbygaan." Jes. 26: 20. Die Leeu van Juda, so vreeslik vir die wat Sy Genade verwerp, sal vir die gehoorsames en getroues, die Lam van God wees. Die wolkkolom wat toorn en skrik beteken het vir die oortreder van die wet van God, is lig en genade en verlossing vir die wat Sy gebooie bewaar het. Die arm wat sterk is om die weerspanninge te slaan, sal sterk wees om die getroue te verlos. Elke getroue sal gewis ingebring word. "Hy sal engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes bymekaarmaak uit die vier windstreke, van die een end van die hemele af tot by die ander end daarvan." Matt. 24: 31.

Broeders, aan wie die waarhede van die Woord van God geopenbaar is, watter rol gaan u speel in die slottonele van die wêreld se geskiedenis? Is u bewus van die indrukwekkende werklikhede? Besef u die groot voorbereidingswerk wat in die hemel en op aarde aangaan? Laat almal wat die lig ontvang het, wat die geleentheid gehad het om die profesie te lees en te hoor, ag slaan op die dinge
[295] wat daarin geskryf is, "want die tyd is naby." Niemand moet nou speel met sonde nie, die oorsprong van al die ellende in die wêreld. Moenie langer in ongevoeligheid en onverskilligheid voortlewe nie.

~~Moenie onseker bly oor jou siel se lot nie. Maak seker dat jy ge-~~heel aan die Here se kant staan. Laat die getroue harte en bewende lippe uitroep, "Wie kan bestaan?" Is julle in hierdie laaste kostelike genade-ure besig om die beste boumateriaal te gebruik in julle karaktervorming? Is julle siele gereinig van elke vlek? Het julle die lig gevolg? Het julle werke ooreengestem met julle geloofsbelydenis?

Werk die genade van die Here so in julle dat Sy invloed julle versag en tem? Het julle harte wat kan voel, oë wat kan sien, ore wat kan hoor? Die verkondiging van die ewige waarheid aangaande die nasies op aarde, is dit verniet? Hulle verkeer al onder banvloek en berei hulle voor vir die oordele van God; in die teenswoordige tyd wat swanger is met ewige gevolge, behoort die uitverkore volk aan wie die gewigtige waarheid toevertrou is, in Christus te bly. Laat julle julle ligte skyn om die nasies wat in sonde vergaan, te verlig? Besef julle dat julle die Here se gebooie moet verdedig voor die wat hulle versmaai?

Is dit moontlik om formeel en ten dele gelowig te wees en nog te lig bevind te word en die ewige lewe te verloor? Is dit moontlik om van die Bybelse opdragte te aanvaar en as Christen gereken te word, en tog om te kom omdat jy te kort skiet aan die noodsaaklike vereistes van 'n Christelike karakter? As jy die Here se waarskuwings veronagsaam, as jy sonde koester of verskoning daarvoor soek, dan verseël jy jou siel se lot. Jy sal in die weegskaal geweeg word en te lig bevind word. Genade, vrede en vergifnis sal verewig ingetrek wees, dan sal Jesus al verbygegaan het en jou gebede en smekinge sal Hom nooit meer bereik nie. Laat ons die ewigblywende werke doen terwyl die genadedeur nog oopstaan en Christus nog vir ons as middelaar optree.

DIE wederkoms van Christus sal nie meer lank vertraag word [296]
nie. Laat dit die grondtoon van elke boodskap bly.

* * * * *

DIE salige hoop van die tweede verskyning van Christus en die gebeurtenisse wat daarmee gepaard sal gaan, behoort dikwels aan die gelowiges verkondig te word. As ons verwag dat ons Here spoedig sal kom, sal ons aardse dinge beskou as hol en nietig.

* * * * *

DIE groot slag van Armageddon is op hande. Die Een op wie se kleed geskrewe is, "Die Koning van die konings en die Heer van die here," sal spoedig die hemelse leërs voort lei. Binnekort sal die werk van die getuies vir God afgedaan wees.

* * * * *

ONS moet ons enge, selfsugtige planne verwerp en onthou dat ons die belangrikste en dringendste werk voor ons het. Deur die werk te doen, verkondig ons die eerste-, tweedeen derde-engel-boodskap. Op die manier word ons voorberei op die koms van daardie ander engel uit die hemel wat die aarde met sy heerlikheid sal verlig.

* * * * *

DIE dag van die Here nader ongemerk, maar die sogenaamde groot en wyse manne ken nie die tekens van Christus se wederkoms of die einde van die wêreld nie. Ongeregtigheid neem toe en die liefde van vele verkoud.

Daar is duisende der duisende en miljoene op miljoene, wat tans beslis vir die ewige lewe of die ewige dood. Die man wat alle aandag aan sy geld bestee, die man wat in dobbel sy plesier vind, die man wat graag toegee aan 'n verdorwe eetlus, die liefhebber van vermaak, die teater en die danssaal, stel die ewigheid buite rekening. Die hele versugting van hulle lewe is, Wat sal ons eet? Wat sal ons drink? Waarmee sal ons gekleed word? Hulle maak nie deel uit van diegene wat hemelwaarts gaan nie. Hulle leier is Satan en saam met hom sal hulle vernietig word.

[297] TENSY ons tereg besef hoe belangrik elke verbygaande oomblik is, en ons klaarmaak om in die groot dag van die Here te staan, sal ons ontroue dienaars wees. Die wagter moet weet hoe ver die nag gevorder het. Almal wat die waarheid vir die teenwoordige tyd aanneem, moet besef hoe ernstig alles is. Hulle moet handel met die oog op die dag van die Here. Die oordele van God sal binnekort op die wêreld uitgestort word en ons behoort ons vir daardie groot dag voor te berei.

Ons tyd is kostelik. Ons het maar baie min genadetyd oor om klaar te maak vir die toekomstige, onsterflike lewe. Ons kan nie

~~onverskillig te werk gaan nie. Ons moet toesien dat ons die Woord~~ van God nie net oppervlakkig lees nie.

* * * * *

VANDAG, net soos toe Christus op aarde was, is dit waar dat elke aanval wat die Evangelie op die vyand se terrein doen, heftig teengestaan word deur sy ontsaglike leers. Die stryd wat ons voor die deur staan, sal die felste wees wat ooit beleef is. Al word Satan voorgestel as 'n sterk, gewapende mag, tog sal hy oorweldig word en elkeen wat saam met hom afvallig word liewer as om getrou te bly, sal saam met hom omkom.

* * * * *

DIE Gees van God wat tot nog toe dinge in bedwang gehou het, word stadigaan van die aarde teruggetrek. Storms, rukwinde en orkane, brand en oorstromings, rampe op land en see, volg snel opmekaar. Die wetenskap probeer om hierdie dinge te verklaar. Tekens wat rondom ons die koms van die Seun van God aanwys, word makliker aan die verkeerde oorsake toegeskryf as aan die regte. Die mens kan nie die engele gewaar nie — hulle wat die vier winde in bedwang hou sodat hulle nie op die aarde sal woed voordat die diensknegte van God verseël is nie. Maar wanneer God sy vier engele gebied om maar die winde te los, sal die gesig onbeskryflik wees.

AAN diegene wat teenswoordig onverskillig is, kom Christus se [298]
waarskuwing: "Omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit My mond spuug." Openb. 3: 16. Die uitdrukking "uit My mond spuug" beteken dat Hy nie jou gebede en liefdesuitinge aan God kan opdra nie. Hy kan gladnie jou lering van Sy Woord of jou geestelike werk goedkeur nie. Hy kannie jou godsdiens aan God voorstel met 'n versoek om genade nie.

* * * * *

As die gordyn kon weggetrek word, as julle God se doel en oordele wat spoedig op die wêreld sal uitgestort word, kon verstaan; as julle julle eie houding kon sien, sou julle vrees en bewe vir julle eie siele en die van julle medemense. Julle smeekbedes sou uit die

benoudheid van julle siele na die hemel opgestyg het. Julle sou tussen die poort en die altaar geween het met belydenis van julle geestelike blindheid en afvalligheid.

* * * * *

"BLAAS die basuin op Sion, heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam! Versamel die volk, heilig die gemeente, vergader die oudstes, versamel die kinders. . . . Laat die bruidegom uit sy kamer uitgaan en die bruid uit haar slaapvertrek. Laat die priesters, die dienaars van die Here, tussen die voorportaal en die altaar ween en sê: O Here, spaar U volk, en gee U erfdeel nie, oor aan smaadheid, dat die nasies met hulle spot nie." Joël 2: 15-17.

"Bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geween en rouklag. En skeur julle harte en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die Here julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil; wie weet of dit Hom nie weer sal berou nie, sodat Hy 'n seen sal agterlaat?" Verse 12-14.

* * * * *

NA Israel se afvalligheid en bittere vergelding, was God se genadeboodskap aan die boetvaardige volk: "Dan sal Ek haar daarvandaan haar wingerde gee en die dal van Agor tot 'n deur van hoop, en
[299] daarvandaan sal sy antwoord gee soos in die dae van haar jeug en soos die dag toe sy uit Egipteland opgetrek het."

* * * * *

"EN in dié dag, spreek die Here, sal jy My noem: My man; en jy sal my nie meer noem: My Baal nie. . . . En Ek sal Mv met jou verloof tot in ewigheid en My met jou verloof in geregtigheid en in reg en in barmhartighede. En Ek sal My met jou verloof in trou; dan sal jy die Here ken." Hoséa 2: 14-20.

* * * * *

"EN julle sal weet dat Ek onder Israel is, en dat Ek die Here julle God is, en niemand anders nie; en My volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie." Joël 2:27.

VIR ons op wie die eindes van die aarde gekom het, is daar waarskuwings, bestraffings en beloftes. "Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees." 1 Thess. 5: 6.

"Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery of dronkenskap en die sorge van die lewe nie, en die dag julle nie skielik oorval nie." Lukas 21: 34.

* * * * *

"WAAK en bid, dat julle nie in versoeking kom nie." Markus 14: 38. Waak teen die heimelike koms van die vyand, waak teen die ou gewoontes en natuurlike neigings, sodat hulle nie weer die oorhand kry nie; dryf hulle terug en waak. Waak teen u gedagtes en planne, sodat hulle nie selfsugtig word nie. Waak oor die siele wat Christus met Sy eie bloed gekoop het. Waak vir geleenthede om goed te doen.

* * * * *

WAAK "dat Hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap kry nie." Markus 13: 36.

* * * * *

KERKLEDE moet onthou dat die feit dat hulle name op die lidmaatregister staan, hulle nie sal red nie. Hulle moet hulleself beproef aan God voorstel, as werkers wat hulle nie hoef te skaam nie. Dag vir dag moet hulle voortgaan om karakters te bou volgens die voorskrifte van Christus. Hulle moet in Christus bly en gedurig [300]
in hom glo. Op hierdie wyse sal hulle opgroei tot volwasse manne en vroue in die mate van die voile grootte van Christus—opgeruimde, dankbare Christene, gelei deur God tot die voller en heerliker lig. As dit nie hulle ondervinding is nie, sal hulle onder diegene gevind word wat eendag in bittere wening sal uitroep: "Die oes is verby, die somer is op 'n end, en ons is nie verlos nie! Waarom het ek nie in die Rotsvesting gaan skuiling soek nie? Waarom het ek die saligheid van my siel gering geskat en die Gees van genade versmaai?— *Deel IX, bls. 47, 48.*

[301] # HOOFSTUK VYFTIG—DIE LOON VAN GETROUE WERK

(Deel IX, bls. 285-288.)

"As iemand se werk blystaan ... sal hy loon ontvang." 1 Kor. 3: 14. Heerlik sal die loon wees van die getroue werkers wat rondom die troon van God en die Lam sal vergader. Toe Johannes, as sterflike wese, die heerlikheid van God aanskou het, het hy neergeval soos iemand wat dood is: hy kon nie die heerlike gesig verduur nie. Maar wanneer die kinders van God met die onsterflikheid beklee is, sal hulle "Hom sien soos Hy is." 1 Joh. 3: 2. Hulle sal voor die troon van God staan, aangenome in die geliefde. Al hulle sondes is uitgedelg en hulle ongeregtighede is weggeneem. Nou kan hulle op die onbedekte heerlikheid van die troon van God kyk. Hulle het saam met Christus gely, hulle het saam met Hom gewerk in die verlossingsplan, en nou is hulle ook deelgenote met Hom in die vreugde as gevolg van die geredde siele in die koninkryk van God, om God daar deur die ewigheid heen te loof.

My broeders en susters, ek smeek julle om julleself voor te berei vir die koms van Christus op die wolke van die hemel. Werp die liefde vir die wêreld dag vir dag uit julle harte uit. Verstaan deur eie ondervinding wat dit beteken om gemeenskap met Christus te hê. Berei julleself voor vir die oordeel, sodat wanneer Christus kom, julle ook onder diegene mag wees wat Hom in vrede sal ontmoet. In daardie dag sal die verlostes glinster in die heerlikheid van die Vader en die Seun. Die engele sal met hulle goue harpe die Koning en Sy trofeë verwelkom — naamlik diegene wat hulle klere rein gewas het in die bloed van die Lam. Daar sal 'n oorwinnaarslied gehoor word wat die hemel sal vul. Christus het die oorwinning behaal. Hy tree
[302] die hemelse howe binne, vergesel van die verlostes, die getuies dat Sy sending van lyding en opoffering nie tevergeefs was nie.

Die opstanding en hemelvaart van ons Heiland is 'n gewisse bewys van die oorwinning van die heiliges van God oor die dood

en die graf, en dis ook ‘n pand dat die hemel oop is vir almal wat hulle karakters witgemaak het in die bloed van die Lam. Jesus het opgevaar na die Vader as ‘n verteenwoordiger van die menslike geslag, en God sal diegene wat Sy ewebeeld weerkaats ook toelaat om in Sy heerlikheid te deel.

Daar is wonings vir die pelgrims van die aarde. Daar is klere van geregtigheid, krone van heerlikheid en palmtakke van oorwinning. Alles wat ons verbyster het in die leiding van God hier op aarde sal in die toekomstige wêreld verduidelik word. Die dinge wat vir ons so moeilik was om te verstaan, sal daar verklaar word. Die verborgenhede van die genade sal voor ons ontvou. Waar ons beperkte menslike verstand maar net verwarring en gebroke beloftes gesien het, sal ons daar volmaakte en heerlike eensgesindheid sien. Dan sal ons verstaan waarom God in Sy oneindige liefde die swaar beproewings toegelaat het. Namate ons die tere sorg besef van Hom wat alle dinge laat meewerk vir ons beswil, sal ons ons verbly met ‘n onuitspreeklike vreugde.

In die hemel kan daar nie so iets as pyn bestaan nie. In die tuiste van die verlostes sal daar geen trane, geen begrafnisstoet en geen tekens van rou wees nie. “En geen inwoner sal sê: Ek is siek nie; vir die mense wat daarin woon, is die skuld vergewe.” Jes. 33: 24. Deur die ewigheid heen sal daar slegs geluk heers.

Tans is ons nog in die skaduwees en verwarring van aardse werksaamhede. Laat ons die geluksaligheid van die hiernamaals ernstig oorpeins. Laat ons geloof elke donker wolk deurdring, en Hom sien wat vir die sondes van die wêreld gesterf het. Hy het die poorte van die paradys oopgemaak vir almal wat in Hom glo en Hom aanneem. Aan hulle gee Hy krag om seuns en dogters van God te word. Laat die pyn wat ons hier so teister lesse vir ons wees wat [303]
ons sal leer om te jaag na die doel om die prys te kry van ons hoë roeping in Christus. Laat die gedagte dat Christus spoedig sal kom ons aanmoedig. Laat hierdie hoop ons harte verbly: “Want nog ‘n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie.” Heb. 10: 37. Salig is die diensknegte wat hulle Here, as hy kom, wagtende sal vind.

## Huis-toe

Ons is op weg huis-toe. Hy wat ons so liefgehad het dat Hy selfs Sy lewe vir ons gegee het, het vir ons 'n stad gebou. Die Nuwe Jerusalem sal ons rusplaas wees. In die Godstad sal daar geen droefheid wees nie. Daar sal geen weeklag oor verydelde hoop ooit gehoor word nie. Eerlank sal die roukleed vervang word deur die bruidsgewaad. Eerlank sal ons die kroning van ons Koning sien. Diegene wie se lewe met Christus verborge is in God; diegene wat op hierdie aarde die goeie stryd van die geloof gestry het, sal in die koninkryk van God met die heerlikheid van die Verlosser beklee word.

Nie meer lank nie, en ons sal Hom sien in wie ons hoop op die ewige lewe is. En in Sy teenwoordigheid sal die beproewings en lyding van hierdie lewe heeltemal nietig wees. "Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie. Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry. Want nog 'n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie." Heb. 10: 35-37. Kyk op na die hemel en laat u geloof steeds sterker word. Laat hierdie geloof u lei op die smal pad wat u sal bring tot in die Godstad daarbo — na die onbegrensde heerlikheid wat vir die verlostes berei is. "Wees dan geduldig, broeders, tot op die wederkoms van die Here. Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en laat reën ontvang het. Julle moet ook geduldig wees: versterk julle harte, omdat die wederkoms van die Here naby is." Jakobus 5: 7, 8.